



HIERDIE EKSEMPLAAR MAG ONDER
GEEN OMSTANDIGHEDE UIT DIE
BIBLIOTHEEK VERWYDER WORD NIE

73/146

UOVS - SASOL-BIBLIOTHEEK



11109098140122000019

DIE OPVOEDING VAN DIE SOSIAAL-GESTREMDE KIND IN DIE

KINDERTEHUIS MET SPESIALE VERWYSING

NA DIE KIND IN "ONS KINDERHUIS",

BLOEMFONTEIN.

deur

Jacobus Johannes la Grange, B.A., B.Ed.

'n Verhandeling voorgelê ter vervulling
van die vereistes vir die graad

M A G I S T E R E D U C A T I O N I S

in die Departement Opvoedkundige Sielkunde

van die Fakulteit van Opvoedkunde aan

die Universiteit van die

Oranje-Vrystaat,

Bloemfontein.

Universiteit van die Oranje-Vrystaat
BIBLIOTEK

20
T 371.967 Gra
No. 50555

BIBLIOTEK

VOORWOORD

Na voltooiing van hierdie verhandeling, is dit 'n behoefte van die hart om in alle opregtheid my dank en waardering te betuig teenoor hulle, wat by wyse van daadwerklike hulp en positiewe aanmoediging, hierdie studie moontlik gemaak het, by name:

- I. My studieleier, prof. dr. J.L. Pretorius, wie se positiewe leiding, intense belangstelling en vriendelike aanmoediging gedurende die studietydperk, vir my 'n bron van onskatbare motivering was.
- II. Die Direkteur van Ons Kinderhuis, ds. M.M. van Rooyen en sy personeel, vir die vriendelikheid, hulpvaardigheid en voortdurende aanmoediging wat my te alle tye van elkeen se persoonlike belangstelling verseker het.
- III. Die biblioteekpersoneel van die U.O.V.S., wat deur vriendelike en flinke diens die gang van hierdie studie bevorder het.
- IV. Mev. B. le Grange wat, benewens die puik tikwerk, ook 'n bron van inspirasie was.
- V. My eggenote en dogter, wie se hulpvaardigheid, aanmoediging en groot opoffering gedurende die tydperk van studie vir my altyd 'n onontbeerlike liefdesinspirasie was.
- VI. My ouers, wie se gebede en aanmoediging my altyd by sal bly.

In nederige erkentlikheid teenoor die Opperwese, wil ek alle eer en dank aan Hom, die Gewer van alle genadegawes, toebring. Sonder hierdie onuitspreeklike, ondeurgrondelike liefde en leiding, sou hierdie studie nooit die lig kon sien nie.

J.J. la Grange.

BLOEMFONTEIN.

4 Oktober 1972.

Opgedra aan Ann en Carin.

I N H O U D S O P G A W E

HOOFSTUK I

BLADSY
2-11

INLEIDING

1.1	Motivering vir die ondersoek	2
1.2	Probleemstelling	3
1.3	Die doel van die ondersoek	4
1.4	Die metode en terrein van die ondersoek	5
1.4.1	Die algemene ondersoek	5
1.4.2	Die besondere ondersoek	6
1.4.3	Die inwinning van die gegewens	7
1.5	Die betroubaarheid van die gegewens	7
1.6	Probleme met die ondersoek	9
1.7	Die program van hierdie ver- handeling	9
1.8	Samevatting	10

A F D E L I N G A

DIE AGTERGROND VAN DIE SORGBEHOEWENDE KIND

EN DIE BESTAANDE TEHUISVOORSIENING AS

PLAASVERVANGENDE SORG

HOOFSTUK II

DIE AGTERGROND VAN DIE KIND IN DIE

KINDERTEHUIS

13-39

2.1	Algemeen	13
2.2	Die term "sorgbehoewend"	13
2.2.1	Juridiese omskrywing	14
2.2.2	Fisiese omskrywing	17
2.2.3	Psigiese omskrywing	18
2.2.4	Opvoedkundige omskrywing	19
2.3	Die redes waarom kinders sorg- behoewend word	20

2.3.1	Gesinsverhoudinge	21
2.3.1.1	Die Christelik-aanvaarbare gesinsverhouding	21
2.3.1.2	Gesinsfaktore en die sorgbehoewende kind	25
2.3.1.2.1	Dood en/of siekte van die ouers ..	25
2.3.1.2.2	Egskeidings	26
2.3.1.2.3	Stiefverhoudinge	28
2.3.1.2.4	Werkende moeders	28
2.3.1.2.5	Die sedelike peil van die ouers ..	29
2.3.1.2.6	Die godsdienstige peil van die ouers	29
2.3.1.2.7	Die ekonomiese peil van die ouers	30
2.3.1.2.8	Die sosiale status van die ouers	30
2.3.1.2.9	Drankmisbruik	31
2.3.1.2.10	Misdadigheid	31
2.3.1.2.11	Mishandeling	32
2.3.1.2.12	Opsommend	32
2.3.2	Persoonsfaktore vir sorgbehoewendheid	34
2.3.2.1	Onbeheerbaarheid	34
2.3.2.2	Onsedelikheid	35
2.3.2.3	Opsommend	36
2.4	Samevatting	36

HOOFSTUK III

DIE ORGANIESE EN OMGEWINGSDETERMINANTE VAN

MENSLIKE GEDRAG AS FAKTOR BY DIE KINDERHUISKIND 42-77

3.1	Inleiding	42
3.2	Die organiese determinante van gedrag	44
3.2.1	Oorerwing	44
3.2.2	Die belangrikheid van die sensuweestelsel en die sintuie	45
3.2.3	Behoeftes en instinktiewe drange	46

3.2.3.1	Behoeftte aan voedsel, drank en vars lug	47
3.2.3.2	Behoeftte aan oefening en rus	48
3.2.3.3	Behoeftte aan uitskeiding	49
3.2.3.4	Die seksdrang	50
3.2.4	Die invloed van die endokrine stelsel	53
3.2.5	Liggaamlike en sintuiglike defekte	56
3.2.5.1	Sintuiglike defekte	56
3.2.5.1.1	Gebrekkige gesigsvermoë	56
3.2.5.1.2	Hardhorendheid	58
3.2.5.2	Liggaamlike defekte	58
3.2.5.2.1	Mangel- en adenoïede- ontsteking	59
3.2.5.2.2	Slegte tande en maagongesteld- heid	59
3.2.5.2.3	Velaandoening en ander liggaam- like afwykings	60
3.2.5.2.4	Wanvoeding	61
3.2.6	Opsommend	62
3.3	Die omgewingsdeterminante van gedrag	64
3.3.1	Die invloed van die omgewing op verstandsontwikkeling.....	65
3.3.1.1	Kinders wat uit pleeghuise opgegroeï het	65
3.3.1.2	Kinders wat opgroei in agter- like gemeenskappe	67
3.3.2	Die invloed van die omgewing op die persoonlikheidsont- wikkeling	69
3.3.2.1	Die ouerhuis	70
3.3.2.2	Die ekonomiese toestande	72
3.3.3	Die invloed van die leer- proses op gedrag	73
3.3.3.1	Die huis	73
3.3.3.2	Die kind se vriende	74
3.3.3.3	Die gemeenskap	75
3.3.3.4	Die tendens van nabootsing	75
3.4	Samevatting	76

HOOFSTUK IV

DIE ROL VAN DIE KINDERHUIS AS

	<u>PLAASVERVANGENDE SORG</u>	79-97
4.1	Die agtergrond	79
4.2	Die juridiese aspek in verband met die plasing van die kinders	81
4.3	Die kinderhuis as plaasvervangende sorg	82
4.3.1	Die ontstaan van die kinderhuis op eie bodem	82
4.3.2	Die huidige situasie	86
4.3.2.1	Die aantal kinderhuise	86
4.3.2.2	Die tipe kinders	86
4.3.2.3	Die ouderdom van die kind as norm vir plasing	87
4.3.2.4	Die personeelgetal en -samestelling	88
4.3.2.4.1	Administratiewe poste	88
4.3.2.4.2	Huishoudelike/toesighoudende poste	88
4.3.2.4.3	Professionele poste	88
4.3.2.4.4	Die aantal poste	89
4.3.2.5	Die beheer van die kindertehuise deur organisasies	89
4.3.3	Die kinderhuis en die Nederlandse Gereformeerde Kerk	90
4.3.3.1	Begripsverheldering	91
4.3.3.2	Grondslae en implikasies van die Skrifopdrag	92
4.3.3.3	Uitvoering van die Skrifopdrag ...	94
4.3.3.4	Die professionele erekode en die geïdealiseerde toekoms	95
4.4	Samevatting	96

HOOFSTUK V

ONS KINDERHUIS : STATUTE, REGLEMENTE EN

ALGEMENE ORGANISASIE EN BEHEER

101-143

5.1	Inleiding	101
5.2	Statute van Ons Kinderhuis	102
5.2.1	Naam	102
5.2.2	Doel	102
5.2.3	Die Bestuur	102
5.2.4	Fondse en eiendomme	103
5.2.5	Algemeen	104
5.2.6	Inwendige reëlings	105
5.2.7	Verandering	106
5.3	Die terrein en algemene fasili- teite	106
5.3.1	Die administratiewe kompleks	106
5.3.2	Woongeriewe van die kinders	107
5.3.3	Ontspannings- en sportgeriewe	108
5.3.4	Snoepwinkel	108
5.3.5	Die sentrale kombuis	109
5.3.6	Die kliniek	109
5.3.7	Was- en naaldwerkkamers	109
5.3.8	Stoorkamers	110
5.3.9	Kantore van die buitebestuurder ...	110
5.3.10	Algemene herstelwerkkamer	110
5.3.11	Verfraaiing	110
5.4	Die personeel	110
5.4.1	Grondslag en bestuur	110
5.4.2	Getal en verdeling	111
5.4.2.1	Administratief	111
5.4.2.2	Huishoofde	111
5.4.2.3	Dogtershulp	111
5.4.2.4	Aflospersoneel	111
5.4.2.5	Kookmatrone	112
5.4.2.6	Washuis- en naaldwerkmatrone	112
5.4.2.7	Die buitebestuurder	112

5.4.2.8	Die voorraadbeampte	112
5.4.2.9	Die verpleegsuster	112
5.4.3	Woongeriewe	112
5.4.4	Diensvoorwaardes	113
5.4.4.1	Algemeen	113
5.4.4.2	Salarisskale	115
5.4.4.3	Verlof	115
5.4.4.3.1	Jaarlikse verlof	115
5.4.4.3.2	Addisionele verlof	115
5.4.4.3.3	Siekteverlof	116
5.4.5	Bykomende dienste	116
5.4.5.1	Kleuterskool	116
5.4.5.2	Sielkundige dienste	117
5.4.5.3	Maatskaplike dienste	117
5.4.6	Nie-blankes	117
5.5	Die kinders van die tehuis	117
5.5.1	Die gesinsagtergrond	117
5.5.1.1	Die hoofredes vir sorgbe- hoewendheid	118
5.5.1.2	Die faktor van drankmisbruik	120
5.5.1.3	Ouersedelikheid	120
5.5.1.4	Misdadigheid van die ouers	120
5.5.1.5	Die mishandelingsfaktor	120
5.5.1.6	Behuising en omgewing	121
5.5.1.7	Finansiële staat van die ouers ..	122
5.5.1.8	Kerkverband van die huisgesinne .	123
5.5.1.9	Huistaal	124
5.5.1.10	Die fisiese gesteldheid van die ouers	125
5.5.1.11	Die psigiese gesteldheid van die ouers	125
5.5.1.12	Kwalifikasies van die ouers	126
5.5.2	Kindergetal en verdeling	129
5.5.3	Die faktor van differensiasie by die plasing van die kinders ...	130
5.5.4	Die kinders en die organisasie van die tehuis	131
5.5.4.1	Enkele roetinepligte	131

5.5.4.2	Die prefekstelsel	132
5.6	Eie siening en enkele aanbevelings	133
5.6.1	Medeseggenskap in bestuursake ..	133
5.6.2	Die personeelkwessie	134
5.6.2.1	Die skorsingsreg	135
5.6.2.2	Die salariskwessie	135
5.6.2.3	Kwalifikasies van die personeellede	137
5.6.2.4	Werksure en verlof	139
5.6.3	Die kindergetal per huis	139
5.6.4	Geselskapkamers	140
5.7	Samevatting	141

HOOFSTUK VI

WANAANGEPASTHEID AS 'N BELANGRIKE FAKTOR

IN DIE LEWE VAN DIE

KINDERHUISKIND

145-160

6.1	Inleiding	145
6.2	Die begrippe "goed aangepas" en "wanaangepastheid"	146
6.2.1	Die begrip "wanaangepastheid"...	146
6.2.2	Die begrip "goed aangepas"	147
6.3	Die rol van die ouerhuis as omgewingsinvloed	148
6.3.1	Ekonomiese toestande	149
6.3.2	Die ouer/kind-verhouding gedurende die kleutertydperk ...	150
6.3.3	Tuguitoefening	150
6.3.4	Wanaangepaste ouers	152
6.3.5	Ouers wat hulle kinders verwerp.	152
6.3.6	Ongewenste persoonlikheidspatrone by die ouers	154
6.3.6.1	Die dominerende ouer	154
6.3.6.2	Die onderdanige ouer	154
6.3.6.3	Die senuweeagtige ouer	155
6.3.6.4	Die pruttelrige ouer	155

6.3.6.5	Die koppige ouer	155
6.3.6.6	Die besitlike ouer	155
6.3.6.7	Die onversoenlike ouer	156
6.3.6.8	Die temperamentele ouer	156
6.4	Kinders met spesiale aanpassings- probleme	156
6.4.1	Kinders met liggaamlike probleme	156
6.4.2	Die minder begaafde kind	157
6.5	Die adolessente tydperk	157
6.5.1	Die sosiale ontwikkeling van die adolessent	159
6.5.1.1	Verhouding teenoor die ouers ...	159
6.5.1.2	Verhouding teenoor ander buite die gesin	159
6.6	Samevatting	159

A F D E L I N G B

ONS KINDERHUIS : OPVOEDINGSKRITERIUM EN

OPVOEDINGSPRAKTYK

HOOFSTUK VII

DIE KRITERIUM VIR DIE OPVOEDING VAN DIE KIND

IN DIE KINDERTEHUIS

163-189

7.1	Algemeen	163
7.2	Die lewens- en wêreldbeskouing as 'n integrale deel van die opvoedingspraktyk	163
7.3	Die noodsaaklikheid van opvoeding.	165
7.4	Die noodsaaklikheid van Christe- lik-nasionale opvoeding	166
7.5	Die mag en grense van die op- voeding	167
7.5.1	Die kind se uiterste jeugdig- heid	167

7.5.2	Die bereiking van die self-opvoedingsideaal	168
7.5.3	Begrensing as gevolg van die vryheidsbeginsel	168
7.5.4	Die kind se aangebore aanleg ...	169
7.5.5	Stremmende omgewingsinvloede	169
7.5.6	Die sondige natuur van die mens .	169
7.6	Die opvoedkundige doelstellinge .	170
7.6.1	Persoonlikheidsopvoeding as subdoelstelling	170
7.6.2	Die religieuse opvoeding as subdoelstelling	171
7.6.3	Die waaragtige geloof in God as subdoelstelling	172
7.6.4	Die sedelike opvoeding as subdoelstelling	173
7.6.5	Die kweek van 'n gewenste gesagsverhouding as subdoelstelling	174
7.6.6	Estetiese opvoeding as subdoelstelling	174
7.6.7	Die ekonomiese opvoeding as subdoelstelling	175
7.6.8	Sosiale opvoeding as subdoelstelling	176
7.6.9	Beheerste taalgebruik as subdoelstelling	178
7.6.10	Die kulturele opvoeding as subdoelstelling	180
7.6.11	Die verstandelike opvoeding as subdoelstelling	181
7.6.12	Gevoelsoopvoeding as subdoelstelling	182
7.6.13	Opvoeding tot liggaamsbeheersing as subdoelstelling	184
7.6.14	Natuuropvoeding as subdoelstelling	186
7.6.15	Opvoeding in nuttige tydsbesteding as subdoelstelling ...	187
7.7	Opsommend	188
7.8	Samevatting	189

HOOFSTUK VIII

DIE OPVOEDINGSTAAK VAN DIE TEHUIS

193-239

8.1	Keuring van die huisouers/ opvoeders	193
8.1.1	Die kerkverband van die huis- ouer/opvoeder	193
8.1.2	Die agtergrond van die aan- soeker(s)	194
8.1.3	Die kwalifikasies van die aan- soeker(s)	195
8.1.4	Vorige ondervinding	195
8.1.5	Die ouderdom van die aan- soeker(s)	195
8.1.6	Die huwelikstaat van die aan- soeker(s)	196
8.1.7	Die persoonlike onderhoud	197
8.1.8	Die proeftydperk	197
8.2	Die ekonomiese gesteldheid van die tehuis	197
8.2.1	Die noodsaaklikheid van 'n ge- sonde finansiële toestand	197
8.2.2	Trustgelde en die besteding daarvan	198
8.2.2.1	Ontspannings- en onthaalfondse ..	199
8.2.2.2	Lektuur- en projektorfondse	199
8.2.2.3	Opvoedingsfondse	199
8.2.2.4	Algemene fondse	200
8.2.3	Algemene huishouding	200
8.2.4	Opsommend	201
8.3	Die opvoeder/kind-verhouding	201
8.3.1	Die kweek van 'n gewenste ge- sinsverhouding	201
8.3.2	Die sentiment van haat	202
8.3.3	Die sentiment van liefde	203
8.3.4	Individuele aandag	204
8.4	Die tugstelsel van die tehuis. ..	204
8.4.1	Algemeen	204

8.4.2	Is 'n deeltreffende tugstelsel noodsaaklik?	205
8.4.3	Mag een mens die ander tugtig? ...	206
8.4.4	Tugtøepassing by die tehuis	207
8.4.5	Die oorsake van oortredinge	207
8.4.6	Opsommend	208
8.5	Voorligtingsdienste	209
8.5.1	Die begrip "voorligting"	209
8.5.2	Die doel van die voorligtingsproses	211
8.5.3	Hoe verkry die voorligter/opvoeder kennis aangaande die individu?	213
8.5.3.1	Inligting verkry wanneer die kind die tehuis betree	213
8.5.3.2	Inligting verkry uit gestandaardiseerde toetse	213
8.5.3.3	Inligting verkry van die kind self	214
8.5.3.4	Inligting soos verkry uit ander bronne	214
8.5.4	Die omvang van die voorligtingsprogram	215
8.5.5	Die koöperatiewe aspek van die voorligtingsproses	215
8.5.5.1	Die Direkteur	215
8.5.5.2	Die kliniese sielkundige	217
8.5.5.3	Skoolvoorligtingsdienste	219
8.5.5.4	Die personeel van die tehuis	219
8.5.5.5	Die kinders self	220
8.6	Die geestelike versorging van die kinders	221
8.6.1	'n Leemte in die kinderlewe	221
8.6.2	Die godsdiens van die kind	222
8.6.3	Die behoefte aan positiewe leiding	223
8.6.4	Die doel met die geestelike versorging van die kinders	224
8.6.4.1	Die kennis van God die Skepper ...	224
8.6.4.2	Die ganse menslike geslag het deel aan die erfsonde	224

8.6.4.3	Die verkryging van die ge- nade van God	225
8.6.4.4	Die hulpmiddele tot gemeen- skap met God	226
8.6.5	Die opvoedkundige implikasies	226
8.6.6	Opsommend	228
8.7	Gesondheidsdienste	228
8.7.1	Die noodsaaklikheid van gesond- heidsdienste	228
8.7.2	Die omvang van die gesondheids- diens	229
8.7.3	Die aard van die probleme	229
8.7.4	Die algemene funksie van die kliniek	231
8.7.5	Opsommend	232
8.8	Die buitemuurse bedrywighele van die kinders	232
8.8.1	Die invloed van sport op die deelnemer	232
8.8.1.1	Die invloed van sportdeelname op die gesondheid en liggaams- ontwikkeling	232
8.8.1.2	Die invloed op die sosiale aan- passing	233
8.8.1.3	Die invloed op die emosionele lewe	233
8.8.1.4	Die invloed op akademiese presta- sie	234
8.8.1.5	Die motiveringswaarde van sport ..	234
8.8.2	Die omvang van sportdeelname by die tehuis	235
8.8.3	Die verenigingslewe en kulturele bedrywighele van die kinders ...	235
8.8.3.1	Die omvang van die bedrywig- hele	235
8.8.3.2	Die opvoedkundige waarde	236
8.9	Samevatting	237

HOOFSTUK IX

GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS SPRUITENDE

UIT HIERDIE ONDERSOEK

241-254

9.1	Bevindings ten opsigte van positiewe resultate	243
9.1.1	Die terrein en algemene fasiliteite	243
9.1.2	Gespesialiseerde dienste aan die kinders	244
9.1.2.1	Die kleuterskool	244
9.1.2.2	Die dagskole	244
9.1.2.3	Sielkundige dienste	245
9.1.2.4	Die gesondheidsdienste	245
9.1.2.5	Die bestaande voorligtingsdiens ..	246
9.1.3	Die geestelike versorging van die kinders	246
9.1.4	Die kultuur- en verenigingslewe van die kinders	247
9.1.5	Algemeen	248
9.1.5.1	Die ekonomiese gesteldheid	248
9.1.5.2	Die keurstelsel vir die huisouers	248
9.1.5.3	Die saamgroepering van gesinslede	249
9.2	Bevindings ten opsigte van sekere leemtes	249
9.2.1	Die afwesigheid van 'n eie vader en moeder	249
9.2.2	Die wisselende personeel	250
9.2.3	Gekwalifiseerde huisouers	250
9.2.4	Die sielkundige dienste	251
9.2.5	Die getal kinders per huis	251
9.2.6	Die gebrek aan geselskapkamers ..	251
9.3	Enkele aanbevelings	252
9.4	Slotopmerking	253

BIBLIOGRAFIE

255-264

A.	Gepubliseerde Werke	255
B.	Proefskrifte en Verhandelings	261
C.	Diktate	261
D.	Tydskrifte.....	261
E.	Kommissie-ondersoeke en -verslae	262
F.	Algemene Verslae	262
G.	Referate	263
H.	Ensiklopedieë	263
I.	Wette	263
J.	Reglemente en Statute	263
K.	Agendas	263
L.	Handleidings	264

OPGAWE VAN TABELLE

<u>TABEL</u>		<u>BLADSY</u>
1	Ons Kinderhuis : Hoofredes vir sorgbehoewendheid	118
2	Behuising van die kinders gedurende die pre-kinderhuisstadium	121
3	Finansiële staat van die ouers van die kinders van Ons Kinderhuis	122
4	Kerkverband van die ouers van die kinders van Ons Kinderhuis	123
5	Kerkbesoek van die huisgesinne	124
6	Huistaal van die gesinne	124
7	Fisiese gesteldheid van die ouers ..	125
8	Psigiese gesteldheid van die ouers ..	125
9	Kwalifikasies waaroor die vaders beskik	127
10	Kwalifikasies waaroor die moeders beskik	127
11	Die kindergetal en verdeling by Ons Kinderhuis	129
12	Gesondheidsprobleme van die kinders gedurende die jaar 1971	230
13	Die omvang van sportdeelname by Ons Kinderhuis	235
14	Die verenigingslewe en kulturele bedrywighede van die kinders	236

H O O F S T U K I

INLEIDING

- 1.1 Motivering vir die ondersoek.
- 1.2 Probleemstelling.
- 1.3 Die doel van die ondersoek.
- 1.4 Die metode en terrein van die ondersoek.
 - 1.4.1 Die algemene ondersoek.
 - 1.4.2 Die besondere ondersoek.
 - 1.4.3 Die inwinning van die gegewens.
- 1.5 Die betroubaarheid van die gegewens.
- 1.6 Probleme met die ondersoek.
- 1.7 Die program van hierdie verhandeling.
- 1.8 Samevatting.

H O O F S T U K I

INLEIDING

1. 1. MOTIVERING VIR DIE ONDERSOEK:

Omdat die gesinslewe seker die mees behoudende element van die volkslewe is, kan daar verklaar word dat 'n gesonde gesinslewe baie kan bydra om die toekoms van 'n volk te bepaal.

Daar is egter, soos op baie ander lewensterreine, ook faktore wat die gesinslewe van 'n volk baie nadelig kan beïnvloed. Om hierdie rede maak welsynsdienste dan ook 'n belangrike onderdeel van enige volkshuishouding uit.

Een onderdeel van hierdie welsynsdienste, behels die bestaan van 'n verskeidenheid kindertehuse in die land. So het die kindertehuis as welsynsdiens die motivering vir hierdie ondersoek verskaf.

Daar word baie gepraat oor die "goeie" werk wat in hierdie kindertehuse gedoen word. Fondse word ingesamel om dit vir hierdie tehuse moontlik te maak om die kinders goed te versorg.

Die woord "versorging" beteken vir baie mense die verskaffing van die noodsaaklike lewensmiddele, nl. voedsel, kleding, asook 'n huis om in te woon. Is hierdie verskaffing van voedsel en kleding dan al oogmerk van die tehuse? Die verskaffing van die tydelike lewensmiddele is beslis een oogmerk van die tehuse, maar dit is nie al oogmerk nie.

Na deeglike oordenking kom die buitestaander tot die besef dat die belangrikste oogmerk van die kindertehuse beslis die opvoeding van die kinders is, en aangesien die implikasies daarvan miskien nog nie tot elke toegewyde beoefenaar van die barmhartigheidsdiens deurgedring het nie, moet die saak in die reïne gebring word.

Die dryfveer agter hierdie studie was dus, om die benaming "goeie werk" waarmee gewoonlik volstaan word indien die kindertehuse onder bespreking is, te ontleed om sodoende die werklike waarde van die kindertehuis as welsynsinrigting bekend te stel.

1.2. PROBLEEMSTELLING:

Soos die titel aandui, handel hierdie studie oor die opvoeding van die sosiaal-gestremde kind. Die term "sosiaal-gestrem" sal dus afgebaken moet word en die verband tussen die "sosiaal-gestremde" en die "kinderhuiskind" sal opgeklar moet word.

Om hierdie probleem die hoof te bied, sal daar ondersoek ingestel moet word na die hele kwessie van die funksionering van die kindertehuis. Die soeklig sal dus eerstens moet val op die Kinderwet en die gevolglike kwalifisering van 'n "sorgbehoewende kind". Wat is dan die aanleidende oorsake van sorgbehoewendheid? Is die sorgbehoewende kind en die "sosiaal-gestremde" kind 'n korrelatiewe begrip?

Die kern van die saak is egter: wat doen die kindertehuis met betrekking tot die opvoeding van hierdie kinders? Op hierdie stadium sou dit wenslik wees om te meld dat die grondslag van hierdie studie gebore is uit die fundamentele waarhede van die Protestantse-Christelike lewensopvattinge. Die opvoedingswerk sal dus daarvolgens beoordeel word om die mate van geslaagdheid daarvan te bepaal.

Is daar dus 'n wesenlike verskil tussen die kind wat die tehuis betree en die kind wat die tehuis verlaat? Het die kinders dus in die tehuis die geleentheid gekry om tot sosiaal-aangepaste individue te ontwikkel? Kan die kindertehuis dan as 'n belangrike onderdeel in die opvoedingsproses van 'n volk beskou word? Wat is die kindertehuis se bydrae ten opsigte van die inwonende kind se psigiese, fisiese en religieuse besittings?

Aan die ander kant moet elke mens beseef dat geen menslike samestelling volmaak kan wees nie. Het die tehuise dan ook probleme? Wat is hierdie probleme? Faal die tehuis dalk op sekere gebiede?

Op elkeen van hierdie vrae moet 'n antwoord verskaf word sodat die bestaan van sodanige tehuise beter geëvalueer kan word.

1.3. DIE DOEL VAN DIE ONDERSOEK:

Die doel met hierdie studie is om, aan die hand van gegewens ingewin oor die gesinslewe van sorgbehoewende kinders, die opvoedingsleemte wat daar by hulle bestaan, te ontleed.

Weens die omstandighede wat die kinders in die kindertehuis laat beland, is dit duidelik dat by diesulkes 'n dringende behoefte om positiewe leiding aanwesig is. Die leiding wat van die kindertehuis uitgaan, is dus ingestel op die opvoeding tot volwasse Christelike persoonlikhede, sodat selfstandige optrede, aangepastheid en harmonieuse sosiale aanvaarbaarheid as eindresultaat uitkristalliseer.

Hierdie studie het dus ook ten doel die ontleding van die uitgangspunt, die houding, die metodes

aangewend, asook die probleme van die kindertehuis om die kinders op te voed tot eer van God.

Die doel is dus nie slegs dat hierdie studie vir kennisname sal wees nie, nee, dit moet dien as be-sieling om hierdie saak op die hart te dra, te propa-geer en waar dit moontlik is, individueel daadwerklik op te tree om sodoende te sorg dat die wyngaard van die Meester voortdurend, na die beste van elkeen se vermoë, bewerk sal word en bly.

1.4. DIE METODE EN TERREIN VAN DIE ONDERSOEK:

Die metode van die ondersoek kan in twee hoofkomponente verdeel word, nl. die ALGEMENE ON-DERSOEK en die BESONDERE ONDERSOEK.

1.4.1. DIE ALGEMENE ONDERSOEK:

Die eerste deel van die ondersoek is daar-op gemik om die agtergrondsfeite in verband met alle sorgbehoewende kinders te ontleed. Om dit te kan doen, moet die volle implikasies van die Kinderwet van 1960 (Wet no. 33) ontleed word. Verder moet die aanleidende oorsake vir sorgbehoewendheid aan-dag geniet. Ook die redes vir die ontstaan van kin-derhuise moet vasgestel word en die mees logiese ma-nier om dit te verkry, is om 'n studie te maak van die organiese en omgewingsdeterminante van menslike gedrag. Laasgenoemde studie is nodig om te probeer vasstel watter nadelige uitwerking organiese defekte, asook 'n korrupte omgewing waarin 'n kind opgroei, op sy normale ontwikkelingsgang uitoefen.

Om dus slegs tot beswil van die kinders op te tree, moet hulle uit die korrupte omgewing verwy-der word en in 'n ander omgewing geplaas word waar normale ontwikkeling, sonder stremminge van buite,

kan geskied. Die totstandkoming van kinderhuise het dan ook gesorg vir die vestiging van hierdie plaasvervangende omgewings.

Om die opvoedingsaspek in die bestaande kindertehuse te ontleed, het skrywer besluit om slegs op dié inrigtings wat onder die direkte beheer van die N.G. Kerk is, te konsentreer. Omdat die opvoedingsideaal dieselfde is by al hierdie tehuise, het skrywer verder besluit om as voorbeeld, slegs een van die tehuise, nl. Ons Kinderhuis, te Victoriaweg 43, Bloemfontein, te behandel om so doende die terrein van hierdie studie te bepaal.

1.4.2. DIE BESONDERE ONDERSOEK:

Die ontleding van die algemene organisasie, beheer en opvoedingstaak van slegs een kindertehuis, nl. Ons Kinderhuis, kan dan as die besondere ondersoek van hierdie studie bekend staan.

Die gesinsagtergrond van hierdie kinders moet dus in die besonder ontleed word en daar moet veral gelet word op die hoofredes wat tot hulle sorgbehoewendheid aanleiding gegee het.

Die belangrikste onderdeel in die opvoedingsproses is beslis die huisouers omdat hulle in werklikheid die rol van plaasvervangende ouer moet vervul. Dit sal dus noodsaaklik wees om ook die aanstellingsprosedure en diensvoorwaardes van die huisouers te ontleed om seker te maak of hierdie persone gretig sal wees om hulle beste te lewer en of daar nie dalk probleme is wat hulle ongelukkig stem nie. Die geluk en entoesiasme waarmee hierdie mense hulle taak bejeën, sal grotendeels die geslaagdheid van die opvoedingsproses bepaal.

Hierdie studie sentreer in die geheel om die faktor van sosiale gestremdheid, terwyl laasgenoemde ineengevleg is met die mate van aangepastheid waaroor elke kind beskik. So vorm die faktore van aangepastheid en wanaangepastheid dan ook 'n integrale deel van die studie om die mate van sosiale gestremdheid te bepaal.

Ten slotte sal die opvoedingstaak van Ons Kinderhuis ter sprake kom. Daar moet vasgestel word of die tehuis wel oor die moontlikhede beskik om die kinders van 'n toestand van sosiale gestremdheid na volkome aangepastheid te lei.

1.4.3. DIE INWINNING VAN DIE GEGEWENS:

Ons Kinderhuis beskik oor lêers in verband met elke individu en hieruit kan die gesinsagtergrond baie duidelik bepaal word. Die feite berus dus nie op die persoonlike kennis van die skrywer nie en die verslae van die maatskaplike werksters, sal volle erkenning geniet. Verder sal die hofverslae in verband met die oorsake vir sorgbehoewendheid laasgenoemde deel van hierdie studie moontlik maak.

Die gegewens in verband met die algemene organisasie, beheer en die opvoedingswerk van die tehuis, is verkry deur die voer van persoonlike onderhoude met die Direkteur, die Sekretaris vir die Diens van Barmhartigheid, die kliniese sielkundige, die verpleegsuster en die verskillende huisouers.

1.5. DIE BETROUBAARHEID VAN DIE GEGEWENS:

Die gegewens in verband met die gesinsagtergrond van die kinders is, soos reeds gemeld, deur wetenskaplik-opgeleide maatskaplike werksters

saamgestel. Die opleiding en ervaring van hierdie persone maak dit onmoontlik om die betroubaarheid van die gegewens in twyfel te trek.

Daar is egter enkele tekortkominge betreffende die gegewens wat vermelding genoodsaak. So is daar sekere gegewens in verband met die gesinsagtergrond wat op hoorsê-getuienis berus. Hier kom veral die kerkbesoek van die ouers ter sprake en die aangeduide syfers kan dus nie as 'n absolute maatstaf aanvaar word nie.

Wat die psigiese gesteldheid van die ouers betref, kon skrywer ook nie van die resultate van gestandaardiseerde toetse gebruik maak nie, sodat slegs 7 van die gemelde 30 probleemgevalle, werklik as onstabiel gesertifiseer is. Die res, nl. 23, is getabuleer, bloot as gevolg van die persoonlike waarneming van die maatskaplike werksters, en sodanige oppervlakkige beoordeling kan nooit as absolute maatstaf dien nie.

Verder is daar ook gevind dat die hofverslae somtyds, as gevolg van die feit dat een of albei van die ouers tydens die verhoor afwesig was, nie volledig is nie. Die gegewens in verband met die kwalifikasies van die ouers is dus so onvolledig dat dit moeilik was om gegronde gevolgtrekkings daaruit te maak.

Dit was nie die oogmerk om persoonlike onderhoude met die ouers van die kinders te voer nie. Die onbetroubaarheid van sekere gegewens is dus te wyte aan faktore buite skrywer se beheer. Nogtans is hierdie mate van onbetroubaarheid geensins verantwoordelik vir ondoeltreffendheid nie; daarom dan ook dat hierdie studie tog die lig gesien het en

steeds die lig sou sien, al sou al die "onbetroubare" gegewens geheel en al geëlimineer word.

1.6. PROBLEME MET DIE ONDERSOEK:

Alhoewel daar tydens die ondersoek 285 kinders in die tehuis woonagtig was, kon die studie in verband met die gesinsagtergrond slegs 260 kinders betrek. Hierdie toedrag van sake word toegeskryf aan die feit dat sommige kinders die tehuis betree alvorens die lêers in verband met hulle gesinsagtergrond beskikbaar is. Verder veroorsaak die omskepping van die Plek van Veiligheid (Felix Brümmerte-huis) in 'n inrigting vir dwelmverslaafdes, dat kinders op kort kennisgewing in Ons Kinderhuis beland, sodat geen agtergrondsfeite van hierdie kinders beskikbaar is nie omdat die hof nog geen uitspraak gelewer het nie.

1.7. DIE PROGRAM VAN HIERDIE VERHANDELING:

In AFDELING A van hierdie verhandeling word aandag gegee aan die agtergrond van die sorgbehoewende kind en die bestaande tehuisvoorsiening as plaasvervangende sorg.

In Hoofstuk II word die term "sorgbehoewend" omskrywe, terwyl die gesins- en persoonsfaktore vir sorgbehoewendheid ook aandag geniet.

Hoofstuk III word deurgaans gewy aan 'n ontleding van organiese afwykings, asook omgewingsinvloede wat die gedragsuitinge van die mens in 'n groot mate bepaal. Motivering word dus gesoek vir die bestaansreg van kindertehuse.

Hoofstuk IV is 'n ontleding van die rol van die kindertehuis as plaasvervangende sorg. Kinder-

tehuise in die algemeen en die inrigtings onder die direkte beheer van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die besonder, word by die bespreking betrek.

Hoofstuk V is 'n uiteensetting van die algemene organisasie en beheer van slegs een tehuis, nl. Ons Kinderhuis, Bloemfontein.

Hoofstuk VI handel oor die faktor van wanaangepastheid in die lewe van die kinderhuiskind.

AFDELING B handel uitsluitlik oor die opvoedingsaspek betreffende Ons Kinderhuis.

Hoofstuk VII is 'n uiteensetting van die Christelike opvoedkundige doelstellings en is gevolglik die kriterium vir alle opvoedingswerk van watter aard ook al.

In Hoofstuk VIII word al die verskillende fasette van die opvoedingswerk te Ons Kinderhuis bespreek.

Hoofstuk IX handel oor die gevolgtrekkings spruitende uit die verhandeling, terwyl enkele aanbevelings in verband met die opvoeding van die kinders die studie afsluit.

1.8. SAMEVATTING:

- (a) Die motivering vir hierdie studie is geleë in die feit dat die jeug van vandag die leiers van môre sal wees. Indien hierdie jeug dan probleme ondervind wat hulle normale ontwikkelingsgang strem, watter moontlikhede bestaan daar om hulle weer op te hef en in staat te stel om die leiers van môre te kan wees?
- (b) Die doel van hierdie studie is dan om hierdie hele kwessie van opheffingswerk wat daar deur die kindertehuise en in besonder, Ons Kinderhuis, gedoen word, om aan die jeug weer 'n staanplek in die

- lewe te gee, te ondersoek.
- (c) Die metode van ondersoek behels alle aangeleenthede betreffende die bestaande kindertehuse, maar om die terrein af te baken, is daar slegs op die tehuse wat onder die beheer van die N.G. Kerk staan, gekonsentreer. Vir die volledige afbakening van die terrein is die werksaamhede van slegs een tehuis, nl. Ons Kinderhuis, te Bloemfontein, ontleed.
 - (d) Daar is sekere gegewens wat nie as baie betroubaar bestempel kan word nie, maar die ontwikkeling van hierdie studie behoort nie daardeur benadeel te word nie.
 - (e) Enkele probleme het tydens die ondersoek opgeduik, maar eweneens is die studie nie so geraak dat daar van ondoeltreffendheid sprake is nie.

A F D E L I N G A

DIE AGTERGROND VAN DIE SORGBEHOEWENDE KIND

EN DIE BESTAANDE TEHUISVOORSIENING

AS PLAASVERVANGENDE SORG

H O O F S T U K II

DIE AGTERGROND VAN DIE KIND IN DIE KINDERTEHUIS

- 2.1 Algemeen.
- 2.2 Die term "sorgbehoewend".
 - 2.2.1 Juridiese omskrywing.
 - 2.2.2 Fisiese omskrywing.
 - 2.2.3 Psigiese omskrywing.
 - 2.2.4 Opvoedkundige omskrywing.
- 2.3 Die redes waarom kinders sorgbehoewend word.
 - 2.3.1 Gesinsverhoudinge.
 - 2.3.1.1 Die Christelik-aanvaarbare gesinsverhouding.
 - 2.3.1.2 Gesinsfaktore en die sorgbehoewende kind.
 - 2.3.1.2.1 Dood en/of siekte van die ouers.
 - 2.3.1.2.2 Egskeidings.
 - 2.3.1.2.3 Stiefverhoudinge.
 - 2.3.1.2.4 Werkende moeders.
 - 2.3.1.2.5 Die sedelike peil van die ouers.
 - 2.3.1.2.6 Die godsdienstige peil van die ouers.
 - 2.3.1.2.7 Die ekonomiese peil van die ouers.
 - 2.3.1.2.8 Die sosiale status van die ouers.
 - 2.3.1.2.9 Drankmisbruik.
 - 2.3.1.2.10 Misdadigheid.
 - 2.3.1.2.11 Mishandeling.
 - 2.3.1.2.12 Opsommend.
 - 2.3.2 Persoonsfaktore vir sorgbehoewendheid.
 - 2.3.2.1 Onbeheerbaarheid.
 - 2.3.2.2 Onsedelikheid.
 - 2.3.2.3 Opsommend.
 - 2.4 Samevatting.

H O O F S T U K I I

DIE AGTERGROND VAN DIE KIND IN DIE KINDERTEHUIS

2.1. ALGEMEEN:

Dit is nie die doel om in hierdie hoofstuk 'n ondersoek in te stel na die werklike huislike toestande van die kinderhuiskind tydens hulle pre-kinderhuisstadium nie. Daar sal slegs probeer word om 'n algemene begrip te vorm in verband met wat die deursnee-oorsaak(e) van sorgbehoewendheid is.

2.2. DIE TERM "SORGBEHOEWEND".

TER ORIËNTERING:

En elkeen wat een van sulke kindertjies in My naam ontvang, ontvang My; maar elkeen wat een van hierdie kleintjies wat in My glo, laat struikel, dit is vir hom beter dat 'n meulsteen om sy nek gehang word en hy wegsink in die diepte van die see.
(Matthéüs 18:5,6)

Sedert die vroegste tye was daar gevalle van kinders wat om een of ander rede nie deur hulle ouers versorg is nie. Vreemdes, of in baie gevalle familieledede, het dus ingestaan en die versorging van die kinders waargeneem.

In die primitiewe gemeenskap was hierdie versorgingsproses 'n integrale deel van die hele gemeenskapsorganisasie. Die enigste bekende oorsaak vir die sorgbehoewendheid van kinders was die oorlyde van die ouers.

Met die ontwikkeling van primitief tot beskaafd het die geskiedenis van die beskawing fenomeenaal verander. Verstedeliking vind plaas, vooruit-

gang is aan die orde van die dag. Die sosiale patroon word beklemtoon en dus voel die individu verplig om ten alle koste met die vooruitgang en die algemene tendens tred te hou. Bevolkingsgetalle het drasties toegeneem en dus ook die getalle van hulle wat die pas nie kon volhou nie en dus sosiaal-onseker of sosiaal-gestrem geraak het. So is daar vandag talle faktore wat verantwoordelik is dat kinders sorgbehoewend raak.

Vandag is hierdie maatskaplike probleem nie 'n outomatiese deel van die gemeenskapsorganisasie soos tydens die vroeë samelewings nie. Vandag vereis hierdie probleem organisasie op hoë gemeenskapsvlak om remediërend te werk te gaan.

2.2.1. JURIDIESE OMSKRYWING:

Volgens die Kinderwet (Wet no. 33 van 1960), word 'n sorgbehoewende kind beskrywe as 'n kind wat:

- (a) verlaat of sonder waarneembare bestaansmiddele is; of
- (b) geen ouer of voog het nie, of wat ouers of 'n ouer of voog het wat geen behoorlike beheer oor die kind uitoefen nie, of onbevoeg is om sodanige beheer uit te oefen; of
- (c) in die sorg van 'n persoon is wat skuldig bevind is aan 'n misdryf vermeld in die Eerste Bylae by hierdie Wet, begaan ten opsigte van of in verband met daardie kind; of
- (d) nie deur sy ouers of voog of die persoon in wie se bewaring hy is, beheer kan word nie; of
- (e) hom dikwels aan skoolversuim skuldig maak; of

- (f) omgaan met 'n onsedelike of slegte persoon, of wat andersins onder omstandighede leef wat waarskynlik die verleiding, verslegting of prostitusie van die kind sal veroorsaak of in die hand sal werk; of
- (g) (1) bedel; of
- (2) minder as twaalf jaar oud is en enige soort straathandel dryf binne die regsgebied van 'n plaaslike bestuur tensy daardie plaaslike bestuur deur middel van verordenings in gevolge artikel twee-en-twintig of 'n ander wet uitgevaardig, voorgeskryf het dat so 'n kind daardie soort straathandel mag dryf en tensy hy dit doen ooreenkomsstig verordenings ingevolge artikel twee-en-twintig uitgevaardig; of
- (3) nie minder as twaalf jaar nie maar minder as sestien jaar oud is en enige soort straathandel dryf binne die regsgebied van 'n plaaslike bestuur in stryd met verordenings wat daar die plaaslike bestuur ingevolge artikel twee-en-twintig uitgevaardig het; of
- (h) onderhou word weg van sy ouers of voog af onder huislike omstandighede wat met die belange van die kind in stryd is en wie se ouers of voog nie opgespoor kan word nie, of versuim het om behoorlike voorsiening vir die versorging en be-

- waring van die kind te maak, alhoewel hulle aangesê is om dit te doen; of
- (i) in 'n toestand van fisiese of geestelike verwaarlosing verkeer. ¹

Die misdrywe soos verwys in (c) hierbo is:

- (1) ontvoering;
- (2) kinderdiefstal;
- (3) aanranding;
- (4) enige geslagsmisdryf;
- (5) enige misdryf waardeur 'n kind liggaamlik beseer word;
- (6) enige misdryf ingevolge hoofstuk 3. ²

Hoofstuk 3 handel oor die verwaarlosing, mishandeling en uitbuiting van kinders, wat vir die doel van hierdie studie volledig beskrywend is.

Artikel twee-en-twintig, waarna in artikel (g) hierbo verwys word, handel oor wettige en onwettige straathandel van kinders.

Na die aanhoor van alle getuienis en ooringewing in verband met die betrokke geval, besluit die Kommissaris of die kind(ers) beslis sorgbehoewend is. As hy daarvan oortuig is dat dit wel die geval is, kan hy 'n lasbrief in terme van artikel 29(1) van die Kinderwet uitreik waarin 'n polisiebeampte gemagtig word om die kind op te spoor en hom na 'n veiligheidsplek te neem om daar aangehou te word totdat hy voor 'n Kinderhof gebring kan word. Die Kinderhof sal dan vasstel of sodanige kinders wel sorgbehoewend is al dan nie.

1. Wet no. 33 van 1960, artikel 1(XXXV).
2. Ibid., (eerste bylae).

Daar is nou probeer om die term "sorgbehoewende kind" juridies te omskryf. Hierdie juridiese begrip is, soos afgelei kan word, uiters omvattend. Baie seker word alle moontlike definiëerings betreffende die sosiale, ekonomiese, psigiese, fisiese en opvoedkundige faktore wat 'n kind sorgbehoewend maak, by die juridiese ingesluit.

Daar kan dus verklaar word dat enige kind wat volgens die moderne opvattinge sorgbehoewend is, deur die Kinderwet beskerm word. In (a) hierbo word gewaak teen ekonomiese probleme, terwyl (b) die sosiale en fisiese probleme definieer. In (c) hierbo word die kind teen psigiese, fisiese en sosiale probleme beskerm, terwyl (d) psigiese probleme en (e) die opvoedkundige sy betrek. By (f), (g) en (h) is daar 'n samevatting van die psigiese, fisiese, sosiale en ekonomiese omstandighede.

Samevattend sou daar dus verklaar kan word dat die juridiese definiëring van 'n sorgbehoewende kind breed genoeg is om dié maatskaplike euwel aan die man te bring.

Vir die doel van hierdie studie sal die omskrywing "sorgbehoewende kind" nie slegs juridies nie, maar ook fisies, psigies en veral opvoedkundig betrag moet word.

2.2.2. FISIESE OMSKRYWING:

Ook bloot op fisiese tekortkominge kan 'n kind dus as gevolg van die juridiese bepaling as sorgbehoewend verklaar word.

Hierdie afdeling word na skrywer se mening nog geensins ten volle ontplooi nie. Liggaamlike gebreke tydens die kindfase kan in die meerderheid van gevalle genees word sodat die latere stadia

probleemvry sal wees. Dit gebeur egter dikwels dat, weens die agtelosigheid van ouers, kinders permanente beenstruktuur-, ondervoedings-, asook vele ander probleme ondervind.

Laat die oplettende te enige tyd die talle jongmense beskou en oordeel self of sommiges nie fisies beter daaraan toe sou gewees het as mediese aandag vanaf kindsbeen ontvang is nie. Die ergste van dit alles is dat hierdie probleme 'n baie groot rol speel om die individuele persoonlikheid te bepaal. In 'n latere hoofstuk sal daar na hierdie aangeleentheid teruggekeer word, maar daar kan nou slegs hier gekonstateer word dat negatiewe fisiese kenmerke beslissende aanleiding tot negatiewe persoonlikheidstrekke kan gee. *

Ook die honger kind kan as sorgbehoewend beskou word. Dit sou ook as 'n fisiese gebrek, nl. ondervoeding kwalifiseer. Die Kinderwet maak egter deeglike voorsiening in hierdie verband en wel betreffende (i) hierbo genoem. **

2.2.3. PSIGIESE OMSKRYWING:

Van Rooyen sê in hierdie verband:

Sodra daar nou invloede van buite af op die kind inwerk wat die vormingsproses van sy persoonlikheid na die anti-sosiale sou laat neig, is daar van 'psigiese sorgbehoewendheid' sprake. 1

Daar kan beweer word dat persoonlikheid seker een van die grootste sosiale eienskappe is waaroor 'n mens kan beskik. Dit is dus onteenseglik waar dat

1. Van Rooyen, I.J.J., Die Sorgbehoewende Kind en sy Gesin, p. 28.

* Infra, pp. 44-64 (3.2).

** Supra, p. 16 (2.2.1)(i).

die persoonlikheid waardebepalend vir elke individu is. As daar nou van buite af, hetsy doelbewustelik of onbewustelik, faktore op die kind se persoonlikheid inwerk wat as sosiaal-onaanvaarbaar sou kwalifiseer, sal daardie kind beslis as psigies-sorgbehoewend beskou kan word.

As 'n kind dus in 'n huis van geweld, onsedelikheid, dronkenskap, ens., moet opgroei, is dit duidelik dat die gevaar bestaan dat sy persoonlikheid afkeurenswaardig beïnvloed kan word. *

2.2.4. OPVOEDKUNDIGE OMSKRYWING:

Hierdie omskrywing is vir die doel van hierdie studie besonder belangrik. As daar nie sprake was van 'n opvoedkundige kwalifisering van 'n sorgbehoewende kind nie, sou hierdie studie sekerlik nie die lig gesien het nie.

Daaglik word die volk van die Republiek Suid-Afrika daarop attent gemaak dat die arbeidskragte beter benut moet word. Hierdie suggestie is belangrik gesien in die lig van die huidige internasionale politiek. Suid-Afrika is 'n land waar 'n handjievul regdenkendes die getalsoorwig van agitators (blank sowel as nie-blank), die hoof moet bied. Die volk kan dus nie bekostig om 'n sekere persentasie van sy mannekrag te verloor weens onproduktiwiteit of onderproduktiwiteit nie.

In 'n Christelike lig gesien is die gelykenis van die talente 'n rigsgnoer langs hierdie weg. Maksimale ontwikkeling of anders gestel: volkome ontplooiing van die talente, moet 'n volkswagwoord word aan die suidpunt van 'n oorwegend onsimpatieke Afrika-kontinent.

* Infra, p. 152 (6.3.4.).

Nou is dit ook baie noodsaaklik om te weet dat opvoeding nie slegs 'n onderdeel is van die menslike totaliteit nie. Opvoeding is 'n proses wat inwerk op die totaliteit; dus word die hele mens hierby betrek.

Opvoeding behels dus die proses wat van buite op die individu inwerk om hom volgens sekere beginsels te vorm of te hervorm tot 'n ordelikheid, koersvastheid, of kortweg gestel: tot 'n sosiaal-aanvaarbare opgevoede mens.

As 'n kind dus in sy lewenswandel nie positief beïnvloed word in sy omgewingsteer nie, of hy weier om positiewe beïnvloeding te aanvaar en te eerbiedig, kan hy as opvoedkundig-sorgbehoewend gekwalifiseer word.

Hierdie bespreking in verband met die omskrywing van die begrip "sorgbehoewende kind" is gedoen om die "toelatingsvereistes" in die kindertehuis toe te lig. Dit is dus hier, heel aan die begin, duidelik dat die toelatings tot die kindertehuis tot 'n groot mate fisies, psigies, ekonomies, opvoedkundig en dus sosiaal-gestrem is.

2.3. DIE REDES WAAROM KINDERS SORGBEHOEWEND WORD:

Alvorens daar spesifiek na Ons Kinderhuis teruggekeer word, is dit noodsaaklik om 'n blik te werp op die algemene redes waarom kinders sorgbehoewend word. Indien al die gegewens bondig uiteengesit is, sal 'n tabel van die redes waarom die kinders van Ons Kinderhuis sorgbehoewend geraak het, baie vergelykend kan wees. *

* Infra, p. 118 (tabel 1).

2.3.1. GESINSVERHOUDINGE:

TER ORIËNTERING:

Die gesin is volgens Christelike
beskouing 'n instelling van God
en kom uit die skepping self
voort. 1

2.3.1.1. DIE CHRISTELIK-AANVAARBARE GESINSVER-
HOUDING:

Die onfeilbare Woord van God leer dat God in
die begin die man geskape het. Hier is dus sprake
van beklemtoning van die individualiteitsbeginsel.
Vir God bly die man; dus die individualiteitsbegin-
sel egter nie die primêre einddoel van die skepping
nie, want so sê Hy:

Dit is nie goed dat die mens
alleen is nie. Ek sal vir
hom 'n hulp maak wat by hom
pas.

(Genesis 2:18).

Die skepping van die vrou onderskryf die
sosiale beginsel. Sosialiteit bestaan dus en is
noodsaaklik by die Goddelike skepping. Maar ook
die tweeledigheid is nie voldoende in die skep-
ping nie. God gee aan die man en vrou die op-
drag:

Wees vrugbaar en vermeerder en
vul die aarde

(Genesis 1:28).

Daar kan dus met Van Loggerenberg en Jooste
saamgestem word dat die gesin beslis 'n Goddelike in-
stelling is. Met die opdrag in Genesis 1:28 begin
die gesin as Goddelike instelling funksioneer. Te-
reg beweer Anshen dan ook dat die gesin die oudste
van alle menslike sosiale instellings is en dat hier-
die instelling behoue sal bly vir solank die mensdom

1. Van Loggerenberg, N.T., Jooste, A.J.C., Verant-
woordelike Opvoeding, p.89.

bestaan. ¹

Met die gee van kinders aan die mens, ontvang die mens ook die verpligte verantwoordelikheid om vir die kinders te sorg en hulle op te voed. Ouerskap moet dus gesien word as 'n voorreg en geen reg nie. So word 'n nuutgeborene aan die ouers toevertrou en word daar heel vroeg 'n belofte afgelê by die ten doop bring van die suigeling. Hierdie belofte, nl. om die kind te onderrig of te laat onderrig, dui die geweldige verantwoordelikheid van die ouer treffend aan. Sou hierdie gelofte oorboord gegooi word, staar die lot van Eli die ouers in die oë. *

Vir al die geloofsgenote vind die gesin sy wesenlike tipering in die wedersydse liefde tussen ouers en hulle kinders — hierdie feit is normbepalend vir alle aktiwiteite binne die gesinsverband. So verklaar Turner dan ook:

Finally, love sentiments impel and direct behavior in the manner prescribed for family relationships. Mate love helps make a man want to work hard at his employment and invest the proceeds in a suitable home for his family

2

Hierdie waarheid geld vir sowel Christen as nie-Christen. Die enigste verskil is egter: by die Christen word die onderlinge liefde van gesinslid teenoor mede-gesinslid verruim en geïntensiveer deur die individuele liefde vir Christus. Die kriterium vir die ware liefde lê dus in die Meester se liefde vir Sy kudde.

1. Anshen, R.N., The Family: Its Function and destiny, p. 18.

2. Turner, R.H., Family Interaction, p. 233.

* Vgl. in hierdie verband die geskiedenis van Samuel en Eli, soos opgeteken in 1 Samuel 3:11-14.

Jammerlik dus die gevalle in gesinne waar onderlinge liefde nie meer heers nie. In hierdie gesinne is die onderlinge omgang koud en onverskillig teenoor mekaar. Hierdie verhouding veronderstel baie komponente, o.a. dat die taal wat teenoor mekaar gebesig word, getint word met die wan-klank van liefdeloosheid. Verder is die onderlinge vertrouwe, wat 'n kenmerk van die gesin moet wees, toegesluit in 'n kerker van wantroue en afsku. Billike optrede en aanvaarding van menslike swakhede ontbreek en word vervang deur die selfverheffing en bombasme van die eie ek.

Die gesin word saamgebind deur 'n bloedband, maar hierdie bloedband kry eers betekenis as daar sprake is van die onderlinge liefdesgesindheid van gesinslede teenoor mekaar. As die liefde nie die allesoorheersende norm van die gesinslewe tipeer nie, kan wanpraktyke, soos hierbo genoem word, voorkom. Indien die fondament van die gesinslewe dus geskoei is op die normatiewe struktuurbeginsels van die Christelike gesin, sal dit goed funksioneer.

Daar sal nou sprake wees van 'n opvoedingsklimaat tussen ouers en kinders, asook wedersyds tussen die kinders. So tree emosionele stabiliteit en sosiale aanpassing na vore om uiteindelik die Christelik-geïdealiseerde einddoel in die lewe te bereik.

Die band van liefde vir mekaar en die afhanklikheid van mekaar is fundamentele kodes wat die huisgesin saamsnoer. Die onderlinge verpligtinge teenoor mekaar en die verantwoordelikhede van die een teenoor die ander onderling, is hier teenwoordig op so 'n unieke wyse dat dit nêrens anders so intens-waarneembaar is nie.

In hierdie huisgesin leer die opgroeiende kind die deugde van saamlewe en saamwerk, onselfsugtigheid, diens, gehoorsaamheid asook hulpvaardigheid soos op geen ander lewensterrein nie. Hier leer die kind die allerbelangrikste lewenswaarheid, nl. die feit dat absolute onafhanklikheid en selfgenoegsaamheid nie eienskappe van die mensheid is nie.

By vader en moeder word huwelikskuisheid en sedelike fatsoenlikheid geleer en wel in so 'n mate dat die stempel daarvan onmiskienbaar op die waardeleer van die opvoeding afgedruk word.

Voorts kan die gesinsverband se gesagstruktuur ook kortliks ontleed word. Geskoei op die Christelike lees van liefde, sal die gesagshandhawing ook Skriftuurlik slaag. Net soos alle ander samelewingsverbande, kan die taak van die gesin nie verantwoordelik volvoer word sonder gesagshandhawing nie. Van gesinsopvoeding kan daar dus nooit sprake wees as gesagshandhawing nie 'n fondamentsteen is nie. So bepaal die normatiewe aard van die Christelik-aanvaarbare gesinsverhouding dat die gesagshandhawing ook vergestaltung in die ware liefde sal vind. So word gesinsgesag dan 'n liefdesgesag wat altyd beheers toegepas sal word dog nooit volkome afwesig sal wees nie. Ook daarom dat Turner beweer:

Most important, love greatly
enhances the repertoire of
devices for effecting concili-
ation in case of conflict. 1

Opsommenderwys, kan verklaar word dat geestesgesondheid, wedersydse respek, 'n positiewe sosiale gesindheid, onselfsugtigheid, opoffering, selfdissipline, hardwerkendheid, verantwoordelikhedsin, spaarsin, sosiale gevoel, goeie lewensgewoontes en nog vele meer, ten beste in die gesinslewe aangeleer en uitgebou word tot 'n Christelik-aanvaarbare orde-likheid.

Die ouers moet hul taak in liefde en gehoorsaamheid aan die doopbelofte vervul. Alleen onder sulke omstandighede kan daar van 'n ware bydrae tot die opvoeding sprake wees. Gunter sê dat geen ouer hierdie verantwoordelikheid ooit mag probeer ontduik of moet probeer om dit aan iemand anders oor te dra nie. ¹

Teen die vorige agtergrond kan daar nou voortgegaan word om die werklike redes vir sorgbehoewendheid, spruitende uit die gesinslewe, te ontleed.

2.3.1.2. GESINSFAKTORE EN DIE SORGBEHOEWENDE KIND:

Met die indeling hier is geensins probeer om enige tendens voor te stel nie. Daar sal slegs probeer word om die algemene faktore binne die gesinslewe, wat sorgbehoewendheid in die hand werk, van naderby te ondersoek.

2.3.1.2.1. DOOD EN/OF SIEKTE VAN DIE OUERS:

Hierdie faktor is 'n baie ongelukkige toedrag van sake omdat dit op geen wanverhouding binne die gesin dui nie. Hier is omstandighede, buite menslike beheer, aan die orde van die dag. Hoe hierdie faktor sorgbehoewendheid in die hand werk, hoef sekerlik nie hier bespreking uit te lok nie, aangesien dit vanselfsprekend is.

Van Rooyen vind, dat uit 'n totaal van 2 001 sorgbehoewende kinders, daar 257 was waar die dood en/of siekte van een of albei ouers die hooforsaak vir sorgbehoewendheid was. Hierdie faktor verteen-

1. Gunter, C.F.G., Opvoedingsfilosofieë, p. 435.

woordig dus 12,84% van die totale sorgbehoewendheid.¹

Dit moet slegs gemeld word dat dit nie vanselfsprekend is dat die dood en/of siekte van een of albei ouers die kinders as sorgbehoewend agterlaat nie. Eers wanneer daar nie sprake is van 'n plaasvervangende voogsorg nie, dan word die kinders sorgbehoewend.

2.3.1.2.2. EGSKEIDINGS:

Wolff som die probleem van gebroke huisgesinne baie kortliks op as sy verklaar dat daar baie getuienis is dat kinders wat uit gebroke huise kom, baie meer gedragsprobleme openbaar as kinders uit gelukkige huise.² Sy word in haar sfening gesteun deur Langner en Michael wat verklaar dat die manier waarop 'n kind se ouerhuis opgebreek word, in sinoniem te bring is met sekere gedragsafwykings wat in sy latere lewensloop te bespeur is.³

Die Kommissie van Onderzoek aangaande die Gesinslewe vind dat verlatting (38,56%), neweverhouding (10,63%), owerspel (3,11%), geslagtelike onverenigbaarheid (3,63%), onverenigbaarheid in die algemeen (2,58%), wrywing oor ekonomiese aangeleenthede (5,84%), drankmisbruik (8,87%), aandrang, vernielsug en belediging (7,60%), rusie-

-
1. Van Rooyen, I.J.J., 'n Ontleding van die Gesinsagtergrond van Blanke Sorgbehoewende Kinders in Suid-Afrika en van die Rehabilitasie-metodes wat in die verband aangewend word, p. 48.
 2. Wolff, S., Children Under Stress, p. 96.
 3. Langner, T.S., Michael, S.T., Life Stress and Mental Health, p. 163.

makery en wegjaery (12,09%), liefdeloosheid (12,06%), wrywing oor kinders (2,73%), inmenging (skoonouers, ens.)(3,29%), geestelike versteurdheid en sieklikheid (1,35%), uithuisigheid of periodieke afwesigheid (3,0%) en gevangenisstraf (verwysing) (0,86%) die hooforsake vir egskeidings is. ¹

Goede verklaar hieroor:

At every developmental phase of childhood, the child needs the father (who is usually the absent parent) as an object of love, security, or identification, or even as a figure against whom to rebel safely. This is the case for both boys and girls. It would be surprising if the absence of the father had no effect on the child. When the absence of the parent is caused by divorce and not death, psychodynamic structure is further complicated by hostilities and guilts for hostility by feelings of abandonment, and by guilts from divided loyalties. 2

In die ondersoek na die geval van Ons Kinderhuis sal daar weer na hierdie aspek teruggekeer word. Daar kan egter nou verklaar word dat egskeidings beslis deur liefdeloosheid voorafgegaan word. Voeg hierby wat daar tevore in verband met die liefdesbespreking opgemerk is,* en daar word onmiddellik verstaan dat sorgbehoewendheid hier intree. Steinzor sê ook dat egskeiding 'n getroue erkenning is dat die ouers nie in liefde kan saamlewe nie. Dit sou ook nie help om voor te gee dat daar wel 'n liefdesband bestaan nie. Kinders

-
1. Cronjè, G., 'n Verlag van die Kommissie van Onderzoek insake die Gesinslewe, Deel III : Egskeiding, pp. 160-162.
 2. Goode, W.J., After Divorce, p. 309.
 - * Supra, pp. 21-25 (2.3.1.1.).

is gou om liefdeloosheid aan te voel. ¹

2.3.1.2.3. STIEFVERHOUDINGE:

Die stiefouerprobleme is nie onbekend aan die leser nie en talle gevalle is bekend waar die stiefaangeleentheid verantwoordelik was vir wanverhoudings binne die gesinslewe en wanaangepastheid by kinders. Hierdie stiefrelasie veroorsaak somtyds sulke plofbare verhoudings dat die kind as onbeheerbaar, dus sorgbehoewend, bestempel kan word. So bevind die Kommissie insake die Gesinslewe dan ook dat stiefverhoudinge vir 17,96% van die sorgbehoewendheidsyfer verantwoordelik is. ²

2.3.1.2.4. WERKENDE MOEDERS:

Hierdie stelsel om veral die hedendaagse ekonomiese druk die hoof te bied, is verantwoordelik vir gesinsverbrokkeling. Dit gebeur in die grootste gros van die gevalle waar die kinders verwaarloos word. Laasgenoemde kinders word dan ook weens die verwaarlosing as sorgbehoewend geklassifiseer.

Wel waar dat die lewenstandaard in dergelyke huise verbeter, te wete: beter voedsel, behuising, mediese versorging, kleredrag, ens., maar ongelukkig is die negatiewe sy van die saak ook aanwesig.

So kan die werkende moeder weens haar afwesigheid by die huis nie aan die kindervereistes op al die ander gebiede voldoen nie. Nye sê dat hierdie moeders baie min tyd het om te help en om

1. Steinzor, B., When Parents Divorce, p. 55.

2. Cronjé, G., Kinders Sonder Sorg, p. 127.

haar raadgewende plig teenoor haar kinders na te kom. Ook toon Nye se ondersoek dat daar 'n baie duidelike verband bestaan tussen die werkende moederstelsel en afwykende gedrag by die kinders weens die gebrek aan positiewe kontrole en beïnvloeding.¹

2.3.1.2.5. DIE SEDELIKE PEIL VAN DIE OUERS:

Mowrer vind dat die sedelike wanorde waarin sommige ouers hulle bevind, verantwoordelik is vir ernstige huislike probleme. Sy ondersoek toon dat 24,5% van die buite-egtelike kinders gebore is weens die onsedelikheid van getroude vroue, terwyl 5% van die moeders reeds voorheen getroud was.²

Hierdie soort gedrag aan die kant van die ouers werk ernstige verwaarlosing van die kinders in die hand. Die kind word in sy persoonlikheidsstruktuur so geweldig deur sy ouers se optrede beïnvloed dat sy hele karakter en toekoms besoedel word en sy bestaansveiligheid bedreig word.*

2.3.1.2.6. DIE GODSDIENSTIGE PEIL VAN DIE OUERS:

Van Rooyen stel hierdie saak so realistiesduidelik dat daar met sy siening volstaan kan word:

Ouers van sorgbehoewende kinders probeer dikwels die indruk skep dat hulle godsdienstig is. Ondersoek bring gewoonlik aan die lig dat dit 'n doelbewuste poging is om indruk op die maatskaplike werkster te maak. 3

Vir die gelowiges is dit maklik om te aanvaar dat 'n godsdienstige fondament slegs 'n heil-

-
1. Nye, F.I., Family Relationships and Delinquent Behavior, pp. 55, 59.
 2. Mowrer, E.R., Disorganization : Personal and Social, p. 300.
 3. Van Rooyen, I.J.J., D.-proefskrifteite opgeneem in: Mededelings van die Universiteit van Suid-Afrika, p. 16.
- * Infra, p. 152.

same invloed op die onderlinge gesinslede sal hê. As die ware godsdiensgevoel van die mens besit neem, ondervind hy die selfgenoegsaamheid en absoluutheid van God en beseft sy eie onvolkomendheid. Kerkloshheid en godsdiensstige koudheid kan dus grootliks verantwoordelik wees vir disorganisasie van die gesinslewe. Hierdie laaste feit spreek dan ook ontstellend duidelik uit skrywer se ondersoek in verband met Ons Kinderhuis wat in 'n latere hoofstuk volg*.

2.3.1.2.7. DIE EKONOMIESE PEIL VAN DIE OUERS:

Bossard verklaar tereg dat die inkomste van die huisgesin 'n baie belangrike rol in die gesinslewe vervul. Hierdie feit is veral van toepassing op die kinders van die gesin.¹

Finansiële druk is seker een van die grootste vernietigers van normale vooruitgang. Persoonlike en sosiale ontberings is 'n direkte gevolg van ekonomiese druk.

So toon die ondersoek van die Kommissie van Ondersoek insake die Gesinslewe dat 50,63% van die ouers van sorgbehoewende kinders 'n inkomste van minder as R800-00 per jaar het.²

2.3.1.2.8. DIE SOSIALE STATUS VAN DIE OUERS:

Dit is te verstane dat die ekonomiese peil van die ouers ook tot 'n groot mate hulle sosiale status bepaal. Geëerdheid op sosiale gebied veroorsaak gewoonlik 'n positiewe benadering om te

-
1. Bossard, J.H.S., Social Change and Social Problems, p. 643.
 2. Cronjé, G., Kinders Sonder Sorg, p. 34.
 - * Infra, p.124 (tabel 5).

probeer om die gemeenskap nie te skok nie. As daar egter nie sprake van sosiale erkenning is nie, bestaan die moontlikheid dat daar ook nie groot waarde aan gemeenskapsnorme geheg sal word nie. Daar ontbreek dus die motivering om die gesinslewe vir die oë van die gemeenskap vlot te laat verloop en kinders is somtyds die slagoffers van 'n gees van geenie-om-wat-van-hulle-word-nie.

2.3.1.2.9. DRANKMISBRUIK:

In 'n sosiologiese ondersoek na welsynsvraagstukke met 'n besondere klem op die verwaarlosing van kinders, vind Cronjé en Van Zyl dat uit 'n totaal van 100 gesinne waar kinderverwaarlosing aan die orde van die dag was, daar 81 gevalle voorgekom het waar drankmisbruik as rede verskaf is.¹

2.3.1.2.10. MISDADIGHEID:

Misdaad kan kortweg gedefinieer word as doenlikheid wat in stryd is met die gemeenskapsidee van orde en wetmatigheid. Die gemeenskap bou dus 'n gees van antipatie teenoor alle versteurders van orde en wetmatigheid op. Te verstane dus dat die beoefenaar van die misdaad dus 'n sosiale uitgeworpene is en sy gesin moet dus noodwendig hieronder ly.*

Die Kommissie van Onderzoek aangaande die Gesinslewe vind dat in 9,88% van die gevalle by vaders en 1,30% by moeders, misdaad verantwoordelik was vir die sorgbehoewendheid van die kinders.²

-
1. Cronjé, G., Van Zyl, G.J., Slagoffers van Drank, p. 78.
 2. Cronje, G., Kinders Sonder Sorg, p. 118.
 - * Infra, p. 152(6.3.4).

Dit blyk dus dat 'n klein kindergetal werklik geraak word as gevolg van die misdaadverskynsel by die ouers. Tog is hierdie verskynsel daadwerklik vir sorgbehoewendheid verantwoordelik. Die Kinderhof verwys kinders onmiddellik as sorgbehoewend indien die broodwinner uit die gesin afwesig is. In die geval van misdadige vaders, word diesulkes of na 'n werkkolonie verwys of gevangenisstraf word opgelê. Daar is dus van afwesigheid van die broodwinner sprake.

Cronjé en Van Zyl vind dat 15% van die gevalle waar gesinsverwaarlosing voorgekom het, toe te skryf was aan botsings met die gereg. Hulle vind verder dat in 100% van die gevalle drankmisbruik 'n rol gespeel het.¹

2.3.1.2.11. MISHANDELING:

Hier vind die Kommissie betreffende die Gesinslewe dat 11,48% sorgbehoewendheidsgevalle voortgespruit het uit mishandeling deur die vader. Van hierdie 11,48% mishandelingsgevalle het drankmisbruik in 68,70% van die gevalle 'n rol gespeel.

Cronjé en Van Zyl sê dat mishandeling 'n direkte uitvloeisel van drankmisbruik is. Die drankduidel maak die gebruiker "sterk" en hy beweeg op golwe van wisselende emosies en luime. So word sy huisgesin dan die slagoffers van sy drankroes-bravado.²

2.3.1.2.12. OPSOMMEND:

Daar is nou enkele gesinsfaktore wat proefondervindelik deur ondersoekers as redes vir sorgbe-

1. Cronjé, G., Van Zyl, G.J., op. cit., p. 89.

2. Ibid., p. 70.

hoewendheid bestempel word, bespreek. Hierdie lys sou nog verder aangevul kon word, maar skrywer het probeer om selektief te werk te gaan om sodoende 'n redelike geheelbeeld te verskaf in verband met sorgbehoewendheid en die gesinslewe.

'n Onduidelikheid wat mag opduik en wat hier baie beslis aandag en ruimte vereis, is die vraag: lei elkeen van die genoemde faktore altyd tot sorgbehoewendheid? Hier moet onmiddellik negatief geantwoord word. So lei drankmisbruik nie altyd tot sorgbehoewendheid nie, want by sekere mense word die verskynsel aangetref dat, afgesien van die feit dat hulle dit kan bekostig, drankroes nie noodwendig aggressiwiteit beteken nie. So vind mishandeling nie plaas nie en word die gesin ook nie finansiëel verpletter nie.

Net so is dit algemeen bekend dat egskedings in sommige gevalle 'n heilsame meer as 'n afbrekende invloed op die kinders het. Hierdie laaste stelling kan uiteenlopende menings tot gevolg hê. Teoreties sou enige mens in staat wees om enige van die twee teorieë doeltreffend te verdedig soos Winch dit ook doen¹, maar die hoofsaak vir die doel van hierdie studie is dat dit algemeen bekend is dat egskedings nie noodwendig sorgbehoewendheid in die hand werk nie.

So kan daar ook bewys word dat die godsdienstige peil van die ouers, hoe in stryd ook al met die individuele waardebepalings, nie summier tot sorgbehoewendheid by die kinders lei nie.

Die kern van die hele aangeleentheid is net dat daar tot dusver aangetoon is dat by die ge-

1. Winch, R.F., The Modern Family, p. 481.

noemde faktore wel die kiem van sorgbehoewendheid aanwesig is. Indien hierdie saadjie wel ontkiem en sorgbehoewendheid in die hand werk, het dit uitgespruit tot 'n distelstruik wat slegs op vernietiging ingestel is--- hier die vernietiging van die jong boompies wat in die tuin van God geplant is, nl. die kinders van 'n volk.

2.3.2. PERSOONSFAKTORE VIR SORGBEHOEWENDHEID:

Sommige mense is baie keer so kindgesentreerd in hulle denkwys dat hulle altyd die ouers as die "probleemgevalle" wil bestempel indien afwykings by die kinders voorkom. Daar is egter ook redes spruitende uit die kind self wat sorgbehoewendheid in die hand werk. Weliswaar is die ouers miskien weer skuldig omdat die wangedrag by die kind in baie gevalle slegs die resultaat is van wanopvoeding binne die gesinsfeer. Skrywer is egter van mening dat die omgewing waarin die kind opgroei wel tot 'n groot mate sy gedragsuitgange bepaal, maar die skeppingsbeginsel, nl. die individualiteitstruktuur van alles moet altyd voor oë gehou word. Die kind word as 'n unieke wese gebore en dit kan aanvaar word dat hy hom onder bepaalde omstandighede sal gedra soos hy wil --- dit omdat die menslike wil 'n Godgegewe uniekheid is.

Teen hierdie agtergrond kan die persoonsfaktore dan nou ontleed word.

2.3.2.1. ONBEHEERBAARHEID:

Ook hier moet verklaar word dat onbeheerbaarheid wel 'n oorsaak van sorgbehoewendheid is, maar dat dit nie noodwendig die geval is nie.

Onbeheerbaarheid by kinders kan somtyds al

heel vroeg in die kind se lewe nagespeur word. As skrywer egter 'n algemene stelling kan waag, sou hy wou beweer dat hierdie gedragsafwyking veral aan die puberteitstadium gekoppel moet word.

Die term "onbeheerbaarheid" sou gepas wees as 'n kind sy eie normatiewe wil ver buite die grense van sy soewereiniteitskring wil verhef. Elke mens besit 'n soewereiniteit in eie kring in soverre hy 'n eie wil het. Hierdie wil veroorsaak sekere gedragsuitinge en dis te verstane dat daar grense is aan hierdie soewereiniteit wat nie oorskry mag word nie.

Onbeheerbaarheid sluit dus die ongehoorsame, die stökkiesdraaier, algemene uithuisige, die twis-sieke, asook meer ernstige kriminele neigings in.

Of die ouer dus enige skuld dra by hierdie toestand of nie, die feit bly dat onbeheerbaarheid beslis 'n kind as sorgbehoewend laat kwalifiseer. Gewoonlik is die bevinding dat die gevalle van onbeheerbaarheid slegs toe te skryf is aan die feit dat die kind hom nie vrywilliglik aan die opvoeding-situasie wil onderwerp nie. Hierdie gevalle kom in die beste huise denkbaar voor en selfs 'n Dawid van ouds het 'n ongelyke stryd gevoer om sy onbeheerbare seun, Absalom, te wen.

2.3.2.2. ONSEDELIKHEID:

"Onsedelikheid" of "geslagtelike wangedrag" veronderstel dat daar in stryd met die morele en etiese norme van die gemeenskap gehandel word. Hier is die kind self skuldig. Onsedelikheid onder kinders neem in die tyd van vandag geweldige afmetings aan. Wie of wat die aanleidende oorsake vir hierdie toedrag van sake is, sal nie nou bespreek word nie.

Genoeg om Van Rooyen se bevindings aan die leser voor te hou om die omvang van die probleem op sorgbehoewendheidsgronde beter toe te lig. Sy ondersoek betrek 2 001 kinders wat sorgbehoewend verklaar is en hiervan is 124 op onsedelikheidsgronde verklaar. ¹

2.3.2.3. OPSOMMEND:

Wat kenmerkend is van beide onbeheerbaarheid en onsedelikheid is die feit dat die puberteitsjare die probleemjare blyk te wees.

Van Rooyen vind dat onbeheerbaarheid sowel as onsedelikheid 'n hoogtepunt met die vyftiende lewensjaar bereik. ² Ook Freed beweer dat onsedelikheid se grondslag teen die vyftiende lewensjaar gelê is. ³

In hoofstuk 6 sal daar weer kortliks na hierdie kwessie in verband met adolessensie en gepaardgaande probleme teruggekeer word om vas te stel of hierdie fase werklik in alle opsigte 'n probleemfase is. Daar kan egter nou kortliks beweer word dat die kind gedurende hierdie fase die positiewe leiding van sy ouers baie dringend nodig het. Indien hierdie leiding ontbreek, kan ernstige afwykings voorkom sodat onbeheerbaarheid wel die gevolg kan wees. *

2.4. SAMEVATTING:

Die doel van hierdie studie is, soos omvattend in hoofstuk 1 uiteengesit is, om die opvoedings- taak en in sommige gevalle rehabilitasietaak deur middel van die opvoeding van die kindertehuis, "Ons Kin-

1. Van Rooyen, I.J.J., Mededelings (UNISA.), p. 24.

2. Ibid., p. 24.

3. Freed, L.F., The Problem of European Prostitution in Johannesburg, p. 137.

* Infra, p. 157 (6.5).

derhuis", noukeurig te ontleed. Om die taak wat Ons Kinderhuis verrig beter te kan evalueer, was dit in die eerste plek nodig om die leser se kennis in verband met die agtergrond van die kind in die kindertehuis toe te lig.

Hierdie agtergrondstudie het noodwendig die faktore wat verantwoordelik was dat die kinders sorgbehoewend geraak het, aan die lig gebring. Die term "sorgbehoewend" is dan ook vir hierdie studie van die uiterste belang, want dit vorm die kern van die juridiese gronde waarvolgens kinders van hulle ouers weggeneem kan word.

Eerstens is daar gelet op enkele kenmerke van die gesin wat hulle samesyn in oorleg met die Christelike lewensopvattinge beplan. Daar kan geensins beweer word dat hierdie gesinslewe volmaak en sonder konflik sal wees nie, maar in derglike huisgesinne word die onderlinge lede deur die ware liefdesband gebind sodat probleme beslis as gevolg van die Skriftuurlike beloftes oorwin sal word.

Tog wonderlik, om by voorafgaande aan te sluit, dat daar proefondervindelik vasgestel is dat in die oorgrote meerderheid van die gevalle waar daar sprake van sorgbehoewendheid was, die gesinslewe gekenmerk is deur kerklosheid en algemene godsdienskoudheid.

Nadat al die verskillende faktore aan die leser voorgehou is, tref dit skokkend dat drankmisbruik so 'n vernietigende rol speel om die gesinslewe, 'n instelling van God, so stelselmatig af te takel en te verkanker.

Nou dat die leser bewus is van die gesinsprobleme wat nadelig op die kinders inwerk, sal daar

vasgestel moet word hoe die kinders deur die faktore nadelig geraak word.

Watter invloed het 'n swak omgewing op die ontwikkeling van die kind? Dit is seker teen hierdie tyd duidelik dat die grootste persentasie van die kinders uit omgewings grootword wat nie bevorderlik is vir die formulering van gesonde lewensopvattinge nie. Sou dit dalk moontlik wees dat omgewingsinvloede 'n rol kan speel betreffende die verstandsontwikkeling van die kind? Oefen die omgewing 'n invloed uit op die persoonlikheidsontwikkeling van die kind?

As die omgewing waarin die kind opgroei nie 'n stremmende uitwerking betreffende bogenoemde ontwikkeling uitoefen nie, dan sal die gevolgtrekking aan die einde van hierdie studie beslis wees dat die bestaande kindertehuse beslis nie plaasvervangende sorg is om aan die kinders 'n beter omgewingsfeer te verseker nie.

Indien daar egter vasgestel kan word dat die swak omgewing waarin 'n kind hom bevind, wel 'n negatiewe invloed op sy algemene ontwikkeling uitoefen, dan is dit noodsaaklik dat die kind uit daardie omgewing verwyder word en in 'n ander omgewing geplaas word wat normale ontwikkeling sal stimuleer.

Verder moet daar vasgestel word watter uitwerking fisiese verwaarlosing op die kind uitoefen. Speel die organiese sy van die mens se lewe ook 'n belangrike rol in sy ontwikkeling? Kan liggaamlike en sintuiglike defekte nadelig inwerk op die kind om sodoende ook persoonlikheidsprobleme te veroorsaak?

As die kind wel as gevolg van organiese probleme permanente persoonlikheidskade kan opdoen, moet daar beslis gesorg word dat die organiese sy van kindwees noukeurige aandag kry.

Indien daar dus vasgestel word dat hierdie aandag in die ouerhuis ontbreek, moet die kind weg-geneem word en in plaasvervangende sorg geplaas word waar hierdie aandag wel stiptelik plaasvind.

In die volgende hoofstuk word die organiese en omgewingsdeterminante van menslike gedrag dan ook ontleed om 'n duidelike antwoord op die probleem te verkry.

H O O F S T U K I I I

DIE ORGANIESE EN OMGEWINGSDETERMINANTE VAN MENSLIKE GEDRAG AS FAKTOR BY DIE KINDERHUISKIND

- 3.1 Inleiding.
- 3.2 Die organiese determinante van gedrag.
- 3.2.1 Oorerwing.
- 3.2.2 Die belangrikheid van die senuweestelsel en die sintuie.
- 3.2.3 Behoeftes en instinktiewe drange.
- 3.2.3.1 Behoefte aan voedsel, drank en vars lug.
- 3.2.3.2 Behoefte aan oefening en rus.
- 3.2.3.3 Behoefte aan uitskeiding.
- 3.2.3.4 Die seksdrang.
- 3.2.4 Die invloed van die endokrine stelsel.
- 3.2.5 Liggaamlike en sintuiglike defekte.
- 3.2.5.1 Sintuiglike defekte.
- 3.2.5.1.1 Gebrekkige gesigsvermoë.
- 3.2.5.1.2 Hardhorendheid.
- 3.2.5.2 Liggaamlike defekte.
- 3.2.5.2.1 Mangel- en adenoïede-ontsteking.
- 3.2.5.2.2 Slegte tande en maagongesteldheid.
- 3.2.5.2.3 Velaandoening en ander liggaamlike afwykings.
- 3.2.5.2.4 Wanvoeding.
- 3.2.6 Opsommend.
- 3.3 Die omgewingsdeterminante van gedrag.
- 3.3.1 Die invloed van die omgewing op verstandsonwikkeling.
- 3.3.1.1 Kinders wat uit pleeghuise opgegroeï het.
- 3.3.1.2 Kinders wat opgroeï in agterlike gemeenskappe.
- 3.3.2 Die invloed van die omgewing op die persoonlikheidsontwikkeling.

- 3.3.2.1 Die ouerhuis.
- 3.3.2.2 Die ekonomiese toestande.
- 3.3.3 Die invloed van die leerproses op gedrag.
- 3.3.3.1 Die huis.
- 3.3.3.2 Die kind se vriende.
- 3.3.3.3 Die gemeenskap.
- 3.3.3.4 Die tendens van nabootsing.
- 3.4 Samevatting.

H O O F S T U K I I I

DIE ORGANIESE EN OMGEWINGSDETERMINANTE VAN MENSLIKE GEDRAG AS FAKTOR BY DIE KINDERHUISKIND

3.1. INLEIDING:

Skrywer wil in hierdie hoofstuk dan die motivering vir die bestaan van kindertehuse probeer vind. Ook sal hierdie hoofstuk tot 'n groot mate die maatstaf wees waarvolgens die opvoedingstaak wat deur Ons Kinderhuis gedoen word, geëvalueer kan word.

Die individualiteitstruktuur as skeppingsbeginsel, is een van die unieke kenmerke van die samelewing. So sê Woodworth dan ook:

In daily life we get along quite well by making two contrary assumptions regarding our fellow men: first, that they are all much alike, and second, that each one is different.

1

So is daar fisiese verskille, psigiese verskille, ens. en dan, as die kern van hierdie hoofstuk, gedragsverskille.

Spruitende uit die gedragsuitinge van die kind, kom sekere vrae na vore, nl. is derglike verskille voorgeboortelik of is dit gewortel in proses wat vormend inwerk op elke individu se ontwikkeling sedert sy suigelingskap? Na oorsigtelike studie word daar vasgestel dat fisiese verskille alreeds voorgeboortelik voorkom — die resultaat van die ondeurgrondelike skepping. Betreffende gedragsverskille word daar gevind dat dit inherent aangebore is en dat faktore van buite ook op die individu inwerk om van hom 'n unieke wese te maak.

Vir die opvoeding van die kind is die kennis

aangaande die organiese en omgewingsdeterminante van menslike gedrag van primêre belang.

Foerster sê van die opvoeder:

De opvoeder moet een vast, ondubbelzinnig, onwankelbaar, universeel doel hebben, d.w.s. hij moet nauwkeurig weten, waar hij heen wil en wat hij beoogd; slechts doelbewuste opvoeders kunnen doelbewuste karakters vormen — . 1

Sonder die kennis van die individu waarmee die opvoeder besig is, sal die vorming van die "doelbewuste karakters" 'n taak van onmoontlikheid wees. Indien die gedragsoorsprong van elke individu aan die opvoeder bekend is, kan die mylpale wat geïdealiseer word soveel makliker bereik word.

So is die ouer dan ook verplig om hulle kinders te "ken". Dit sou impliseer dat elke ouer sy/haar taak analities sal aanpak. Daar moet nagevors word en voorkom word. Verder moet remediêrende maatreëls toegepas word, terwyl laasgenoemde gebaseer word op die resultate van die analise.

Gedurende sy ontwikkeling gaan die kind deur verskeie, normale lewensfases. Aan elke lewensfase kan sekere gedragssuitinge gekoppel word. Om sy eie taak dus makliker te maak, is dit dus vir die opvoeder nodig om te weet waarom 'n kind bepaalde gedragsspatrone openbaar. Begryping van die oorsprong van gedrag sal meer verstaanbaarheid verseker met die gevolg dat die soort terapie gouer bepaal kan word om aangepastheid te verseker.

Begrip vorm dus 'n primêre steen in die fondament waarop die opvoedingsproses vergestaltung kry. Indien hierdie steen ontbreek of tekens van verwerping toon, sal die opvoedingsproses verkrummel en sal wan-

1. Van Zyl, A.S., Artikel in Die Skoolblad: Wat is u doel met die Onderwys Kollega? p. 5.

aangepaste individue die lewe ingestuur word.

Die organiese en omgewingsdeterminante van menslike gedrag is dus kennis waaroor die ernstige, doelgerigte opvoeder moet beskik vir die toepassing van suksesvolle opvoedingstegnieke of soos Blair, Jones en Simpson dit stel:

— in order properly to diagnose
and guide the growth and develop-
ment of children. 1

Verder moet ook klem gelê word op die feit dat hierdie twee prosesse nie geïsoleerd van mekaar op die individu inwerk nie. Saam vorm die twee prosesse 'n eenheid om die menslike gedrag te bepaal. Daar is dus sprake van onderskeiding, maar nooit van skeiding nie. 2

3.2. DIE ORGANIESE DETERMINANTE VAN GEDRAG:

3.2.1. OORERWING:

As daar van oorerwing gepraat word, word daar verwys na die proses waardeur lewende organismes, deur biologiese prosesse, hulle eie karaktereienskappe op hulle nageslag oordra. 3

Tevore is daarop gewys dat elke kind as individu uniek is. Oorerwing speel 'n belangrike rol om individualiteit te bepaal. Die kind erf baie fisieke kenmerke van sy ouers oor, soos: sy geslag, die kleur van sy oë, hare, vel, ens. Sy liggaamsbou word ook tot 'n groot mate aan oorerwing gewyt. Verder kan ander faktore soos verstandspotensiaal en emosies ook aan oorerwing toegeskryf word.

Daar moet dadelik verklaar word dat eienskappe nie oorgeërf word nie, maar wel potensialiteite.

-
1. Blair, G.M., Jones, R.S., Simpson, R.H., Educational Psychology, p. 15.
 2. Gardner, D.B., Development in Early Childhood, p.68.
 3. Douglas, O.B., Holland, B.F., Fundamentals of Educational Psychology, p. 57.

Hierdie potensialiteite (te wyte aan die onbeperkte aantal genekombinasies), maak van elke nuwe lewe 'n unieke wese.

Die opvoedkundige word egter altyd gedwing om ook die rol van die omgewing in die ontwikkelingsproses raak te sien. 'n Swak omgewing sal die ontwikkeling van die individu se potensialiteite beslis strem, terwyl 'n goeie omgewing beslis die stimulus vir ontwikkelende potensialiteite sal wees.

So word die nuutgeborene toegerus met spiere, kliere, asook 'n integreerende sisteem, nl. die senuweestelsel wat die spiere van die liggaam koördineer. Sonder hierdie toerusting of by gebrekkige funksionering daarvan, sou dit vir die kind onmoontlik wees om te groei en potensialiteite te ontwikkel.

3.2.2. DIE BELANGRIKHEID VAN DIE SENUWEESTELSEL EN DIE SINTUÏE:

Van der Ross sê dat die senustelsel die skakel tussen die fisiese en die geestelike in die mens is. Die hoofsentrum van hierdie aktiwiteit is die brein wat deur die rugmurg en 'n hele netwerk senuwees met alle dele van die liggaam verbind is.

Die belangrikheid van die senuwees spreek uit hulle werkverrigting. Die funksie van die senuwees is om al die prikkels van alle dele van die liggaam na die rugmurg en brein te voer. Vanaf die brein kan ander prikkels nou uitgaan om sekere dele van die liggaam soos die spiere of kliere, in werking te stel.¹

Keyter verklaar dat die harsings en die senuweestelsel, van al die fisiese kragte waaroor die mens beskik, beslis die belangrikste is, want hulle vorm die kanale waardeur die geesteskrigte, wat ook in-kiem deur

1. Van der Ross, R.E., 'n Kort Inleiding tot die Opvoedkundige Sielkunde, p. 19.

oorerwing verkry is, funksioneer en tot uiting kom.¹

Wat die belangrikheid van die sintuie betref, is dit nie nodig om diepstrekkende bewyse te verskaf nie. Indien elke mens om hom rondkyk en die sintuiglik-gestremdes bestudeer, sal die belangrikheid van die sintuie onmiddellik besef word.

Biologiese defekte van die senuweestelsel en sintuie kan verantwoordelik wees vir ernstige gedragsafwykings. Dit is die taak van die opvoeder om die oorsprong van hierdie afwykings op te spoor en te sorg dat die gestremde vir mediese behandeling verwys word in 'n poging om die probleme wetenskaplik die hoof te bied.

So belangrik is die sintuie dat Bartley beweert dat sielkundiges en bioloë nog veels te min weet van die onderlinge verwantskap tussen die sintuie.²

Daar moet dus van die persoon wat besig is met die opvoeding van die kind voortdurend verwag word dat hy analities te werk sal gaan.* Elke verantwoordelike opvoeder wat ten volle bewus is van die opvoedingstaak in al sy fasette, moet dus die belangrikheid van die senuweestelsel en die sintuie besef en veral op enige probleme wat mag voorkom, ingestel wees sodat daar voorkomend te werk gegaan kan word om te sorg dat die probleme nie die potensialiteitsgroei van die individu sal strem nie.

3,2.3. BEHOEFTE EN INSTINKTIEWE DRANGE:

Vanaf sy geboorte en ook dwarsdeur al die stadia van sy ontwikkeling het die individu sekere behoeftes en drange wat bevredig moet word. Hierdie

1. Keyter, J. de W., Opvoeding en Onderwys, p. 30.

2. Bartley, S.H., Principles of Perception, p. 57.

* Supra, p. 43.

bevrediging is uiters noodsaaklik in soverre dit in sinoniem met die kind se ontwikkeling is. Kinders wie se organiese behoeftes nie bevredig word nie, ontwikkel verkeerdlik en ontaard in die wanaangepaste "probleemkinders" of onbeheerbare kinders van die samelewing. Die ouers en elke ander opvoeder van die kind moet dus ten volle bewus wees van die primêre behoeftes en drange van die mens en ook sorgdra dat hierdie drange gekanaliseer word sodat dit in die bevredigingsproses ook die opvoedingsnorme sal eerbiedig.

Enkele van die mens se basiese behoeftes en drange sal nou kortliks ontleed moet word.

3.2.3.1. BEHOEFTE AAN VOEDSEL, DRANK EN VARS LUG:

Honger en dors is 'n vername oorsaak van afwykende gedragsvorme by die mens. Die oudste en seker mees bekende voorbeeld is opgeteken in Genesis 25: 30-34. Honger dryf vir Esau daartoe om sy eersgeboortereg aan Jakob vir 'n minderwaardige kooksel lensies te verruil, want so redeneer 'n honger Esau:

Kyk ek gaan sterwe, en wat baat
die eersgeboortereg my dan?
(vers 32).

Honger en dors het rusteloosheid tot gevolg. So 'n persoon is geïrriteerd en gevalle is bekend waar kriminele oortredings uit so 'n toestand voortgespruit het. Algemeen bekend ook dat wanvoeding 'n groot probleem van die agterbuurtes is en soos later aange-
toon sal word, lewer hierdie buurtes 'n groot bydrae tot die getalle van Ons Kinderhuis.*

Keyter verklaar tereg dat wanvoeding nie uitsluitlik die probleem van die agterbuurte is nie, maar ook in goeie huise voorkom. Wat laasgenoemde betref, word toenemende spandabelheid ten opsigte van mode-

* Infra, p. 121 (5.5.1.6).

artikels waargeneem. Op hierdie wyse word nie slegs die liggaam nie, maar ook die gees benadeel sodat die ontwikkeling van die kind op 'n ernstige wyse gestrem word.¹

'n Verdere implikasie hier is dat die kindertehuis self teen hierdie probleem moet waak; dus moet daar gebalanseerde diëte wees om wanvoeding te voorkom.

Die gebrek aan vars lug hou nadelige gevolge vir die individu in. Om asem te haal, is 'n primêre behoefte by die mens, want suurstof is die bron van lewe en energie by die menslike verstand en liggaam. As gevolg van swak lewensgewoontes, bv. die slaap in toe en bedompige kamers, siektes soos borskwale, asma en kroniese verkoues, word die normale asemhalingsproses versteur en tree daar 'n liggaamlike en geestelike aftakeling in wat vir 'n groot verskeidenheid van gedragsafwykings verantwoordelik kan wees.

Die opvoeding speel ook hier 'n baie belangrike rol in soverre gesonde lewensgewoontes aangewakker moet word en biologiese probleme vroegtydig ontdek moet word sodat moontlike gedragsafwykinge of voorkomend of genesend behandel kan word.

3.2.3.2. BEHOEFTE AAN OEFENING EN RUS:

Hughes en Hughes onthul 'n baie interessante feit as hulle verklaar dat bewys gelewer is dat 'n verkorting van die werksure in die fabriekswese beslis verhoogde produksie tot gevolg kan hê.²

Oefening en rus moet mekaar voortdurend afwissel vir die normale harmonieuse ontwikkeling van die individu. 'n Gebrek aan oefening het verveeldheid en ongelukkigheid tot gevolg sodat gedragsafwykinge

1. Keyter, J. de W., op. cit., p. 181, 182.

2. Hughes, A.G., Hughes, E.H., Learning and Teaching, p. 448.

kings kan voorkom. Ooraktiwiteit en 'n gebrek aan genoegsame rus het weer emosionele en fisieke afwykings tot gevolg.

Moegheid maak die kind ongeduldig, koppig en liggeraak — alles gedragsuitinge waarvan die oorsprong deur die opvoeder besef moet word, anders sal die tugtigingsproses verkeerdelik toegepas word. Kinders moet gelei word om die waarde van gereelde en gebalanseerde oefening en rus te besef en dan korrek toe te pas.

Ook die ouers en alle ander opvoeders moet by hierdie saak betrek word. Sommige ouers se lewenspatroon maak geen voorsiening vir 'n gebalanseerde oefening-en-rus-program nie. Die resultaat van hierdie lewensgewoontes is prikkelbaarheid en nog erger: weinig belangstelling in die ander aktiwiteite en prestasies van die mede-gesinslede. Hierdie toedrag van sake vertroebel die gesinslede se onderlinge verhouding sodat sorgbehoewendheidskenmerke, soos onbeheerbaarheid en mishandeling en in sekere gevalle ook egskedings, sterk na vore tree.

3.2.3.3. DIE BEHOEFTE AAN UITSKEIDING:

Uitskeiding is 'n primêre biologiese funksie van alle lewende wesens. Uitskeiding van die afvalprodukte of oorbodige stowwe in die liggaam is 'n behoefte wat, indien nie regmatig bevredig word nie, tot fisieke siektetoestande kan lei. Hardlywigheid is dan ook 'n belangrike biologiese afwyking wat siekte en irritasie tot gevolg het.

Kirsten en Groenewoud verklaar dan ook dat hoofpyn, slegte asem, hardlywigheid en verswakte weerstandsvermoë tot 'n groot mate gewyt kan word aan die feit dat die beskaafde mens nie genoeg aandag aan gereelde ontlasting wy nie. ¹

1. Kirsten, L., Groenewoud, P.J.D., Fisiologie en Gesondheidsleer, p. 132.

Die opvoeder moet dus teen hierdie afwyking waak, want dit kan fisieke en geestelike wroeginge by die kind veroorsaak wat tot wangedrag kan lei. Indien daar reeds tekens van afwykende gedrag by die kind bespeur word, moet die grondliggende oorsaak daarvan vasgestel word sodat optrede daarvolgens bepaal kan word. Verkeerde optrede deur die opvoeder kan ernstige geesteswroeginge by die kind veroorsaak. So word die kind koppig en staan hy later onverskillig teenoor sy meerderes sodat hy ongehoorsaam word en sy eie normatiewe wil tot ver buite die soewereiniteitskring verhef. Hieroor kom hy in botsing, nie net met sy onmiddellike omgewing nie, maar ook loop hy hom vas teen die gemeenskap as hy laasgenoemde se etiese standaarde nie gehoorsaam nie.

Hier volg dus 'n kettingreaksie, maar die eindresultaat is 'n wanaangepaste individu wat beslis geen gemeenskapsaanwins is nie.

Dit blyk dus dat, indien die kind hom in 'n omgewing bevind het waar die bron van sy verkeerde gedragssuitinge deur die opvoeder(s) vasgestel is en die korrekte terapie aangewend is, die kettingreaksie hierbo genoem nooit sou plaasgevind het nie.

Dit blyk dus reeds op hierdie stadium dat daar tog motivering bestaan om 'n kind uit sy ouerhuis te verwyder en hom in 'n inrigting te plaas waar die opvoedkundige beginsels meer tot reg kom.

3.2.3.4. DIE SEKSDRANG:

Hadfield waarsku die opvoeder om nie die seksdrang van die begin af verkeerd te vertolk nie. Hierdie drang beteken nie net 'n voortdurende hunkering na gemeenskap met die teenoorgestelde geslag nie.¹

1. Hadfield, J.A., Childhood and Adolescence, p. 205.

Die bestaan en die belangrikheid van dergelike drange is 'n realiteit by die menslike geslag. Die eise van die moderne wêreld bepaal dat daar 'n baie wyer veld van seksuele voorligting aan kinders moet wees as die bestaande. Vir 'n lang tydperk, insluitende die hedendaagse, was dit 'n "verbode" terrein en weinig ouers waag dit om openlik met hulle kinders hieroor te gesels.

Kinsey ondersoek hierdie drange van die mens en kom tot die gevolgtrekking dat 85-90% van die jonger seuns selfbevrediging toepas om hulle seksdrange te bevredig. ¹

Deeglike en beplande voorligting moet geskied om 'n plaasvervangende aktiwiteit te kry om seksuele wanaanpassing te beperk of heeltemal te voorkom. Sportbyeenkomste, partytjies, georganiseerde spele soos volkspele, debatte, ens. behoort goeie tydrawende plaasvervangers te wees. Dit is so dat hierdie seksuele afwyking aan die begrip "verveeldheid" gekoppel kan word.

Keyter som die situasie treffend op as hy sê:

Seksuele opvoeding, moet dan gesien word as 'n essensiële aspek van karakterontwikkeling, as die ontwikkeling van 'n sielshouding wat voortspruit uit die regte begrip en waardering van die betekenis en doel van die menslike lewe wat dié van die Christelike opvatting daarvan behoort te wees. ²

Daar is ook die meer ernstige seksuele afwykings wat ook veroorsaak kan word deur biologiese en/of omgewingsinvloede. Hier kom veral ter sprake wanpraktyke soos: homoseksualiteit, sodomie, bestialiteit, sadisme, masochisme, ekshibisionisme en die

-
1. Stagner, R., Karwoski, T.F., Psychology, p. 62.
 2. Keyter, J. de W., op. cit., p. 269.

150555



afloerdery van die teenoorgestelde geslag.

So word homoseksualiteit toegeskryf aan:

(1) genetiese afwykings; (2) wanfunksionering van die buislose kliere; en (3) sielkundige oorsake.¹

Wat laasgenoemde aan betref, kan die wangedrag voortspuit uit die feit dat kinders belet word of afgesonderd word van die teenoorgestelde geslag. Verder kan dit ook die gevolg wees (soos Freud dit stel) dat die seun oorvertroetel word deur die moeder terwyl hy slegs vyandigheid van die vader ontvang. So word die seun in sy ontwikkeling beïnvloed om te veel vroulike eienskappe te ontwikkel dat hy later heeltemal vroulik in sy optrede sal wees.²

Bestialiteit se grondoorsake is nog nie bo alle twyfel bepaal nie. Dit kan egter die produk wees van 'n verborge liefde waar die dier 'n geliefde persoon versinnebeeld.

Sadisme kan verskeie oorsake hê, maar twee daarvan is:

- (a) 'n gebrek aan liefde gedurende die ontwikkelingsstydperk en
- (b) aggressiewe optrede deur die ouers. So gebruik die sadis haat as 'n emosionele uitlaat waar die gewone mens die liefde gebruik.

Freud het geglo dat masochisme 'n uitvloei-sel is van baie slae gedurende die kinderjare. Verder word daar geglo dat die afloerkwaal 'n resultaat is van die kind wat somtyds 'n ooggetuie was van ouerlike geslagsgemeenskap.

So word die grondoorsaak van ekshibisionisme in die persoon gevind wat na liefde hunker. Ook kan

1. Encyclopaedia Britannica, vol. 11, p. 648.

2. Ibid., p. 649.

dit aangetref word by die seun of man wat deur sy moeder of eggenote oorheers word sodat hy heeltemal onderdanig teenoor hulle optree. Deur middel van ekshibisionisme in die openbaar probeer hy om sy manlikheid te bewys.¹

Daar kan dus verklaar word dat geslagtelike wangedrag tot 'n groot mate gewyt moet word aan foutiewe opvoedingsmetodes tuis. Dit kan ook geskied omdat positiewe leiding deur die ouers ontbreek het. Die jong adolessent worstel somtyds met ryppwordingsprobleme en indien hy/sy nie die nodige leiding ontvang nie is die resultaat gewoonlik die afkeurenswaardighede wat hierbo bespreek is.

3.2.4. DIE INVLOED VAN DIE ENDOKRINE STELSEL:

Skrywer wil nie nou hier 'n volledige fisiologiese verslag van die hormoonafskeidings van elkeen van die kliere lewer nie. Veel eerder word enkele gesaghebbende persone se sienings weergee in verband met die gedragsafwykinge wat voorkom as hierdie kliere wanfunksioneer.

Wanfunksionering van die pituitêre klier (meesterklier), wat betref een of beide van die lobbe, kan een of meer van die volgende gedragsuitinge tot gevolg hê:

- (a) vrypostigheid;
- (b) fisiese en psigiese moegheid;
- (c) selfbewustheid;
- (d) anti-sosiale optrede;
- (e) boelie, ongehoorsaamheid, norsheid, ens.

Van der Ross sê dat die opvoeder baie versigtig moet wees in sy behandeling van kinders wie se persoonlikheid deur wantoestande wat betref funksionering van die pituitêre klier, beïnvloed is. Sulke

1. Encyclopaedia Britannica, vol. 20, p. 302-304.

kinders is dikwels al te bewus van hulle abnormale toestand en hulle moenie in situasies geplaas word wat hulle belaglik sal voordoën nie. ¹

Wanfunksionering van die skildklier kan weer rusteloosheid, prikkelbaarheid, slaaploosheid, ens. veroorsaak, soveel so dat McDougall verklaar:

— bodily and mental development proceeds unduly slowly; so that in extreme cases the patient becomes a cretinous idiot. ²

Woodworth konsentreer meer op die gedragsprobleme as hy verklaar dat skildklierprobleme kan veroorsaak dat 'n kind se skoolvordering ver benede sy intelligensiepeil kan daal. ³

Sonder om van al die buislose kliere reenskap te gee, kan daar tog 'n duidelike beeld gevorm word van die geweldige rol wat die endokrine stelsel in verband met die bepaling van menslike gedrag speel. So verklaar Valentine dan ook dat die endokrine stelsel 'n geweldige uitwerking op die temperament kan hê. ⁴

Wanfunksionering van die buislose kliere kan dus ernstige fisiologiese probleme veroorsaak wat weer tot afwykende gedrag kan lei. Woodworth waarsku egter dat nie alle persoonlikheidsprobleme somaar as spruitende uit endokrine probleme gesien moet word nie. Dit is so dat die mens die hormone bitter nodig het om 'n normale lewe te voer, maar as aangeneem word dat alle mense omtrent dieselfde hormoonbalans het, moet

-
1. Van der Ross, R.E., op.cit., p. 27.
 2. McDougall, W., An Outline of Psychology, p. 356.
 3. Woodworth, R.S., op.cit., p. 174.
 4. Valentine, C.W., Psychology and its bearing on Education, p. 618.

persoonlikheidsverskille beslis aan ander faktore gewyt word. Die veiligste sou wees om te verklaar dat die endokrine stelsel een van die basiese biologiese faktore is om die menslike persoonlikheid te bepaal.¹

So moet die opvoeder betreffende gedragsafwykings altyd in gedagte hou dat wangedrag voortspuitend uit wanfunksionering van die buislose kliere KAN wees. Hy moet homself dus op hoogte hou van die kliniese gegewens van die kinders onder sy sorg en hom dan ten opsigte van daardie gegewens korrek oriënteer.

Die raad van Barnard, e.a., behoort as rig-snoer te dien vir elke opvoeder, nl. :

Sekere persoonlikheidstrekke is gekorreleer met die funksie van die buislose kliere. Van leerlinge kan nie verwag word om hormonale balans of psigo-fisiese trekke wat daaruit spruit, willekeurig te beheer nie. Hulle kan egter opgevoed word om liggaamlike afwykings wat daarop gebaseer is, te aanvaar of om daarby aan te pas. 2

Mediese aandag is 'n absolute vereiste waar klierprobleme die normale ontwikkeling van die kind bedreig. Indien ouers versuim om te sorg dat hulle kinders hierdie aandag verkry, kan sulke kinders op grond van fisiese verwaarlosing ook as sorgbehoewend verklaar word.

Die ouers is dus verplig om altyd ten volle bewus te wees van hulle kinders se biologiese gesteldheid. Verder moet hulle sorgdra dat almal wat met die opvoeding van hulle kinders gemeed is, ook bewus is van biologiese versteurings. Onsimpatieke benaderings deur die opvoeder as gevolg van onkunde insake die fisiese gesteldheid van die kinders kan

1. Woodworth, R.S., op.cit., p. 179.

2. Barnard, J.S., Kemp, K.G., Van der Merwe, E.A., Theron, P.J., Grobbelaar, G.J., Botha, W.F., Sielkunde vir Onderwysstudente, p. 153.

slegs die stimulus wees vir wangedrag in plaas van dat daar helend te werk gegaan word.

3.2.5. LIGGAAMLIKE EN SINTUIGLIKE DEFEKTE:

Afgesien van die invloed van die endokrine stelsel, is daar nog baie ander moontlike liggaamlike gebreke wat 'n negatiewe invloed op die gedragsuiting van die kind kan hê. Onmoontlik weer om hier alle liggaamlike of sintuiglike defekte te ontleed, maar dit is ook geensins die doel van hierdie studie nie. Genoeg dan om slegs enkele defekte met gevolglike gedragsafwykings te bespreek om sodoende die invloed van hierdie faktore, waaroor die mens in die meeste gevalle geen beheer het nie, te verstaan.

Enige liggaamlike of sintuiglike defek kan gedragsafwykings veroorsaak en sodoende tot wanaangepastheid lei. So het die kind met die gesplete of oop verhemelte nie slegs 'n spraakgebrek nie, maar is dikwels oorsensitief en teruggetrokke. Hy voel gedurig verstote al is dit die produk van sy eie verbeelding. So raak hy sosiaal-gestrem omdat hy hom onttrek aan die sosiale gebeurlikhede wat so nodig is vir sy normale aanpassing.

Woodworth verklaar dan ook dat die sintuie elkeen 'n groot bydrae lewer betreffende die aanpassing van die individu in sy omgewing.¹

3.2.5.1. SINTUIGLIKE DEFEKTE:

3.2.5.1.1. GEBREKKIGE GESIGSVERMOË:

Volgens statistiek het soveel as 30% van alle skoolkinders gesigsprobleme. As daar met Louttit saamgestem word dat visuele probleme die belangrikste sintuiglike stremming vir die mens is,²

1. Woodworth, R.S., op. cit., p. 498.

2. Louttit, C.M., Clinical Psychology of Exeptional Children, p. 427.

sal elke opvoeder besef dat die genoemde persentasie opvoedkundig geweldige verreikende gevolge kan hê.

Die oog is nie 'n perfekte optiese instrument nie en is ook nie nodig om een te wees nie, want dit meet nie fisiese hoeveelhede soos 'n ander optiese instrument nie, maar evalueer eerder gegewens wat deur lig van die buitewêreld weerkaats word.

Ooggebreke kan dan, in die meeste gevalle (net soos die geval van optiese instrumente), reggestel word — gewoonlik deur gebruikmaking van die nodige lense.

Die vernaamste probleem is dat slegs 'n klein persentasie kinders met derglike probleme behandeling ontvang. As sulke probleme nie vroegtydig opgelos word nie, kan baie probleme intree. So tree hoofpyne in wat die kind lusteloos en liggeraak maak. Leerprobleme is aan die orde van die dag, want leer is geen plesier nie maar 'n inspanning. Op hierdie manier ondervind die kind somtyds probleme op skool wat deur oningeligtes as luiheid bestempel word. Gedurige herhaling van straf om die sg. "luiheid" te bekamp, kan later ernstige gedragsafwykinge tot gevolg hê.

Louttit verklaar ook, na ontleding van talle ondersoekers se bevindinge, dat gebrekkige gesigsvermoë ook 'n nadelige uitwerking op die intelligensiepeil van die individu het.¹

Daar kan dus verklaar word dat die persoon met ooggebreke wat nie die nodige hulp kry nie beslis in sy ontwikkeling gestrem word sodat die normale opvoedingsontwikkeling ook daaronder ly.

1. Louttit, C.M., op. cit., p. 441.

3.2.5.1.2. HARDHORENDHEID:

Hardhorendheid word in verskillende grade waargeneem. Die term "hardhorendheid" beteken die onvermoë om kommunikasie deur die oor, sonder enige kunsmatige aanvulling, te bewerkstellig. Hierdie verskynsel veroorsaak dat, benewens skoolprobleme (wat onder gesigsprobleme bespreek is), die kind ook traag is om sy spraak te ontwikkel.¹ Hy praat nie met ander nie; verloor belangstelling om na ander te luister en raak sosiaal-gestrem.

Volgens die statistiek van Baker het sowat 14% van alle skoolgaande kinders gehoorprobleme van verskillende grade.² Die Britannica-ondersoek toon weer dat 5% leerlinge defekte ondervind, maar dat die defekte spruitende uit verkoues, ens. die syfer na 10% verander. (Laasgenoemde syfer is egter tydelik van aard.)

Omdat die opvoeder nie hierdie gebreke kan raaksien nie, is hulle baie keer onbewus daarvan en word hulle kinders dikwels verwaarloos, terwyl gedragspatrone onsimpatiek benader word.

Lopende ore kan gedurende die kindfase klein perforasies van die oortrommel veroorsaak. Hierdie perforasies hou geen gevaar in as daar betyds mediese aandag ontvang word nie. Baie ouers besef egter nie die gevare wat agter lopende ore en steek in die oor skuil nie sodat daar nie veel ag op die voortekens geslaan word nie. Daar kan dus by hierdie kinders ook van verwaarloosing gepraat word omdat die gevaar bestaan dat hulle normale ontwikkeling ernstig geskaad kan word.

3.2.5.2. LIGGAAMLIKE DEFEKTE:

-
1. Louttit, C.M., op. cit., p. 457.
 2. Blair, G.M., Jones, R.S., Simpson, R.H., op. cit., p. 29.

3.2.5.2.1. MANGEL- EN ADENOÏEDE-ONTSTEKING:

Akute en chroniese mangelontsteking kan vele ongerief by kinders veroorsaak. Dit kan ook ontaard in rumatiekkoors en hartmoeilikheid. Ontsteking van die mangels benadeel spraak en het ook slukprobleme tot gevolg. Laasgenoemde kan weer in die ergste graad tot ondervoeding lei. Verder is die kenmerke 'n styging van die liggaamstemperatuur, terwyl die pasiënt aan uitputting ly en algemene werksproduktiwiteit skade ly.

Ontsteking van die adenoïede veroorsaak weer asemhalingsprobleme en dwing die pasiënt om deur die oop mond asem te haal en met 'n toe neus te praat. Die gesigsuitdrukking van die kind met derglike probleme, wyk af van die normale met die gevolg dat hy deur sy maats gespot word en dus tekens van afwykende gedrag begin toon.

So 'n kind kan aggressief word of hy kan hom sosiaal onttrek as teenmaatreël vir sy sosiale probleem. Die kind kan dus ernstige temperamentele en persoonlikheidsprobleme opdoen waardeur hy, as een uitvloeisel daarvan, sosiaal-gestrem raak.

Indien hierdie probleme egter betyds mediese aandag ontvang het, kon al die voorgenoemde probleme uitgeskakel gewees het en kon die kind volgens 'n normale patroon ontwikkel het.

3.2.5.2.2. SLEGTE TANDE EN MAAGONGESTELDHEID:

Slegte tande en maagongesteldheid kan lei tot 'n onwelriekende asem. Laasgenoemde veroorsaak dat alle mense die kind probeer vermy. Hy voel dus verstote en kan permanent gekrenk word sodat wanaangepastheid en gevolglike afwykende gedrag aan die orde van die dag is. So kan die kind as gevolg van die vermyding op sosiale vlak homself op 'n heel ander manier probeer bewys en gewoonlik is

dit die begin van 'n misdadige loopbaan. Aan die ander kant kan die kind hom van alle sosiale gebeurlikhede onttrek sodat die implikasies wat reeds bespreek is, weer na vore tree.

3.2.5.2.3. VELAANDOENING EN ANDER LIGGAAMLIKE
AFWYKINGS:

Kinders raak op 'n sekere ouderdom baie bewus van hulle eie voorkoms en enige skender van hierdie voorkoms wêreld kommer en opstandigheid. Die grootste sondaars in hierdie verband is puisies, vlekke, littekens, uitslag, bakbene en x-bene om maar net 'n paar te noem.

Dogters voel gewoonlik gekrank in verband met vetheid, tingerigheid, gelaatstrekke, borsmate, puisies en hare in die gesig.

Seuns voel weer minderwaardig as gevolg van borsmate, gebrek aan spierkrag, klein postuur, grootte van die geslagsorgane, bak- en x-bene.

Indien die dagblaai en ander persprodukte oopgeslaan word, vind die leser altyd 'n tiener-rubriek waar tieners telkens kla en raad vra in verband met genoemde defekte. Al hierdie probleme werk afsydigheid, skaamheid en liggeraaktheid in die hand en moet dus ook as stremmende faktore betreffende die kind se ontwikkeling beskou word.

Die kern van die aangeleentheid is dat dergelyke probleme deur ortopediese en velkliniekdienste verhoed kon gewees het. Verder kan 'n positiewe opvoedkundige benadering ook meehelp om die kind te leer om dergelyke probleme as tydelike laste van die mens te aanvaar. Hier dink skrywer veral aan puisies en verskillende soorte uitslag. Die kind moet dus gelei word om nie slegs die mooiweerskant van die lewe te ken nie, maar hy moet ook ten volle bewus gemaak word

van die donkere sy van die lewe. As hy van kindsbeen af geleer het om homself ook onder die moeilike omstandighede goed te handhaaf, sal hy gou die weg van selfstandigheid met sukses betree en hom dus as 'n volkome aangepaste individu onderskei.

3.2.5.2.4. WANVOEDING:

Wanvoeding behels nie net ondervoeding nie, maar ook oorvoeding word hieronder geklassifiseer. Ondervoeding beteken nie noodwendig 'n algehele gebrek aan voedsel nie, maar beskryf slegs die toestand van ontoereikendheid. Die normale uitwerking van ondervoeding by kinders is geïrriteerdheid, rusteloosheid en senuweeagtigheid.

Van der Ross sê dat die opvoeder alles in sy vermoë moet doen om vir die gebalanseerde voeding van kinders te sorg. Die kind sal nie dan alleen 'n beter weerstand teen siektes opbou nie, maar hulle sal meer lewenslus en ontvanklikheid aan die dag lê. Die leerproses is 'n aktiwiteit en enige vorm van aktiwiteit vereis energie. Alleen voedsel en meer nog gebalanseerde voedsel, verskaf hierdie noodsaaklike energie. Ondersoeke bewys dan ook dat kinders beter leer wanneer hulle beter gevoed is.¹

Dit is nogal 'n probleem om 'n goeie definisie vir die begrip "oorvoeding" te verskaf. Die algemene aanvaarding is dat 'n persoon oorgewig is as sy massa 20% bo die gemiddelde massa van gesonde persone van 25-jarige leeftyd van dieselfde lengte is. Oorvoeding geskied wanneer daar 'n versteuring in die meganisme, wat voedselinname en energieverbruiking koördineer, kom.

1. Van der Ross, R.E., op. cit., p. 64.

Die sielkundige aspek is ook baie belangrik: die genot om te eet beïnvloed die smag na voedsel en dit kan verkeerdelik aangewend word om ander lewens-satisfaksies te vervang.

Oorvoeding is dus die resultaat van emosionele versteurings en vir suksesvolle behandeling moet die opvoeder die versteurings peil en daar sal dan 'n plaasvervanger vir hierdie satisfaksie, verkry van kos, gevind moet word.

Oormatige vetheid kan egter ook die gevolg wees van wanfunksionering van die pituitêre klier. Indien albei die lobbe van hierdie klier onderfunksioneer, ontstaan 'n toestand wat bekend is as Fröhlich se siekte. Veral seuns kry hierdie siekte en hulle is dan ook gewoonlik oormatig vet en meisieagtig. Hierdie afwyking maak die kind baie selfbewus sodat hy baie maklik huil en hom gewoonlik aan noodsaaklike sosiale omgang onttrek. Genesing kan bewerkstellig word deur 'n reeks inspuitings van die voorlob van dieselfde klier van diere.

3.2.6. OPSOMMEND:

Daar is nou sonder twyfel vasgestel dat die organiese sy van die mens se lewe ook 'n belangrike rol in sy ontwikkeling speel. Verder is vasgestel dat liggaamlike en sintuiglike defekte nadelig inwerk op die kind se normale ontwikkeling sodat somtyds ernstige persoonlikheidsprobleme veroorsaak kan word.

Daar is egter gewys op die feit dat daar voorkomend en ook genesend te werk gegaan kan word. In hierdie voorkomende en genesende proses vervul mediese aandag en korrekte opvoedingsmetodes 'n sleutelrol. Dit gebeur egter heel dikwels dat kinders nie hulle probleme vryelik wil bespreek nie, en

in sulke gevalle is dit vir die opvoeder moeilik om van hierdie probleme bewus te raak.

Hierdie laaste waarheid veronderstel dat die ouers voortdurend op die uitkyk vir abnormaliteite moet wees. Daar moet 'n gesonde klimaat tussen hulle en hulle kinders heers sodat vrywillige koöperasie voortdurend sal geskied.

Al hierdie feite maak van die taak van die ouer 'n gekompliseerde proses sodat daar baie ouers is wat nie die opvoedingspas kan volhou nie. Dit vereis dus van die staat, as hoogste aardse gesag, om in die belang van die kind in te gryp en sodoende te verseker dat laasgenoemde slegs die beste moontlike behandeling ontvang sodat ontwikkeling sonder haakplek kan geskied.

Die Kinderwet en wel artikel 1(xxxv)(b), bepaal dan ook dat 'n kind sorgbehoewend is as die ouer of voog geen behoorlike toesig en beheer oor die kind uitoefen nie, of onbevoeg is om sodanige beheer uit te oefen. Die term "beheer" sluit ook die versorging van die kinders in. Hierby aansluitend bepaal artikel 1(xxxv)(i), dat 'n kind ook sorgbehoewend is as hy in 'n toestand van fisiese of geestelike verwaarlosing verkeer.¹ Hierdie term "fisiese" veronderstel die natuurlike gesteldheid van die liggaam en afwykings word nie onder "natuurlike gesteldheid" ingesluit nie.

Indien die ouers of voogde dan sorgdra dat voorkoming en/of genesing 'n opvoedingswagwoord binne die gesinslewe word, sal die kinders nie op organiese gronde sorgbehoewend verklaar kan word nie.

1. Wet no. 33, (1960).

Die ander sy van die saak is ook waar, nl. indien die ouers of voogde nie kan voldoen aan die opvoedingsbeginsels wat deur die Wet bepaal word nie, kan die kinders as sorgbehoewend verklaar word. Sodanige kinders word dan van die ouerhuis wegge- neem en in plaasvervangende sorg geplaas waar hulle wel die nodige aandag sal kry.

Skrywer voel dus verplig om 'n woord van waardering teenoor die owerheid uit te spreek omdat hierdie wet ook die Skriftuurlike norme eerbiedig en dit wel soos opgeteken in Matthéüs 18: 6,7, waar Christus die een verdoem wat kindertjies laat strui- kel:

--- dit is vir hom beter dat 'n meul-
steen om sy nek gehang word en hy weg-
sink in die diepte van die see.
(Vers 6)

--- maar wee die mens deur wie die
struikelblokke kom. (Vers 7)

3.3. DIE OMGEWINGSDETERMINANTE VAN GEDRAG:

Ondersoekers het vasgestel dat omgewings- toestande van 'n organisme tot 'n groot mate in- vloed op sy ontwikkeling uitoefen. So beweer Thomas en Chess dan ook dat 'n studie van die tem- perament van die individu, sonder om die omgewings- invloede daarop te betrek, geen volledige beeld aan die onderzoeker bied nie.¹

Die omgewing kan 'n voordelige invloed op die kind hê in soverre dit sy opvoeding sal verge- maklik. Die gevolg is dat persoonlikheidsontwik- keling, gedragspatroon, verstandsontwikkeling en prestasievermoë van die kind geen stremmende in- vloede sal ondervind nie, maar eerder gestimuleer

1. Aronson, L.R., Tobach, E.,
Lehrman, D.S., Rosenblatt, J.S., Development
and Evolution of Behavior, p. 536.

sal word om maksimale ontwikkeling te ondergaan.

'n Swak omgewing daarenteen, het weer 'n nadelige uitwerking en vertraag en bemoeilik die opvoedingsproses. Die opvoeder moet egter hier, ook omdat die opvoedingsaspek van Ons Kinderhuis so pertinent gemoeid is, sy kennis van die omgewingsdeterminante vermeerder, aangesien dit al manier is waarop remediëring beplan kan word.

Barnard, e.a. sê dat die voorgeboortelike omgewing ook 'n rol speel in die ontwikkeling van 'n organisme. Veranderinge wat die ontwikkeling beïnvloed, kan spruit uit die wanfunksionering van die buislose kliere van die moeder. Hulle sê verder dat dit gebruiklik is om fisiese gebreke aan oorerwing toe te skryf, maar ondersoekes het beslis getoon dat oorerwing nie in alle gevalle verantwoordelik is nie.¹

3.3.1. DIE INVLOED VAN DIE OMGEWING OP VERSTANDS- ONTWIKKELING:

3.3.1.1. KINDERS WAT UIT PLEEGHUISE OPGEGROEI HET:

Talle ondersoekes het die feit beklemtoon dat die omgewing 'n groot rol speel betreffende die verstandsonwikkeling van die kind. Onderzoekers, o.a. Harms, Skeels, Speer, Skodak, Snygg, e.a. het gevind dat, indien 'n kind uit 'n swak omgewing weg-geneem word, en in 'n meer intellektuele omgewing geplaas word, hy baie sal baat wat sy verstandsonwikkeling betref.

1. Barnard, J.S., e.a., op cit., p. 130.

Skodak se ondersoek betrek 154 kinders waarvan almal in pleeghuise geplaas is vanaf 'n ouderdom van ses maande en jonger. Die moeders se gemiddelde I.K. was 'n skrale 88 volgens die Stanfort-Binet-toets. Die vaders het die laer beroepsklasse verteenwoordig.

Die pleeghuise waarin die kinders geplaas is, was egter die "room" van die gemeenskap. Omdat die kinders nog te jonk was (gemiddeld 2,8 maande), is dit te verstane dat daar nog geen verstandstoetse op hulle uitgevoer is tot en met hulle huisverandering nie.

Die eerste verstandstoets het hulle ondergaan nadat hulle reeds twee jaar by die pleegouers ingewoon het. Die tweede toets is afgeneem nadat hulle vier jaar by hulle pleegouers ingewoon het.

Die gemiddelde I.K. van die eerste toets was 'n sterk 116. Vir die tweede toets is 'n gemiddeld van 112 verkry — dit is heelwat hoër as die gemiddelde van die kinders van dieselfde ouderdom.

Nadat G. Stoddard Skodak se resultate bestuurder het, het hy treffend opgemerk dat dit seker is dat, indien die kinders in die ouerhuise opgegroeï het, hulle beslis tekens van geestelike gestremdheid sou toon.¹

Speer se ondersoek het weer 68 kinders van swaksinnige moeders betrek. Hy vind dat 67 van die betrokke moeders pasiënte van sielsieke inrigtings was. Die gemiddelde I.K. van die moeders was 'n skrale 49 met 'n minimum van 38 en 'n maksimum van 64. Die kinders is weggeneem en in losieshuise geplaas. Ook is die kinders deur 'n welsynsorganisasie, nl. "THE CHILDREN'S SERVICE LEAGUE", onder hulle sorg ge-

1. Blair, G.M., e.a., op. cit., p. 34.

neem. Die werklike vaders van die kinders was of werkloos of hulle het ongeskoolde arbeid verrig. Hulle was of geestelik versteurd of volkome alkoholiste.

Speer vind dat die kinders wat reeds vroeg in hulle lewe van die moeder en die korrupte omgewing verwyder is, se I.K. na die normale gestyg het. Aan die ander kant het die kinders wat eers op 'n latere ouderdom van die ouers weggeneem is, 'n duidelike I.K.-verband met hulle ou omgewing getoon.¹

Hierdie ondersoek van Speer verskaf duidelike bewyse dat die omgewing 'n beslissende rol in die verstandelike ontwikkelingsproses van die kind speel. Twee feite spreek baie duidelik, nl. :

- (a) indien die kind in sy ontoereikende omgewing bly, sal hy dusdanig opgroei en ontwikkel tot 'n uiteindelijke produk eie aan sy omgewing -- in hierdie geval tot groot nadeel van homself, sy gemeenskap en sy land;
- (b) die situasie kan gered word indien sulke gevalle op 'n jong leeftyd in pleegsorg uitgeplaas kan word.

Ook Burt en Schonell vind dat die verstandelike agterlikheid van die meeste kinders aan huislike toestande gewyt kan word.²

3.3.1.2. KINDERS WAT OPGROEI IN AGTERLIKE GEMEENS- SKAPPE:

Verdere ondersoeke deur persone soos Gordon, Sherman en Key, toon aan dat kinders wat in geïsoleerde en agterlike gemeenskappe opgroei, 'n nadelige verstandsontwikkeling toon.

1. Blair, G.M., e.a., op.cit., p. 35.

2. Valentine, C.W., op.cit., pp. 583, 584.

Gordon se ondersoek betrek 76 kinders wat op bote in die Engelse kanaal opgroei. Hierdie bootwerkers word op bote gebore, leef daarop en sterf daarop, sonder om veel met die buitewêreld te meng. Hierdie kinders besit ook geen skolastiese agtergrond nie.

Die ondersoek bring twee belangrike en interessante feite aan die lig:

- (a) die 76 kinders was, sonder uitsondering, almal vertraag. Toetse het hulle gemiddelde I.K. as 69,6 bepaal;
- (b) die vertraging neem toe namate die kind ouer word.¹

Daar kan onmiddellik verklaar word dat die lae I.K. van bogenoemde kinders nie aan oorerflikheidsfaktore toegeskryf kan word nie. Hoe langer die kind in sy agterlike omgewing bly, des te groter die invloed op hom; dus hoe laer is sy I.K.

In hierdie verband wil skrywer nie praat van swaksinniges nie, maar dit kan begryp word dat die kinders wat in sulke geïsoleerde omgewings opgroei, nie die geleenthede het om tot volle ontplooiing te kom nie. Hulle vertoon dus 'n merkbare agterstand in vergelyking met die meer gelukkige kinders wat 'n gesonde sosiale agtergrond het.

Geoordeel volgens die moderne gemeenskapstandaarde, is hierdie kinders beslis sorgbehoewend en as in ag geneem word dat hulle moontlik 'n normale lewe kon gelei het as hulle betyds uit die omgewings verwyder is, is dit jammer dat hulle nie deur die sorgbehoewendheidswette gered is nie.

1. Blair, G.M., e.a., op. cit., p. 36.

3.3.2. DIE INVLOED VAN DIE OMGEWING OP DIE PERSOONLIKHEDSONTWIKKELING:

Die omgewing speel nie alleenlik 'n belangrike rol wat betref verstandsonwikkeling nie, maar het ook 'n kenmerkende invloed op die persoonlikheidsontwikkeling van kinders.

Margeret Mead se bevindinge in hierdie verband, verdien gemeld te word. Sy het die toestande van die bergbewoners, die Arapesh van Nieu-Guinee, ondersoek. Sy vind dat hierdie stam vredeliewend is en alle werksaamhede op 'n koöperatiewe basis aanpak. Die stam is geensins aggressief nie en die kinders steel en lieg selde. Let in hierdie geval op dat die omgewing waarin hulle woonagtig is, derglike persoonlikheidstrekke moontlik maak. Die bergagtige omgewing bied uitstekende beskerming teen aanvallers van buite, terwyl die gebied ook baie moeilik bekombaar is.

Sowat 100 myl vanaf die Arapesh bestaan weer 'n rivierbewonerstam, nl. die Mundugumor. Hulle is weer agterdogtig teenoor mekaar, aggressief en gewelddadig. Hierdie stam is maklik bereikbaar; dus maklik kwesbaar vir aanvalle van buite. Die persoonlikheidstrekke is dus spruitend uit hulle omgewing.

Uit die geledere van die meerbewoners, die Tchambule wat ook in Nieu-Guinee woonagtig is, word gevind dat die vrouens die plaaswerk hanteer, visvang en jag. Die mans bly by die huis om die kinders op te pas. Hierdie feit veroorsaak dat die vrouens sterk manlike persoonlikheidstrekke ontwikkel en die mans weer almal tipies vroulik reageer.

Hierdie verskille wat betref temperament en persoonlikheid tussen die genoemde stamme, moet verklaar word as die gevolg van hulle individuele stel-

sels van sosiale organisasie en metodes om hulle kinders op te voed. Die omgewing waarin elkeen woonagtig is, is verantwoordelik vir die stelsels van sosiale organisasie en opvoedingsmetodes.¹

3.3.2.1. DIE OUERHUIS:

So is hierdie ondersoek van Margeret Mead ook toepaslik op die moderne sosiale kringe. Die kind se eerste ondervinding met enige vorm van 'n stimulus moet noodwendig 'n invloed op sy persoonlikheidsontwikkeling uitoefen.

As die kind voel dat hy in sy ouerhuis liefderyk en aanneemlik behandel word, sal hy selfversekerd wees in alle sosiale situasies buite sy ouerhuis. Verwerping en minagting in sy ouerhuis sal hom baie onseker maak en hy sal hom onttrek aan alle sosiale gebeure.* As die kind in sy ouerhuis gewoond is om gesag te eerbiedig, sal hy sy persoonlikheid, tot onderdanigheid aan sy meerderes, inrig. Aan die ander kant: as hy gewoond is aan swak dissipline in sy ouerhuis, sal hy tien teen een rebels teenoor sy skool, onderwysers, werkgewers en regering wees.

So is die gesinslewe 'n belangrike omgewingsinvloed wat beslis geen geringe rol in die persoonlikheidsbepaling van die kind speel nie. Die ouer-kind-relasie bepaal adolessente persoonlikheidsituasies. Kinders is baie sensitief vir buierigheid en tirannieke gesigsuitdrukkings.** Gesprekke in en om die huis, kritiek teen die naaste, aggressiewe optrede en onambisieuse ouers, het 'n duidelike invloed op die kind as luisteraar en waarnemer.

1. Blair, G.M., e.a., op. cit., pp. 38, 39.

* Infra, pp. 152-154 (6.3.5).

** Infra, p. 156 (6.3.6.8).

Skrywer het eens aan 'n driejarige seuntjie gevra waar hy al die lelike woorde leer (hier was dit vloekwoorde van die ergste graad). Trots en sonder skroom het hy geantwoord: "By my pa!"

Die sosiale verhoudings wat betref man teenoor vrou; werkgewer teenoor werknemer; leiers teenoor volgelinge, maar ook kind teenoor volwassene en kind teenoor medekind, word in die gesinslewe vasgelê. Die kind ontwikkel sy eie idee, gebaseer op waarneming uit sy eie omgewing, van hoe mense moet optree as hulle 'n spesifieke posisie beklee of in 'n spesifieke situasie beland.

Vir Du Toit, Steyn en Rip is daar een belangrike vereiste vir die huisgesin, nl. dat dit georganiseerd moet wees. Wat sou dit impliseer?

Wanneer die persoonlikhede in die gesinsgroep dus so optree dat hulle rolle onderling afhanklik is en dat die verhoudings en sentimente van so 'n aard is dat die gesinsgroep as eenheid harmonieus funksioneer, in ooreenstemming met die waardepatrone van die breë samelewing, dan kan van daardie huisgesin as 'n georganiseerde gesin gepraat word. 1

Die familiekring besit dus 'n hoë graad van verantwoordelikheid ten opsigte van die persoonlikheidsontwikkeling van elke kind binne die kring. Nou is dit ook so dat die ouers verantwoordelik is vir die formulering van die norme van die huisgesin, maar nie slegs die formulering daarvan nie, ook die uitvoering daarvan berus by die ouerlike portefeulje.

In die moderne samelewing word die waarde van die kind al meer en meer besef en alles moontlik word

1. Du Toit, J.B., Steyn, A.F., Rip, C.M., Afwykende Gedrag, p. 43.

gedoen om 'n positiewe invloed op die persoonlikheid, gedrag, verstandsonwikkeling en prestasievermoë van kinders te verseker.

Dit blyk egter asof die gesinslewe so 'n belangrike rol vervul dat alle pogings van buite, sonder om die gesinslewe in te sluit, steeds deels tot mislukking gedoem sal wees. Die tyd het ryp geword vir die instelling van kursusse vir voornemende ouers asook die betrekking van hulle wat reeds ouerskap aanvaar het, om te probeer om die opvoedkundige fasette van die ouerhuis aan diesulkes tuis te bring.

Hadfield besef dat die hedendaagse ouer 'n moeilike taak het:

Parents in these days are in a state of bewilderment as to how to bring up their children. This is not surprising considering the conflicting views, even amongst experts, on the question. 1

'n Belangrike feit is dat die ouers die modelle is wat die kinders graag wil navolg.* Dit plaas 'n groot verantwoordelikheid op die ouers wat dus onder alle omstandighede navolgenswaardig moet wees.

3.3.2.2. DIE EKONOMIESE TOESTANDE:

Ekonomiese gesteldheid oefen 'n aansienlike invloed op die persoonlikhede van volwassenes sowel as kinders uit. Armoedige versorging het 'n negatiewe uitwerking op die persoonlikheidsontwikkeling. Dit kan nie bewys word dat die ekonomies gegoede klasse geen wanaangepaste persoonlikhede die wêreld sal instuur nie of dat alle mense wat armoedig grootgeword het persoonlikheidsprobleme ondervind nie. Daar kan egter beweer word dat die kind van die gegoede huis oor beter geleenthede beskik om talente te ontwikkel

1. Hadfield, J.A., op. cit., p. 17.

* Infra, p. 75 (3.3.3.4).

en dus emosionele rypheid te bereik. Beoefening van die skone kunste, sport en die so noodsaaklike stokperdjies kan nie sonder die nodige fondse geskied nie. Indien 'n kind hierdie voorregte moet ontbeer, het dit beslis 'n stremmende uitwerking op die ontwikkeling van sy persoonlikheid. Dit gebeur ook dat die wete dat die nodige fondse nie altyd beskikbaar is nie, veroorsaak dat die kind homself van sosiale gebeurlikhede onttrek. Ekonomiese druk kan dus tot 'n groot mate bydra om die normale ontwikkeling van die kind se persoonlikheid te benadeel sodat hy sosiaal-gestrem raak.

3.3.3. DIE INVLOED VAN DIE LEERPROSES OP GEDRAG:

Die leerproses word algemeen gedefinieer as enige relatiewe permanente verandering in gedrag voortspruitend uit ondervinding uit die verlede opgedoen.

Alle geleerdheid is nou verwant aan die pogings van die individu om by sy omgewing aan te pas. So beteken die begrip "leer" enige gedragsverandering, nie alleen daardie veranderinge wat as verbetering bestempel kan word nie; swak gewoontes blyk ook as voortspruitend uit die leerproses.

Die produk van die leerproses is dus die vorming van gewoontes. Tegnies gesproke beteken gewoontes dus die verandering wat die leerproses te weeg gebring het.

3.3.3.1. DIE HUIS:

Die leerproses gaan daaglik voort en die kind maak elke dag nuwe assosiasies en neem daaglik nuwe gedragspatrone op as gevolg van die formulering van sy lewensbeskouing. Wat ookal in die weg mag staan van die leer van die kind wat betref die waardes van onafhanklikheid, mag die grondslag lê vir ab-

normale gedragspatrone in die toekoms. Hier word veral gedink aan die kind wat in die huis grootword waar God en Sy gebooië geen positiewe hoeksteen vorm nie. Hierdie kind sal dan ook, tensy hy op die aarde neergewerp word soos 'n Saulus, sy lewe probeer inrig sonder om ag te slaan op die Skriftuurlike norme.

Faktore spruitende uit die ouerhuis wat die gedrag van die kind bepaal, is legio, maar daar sal in hoofstuk VI meer volledig na hierdie aspek teruggekeer word.*

3.3.3.2. DIE KIND SE VRIENDE:

Voordat die puberteitstadium bereik word, bestaan die vriendekringe gewoonlik uit lede van dieselfde geslag. Gedurende en na die puberteitsjare word lede van die teenoorgestelde geslag gewoonlik ingesluit.

Binne die vriendekring ontwikkel die kind lojaliteit, verantwoordelikheid en getrouheid teenoor sy maats. Indien die lede van die vriendekring dus standvastig en eerbaar in hulle individuele optredes is, sal die invloed wat wedersyds op mekaar uitgeoefen word, heilsaam en prysenswaardig wees.

Onder die jeug van vandag bestaan daar egter vriendskapskringe waarvan die gedrag kommerwekkend is. Indien die dagblaaie oopgemaak word, tref die onrusbarende gebeure wat aan die orde van die dag is die leser. Verdowingsmiddels, seksuele verval, drankmisbruik, dobbelary en algemene misdadigheid is groepkenmerke van baie jeugbendes.

So kan die groep aan die individu 'n onder-

* Infra, p. 148-156 (6.3).

skeiding van goed aangepastheid besorg, maar dit kan eweneens afbrekend en degenererend sorg vir wanaangepastheid van die ergste graad.

3.3.3.3. DIE GEMEENSKAP:

Ook die gemeenskap vervul 'n belangrike rol in die ontwikkelingsproses van die kind. Die kind moet te alle tye probeer om aan die norme van die gemeenskap waarin hy hom bevind, gehoorsaam te wees. Nou is dit so dat die norme van die agterbuurt totaal verskil van dié van die spogbuurt. Indien die kind dus die leerproses in die agterbuurt moet deurmaak, sal dit verstaan word dat sekere gedragspatrone sal posvat wat nie sal rym met die volksidee nie.

So kan die gemeenskap ook bevorderlik wees of stagnerend inwerk op die algemene ontwikkeling van die individu.

3.3.3.4. DIE TENDENS VAN NABOOTSIING:

Daar is deurgaans daarop gewys dat die leerproses in sy mees algemene betekenis nabootsing behels. Douglas en Holland verklaar in verband met hierdie nabootsingstendens:

--- he finds this type of behavior a short-cut in learning, and because he is often rewarded with the approbation and praise of his elders. 1

In hierdie nabootsing vervul die omgewing waarin die kind hom bevind 'n allesbepalende funksie. Hierdie gedragsnabootsing kan die kind positief of negatief beïnvloed en kan van hom 'n plesier of 'n mislukking maak.

1. Douglas, O.B., Holland, B.F., op. cit., p. 255.

3.4. SAMEVATTING:

Skrywer het in hierdie hoofstuk probeer om motivering te verkry vir die sorgbehoewendheidsverklaring van kinders. Indien daar bewys kan word dat die organiese sy van die mens se lewe 'n groot rol in sy ontwikkeling speel, is dit ook onbewustelik bewys dat die kind se opvoeding tuis ook die organiese sy moet betrek. Die ouer moet dus voortdurend sorgdra dat, by die geringste voortekens van probleme, die kind mediese behandeling moet ontvang.

Indien die Kinderwet dus verwys na fisiese verwaarlosing, sowel as onbekwaamheid om beheer oor die kind uit te oefen^{*}, is die verwaarlosing van die organiese sy van die kind se lewe ook 'n onderafdeling daarvan. Indien daar nou besef word hoe nadelig die kind se persoonlikheid beïnvloed kan word indien hy organiese probleme ondervind, word sodanige kind ook as sorgbehoewend verklaar en wel op grond van geestelike verwaarlosing.^{**}

In die laaste afdeling van hierdie hoofstuk is daar probeer bewys dat die omgewing waarin 'n kind hom bevind ook 'n geweldige invloed op sy ontwikkeling uitoefen. Die kind se ontwikkeling is tot 'n groot mate afhanklik van nabootsing en laasgenoemde proses vind oorwegend binne die onmiddellike omgewing plaas.

Indien die kind hom dus in 'n omgewing bevind wat nadelig op sy ontwikkeling inwerk, sal bevoegde persone moet probeer om hom weg te neem en in

* Supra, p. 14, 16 (2.2.1)(b) en (i).

** Supra, p. 16 (2.2.1)(i).

'n ander omgewing te plaas waar genoemde nadelige faktore tot 'n groot mate afwesig is.

Die kindernetwet maak dan ook voorsiening met betrekking tot ongewenste omgewingsinvloede en wel wat betref artikel 1(xxxv).^{*}

Dit is ook dringend noodsaaklik dat die kind so jonk as moontlik uit die korrupte omgewing weggeneem word, want anders kan die feite wat uit die ondersoek van Speer na vore tree,^{**} ook die kind in 'n vernietigingsweb vasvang.^{***}

Nou, nadat motivering verkry is om kinders onder sekere omstandighede as sorgbehoewend te verklaar, sal daar vasgestel moet word wat dit beteken om die kind uit sy omgewing weg te neem en in 'n ander omgewing te plaas.

Indien daar na die Kinderwet teruggekeer word, vind die leser dat daar na verwydering van die kinders sprake van plaasvervangende sorg moet wees.

Vir hierdie studie sal skrywer slegs die kindernetwet as plaasvervangende sorg bespreek. Onmiddellik sal daar nou 'n legio vrae by die leser opkom, nl.: hoe het kindernetwet ontstaan? Hoeveel van hierdie kindernetwete bestaan daar vandag? Wie is verantwoordelik vir die beheer van sodanige inrigtings? Wat word beoog met die kindernetwet as plaasvervangende sorg?

Die antwoorde op hierdie en ander vrae sal in die volgende hoofstuk die nodige aandag ontvang.

* Supra, pp. 14-16, (2.2.1.)(b), (c), (f), (h) en (i).

** Supra, p. 66.

*** Vgl. ook Gordon se ondersoek, p. 68(3.3.1.2.).

H O O F S T U K I V

DIE ROL VAN DIE KINDERHUIS AS PLAASVERVANGENDE SORG

- 4.1 Die agtergrond.
- 4.2 Die juridiese aspek in verband met die plasing van die kinders.
- 4.3 Die kinderhuis as plaasvervangende sorg.
 - 4.3.1 Die ontstaan van die kinderhuis op eie bodem.
 - 4.3.2 Die huidige situasie.
 - 4.3.2.1 Die aantal kinderhuise.
 - 4.3.2.2 Die tipe kinders.
 - 4.3.2.3 Die ouderdom van die kind as norm vir plasing.
 - 4.3.2.4 Die personeelgetal en samestelling.
 - 4.3.2.4.1 Administratiewe poste.
 - 4.3.2.4.2 Huishoudelike/toesighoudende poste.
 - 4.3.2.4.3 Professionele poste.
 - 4.3.2.4.4 Die aantal poste.
 - 4.3.2.5 Die beheer van die kindertehuse deur organisasies.
 - 4.3.3 Die kinderhuis en die Nederduitse Gereformeerde Kerk.
 - 4.3.3.1 Begripsverheldering.
 - 4.3.3.2 Grondslae en implikasies van die Skrifopdrag.
 - 4.3.3.3 Uitvoering van die Skrifopdrag.
 - 4.3.3.4 Die professionele erekode en die geïdealiseerde toekoms.
- 4.4 Samevatting.

H O O F S T U K IV

DIE ROL VAN DIE KINDERHUIS AS

PLAASVERVANGENDE SORG

4.1. DIE AGTERGROND:

Alvorens die inrigtingversorging van sorgbehoewende kinders bespreek word, sou dit wenslik wees om die geskiedenis oop te slaan om hierdie aspek, nl. versorging van sorgbehoewendes, na te speur.

Die hele kwessie van versorging van sorgbehoewende kinders is so oud soos die menslike geskiedenis. In Genesis 11 word die stamboom van Sem behandel tot en met die geboorte van Abram en sy broers Nahor en Haran. Haran is egter vroeg oorlede en Tera, die vader van Abram, ontferm hom oor Lot, Haran se seun, deur hom in sy eie huis op te neem. Lot is dus 'n vroeë voorbeeld van 'n sorgbehoewende kind en te oordeel volgens vandag se juridiese standarde, sou die dood van die ouers as die rede gegeld het.

Nadat Tera oorlede is, het Abram die versorging van Lot op hom geneem. Skrywer wil dan ook hierdie oudste voorbeeld, nl. dié van Abram en Lot, aan die leser voorhou om as maatstaf te dien in verband met die inrigtingversorging van die kindertehuis as plaasvervangende sorg.

Abram tree op as voog (plaasvervangende sorg) vir Lot. Laasgenoemde vind in Abram 'n persoon wat voortdurend poog om vir hom (Lot) tot selfstandigheid te lei. Gedurende hierdie leiding, ondervind Lot die ervaring van ware Christenskap. Verder begin Lot ook ekonomies selfstandig raak totdat hy later genoeg tente en vee het om op sy eie bene te staan.

Toe Abram dan sien dat Lot gereed is om 'n

eie, selfstandige lewe te voer, neem hy hom om 'n landstreek (in hierdie geval die Jordaanstreek), te laat kies waar hy ongestoord en onafhanklik kon lewe.

Dit tref die leser egter dat Abram nie nou sy hand heeltemal van Lot aftrek nie. Toe Kedor-Laómer, en die konings saam met hom, jare daarna vir Lot, tesame met sy gesin en al sy besittings, gevange geneem het, was dit Abram wat vir Lot weer tot hulp gekom het en hom van gevangenisskap verlos het.

Veel later tree Abraham weer as voorbidder op vir Lot en sy gesin as God Sodom wil verwoes.*

Daar is enkele feite, spruitende uit voorafgaande, wat beklemtoon moet word om die saak in verband met plaasvervangende sorg in die regte perspektief te sien.

- (1) As voog stél Abram 'n uitstekende voorbeeld vir Lot. Indien Lot dus deur middel van nabootsing sou ontwikkel, sou hy hom beslis in 'n heilsame omgewing bevind. So sou Lot die ware godsdiens belewe het. Verder sou hy ook die begrip "onselfsugtigheid" sy eie kon maak (vgl. hier die feit dat Abram aan Lot die eerste keuse in verband met die kies van 'n landstreek gee).
- (2) Abram wil ook dat Lot slegs die beste geleenthede in die lewe geniet; daarom dat Lot ook die eerste keuse in verband met 'n landstreek kry.
- (3) Abram tree nie oorbeskermend teenoor Lot op nie en as hy vind dat Lot selfstandigheid bereik het, stuur hy hom alleen die lewe in.

* Genesis 12, 13, 14 en 18.

- (4) Abram trek egter nie sy hand heeltemal van Lot af nie. Hy stel nog belang in die persoonlike welvaart van hom vir wie hy verantwoordelikheid aanvaar het (dit gebeur wanneer hy hom van die gevangenskap verlos). Indien Lot dus enige probleme op sy weg na volle onafhanklikheid ondervind, is 'n Abram nog daar om hulp te verleen.
- (5) Abraham besef egter dat hy nie in staat is om die verantwoordelikheid teenoor Lot alleen te dra nie en daarom BID hy vir Lot. Hy doen dit omdat hy glo dat die mens uit homself tot niks in staat is nie, maar ook omdat hy glo by God alles moontlik is.

Teen hierdie agtergrond wil skrywer die res van hierdie studie benader, nl. om die inrigtingversorging van sorgbehoewende kinders te toets aan die standaard wat 'n Abraham daargestel het.

4.2. DIE JURIDIESE ASPEK IN VERBAND MET DIE PLASING VAN DIE KINDERS:

Indien daar rede is om te glo dat 'n kind of kinders onder sorgbehoewendheidstoestande verkeer, kan 'n polisiebeampte, proefbeampte of 'n amptenaar wat daartoe gemagtig is die kind uit daardie omgewing verwyder en na 'n plek van veiligheid bring. Daar bestaan vandag spesiale tehuse wat as plekke van veiligheid bekend staan, maar dit mag ook gebeur dat hospitale, kinderhuse en selfs verbeteringskole as plekke van veiligheid kan fungeer.

Die doel van hierdie plekke van veiligheid is slegs om die kinders van 'n tydelike bewaringsplek te voorsien. So gou moontlik na hulle opname in hierdie plekke moet hulle afsonderlike sake deur die Kinderhof aangehoor word. Hierdie hof sal dan na oorweging van al die feite beslis of die kinders

wel sorgbehoewend is al dan nie. Indien die hof wel sorgbehoewendheidsgronde vind, moet daar ook oor die lot van die kind besluit word.

So kan die kinders of na verbeteringskole of na nywerheidskole of na kindertehuse verwys word. Laasgenoemde inrigtings vervul dan die rol van plaasvervangende sorg vir die kinders.¹

'n Kinderhuis word deur die wet gekwalifiseer as:

— enige verblyfplek of tehuis wat in stand gehou word vir die opname, beskerming, versorging en opvoeding van meer as ses kinders of leerlinge weg van hulle ouers af maar nie ook 'n nywerheidskool of 'n verbeteringskool nie. 2

Die kinderhuise het dus as gevolg van die juridiese bepaling in hoofsaak DRIE funksies, nl. BESKERMING, VERSORGING en dan ook die OPVOEDING van die kinders.

4.3. DIE KINDERHUIS AS PLAASVERVANGENDE SORG:

4.3.1. DIE ONTSTAAN VAN DIE KINDERHUIS OP EIE BODEM:

Sedert die vroegste jare van volksplanting aan die Kaap is die versorging van wees- en verwaarloosde kinders as 'n owerheids- en kerkstaak gesien. So neem die kerk dan ook hierdie taak in die eeu na volksplanting oor en vertroetel dit tot 'n reuse meganisme wat vandag 'n groot deel van die samelewingstruktuur uitmaak.

Die kerk het sorg gedra dat hierdie verwaarloosde kinders direk onder die beheer van die diakonie geplaas is en laasgenoemde moes toesien dat behoorlike huisvesting en voedsel aan diesulkes verskaf word.

1. Wet no. 33 van 1960, hoofstuk 5.

2. Ibid., artikel 1(xvi).

So bepaal die diakenformulier dan ook:

Wat hul werk betref, toon die Skrif duidelik aan dat hulle allereers die armes, krankes en ellendiges van die gemeente na liggaam en gees moet versorg en opbou, na die voorbeeld van die eerste diakens wat tydelik sowel as geestelike armesorg beoefen het. Hulle moet steeds in gedagte hou dat die siel meer is as die liggaam en dat alle armesorgwerk saamgetrek moet word op die redding van die siel en dat dit beter is om verarming te verhoed as om uit verarming op te hef.

Daartoe is nodig 'n diep besef van die liggaamlike en geestelike nood van die armes, krankes en ellendiges om hulle met 'n bewoë hart en toegeneë gemoed te help, soos die apostel eis in Rom. 12: 8 en 2 Kor. 9:7. Hulle moet nie net met uiterlike gawes nie, maar ook met troosryke woorde uit die Heilige Skrif aan die armes en ellendiges hulp bewys. 1

Aangesien daar toentertyd in die Kaap nog geen sprake van geskikte kindertehuse was nie, moes die destydse diakonie hulle taak vervul deur toepassing van die metode van aanneming of uitplasing in pleegsorg van die sorgbehoewende kinders. Hierdie vorm van versorging en rehabilitasie duur voort tot ongeveer 1814.

Die pleegouers is ook wel deeglik deur die diakonie gekeur en uitplasing het nie somaar goedsmoeds geskied nie. Ook het die kerk die prioriteit gehad om die kinders te enige tyd weg te neem indien dit bevind sou word dat die pleegouers die kinders nie na wense opvoed nie.

1. Die Diaken in die Nederduitse Gereformeerde Kerk, p. 26.

Verblydend om reeds sedert hierdie vroegste jare die intense belangstelling in die sorgbehoewendes op te merk. Ook word daar nie slegs gesorg vir die plasing van hierdie kinders nie, maar daar word ook na hulle welsyn omgesien tydens die pleegtydperk.

In 1814 word inrigtingversorging vir die eerste keer in Suid-Afrika gevestig en wel met die stigting van die eerste kinderhuis, nl. die "Suid-Afrikaanse Weeshuis". Hierdie inrigting was bedoel as toevlugsoord vir hulle wat vandag as sorgbehoewendes bekend is.¹

Die tweede kinderhuis het eers vyftig jaar na die eerste gevolg. Vanaf 1880 tot aan die begin van die twintigste eeu het nog enkele inrigtings die lig gesien. Die Anglo-Boereoorlog het egter die Afrikanernasie se gesinslewe op veeltallige maniere ontwrig met die gevolg dat hierdie oorlog verantwoordelik was vir die oprigting van vele meer kindertehuse. Daar moet ook gemeld word dat hierdie inrigtings, feitlik sonder uitsondering, deur die kerke beheer is.

Theron skryf dat Kempff, 'n veteraan wat betref kinderhuisinspeksies, gevind het dat die algemene toestande in die inrigtings van daardie dae veel te wense oorgelaat het. Kempff het verder voortdurend gekla dat die personeel van sommige van die inrigtings nie behoorlik toegerus vir hulle taak was nie.²

Nou het daar egter 'n meer doeltreffende inspeksiestelsel die lig gesien sodat die standaard van inrigtingversorging baie verbeter het.

-
1. Greyling, P.F., Die Nederduitse Gereformeerde Kerk en Armesorg, p. 159.
 2. Theron, E., Inrigtingversorging, pp. 21, 23.

Die personeelkwessie het egter bly voortbestaan sodat die Carnegie-kommissie in 1932 vind dat dit gebiedend noodsaaklik is dat slegs persone wat behoorlik opgelei en bevoeg is aan die hoof van sulke inrigtings mag wees. ¹

Hierdie bevindings dui daarop dat 'n opvoedingsprobleem in die inrigtings ontstaan het wat uit die weg geruim moes word. Die Sekretaris van Volkswelsyn kondig dan ook in 1939 'n subsidieskema betreffende salarisse aan behoorlike toegeruste hoofde van die inrigtings aan. In 'n omsendbrief aan alle gesertifiseerde inrigtings voer hy die beweegredes aan deur te verklaar dat die inrigtings vir kinderversorging deur opvoedkundig-wetenskaplik-toegeruste personeel bedien behoort te word. Verder:

Dit is dus enigsins ongerymd om te vereis dat die personeel van ons skole behoorlik opgeleide en gediplomeerde persone moet wees, terwyl dieselfde vereiste nie geld by die opleiding en opvoeding van kinders wat in inrigtings versorg word nie. ²

Ook in 1951 het die kwalifikasies van inrigtingpersoneel onder die soeklig gekom en wel by die Nasionale Konferensie oor Kinderinrigtings wat van 19 tot 20 April te Kimberley gehou is. Daar is die ideaal gestel dat slegs persone met 'n maatskaplike werkkwalifikasie of onderwyser-sielkundiges huishoofde sal wees. ³

-
1. Carnegie-kommissie: Die Armblanke-vraagstuk in Suid-Afrika, p. XXVIII.
 2. Departement van Volkswelsyn en Pensioene: Navorsing en Inligting: Die Personeel van Blanke Kinderhuise in die Republiek van Suid-Afrika en hulle Opleiding, p. 8.
 3. Departement van Volkswelsyn en Pensioene: Verslag van die Nasionale Konferensie oor Kinderinrigtings wat van 19 tot 20 April 1951 te Kimberley gehou is, p. 26.

4.3.2. DIE HUIDIGE SITUASIE:

4.3.2.1. DIE AANTAL KINDERHUISE:

Daar is tans 126 geregistreeerde kinderhuise in Suid-Afrika. Een hiervan maak voorsiening vir slegs 10 of minder kinders; 25 maak voorsiening vir 11-25 kinders; 36 huisves 26-50 kinders; 18 huisves 51-75 kinders; 10 huisves 76-100 kinders; 18 huisves 101-150 kinders; 10 huisves 151-200 kinders; 2 huisves 201-250 kinders; 1 huisves 251-300 kinders, 4 huisves 400 en meer kinders, terwyl die huisvestingsgetal van een tehuis onbekend is.

Opmerklik dus dat meer as die helfte van die inrigtings (51,21%), 50 en minder kinders het terwyl 7 (5,56%), meer as 200 kinders het.¹ Dit spreek dus vanself dat die groter inrigtings voorsiening maak vir kleiner huiseenhede binne die globale organisasie. In die geval van Ons Kinderhuis te Bloemfontein, is daar sprake van 9 kleinere huiseenhede, te wete 4 vir dogters, 4 vir seuns en dan ook 'n baba-afdeling wat beide geslagte huisves en wat slegs vir kleuters voorsiening maak.

4.3.2.2. DIE TIPE KINDERS:

Van die genoemde 126 kinderhuise maak 85 tehuise voorsiening vir die gewone sorgbehoewende kind sonder gesertifiseerde afwykings. Vyf inrigtings maak, benewens normale sorgbehoewendheid, ook voorsiening vir kinders met besondere gedragsprobleme. Vier inrigtings maak voorsiening vir gewone sowel as verstandelik vertraagde sorgbehoewende kinders. Twee inrigtings huisves veral probleem en verstandelik-vertraagde kinders, ter-

1. Departement van Volkswelsyn en Pensioene: Die Personeel van Blanke Kinderhuise in die Republiek van Suid-Afrika en hulle Opleiding, p. 15.

wyl vier inrigtings slegs voorsiening maak vir kinders met liggaamlike gebreke. Vyf inrigtings versorg gewone verwaarloosde sowel as probleemkinders asook subnormale kinders, terwyl twee inrigtings verwaarloosde en liggaamlike gestremde kinders versorg. Vier inrigtings maak voorsiening vir al die verskillende tipes hierbo genoem, terwyl drie inrigtings die gewone sorgbehoewende kind sowel as ongehude moeders huisves. Verder is daar twaalf inrigtings wat slegs ongehude moeders huisves.

By 101 van die inrigtings vind differensiasie dus op grond van die tipe kind binne die inrigting plaas. In die geval van 25 kindertehuse bestaan geen differensiëring met betrekking tot die tipe kind nie. In laasgenoemde geval word allesoortiges onder een dak gevind sodat die opvoedingsmetodes ook net so verskillend sal wees.

4.3.2.3. DIE OUDERDOM VAN DIE KIND AS NORM VIR PLASING:

Nie al die kindertehuse maak voorsiening vir kinders van alle ouderdomme nie.

- (a) Agt-en-dertig tehuise neem kinders vanaf hulle geboorte in. Vier van hierdie inrigtings hou die kinders tot 'n ouderdom van twee jaar, terwyl vyf ander die kinders tot 'n ouderdom van vyf jaar hou. Daar is dus vier inrigtings uitsluitlik vir babas en vyf uitsluitlik vir babas en kleuters.
- (b) Vier-en-dertig tehuise neem kinders tussen een en driejarige ouderdom, terwyl 27 inrigtings die kinders vanaf die derde tot die sesde lewensjaar versorg. Ons lei dus af dat uit 'n totaal van 126 inrigtings daar 99 is wat kinders van minder as ses jaar oud opneem.

(c) Sewe-en-sewentig inrigtings hou die kinders tot hulle 16de of 18de jaar of langer. Dit blyk dus dat 'n groot persentasie van die kinders in kindertehuse uit adolessente bestaan. ¹

4.3.2.4. DIE PERSONEELGETAL EN SAMESTELLING:

Na aanleiding van 'n ondersoek deur die Departement van Volkswelsyn waarby 88 kindertehuse betrek is, blyk dit dat die poste gerieflikheids-halwe in 3 hoofgroepe verdeel is, nl. administratiewe, huishoudelike/toesighoudende en professionele of gespesialiseerde poste. ²

4.3.2.4.1. ADMINISTRATIEWE POSTE:

Hierdie benaming sluit alle werknemers in wie se werk hoofsaaklik klerklik van aard is, soos: tiksters, klerke, boekhoepers, telefoniste, opsigters, tuiniers en faktotums. Hier is dus sprake van 'n indirekte diens in soverre daar geen direkte kontak met die kinders gemaak word nie.

4.3.2.4.2. HUISHOUDELIKE/TOESIGHOUDENDE POSTE:

Onder hierdie indeling is ingesluit almal vanaf die hoof van die tehuis tot die mees junior assistente. Hierdie groep mense is direk met die kinders gemoeid, nl. hoofde, huisouers, afdelingsmatrones (wasmatrone, linnematrone en kombuismatrone), en al die assistente.

4.3.2.4.3. PROFESSIONELE POSTE:

Hierdie indeling veronderstel personeel wat gespesialiseerde dienste aan die kinders in die tehuis lewer. Hierdie personeel beskik oor spesiale opleiding en moet dus akademies aan sekere vereistes vol-

-
1. Departement van Volkswelsyn en Pensioene: Die Personeel van Blanke Kinderhuse in die Republiek van Suid-Afrika en hulle Opleiding, p. 19.
 2. Ibid., p. 23.

doen alvorens hulle in aanmerking vir die poste kan kom. Hieronder ressorteer dan poste soos: sielkundiges, maatskaplike werksters, verpleegsters en instrukteurs.

4.3.2.4.4. DIE AANTAL POSTE:

Tans bestaan daar 145 administratiewe, 611 huishoudelike/toesighoudende en 100 professionele poste in die 88 kindertehuse. Daar is dus 'n totale personeelgetal van 856 blankes in die 88 kindertehuse wat 'n gemiddeld van 9,73 personeellede per inrigting veronderstel. ¹

4.3.2.5. DIE BEHEER VAN DIE KINDERTEHUISE DEUR ORGANISASIES:

Daar is tevore gemeld dat die kerk sedert die vroegste tye die beheer van die kindertehuse oorheers het. Die toestand het in die tussentyd nog geensins verander nie en 'n opgawe sal nou aan die lig bring dat die verskillende kerke steeds die welsynsdienste betreffende die kindertehuse behartig.

So beheer die Nederduitse Gereformeerde Kerk in totaal 24 kindertehuse en wel met die volgende verdeling:

- (a) Kaapprovinsie : 12;
- (b) Suid-Transvaal : 3;
- (c) Noord-Transvaal: 1;
- (d) O.V.S. : 4;
- (e) Natal : 2;
- (f) Suidwes-Afrika : 1;
- (g) Rhodesië : 1. 2

-
1. Departement van Volkswelsyn en Pensioene: Die Personeel van Blanke Kinderhuse in die Republiek van Suid-Afrika en hulle Opleiding, p. 23.
 2. Die Diaken in die Nederduitse Gereformeerde Kerk, pp. 171, 172.

Vervolgens blyk die res van die verdeling te wees :

Gereformeerde Kerk	:	3;	
Hervormde Kerk	:	2;	
Rooms-Katolieke Kerk	:	18;	
Anglikaanse en Engelse Kerk:		9;	
Metodiste	:	7;	
Presbiteriaanse	:	1;	
Joodse	:	2;	
Apostoliese geloofsending	:	1;	
Lütherse Kerk	:	1;	
Heilsleer	:	7;	
Organisasies wat hulself as			
Protestants bestempel	:	5;	
Inter-Kerklik	:	45;	
Onbekend	:	1.	1

4.3.3. DIE KINDERHUIS EN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK:

Tot dusver in hierdie studie is daar veral op die kindertehuis in Suid-Afrika gekonsentreer. Dit was nodig om 'n breër agtergrond te kry in verband met die sorgbehoewendheidsaspek en die gevolglike plasing van die kinders oor die lengte en breedte van ons land.

Die uiteindelijke doelstelling van hierdie studie is om 'n ondersoek in te stel na veral die opvoedkundige aspek betreffende een enkele tehuis, nl. Ons Kinderhuis te Bloemfontein. Om dit te kan doen, sal die keël nouer moet sluit in soverre daar meer op die inrigtings wat deur die Nederduitse Gereformeerde Kerk beheer word, gekonsentreer moet word.

1. Departement van Volkswelsyn en Pensioene: Die Personeel van Blanke Kinderhuise in die Republiek van Suid-Afrika en hulle Opleiding, p. 20.

Dit is seker 'n formele beskouing by die leser dat by die verskillende organisasies wat verantwoordelik is vir die beheer van die kindertehuse, ook wyd uiteenlopende verskille sal voorkom. In wese kan die genoemde organisasies almal as Christelik bestempel word. Binne hierdie Christelike kwalifisering bestaan egter baie normatiewe afdraaipaaie, sodat elkeen van die genoemde organisasies individueel 'n normatiewe pad bewandel wat beslisselik 'n stempel afdruk op die struktuur en wese van die inrigting wat deur hom beheer word.

Skrywer wil hom nie op onbekende terrein waag nie en dus sal daar slegs probeer word om die terrein wat deur die Nederduitse Gereformeerde Kerk gedek word van nader te betrag. Dit word gedoen omdat die tehuis Ons Kinderhuis, die hooftema van hierdie studie, ook onder genoemde bestuur ressorteer.

4.3.3.1 BEGRIPSVERHELDERING:

Indien die terrein van liefdadigheid of barmhartigheid oppervlakkig benader word, sal daar baie gou verklaar word dat die dienste van die Staat, die partikuliere welsynsorganisasies en die Kerk almal sinoniemlike begrippe is, want almal het met noodsoort te make.

By nadere ondersoek egter, word daar gevind dat hierdie dienste wesenlik van mekaar verskil. So kan daar gepraat word van die welsynsdienste van die Staat, die liefdadigheidsdiens van verskillende verenigings en van die barmhartigheidsdiens van die Kerk.

Die vroegste benaming wat die Kerk aan hierdie dienste gekoppel het, was "armesorg". Hierdie woord omsluit egter 'n enkele begrip en daar is dus van beperkte diens sprake. Die begrip "barmhartig-

heidsdiens" dek 'n veel wyer veld en is meer in parallel met die diens wat die Kerk wel in hierdie verband lewer.

Hierdie kwalifisering en terreinafbakening van die Staat, organisasies en Kerk se dienste veronderstel nie 'n praktiese skeiding nie. Die skeiding is hier bloot teoreties omdat elkeen van die genoemde verbande mekaar se funksies en take ken, respekteer en verstaan. Koördinasie vind dus wel plaas in soverre daar op die vergaderings van Nasionale Rade, provinsiale streekskonferensies, en dergelike meer ten nouste met mekaar saamgewerk word. Individueel vorm elkeen dan ook maar net 'n rat in die groot wiel van aardse liefdesdiens.

4.3.3.2. GRONDSLAE EN IMPLIKASIES VAN DIE SKRIF- OPDRAG:

Die mens is geskape as die beeldraer van God. Hierdie Skriftuurlike waarheid is te vinde in Genesis 1:27. Juis in hierdie waarheid is die diens van barmhartigheid in sy diepste wese te vinde.

God is Liefde en Hy het hierdie Goddelike eienskap op die mens geprojekteer en nou ondervind die mens ook die ware liefdesgevoel. So kan die beeldraer van God nie anders as om sy hele lewens-uitgangspunt te skoei op die lees van die waaragtige liefde nie.

Met die skepping egter is die mens sonder rimpel of vlek geskape. Hierdie mense het die ware liefde gehad, dog daar was van barmhartigheidsgevoel geen sprake nie. So kan die skeppingsgeskiedenis in twee primêre fases verdeel word:

- (1) die fase van liefde en volmaaktheid sonder lyde en armoede; dus sonder barmhartigheid;
- (2) die sonderamp wat die mens verpletter en hom liefdeloos maak.

So is die mens nou geneig tot die sonde; geneig om God en sy medemens te haat; geneig tot selfliefde en selfverheffing. Die eie ek tree in as rig-snoer en maatstaf vir die sondige gevallene.

God se liefde laat egter nie toe dat die mens in liefdeloosheid bly lê en sterwe nie. So kies Hy vir Israel om Sy wil en Sy liefde voort te sit:

Jy moet jou naaste liefhê soos
jouself. (Vergelyk Matthéüs 22:39)

So moes Israel naasteliefde; dus barmhartigheidsdiens verrig ter wille van God, want :

Voorwaar Ek sê vir julle, vir
sover julle dit gedoen het aan
een van die geringstes van hier-
die broeders van My, het julle
dit aan My gedoen. (Matthéüs 25:40)

So maak die Mosaïese wette ook ruime voorsiening vir barmhartigheidsdiens, nl. noodversorging en rehabilitasie van die noodbehoewendes. So moes die tenses van die volk onaangeraak bly vir tempeldiens en hulp aan die sorgbehoewendes. So moes are wat val nie opgetel word nie, maar vir die armes gelaat word. (Vergelyk hier die geskiedenis van Rut in Boas se lande, asook Levitikus 19:9, 10).

Die grootste liefdesopenbaring van alle tye was die koms van Christus uit liefde om barmhartigheidsdiens op aarde te verrig. So bring Jesus die gelykenis van die Barmhartige Samaritaan om as rig-snoer te dien. Hy vertel egter nie net gelykenisse nie, maar in Sy hele aardse wandel is barmhartigheidsdiens, naas Sy lerende amp, van primêre belang. So genees Hy siekes, dowes, blindes, melaatses, kreupeles; spysig Hy hongeriges, wek dooies op en verleen Hy hulp aan weduwees. Hierdie take word uit liefde verrig en die verdere motief? Om die voorbeeld te stel sodat Sy volgelinge, "na die voor-

beeld van die Meester", die liefdestaak kan voortsit.

DIE IMPLIKASIE:

Die implikasie van wat hierbo genoem is, word deur die Algemene Kommissie vir die Diens van Barmhartigheid saamgevat met:

Die kerklike barmhartigheidsdiens moet gefundeer wees in die Skrif, anders raak dit gou die kluts kwyt en beweeg die kerk hom op terreine waar die Here hom nie wil hê nie. 1

So moet die vermaning van die Skrif altyd vir die kerk as rigsnoer dien.

Piek som dan ook die noodsaaklikheid van die N.G. Kerk se barmhartigheidsdiens treffend op deur vier kanale voor te hou.

(1) Barmhartigheidsdiens is 'n opdrag wat ons uit die Woord van God ontvang het.

(2) Die weg van barmhartigheid was die weg van Christus.

(3) Die Kerk wat nie die Evangelie van Christus uitdra deur daadverkundiging nie, is 'n kerk wat geestelik verdor en kwyn.

(4) 'n Vierde rede waarom die kerk barmhartigheidsdiens moet verrig, is omdat hy daardeur aan sy lidmate 'n kanaal bied waardeur hulle as verlostes in Christus Jesus, hulle dankbaarheid teenoor God kan bewys. 2

4.3.3.3. UITVOERING VAN DIE SKRIFOPDRAG:

Daar is tevore opgemerk dat die Nederduitse Gereformeerde Kerk die beheer van 24 kindertehuse behartig. Skrywer wil, sonder om enige ontleding van die tehuse te doen, slegs let op die getalle-aspek om

-
1. Die Diaken in die Nederduitse Gereformeerde Kerk, p. 17.
 2. Piek, H.J., Inrigtingsorg as 'n Barmhartigheidsdiens van die N.G. Kerk. Referaat gelewer te Hartenbos, 22 tot 24 September 1969, pp. 3,4.

sodoende die voorsiening wat daar gemaak word, na te speur.

Vir hierdie doel wil skrywer die voorsiening betreffende 22 van die tehuse ontleed en dit behoort aan die leser 'n voldoende beeld te verskaf in verband met die voorsiening wat die N.G. Kerk vir sorgbehoewendes maak.

Die N.G. Kerk maak voorsiening vir 'n totaal van 3 945 sorgbehoewende kinders oor die hele land.¹ Daar sal in die volgende hoofstuk, asook in hoofstuk 8, 'n beeld verkry word in verband met die organisasie in slegs een van bogenoemde tehuse, nl. Ons Kinderhuis te Bloemfontein en gedagtig aan die feit dat die N.G. Kerk 24 sulke tehuse beheer, sal die leser verstom staan om te sien wat die N.G. Kerk probeer doen ter uitvoering van die Skrifopdrag.

4.3.3.4. DIE PROFESSIONELE EREKODE EN DIE GEÏDEALISEERDE TOEKOMS:

Die erekode vir elkeen wat met die kinders in die kindertehuis gemoeid is, moet beslis gefundeerd wees in die Protestants-Christelike beginsels soos weergegee in die Woord van God. Die taak wat verrig word moenie finansieel-geïnspireerd wees nie; veel belangriker is dat dit liefde-geïnspireerd sal wees. Met hierdie benadering sal die ware doel van barmhartigheidsdiens gevestig word sodat die toekoms vol moed en geloofsmotivering aangepak sal word.

As die liefde regeer en domineer, sal die hoogste ideale binne bereik wees. Daar word daaglik gepoog om volkome aangepastheid as norm vir elke individu te idealiseer — hier nie net sosiale aan-

1. Piek, H.J., Inrigtingsorg as 'n Barmhartigheidsdiens van die N.G. Kerk. Artikel in: Rehabilitasie in Suid-Afrika, p. 72.

pasbaarheid nie, maar ook religieuse aangepastheid sodat die individu in sy latere lewe ook sy lig — die Christus-geïnspireerde lig — kan laat skyn vir ander tot hulp.

Is al hierdie ideale moontlik? Skrywer glo so, want 1 Kor. 13 belowe dat die liefde alles oorwin. Die geïdealiseerde toekoms gaan dus nie by hoop en verwagting bly nie, maar gaan 'n realiteit word — die vrug van die diens van barmhartigheid.

4.4. SAMEVATTING:

In hierdie hoofstuk is duidelikheid verkry betreffende die toekoms van die kinders wat deur die hof as sorgbehoewend bevind is. Daar is bevind dat een van die bestemmings van die kind die kindertehuis kan wees.

Verder toon die geskiedenis van die kindertehuse in Suid-Afrika 'n beginpunt omstreeks die jaar 1814. Sedert hierdie jaar het inrigtingversorging so toegeneem dat daar vandag in totaal 126 kindertehuse op eie bodem aangetref word.

Die beheer van dié kindertehuse is in die hande van verskillende organisasies en om nader aan die doelwit te beweeg, is die situasie binne die N.G. Kerkorganisasie ondersoek.

Hierdie organisasie van die N.G. Kerk veronderstel die eintlike doelwit van hierdie studie, nl. 'n ondersoek na al die bedrywighede van een van die N.G. Kerk se tehuse, nl. Ons Kinderhuis, te Bloemfontein.

In die volgende hoofstuk word ondersoek ingestel na die algemene organisasie en beheer van Ons Kinderhuis. Dit word steeds gedoen in die lig van die voorafgaande hoofstukke, aangesien laasgenoemde die kern bevat waarmee die werk wat by die tehuis gedoen word, geëvalueer gaan word.

H O O F S T U K V

ONS KINDERHUIS : STATUTE, REGLEMENTE EN

ALGEMENE ORGANISASIE EN BEHEER

- 5.1 Inleiding.
- 5.2 Statute van Ons Kinderhuis.
- 5.2.1 Naam.
- 5.2.2 Doel.
- 5.2.3 Die Bestuur.
- 5.2.4 Fondse en eiendomme.
- 5.2.5 Algemeen.
- 5.2.6 Inwendige reëlings.
- 5.2.7 Verandering.
- 5.3 Die terrein en algemene fasiliteite.
- 5.3.1 Die administratiewe kompleks.
- 5.3.2 Woongeriewe van die kinders.
- 5.3.3 Ontspannings- en sportgeriewe.
- 5.3.4 Snoepwinkel.
- 5.3.5 Die sentrale kombuis.
- 5.3.6 Die kliniek.
- 5.3.7 Was- en naaldwerkkamers.
- 5.3.8 Stoorkamers.
- 5.3.9 Kantore van die buitebestuurder.
- 5.3.10 Algemene herstelwerkkamer.
- 5.3.11 Verfraaiing.
- 5.4 Die personeel.
- 5.4.1 Grondslag en bestuur.
- 5.4.2 Getal en verdeling.
- 5.4.2.1 Administratief.
- 5.4.2.2 Huishoofde.
- 5.4.2.3 Dogtershulp.
- 5.4.2.4 Aflospersoneel.
- 5.4.2.5 Kookmatrone.
- 5.4.2.6 Washuis- en naaldwerkkmatrone.
- 5.4.2.7 Die buitebestuurder.
- 5.4.2.8 Die voorraadbeampte.

- 5.4.2.9 Die verpleegsuster.
- 5.4.3 Woongeriewe.
- 5.4.4 Diensvoorwaardes.
- 5.4.4.1 Algemeen.
- 5.4.4.2 Salarisskale.
- 5.4.4.3 Verlof.
- 5.4.4.3.1 Jaarlikse verlof.
- 5.4.4.3.2 Addisionele verlof.
- 5.4.4.3.3 Siekteverlof.
- 5.4.5 Bykomende dienste.
- 5.4.5.1 Kleuterskool.
- 5.4.5.2 Sielkundige dienste.
- 5.4.5.3 Maatskaplike dienste.
- 5.4.6 Nie-blankes.
- 5.5 Die kinders van die tehuis.
- 5.5.1 Die gesinsagtergrond.
- 5.5.1.1 Die hoofredes vir sorgbehoewendheid.
- 5.5.1.2 Die faktor van drankmisbruik.
- 5.5.1.3 Ouersedelikheid.
- 5.5.1.4 Misdadigheid van die ouers.
- 5.5.1.5 Die mishandelingsfaktor.
- 5.5.1.6 Behuising en omgewing.
- 5.5.1.7 Finansiële staat van die ouers.
- 5.5.1.8 Kerkverband van die huisgesinne.
- 5.5.1.9 Huistaal.
- 5.5.1.10 Die fisiese gesteldheid van die ouers.
- 5.5.1.11 Die psigiese gesteldheid van die ouers.
- 5.5.1.12 Kwalifikasies van die ouers.
- 5.5.2 Kindergetal en verdeling.
- 5.5.3 Die faktor van differensiasie by die plasing van die kinders.
- 5.5.4 Die kinders en die organisasie van die tehuis.
- 5.5.4.1 Enkele roetinepligte.
- 5.5.4.2 Die prefekstelsel.

- 5.6 Eie siening en enkele aanbevelings.
- 5.6.1 Medeseggenskap in bestuursake.
- 5.6.2 Die personeelkwessie.
- 5.6.2.1 Die skorsingsreg.
- 5.6.2.2 Die salariskwessie.
- 5.6.2.3 Kwalifikasies van die personeellede.
- 5.6.2.4 Werksure en verlof.
- 5.6.3 Die kindergetal per huis.
- 5.6.4 Geselskapkamers.
- 5.7 Samevatting.

H O O F S T U K V

ONS KINDERHUIS : STATUTE, REGLEMENTE EN

ALGEMENE ORGANISASIE EN BEHEER

5.1. INLEIDING:

In hierdie hoofstuk wil skrywer die algemene aspekte in verband met die organisasie en beheer van Ons Kinderhuis van nader beskou. Aangesien hierdie kinderinrigting een van die grootste kinderinrigtings van die Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika is, sal die gegewens 'n baie goeie beeld verskaf van die gebeurlikhede binne hierdie inrigtings sodat die leser die werk wat hier gedoen word krities-waarderend kan ontleed.

Ons Kinderhuis te Victoriaweg, Bloemfontein, is op 11 September 1914 deur wyle dr. J.D. Kestell gestig as 'n kinderinrigting van die Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Oranje-Vrystaat.

'n Historiese terugblik sou inderdaad tog interessant wees, maar skrywer voel dat dit genoeg is om te sê dat Ons Kinderhuis van 1972 'n geheel ander voorkoms en karakter aangeneem het as dié een wat deur wyle dr. Kestell gestig is. As voorbeeld kan daar slegs gemeld word dat daar in die loop van 1971 verbeterings ten bedrae van \pm R300 000 by hierdie inrigting aangebring is, terwyl groot bedrae vir toekomstige verbeteringe ingesamel word of reeds opsygesit is.

Die gees van die inrigting is dus op vernuwning en modernisering ingestel sodat daar altyd tred gehou word met die modernste eise van 'n ontwikkelende samelewing.

5.2. STATUTE VAN ONS KINDERHUIS:

5.2.1. NAAM:

Die naam van die inrigting sal wees: "Ons Kinderhuis", en dit sal bekend staan as die amptelike inrigting te Bloemfontein van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Oranje-Vrystaat.

5.2.2. DOEL:

Die doel van die inrigting is om te sorg vir die Christelike opvoeding en versorging van wese, halfwese en sorgbehoewende blanke kinders.

5.2.3. DIE BESTUUR:

Die bestuur van Ons Kinderhuis sal as volg saamgestel word:

- (a) deur die Sinodale Armsorgkommissie van die N.G. Kerk in die O.V.S. (handelende namens die Sinode), word 5 lede benoem; *
- (b) deur die ringe verantwoordelik vir die ondersteuning van Ons Kinderhuis word benoem een verteenwoordiger elk, tans dus 4 lede;
- (c) deur die kerkraad van die gemeente waarin die inrigting val, word benoem een lid;
- (d) deur die Stadsraad word benoem een lid;
- (e) deur die Bestuur self word benoem een lid;
- (f) deur die Departement van Volkswelsyn word twee lede benoem.

Alle persone wat liggame op die Bestuur verteenwoordig, moet lede van die N.G. Kerk wees.

Die dienstyd van die lede van die Bestuur sal twee jaar wees. Aftreding sal om die helfte geskied, elke jaar gedurende die maand Maart. Aftredende lede is herkiesbaar en hulle bly ook in funksie tot hulle opvolgers aangestel is.

* Die benaming "Armsorgkommissie" het intussen verdwyn om plek te maak vir die hedendaagse "Kommissie vir die Diens van Barmhartigheid".

Die Bestuur kies ook 'n sekretaris en penningmeester vir so 'n tydperk as wat hy nodig ag, en welke persoon of persone nie noodwendig uit die ledetal van die Bestuur hoef te wees nie.

Die volstrekte meerderheid van die vaste Bestuurslede vorm 'n kworum. Die voorsitter sal in alle gevalle 'n stem sowel as 'n beslissende stem hê.

Die Bestuur vergader soveel keer as wat nodig blyk te wees, maar ten minste twee maal per jaar, waarvan een vergadering, in Maart of April, 'n jaarvergadering sal wees, ten einde 'n verslag op te stel vir voorlegging aan die verskillende liggame wat op die Bestuur verteenwoordig is. In die jaar waarin die Sinode van die N.G. Kerk in die O.V.S. vergader, word deur middel van die Sinodale Algemene Armsorgkommissie aan hom verslag oor die inrigting gedoen.

Lede van die Bestuur wat drie agtereenvolgende vergaderings sonder wettige redes, volgens oordeel van die Bestuur, afwesig is, verbeur hulle lidmaatskap.

Buitengewone vergaderings word deur die voorsitter belê, of deur hom op skriftelike versoek van minstens drie lede.

Die Bestuur kies jaarliks uit sy midde vier lede wat, tesame met die Direkteur, 'n Dagbestuur vorm om sake af te handel wat aan hulle opgedra word en waarvan aan die Bestuur verslag moet gedoen word. Drie lede van die Dagbestuur vorm 'n kworum.

Die Bestuur kan ook onder-komitees benoem en pligte ter uitvoering aan hulle opdra.

5.2.4. FONDSE EN EIENDOMME:

Alle fondse en eiendomme van die inrigting sal in regte gevestig wees in die Bestuur en die Bestuur sal die inrigting in alle regsgedinge verteen-

woordig, hetsy as eiser of verweerder.

Die volle beheer van alle fondse en eiendomme van die inrigting berus by die Bestuur, met die reg om die fondse te bestee ter bevordering van die doeleindes van die inrigting.

Alle vaste eiendomme van die inrigting sal geregistreer word in die naam van die "Bestuur van Ons Kinderhuis", te Bloemfontein.

Ingeval dit mag nodig blyk om die vaste eiendomme van die inrigting te verbind of van die hand te sit, sal dit alleen kan geskied deur die besluit van 'n twee-derde meerderheid op 'n wettige vergadering van die Bestuur.

5.2.5. ALGEMEEN:

Die boekjaar van die inrigting sluit jaarliks af aan die end van Februarie en die boeke sal na verloop van elke boekjaar behoorlik ge-ouditeer word deur 'n gekwalifiseerde ouditeur deur die Bestuur daartoe aangestel.

Alle en enige inkomste van welke aard ook al, sal uitsluitlik aangewend word vir die doel soos in artikel 2* van hierdie statute neergelê en daar sal hoegenaamd geen wins verklaar, uitbetaal of verdeel word aan die lede van die Bestuur of amptenare van die inrigting nie.

Ingeval die genoemde "Ons Kinderhuis" om een of ander rede, en volgens oordeel van die Sinode of Algemene Sinodale Kommissie van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die O.V.S. ophou om te beantwoord aan die bepaling van artikel 2 hiervan**, sal die Bestuur ver-

* Supra, p. 102, (5.2.2).

** Artikel 2 verwys na die Doel van die inrigting soos uiteengesit in 5.2.2. op p. 102 van hierdie studie.

plig wees om met alle eiendom van die inrigting — roerend sowel as vaste eiendom — te handel volgens besluit van die Sinode of Algemene Sinodale Kommissie van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die O.V.S. aan wie die inrigting behoort.

5.2.6. INWENDIGE REËLINGS:

Die bestuur sal sorg dra vir die inrigting volgens die volgende bepalings:

- (a) Hy stel 'n Direkteur as hoof van die inrigting aan, 'n onderhoof of huisvader, 'n huismoeder en verder volgens sy oordeel soveel ander persone as wat nodig is om die werk te behartig.
- (b) Die Bestuur bepaal die vergoeding en diensvoorwaardes van almal wat in diens van die inrigting staan.
- (c) Die Bestuur besluit oor die toelating en ontslag van kinders. Kinders oor 16 jaar sal nie opgeneem word nie, behalwe onder besondere omstandighede.
- (d) Kinders van alle gesindtes sal opgeneem word, dog die inrigting sal bepaald protestants-Afrikaans wees.
- (e) Waar kinders nie volgens landwet in die inrigting geplaas word nie, sal die ouers of voogde hul moet verbind onder skriftelike kontrak, om die kinders in die inrigting of in 'n ander derglike inrigting te laat totdat hulle minstens 18 jaar oud is, tensy die Bestuur anders bepaal.
- (f) Huishoudelike reëls, soos wat nodig mag wees, word deur die Bestuur gemaak.

5.2.7. VERANDERING:

Verandering in hierdie statute kan, na skriftelike kennisgewing van een maand aan die sekretaris, alleen gemaak word wanneer minstens drie-vierdes van die lede van die Bestuur teenwoordig is op 'n wettige vergadering en met 'n meerderheid van minstens een meer as die helfte van die hele vaste bestuur, daarvoor gestem is. Sulke vergaderings sal alleen van krag wees nadat dit op aanbeveling van die Sinodale Armsorgkommissie deur die Sinode of Algemene Sinodale Kommissie van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die O.V.S. goedgekeur is. Die Sinode of Algemene Sinodale Kommissie kan voorts hierdie statute na goeddunke wysig, dele weglaat of toevoeging doen.

Hierdie STATUTE VAN ONS KINDERHUIS is op 23 April 1952 deur die Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die O.V.S. goedgekeur en bekragtig.

5.3. DIE TERREIN EN ALGEMENE FASILITEITE:

Die terrein van Ons Kinderhuis beslaan bykans 'n hele straatblok aan die bo-ent van Victoria-weg. Die tehuis is ideaal geleë: weg van die middestad, asook die industriële sektor, sodat daar werklik van 'n "plaasatmosfeer" sprake is.

5.3.1. DIE ADMINISTRATIEWE KOMPLEKS:

Die administratiewe kompleks is 'n ware sieraad van Ons Kinderhuis. Hierdie kompleks is teen die begin van 1971 voltooi en dra grootliks by tot die moderniseringstendens by die inrigting. Die kompleks behels:

- (a) een kantoor vir inligting en alle sekretariële aangeleenthede;
- (b) een kantoor vir die Direkteur van die inrigting;
- (c) een kantoor vir die gebruik van 'n deeltydse sielkundige;

- (d) een kantoor vir die hoofmatrone;
- (e) een vergadersaal hetsy vir bestuursvergaderings of personeelvergaderings;
- (f) 'n deurloopgang wat beplan is om as wagkamer diens te doen met banke en leesstof vir besoekersgerief.

Van al die bogenoemde kantore vorm (a) die kern van alle beherende aktiwiteite van die inrigting. Hierdie kantoor is met 'n interkommunikasiesstelsel met al die ander afsonderlike huise verbind sodat 'n doeltreffende beheer van hier uitgeoefen kan word. Verder word alle lêers in verband met elke inwoner van die inrigting, kinders en personeel, hier geliasseer.

5.3.2. WOONGERIEWE VAN DIE KINDERS:

Die woongeriewe vertoon baie netjies vir die besoeker aan die inrigting. Ook hier is modernisering aan die orde van die dag sodat die kinders met reg trots kan voel op hulle netjiese en sindelik-beplande omgewing.

Daar bestaan 9 afsonderlike huise binne die groot raamwerk van die inrigting. Differensiasie geskied hier op grond van geslag by 8 van die huise, terwyl Babahuis albei geslagte huisves. Die verskillende huise is :

(a) SEUNSHUISE:

1. Saamwerk;
2. Hou Moed;
3. Dankbaar;
4. Voorwaarts.

(b) DOGTERSHUISE:

1. Kestell;
2. Grobler;
3. Maria;
4. Van Heerden.

(c) BABAHUIS.

Die kinders het goeie voorsiening wat betref slaap- en persoonlike geriewe. Daar is voldoende fasiliteite om ten volle in elke kind se behoeftes te voorsien. Die verskillende huise besit die huislikheidsfaktor in 'n hoë mate. Die huisouers word op so 'n manier by die algemene organisasie van elke huis betrek dat daar van een groot familie per huis in die ware sin van die woord sprake is.

5.3.3. ONTSPANNINGS- EN SPORTGERIEWE:

Die ontspanningsgeriewe van die inrigting bestaan uit:

- (a) 'n goed-omheinde swembad met pragtige grasperke en ontkleekamers vir beide geslagte;
- (b) 'n pretpark wat 'n aantal swaaie en glyplanke insluit, en
- (c) 'n wipmat.

Verder beskik die inrigting oor 'n moderne, ruim saal wat voorsien in die afrigtingsdoeleindes van judo, boks en daar bestaan ook 'n uitgemete pluimbalbaan.

Daar word beplan om 'n rugbyveld asook tennisgeriewe (die getal bane is nog tentatief en afhanklik van die fondse beskikbaar), binne afsienbare tyd op die terrein te voltooi om die ontspannings- en sportprentjie te voltooi.

5.3.4. SNOEPWINKEL:

Aangrensend aan die administratiewe kompleks is ook 'n snoepwinkel waar die kinders gedurende gesette tye hulle sakgeld kan bestee en so doende word die gevaar van onnodige stadsbesoek deur die kinders opvoedkundig beperk.

5.3.5. DIE SENTRALE KOMBUIS:

Die hele voedingsmeganisme van Ons Kinderhuis is gesetel in hierdie kombuis wat uiters netjies en modern toegerus is om ook hierdie aspek, nl. die voeding van al die kinders van die verskillende huise, doeltreffend te laat funksioneer. Van die kombuis word die voedsel tydens gesette tye na elke huis, of per vragmotor of per stootkarretjie vervoer. So 'n sentrale kombuis het menige onontbeerlike voordele. So word 'n gebalanseerde dieet vir die hele inrigting beplan en uitgevoer. Verder word inspeksie-kontrole in verband met die so belangrike voedingsorganisasie van die inrigting baie vergemaklik, aangesien daar net een plek is wat die hele beheer uitoefen. Opvoedkundig dra die sentrale kombuis ook 'n groot deel by omdat dit veroorsaak dat die verskillende huisouers nou baie meer tyd tot hulle beskikking het om aan die persoonlike sake van die kinders onder hulle sorg te wy, aangesien daar geen tyd aan voedselvoorbereiding afgestaan word nie.

5.3.6. DIE KLINIEK:

Die inrigting beskik oor 'n eie, goed toegeruste kliniek met 'n voltydse verpleegsuster aan diens om na die gesondheidsaspek van die kinders om te sien. In hoofstuk 8 sal meer volledig ingegaan word op die werk wat deur die verpleegsuster gedoen word om sodoende aan die leser 'n volledige beeld te verskaf. *

5.3.7. WAS- EN NAALDWERKKAMERS:

Die sentrale wassery voorsien in al die verskillende huise se behoeftes, terwyl die naaldwerk-

* Infra, pp. 228-232.

kamer ook alle klereverstellings en herstellings ver-
rig.

5.3.8. STOORKAMERS:

Daar is 3 hoofstoorkamers met die volgende
verdeling:

- (a) een stoorkamer vir die klere van die seuns;
- (b) een stoorkamer vir die klere van die dogters;
- (c) een stoorkamer vir die voedselvoorrade van die
inrigting.

5.3.9. KANTORE VAN DIE BUIBESTUURDER:

Die inrigting beskik oor een blanke buite-
bestuurder met 'n eie kantoor en implimente- en ge-
reedskapstoor. Van hierdie kantoor word die hele
beheer oor die nie-blanke personeel uitgeoefen.

5.3.10. ALGEMENE HERSTELWERKKAMER:

Die inrigting beskik ook oor die dienste van
'n skoenmaker wat, benewens hierdie taak, ook tasse
herstel en algemene herstelwerkies doen.

5.3.11. VERFRAAIING:

Verfraaiing van die terrein geskied deur
die aanbring van grasperke, rots- en blomtuine om
sodoende ook huislikheid te bewerkstellig. So be-
sit elke huis in 'n mindere of meerdere mate 'n eie
tuintjie wat in sommige gevalle deur die kinders
self uitgelê is en in stand gehou word.

5.4. DIE PERSONEEL:

5.4.1. GRONDSLAG EN BESTUUR:

Die grondslag van die inrigting is positief-
Christelik en personeellede wat die reglemente van Ons
Kinderhuis onderteken, bevestig daarmee nie alleen hulle
geloof in die Here Jesus Christus as hulle persoonlike
Saligmaker nie, maar ook hulle bereidwilligheid om Hom

sodanig te bely.

Die bestuur van die inrigting geskied volgens die bepalings van die Sinode van die N.G. Kerk in die O.V.S. Die uitvoerende amptenaar van die Bestuur is die Direkteur. Hy word bygestaan deur die Assistent-Direkteur en die hoofmatrone. Gesamentlik vorm hulle die Administrasie en hierdie Administrasie, tesame met die blanke werknemers (sters), vorm die personeel.

5.4.2. GETAL EN VERDELING:

5.4.2.1. ADMINISTRATIEF:

Aan die hoof van die inrigting staan die Direkteur, terwyl dié se eggenote die hoofmatrone is. Hulle word sekretarieel bygestaan deur een sekretaresse wat slegs gedurende die voormiddag op kantoor is.

5.4.2.2. HUISHOOFDE:

Soos reeds genoem, is daar 9 huise en elkeen het een matrone aan die hoof, behalwe Babahuis wat, benewens 'n matrone, ook 'n assistent-matrone in diens het.

5.4.2.3. DOGTERSHULP:

In Babahuis word daar ook, weens die groot getalle en as gevolg van die groot organisasie van so 'n tehuis, ook 5 gewone assistente (dogtershulp) aangetref om die matrone en assistent-matrone by te staan.

5.4.2.4. AFLOSPERSONEEL:

Daar is twee personeellede wat as aflospersoneel diens doen in die plek van die huishoofde wat weens normale aftyte, asook weens siekte nie hulle pligte kan volvoer nie.

5.4.2.5. KOOKMATRONE:

Aan die hoof van die sentrale kombuis staan daar een matrone wat bygestaan word deur 'n assistent-matrone.

5.4.2.6. WASHUIS- EN NAALDWERKMATRONE:

Aan die hoof van die washuis en naaldwerk-afdeling staan een matrone, terwyl Babahuis ook oor een persoon beskik wat die naaldwerk van die huis behartig.

5.4.2.7. DIE BUIBESTUURDER:

Die inrigting beskik oor een persoon wat as buitebestuurder diens doen. Sy pligte behels, benevens algemene terreinbestuur, ook om die gedeeltelike funksie van 'n assistent-direkteur te vervul indien die Direkteur om een of ander rede nie beskikbaar is nie.

5.4.2.8. DIE VOORRAADBEAMPTTE:

Vir hierdie taak is daar ook een personeel-lid beskikbaar.

5.4.2.9. DIE VERPLEEGSUSTER:

Die inrigting beskik ook oor die dienste van 'n voltydse verpleegsuster.

So gesien, maak die blanke personeel van Ons Kinderhuis 27 uit. Op hierdie mense se skouers rus dan ook die groot verantwoordelikheid om die kinders van hierdie inrigting na behore te versorg en op te voed. So is elkeen van hierdie genoemde persone verantwoordelik, hetsy in 'n mindere of meerdere mate, vir die welsyn van die kinders in Ons Kinderhuis.

5.4.3. WOONGERIEWE:

Die inrigting beskik oor drie woonhuise, nl.:

(a) 'n drieslaapkamerwoning vir die Direkteur;

- (b) 'n tweeslaapkamerwoning vir die buitebestuurder;
- (c) 'n tweeslaapkamerwoning vir die verpleegsuster.

Die huishoofde soos genoem in (5.4.2.2.) hierbo, beskik almal oor tweeslaapkamerwoonstelle, behalwe vir die assistent-matrone van Babahuis wat slegs oor 'n enkelkamer beskik.

Die dogtershulp in Babahuis het ook elkeen 'n enkelkamer met gemeenskaplike geriewe tot hulle beskikking.

Die aflospersoneellid by die seuns beskik ook oor 'n enkelkamer, terwyl die aflospersoneellid by die dogters oor 'n drieslaapkamerwoonstel beskik.

Die kookmatrone het ook 'n tweeslaapkamerwoonstel, terwyl die assistent-kookmatrone ook oor 'n tweeslaapkamerwoonstel beskik.

Ten slotte beskik die washuismatrone ook oor 'n tweeslaapkamerwoonstel.

5.4.4. DIENSVOORWAARDES:

5.4.4.1. ALGEMEEN:

Omrede hulle gedring moet wees deur die liefde van Christus, moet die geestelike en tydelike belange van die kinders altyd vooropgestel word by die personeel. Die Administrasie het dus die reg om enige personeellid daar te plaas waar haar/sy dienste ten beste bate van die kinders aangewend kan word.

Personeellede is voltyds in diens. Alle aanstellings word op 'n proeftyd van drie maande gedoen. By bedanking egter moet twee kalendermaande vooraf kennis gegee word.

In gevalle van ernstige wangedrag het die Direkteur die reg om namens die Bestuur 'n personeellid af te dank of te skors met of sonder opgaaf van redes.

Die aftree-ouderdom van personeellede is ses-tig jaar. Op bereiking van hierdie ouderdom kan so 'n personeellid desverkiesend aansoek doen om langer aan te bly en kan die Bestuur haar/hom desverkiesend verder op 'n tydelike basis aanstel.

Wanneer personeellede aan diens is, eet hulle saam met die kinders en woon die godsdiensoefening by sodat die nodige voorligting gegee kan word en dissipline gehandhaaf kan word.

Waar kinders ernstig siek is, moet dit onmiddellik aan die hoofmatrone gerapporteer word.

Personeellede moet toesien dat hulle kinders skoon is, sowel op hulle klere as op hulle liggame.

Verlof aan kinders om die terrein te verlaat, kan alleen deur die assistent-direkteur gegee word. In die geval van dogters kan die hoofmatrone ook die verlof toestaan.

Wangedrag van kinders moet aan die assistent-direkteur gerapporteer word. Huismatrones kan alleen ligte straf toepas, ernstiger straf en veral groepstraf mag nie geskied sonder die goedkeuring van die Administrasie nie en van alle straf, van watter aard ook al, moet stiptelik aantekening gehou word in die daarvoor bestemde boek.

Die vry gebruik van elektrisiteit of die telefoon is nie veroorloof nie. Gereedskap mag alleen met verlof van die gewone bêreplekke verwyder word.

Wanneer 'n personeellid aan diens is, vorm haar vry inwoning, losies en vry wasgoed, en so meer, 'n integrale deel van haar salaris. Sy geniet egter nie hierdie voorregte as sy met verlof is nie.

Afkeuring sal volgens rooster en inspeksie na goeddunke gehou word.

5.4.4.2. SALARISSKALE:

Die volgende salarisskale word by Ons Kinderhuis aangetref:

- (a) Direkteur R3 000 x 150 - 4 200 x 200 - 5 400;
- (b) hoofmatrone: R2 040;
- (c) matrones: R840 x 90 - 1 380;
- (d) dogtershulp: R480 x 60 - 600;
- (e) buitebestuurder: R1 992 x 120 - 2 352.

5.4.4.3. VERLOF:

5.4.4.3.1. JAARLIKSE VERLOF:

Alle senior personeellede sal vyf en alle junior personeellede vier weke verlof per jaar ontvang.

Waar 'n personeellid verlof verlang voordat 'n jaar diens gelewer is, kan die Administrasie op aansoek, dit as onbetaalde verlof toestaan of die lid debiteer met die verlof wat meer is as dié waarop hy/sy geregtig is.

Verlof sal alleen in buitengewone gevalle ophoopbaar wees en moet geneem word soos toegeken deur die Administrasie.

Om verlof moet minstens een maand vooraf skriftelik aansoek gedoen word. Dit is dus nie gerade om vakansie-reëlings te tref voordat antwoord ontvang is nie, aangesien die vereistes soms mag meebring dat die toekenning van verlof vertraag word.

5.4.4.3.2. ADDISIONELE VERLOF:

Huismatrones en persone belas met die direkte versorging van kinders sal ook op addisionele verlof geregtig wees.

Na vyf jaar deurlopende bevredigende diens, behalwe die vyf weke jaarlikse verlof, agt weke addisionele verlof.

Huismatrones en aflospersoneel, mits hulle meer as 'n kwartaal diens het, sal ook een langnaweek plus sewe dae per kwartaal verlof toegestaan word volgens rooster. Daarby sal hulle ook Dinsdagvoormiddae, dit wil sê van nadat die kinders skool toe is tot voordat hulle terugkeer, vry wees.

Vir die personeellede van Babahuis sal die matrone die voorgaande verlof reël.

Kombuismatrones los mekaar wedersyds af.

Alle personeellede ontvang die gewone naweke.

5.4.4.3.3. SIEKTEVERLOF:

Siekteverlof sal wees dertig dae per kalenderjaar en moet by aansoek gesteun word deur 'n mediese sertifikaat.

Wanneer 'n personeellid nie met verlof is nie, is sy/hy op diens en mag die terrein nie sonder verlof verlaat word nie.

Personeellede moet te alle tye 'n Christelike gesindheid onder mekaar handhaaf en dit onder die kinders bevorder. By uitdienstrede sal die salaris van die laaste maand betaal word, eers nadat bevredigende rekenskap gegee is van alles wat onder sy/haar sorg gestel was.

In die geval van kuiergaste moet reëlings vroegtydig met die kantoor getref word.

Die voorafgaande bespreking in verband met die personeel het betrekking op die voltydse personeel in diens van Ons Kinderhuis. Daar bestaan egter nog bykomende dienste met eie diensvoorwaardes waarna net kortliks verwys sal word.

5.4.5. BYKOMENDE DIENSTE:

5.4.5.1. KLEUTERSKOOL:

Ons Kinderhuis beskik ook oor 'n kleuter-

skool wat in die Babahuis gesetel is. Die skool word beheer deur twee ten volle gekwalifiseerde onderwyse-
resse en daar is tans 43 kleuters van die inrigting
wat by die aktiwiteite van die skool betrek word.
Verder word daar met reg aanspraak gemaak dat hierdie
skool oor die bes-beplande geboue, speelterrein en
speelgoed in die stad Bloemfontein beskik.

5.4.5.2. SIELKUNDIGE DIENSTE:

Die inrigting is ook gelukkig om oor die
dienste van 'n ten volle gekwalifiseerde kliniese
sielkundige te beskik. Hierdie persoon is egter nie
voltyds in diens van die inrigting nie, maar die deel-
tydse werk wat gewoonlik gedurende Vrydagmiddae ge-
doen word, is onontbeerlik vir die loodsing van 'n
geslaagde opvoedingsprogram.

5.4.5.3. MAATSKAPLIKE DIENSTE:

Ons Kinderhuis het geskiedenis gemaak deur
vanjaar vir die eerste keer 'n maatskaplike werkster
in diens te neem. Hierdie nood is reeds lank deur
die inrigting gevoel en daar word met vertroue uit-
gesien na die opheffingstaak wat hierdie nuwe diens
aan die kinders gaan bied.

5.4.6. NIE-BLANKES:

Daar is altesaam 38 nie-blankes in diens by
Ons Kinderhuis. Skrywer wil graag die gemiddelde
salariskerf vir die nie-blanke mans hier weergee, aan-
gesien dit aan die einde van hierdie hoofstuk in die
bespreking sal nodig wees. Die gemiddelde salaris-
kerf vir hierdie doel is: R424 - 84.

5.5. DIE KINDERS VAN DIE TEHUIS:

5.5.1. DIE GESINSAGTERGROND:

In hierdie afdeling wil skrywer graag 'n ky-
kie gee in die gesinsagtergrond van die kinders van
Ons Kinderhuis.

Daar het die praktiese probleem ontstaan dat met die ondersoek daar geen volledige verslag in verband met die gesinslewe van al die kinders beskikbaar was nie. Skrywer kon slegs die lêers van 260 kinders bestudeer en soos later vasgestel sal word, was daar ietwat meer kinders in die tehuis. *

5.5.1.1. DIE HOOFREDES VIR SORGBEHOEWENDHEID:

TABEL 1:

ONS KINDERHUIS : HOOFREDES VIR
SORGBEHOEWENDHEID

REDES	GETAL KINDERS IN GEDRANG
Verwaarlosing (fisies/psigies)	161
Vader verlaat die gesin	18
Moeder verlaat die gesin	11
Moeder onsedelik	13
Vader onsedelik	4
Algemene oueronbevoegheid	18
Onwillig om kinders te versorg	1
Stiefverhouding	7
Onbeheerbaarheid	4
Mishandeling deur vader	14
Beide ouers verlaat die huis	2
Moeder oorlede	7
TOTAAL	260

Uit die tabel is dit duidelik dat die mees algemene rede vir sorgbehoewendheid verwaarlosing van die kinders is. Hierdie term "verwaarlosing" bevredig nie

* Infra, p. 129 (tabel 11).

heeltemal nie, aangesien daar talle faktore is wat hierdie verwaarlosing in die hand werk. Ter verduideliking kan daar net gemeld word dat die tabel op die hofuitsprake van die Kinderhof gebaseer is en die leser sal in die res van die hoofstuk wat volg 'n baie duidelike beeld verkry in verband met die grond-oorsake wat genoemde verwaarlosing in die hand ge-werk het. Gewoonweg word die term "verwaarlosing" omskryf as of fisiese of psigiese verwaarlosing of beide, maar dit sal steeds nie ten volle tevrede stel nie.

Om duidelikheid in verband met die term "al-gemene oueronbevoegdheid" te verkry, word hier enkele redes vir derglike onbevoegdheid, soos spruitend uit die ondersoek, neergelê, nl. :

- (a) tronkstraf van die vader; *
- (b) buite-egtelike kind — moeder nog 'n skolier;
- (c) moeder en/of vader psigies abnormaal; **
- (d) finansieel in 'n benarde posisie; ***
- (e) egskeiding; ****
- (f) ouers (een of albei) fisies ongeskik as broodwinners; *****
- (g) werkende moeder. *****

Die een geval van onwilligheid om kinders te versorg, is ook 'n buite-egtelike geboorte en ouer-liefde ontbreek geheel en al. In hierdie geval is die kind deur die moeder na die welsyn gebring met 'n weiering om enigiets verder in belang van die kind te doen.

In die geval van "moeder oorlede" het die so noodsaaklike moederdiens die vaders verplig om van plaasvervangende sorg gebruik te maak.

* Supra, pp. 31, 32 (2.3.1.2.10).
** Supra, pp. 18, 19 (2.2.3).
*** Supra, p. 30 (2.3.1.2.7).
**** Supra, pp. 26-28 (2.3.1.2.2).
***** Supra, pp. 25, 26 (2.3.1.2.1).
***** Supra, pp. 28, 29 (2.3.1.2.4).

Opmerklik dus dat in die geval van die 260 kinders hierbo genoem daar baie ongewingsinvloede was wat erg stremmend op die opvoedingsproses ingewerk het.*

5.5.1.2. DIE FAKTOR VAN DRANKMISBRUIK:

Ontstellend is die feit dat drankmisbruik in die gesinslewe so 'n groot rol speel om sorgbehoewendheid in die hand te werk. Uit die ondersoek het dit geblyk dat hierdie euwel as suboorsaak in totaal 36,63% van die vaders en 15,84% van die moeders betrek het. Skrywer kan dus nie anders as om te beweer dat drankmisbruik grootliks verantwoordelik is vir die aftaking van die gesinslewe in Suid-Afrika.

5.5.1.3. OUERSEDELIKHEID:

Uit die ondersoek blyk dit dat 'n bevestigde 11,88% van die moeders en 6,93% van die vaders hulle aan immorele lewens skuldig maak.**

5.5.1.4. MISDADIGHEID VAN DIE OUIERS:

Uit 'n totale persentasie van 14,85 ouers met misdaadneigings, word tronkstraf as rehabilitasiemethode in die geval van 12,87% vaders en 1,98% van die moeders van die kinders van Ons Kinderhuis aangetref. Verder word die erkende gebruik van dagga by 0,99% van die moeders aangetref terwyl een vader selfmoord ten aanskoue van sy hele huisgesin, gepleeg het.

5.5.1.5. DIE MISHANDELINGSFAKTOR:

Benewens die mishandelingsyfer wat onder die hoofredes vir sorgbehoewendheid bespreek is, word as suboorsaak 'n syfer van 7,92% van die huisgesinne aangetref waar of die vader of die moeder of albei hulle skuldig gemaak het aan mishandeling of aan-

* Supra, pp. 70-72 (3.3.2.1.).

** Supra, p. 29 (2.3.1.2.5).

randing op die kinders.

5.5.1.6. BEHUISING EN OMGEWING:

In tabel 2 word sekere terme weergegee wat deur die maatskaplike werksters gebruik is om 'n sekere bepaalde toestand uit te beeld.

TABEL 2 : BEHUISING VAN DIE KINDERS GEDURENDE DIE PRE-KINDERHUISSTADIUM

OMSKRYWING	GETAL HUISGESINNE BETROKKE
GEEN BEHUISING	12
SWAK BEHUISING	73
REDELIKE BEHUISING	10
GOEIE BEHUISING	6
TOTAAL	101

Woorde en omskrywings wat aan die begrip "swak" gekoppel is, is onder meer "benard", "onwelriekend", "bouvallig", "slordig" en "bediende-kamer". Die "redelik" impliseer dat voldoende geriewe bestaan, maar dat algemene netheid en voorkoms baie kan verbeter. Die term "goed" word verbind met omskrywings soos "voldoende", "gerieflik" en "netjies".

Van die bogenoemde 101 gevalle is 76 in swak omgewings geleë en skrywer wil die leser weer verwys na wat daar tevore oor die uitwerking van swak omgewings op die opvoeding van die individu gesê is.*

* Supra, p. 64 (3.3).

5.5.1.7. FINANSIËLE STAAT VAN DIE OUERS:

TABEL 3 : FINANSIËLE STAAT VAN DIE OUERS VAN DIE KINDERS VAN ONS KINDERHUIS

INKOMSTE PER MAAND	AANTAL HUISGESINNE BETROKKE
GEEN VASTE INKOMSTE	31
R20 TOT R50	9
R51 TOT R100	21
R101 TOT R150	19
R151 TOT R200	9
R201 TOT R250	7
R251 TOT R300	3
ONBEKEND	2
TOTAAL	101

Die inkomste wat deur tabel 3 aangetoon word, verteenwoordig die bruto inkomste van die gesinne. Die ondersoek toon dat feitlik al die genoemde gesinne met soveel skuldelaste te kampe het dat normale lewe nie moontlik is nie. Daar is dus nou positiewe bewyse dat finansiële probleme grootliks tot sorgbehoewendheid aanleiding gee. Dit is dus opmerklik dat die kinders van Ons Kinderhuis, feitlik sonder uitsondering, as gevolg van ekonomiese probleme tuis in 'n toestand van sosiale gestremdheid verkeer.*

* Supra, pp. 72,73 (3.3.2.2.).

5.5.1.8. KERKVERBAND VAN DIE HUISGESINNE:

TABEL 4 : KERKVERBAND VAN DIE OUERS VAN DIE KINDERS
VAN ONS KINDERHUIS

KERKVERBAND	AANTAL HUISGESINNE BETROKKE
GEEN KERK	1
N.G. KERK	64
GEREFORMEERDE KERK	1
HERVORMDE KERK	2
METODISTE	2
PRESBITERIAANS	2
A.G.S.	7
VOLLE EVANGELIE	4
OU APOSTEL	16
TWAALF APOSTELS	1
ONBEKEND	1
TOTAAL	101

Tabel 4 verskaf gegewens in verband met die kerkverband van die huishoof. Godsdienverskille tussen vader en moeder word in 8 van die 101 gevalle aangetref.

Die inrigting hou dus bepaald by die statute in soverre kinders van alle gesindtes opgeneem word, maar kinders uit N.G. Kerk-huise maak tog die meerderheid, nl. 64 uit 'n totaal van 101 uit ---- dit verteenwoordig 'n persentasie van 63,37. *

* Supra, p. 105 (5.2.6)(d).

In tabel 5 word die kerksbesoek van die huisgesinne van die kinders van Ons Kinderhuis ontleed.

TABEL 5 : KERKBESOEK VAN DIE HUISGESINNE

BYWONING	AANTAL HUISGESINNE BETROKKE
GEEN BESOEK	72
ONGEREELDE BE- SOEK	11
GEREELDE BESOEK	4
ONBEKEND	14
TOTAAL	101

Uit tabel 5 spreek een feit baie duidelik, nl.: godsdienstige afvalligheid lei sonder twyfel tot gesinsverbrokkeling van die ergste graad.*

5.5.1.9. HUISTAAL:

TABEL 6 : HUISTAAL VAN DIE GESINNE

HUISTAAL	AANTAL GESINNE BETROKKE
AFRIKAANS	99
ENGELS	0
AFRIKAANS/ ENGELS	2
TOTAAL	101

Uit die tabel is dit duidelik dat differensiasie betreffende die opneem van sorgbehoewende kinders ook deur middel van die huistaal geskied.

* Supra, pp. 29,30 (2.3.1.2.6).

5.5.1.10. DIE FISIËSE GESTELDHEID VAN DIE OUERS:

TABEL 7 : FISIËSE GESTELDHEID VAN DIE OUERS

OMSKRYWING	AANTAL HUISGESINNE BETROKKE
BEIDE OUERS 'n GOEIE GESONDHEID	87
EEN VAN DIE OUERS ONGESKIK OM TE WERK	11
BEIDE OUERS ONGESKIK OM TE WERK	2
ONBEKEND	1
TOTAAL	101

Volgens tabel 7 behoort slegs 2 huisgesinne werklik ernstige finansiële probleme te ondervind weens faktore buite menslike beheer. In 87 van die gevalle is daar geen verskoning hoegenaamd waarom ernstige finansiële nood die gesin mag bedreig nie.

5.5.1.11. DIE PSIGIESE GESTELDHEID VAN DIE OUERS:

TABEL 8 : DIE PSIGIESE GESTELDHEID VAN DIE OUERS

OMSKRYWING	AANTAL HUISGESINNE BETROKKE
BEIDE OUERS NORMAAL	70
EEN VAN DIE OUERS ONSTABIEL	23
BEIDE OUERS ONSTABIEL	7
ONBEKEND	1
TOTAAL	101

Al wat met tabel 8 se "psigiese gesteldheid" bedoel word, is of daar psigiese probleme by die ouers aanwesig is wat hulle op een of ander manier verhin- der om die opvoedingstaak van hulle kinders ten volle te behartig. Hier moet onmiddellik gekonstateer word

dat, behalwe by uitsondering, geen diagnostiese toetse as maatstaf gedien het in verband met die klassifisering van die ouers nie. Die indeling is gedoen deur die maatskaplike werksters en wel in die lig van persoonlike kennis van die huislike omstandighede.

Van die bogenoemde 30 probleme waarvan tabel 8 getuig, kon skrywer slegs 7 werklik gesertifiseerde gevalle opspoor, terwyl die res, nl. 23 in die tabel opgeneem is weens omskrywings soos: "psigies onstabiel weens drankmisbruik", "kom vertraag voor" en "verstandelik vertraag".

Hierdie gegewens kan dus nie as baie betroubaar aanvaar word nie, maar skrywer voel tog dat die tabel wel waarde het, gesien in die lig van die opleiding en ondervinding van die maatskaplike werksters wat die sake hanteer.

5.5.1.12. KWALIFIKASIES VAN DIE OUERS.

Skrywer sluit hierdie tabelle met groot huiwering in, want 'n baie klein persentasie van die kwalifikasies is werklik beskikbaar. As gevolg van die geweldige groot persentasie kwalifikasies wat nie beskikbaar is nie, sal dit baie moeilik wees om enige tendens voor te stel. Indien die beroepe van die ouers egter bestudeer word, tref dit dat die ouers, feitlik sonder uitsondering, die laer beroepsklasse van die samelewing verteenwoordig. Op grond van laasgenoemde feit voel skrywer tog dat 'n tabel, hoe onvolledig ook al, tog miskien enkele feite aan die lig mag bring.

TABEL 9 : KWALIFIKASIES WAAROO DIE VADERS BESKIK

BESKRYWING	AANTAL VADERS BETROKKE
ONGELETERD	1
ST. 3	1
ST. 4	1
ST. 5	9
ST. 6	11
ST. 7	6
ST. 8	3
ST. 10	1
ONBEKEND	68
TOTAAL	101

Uit tabel 9 kan egter, met die beperkte feite ter beskikking, verklaar word dat soveel as 28,71% van die vaders nie oor 'n st. 8-sertifikaat beskik nie. Dit wil dus voorkom asof die syfer drasties sou vermeerder het indien alle feite beskikbaar was.

LAAT EGTER NIE SLEGS DIE VADERS NIE, MAAR OOK DIE MOEDERS BY HIERDIE BESPREKING BETREK WORD.

TABEL 10 : KWALIFIKASIES WAAROO DIE MOEDERS BESKIK

BESKRYWING	AANTAL MOEDERS BETROKKE
ONGELETERD	1
ST. 2	1
ST. 3	1
ST. 4	1
ST. 5	6
ST. 6	17
ST. 7	3
ST. 8	3
ONBEKEND	68
TOTAAL	101

Uit tabel 10 blyk dit dat, die beperkte gegewens ten spyt, daar nog die hoë persentasie van 29,7 van die moeders is wat nie oor 'n st. 8-sertifikaat beskik nie. Ook hier blyk dit dat die syfer ontstellend hoog sou gewees het indien al die gegewens wel beskikbaar was.

Uit wat tot dusver duidelik geword het in verband met die gesinsagtergrond van die kinders van Ons Kinderhuis, kan daar beweer word dat daar, feitlik sonder uitsondering, in die ouerhuse geen sprake was van die regte opvoedingsklimaat nie. Dit blyk duidelik dat die kinders hulle in 'n omgewing bevind het waar begrippe soos "opvoeding", "gesag", "discipline" en "verantwoordelikheid" verdraaide begrippe geword het wat geensins in staat is om die mens se gees te verryk nie. Die voorafgaande gesinsagtergrond het die mag van die opvoeding so begrens en vernietig dat die kinders as die wrakstukke in die lewe rondgespoel is.

In die geval van hierdie kinders het die owerhede die korrupte toestand opgespoor en op grond van die feite wat in hoofstuk 3 openbaar is tot die slotsom gekom dat die omgewing waarin die kinders hulle individueel bevind nie bevorderlik is vir hulle normale ontwikkeling nie. Hulle moes dus weggeneem word en in 'n ander omgewing geplaas word waar hulle natuurlik en sonder die legio stremmings kon ontwikkel. *

So beland die kinders dan ook in 'n nuwe omgewing, nl. Ons Kinderhuis. Die veronderstelling is dus dat die stremmende invloede wat die kinders tuis ondervind het tot 'n groot mate afwesig sal wees in

* Vgl. in hierdie verband die omgewingsinvloede betreffende die mens se gedragssuitinge, pp. 64-75, (3.3).

hierdie inrigting. Die taak van Ons Kinderhuis is dus geensins benydenswaardig nie, want in die eerste plek is plaasvervangende sorg of voogsorg uit die oogpunt van die kind "kunsmatige" sorg. Dit sal dus ten eerste die taak van Ons Kinderhuis wees om hierdie "kunsmatigheid" in 'n "natuurlikheid" te verander. Die eerste strewe is dan om die regte opvoedingsklimaat tussen die kind en die opvoeder by die tehuis te verkry. Sonder hierdie regte opvoedingsklimaat as fondamentsteen sal die opvoedingstaak steeds "kunsmatig" wees en sal die ware opvoedingsdoel nooit bereik kan word nie.

5.5.2. KINDERGETAL EN VERDELING:

Tabel 11 toon aan die leser die huidige situasie by Ons Kinderhuis wat betref die kindergetal.

TABEL 11 : DIE KINDERGETAL EN VERDELING BY ONS KINDERHUIS

HUIS	HUIDIGE GETAL KINDERS
SAAMWERK	29
HOU MOED	30
DANKBAAR	30
VOORWAARTS	28
KESTELL	27
GROBLER	27
MARIA	27
VAN HEERDEN	27
BABA	60
TOTAAL	285

Daar is tevore opgemerk dat dit in belang van die kind is om hom so vroeg moontlik uit 'n korrupte omgewing te verwyder. * Indien daar dus uit bostaande

* Supra, pp. 65-67 (3.3.1.1).

tabel 11 afgelei word dat Babahuis 21,05% van die totale aantal kinders van Ons Kinderhuis verteenwoordig, en daar word verder in gedagte gehou dat die grootste persentasie van die kinders in die ander huise ook maar produkte van dieselfde Babahuis is, kan dit verstaan word dat die opvoedingstaak van Ons Kinderhuis darem tot 'n groot mate vergemaklik word, aangesien die nadelige uitwerking van die ouerhuis nie die vormingsproses al so vasgelê het dat dit onmoontlik is om die kind te hervorm nie.

5.5.3. DIE FAKTOR VAN DIFFERENSIASIE BY DIE PLASING VAN DIE KINDERS:

Die eerste vraag wat by die leser sal ontstaan indien tabel 11 bestudeer word, is: watter faktore is verantwoordelik vir die feit dat 'n kind in 'n sekere huis beland? Daar kan verskillende argumente aangevoer word waarom 'n inrigting moet probeer om betreffende ouderdomme van die kinders te differensieer. Hier sou dit veronderstel dat elke huis dus uit homogene groepe sou bestaan in soverre dat al die kinders min of meer dieselfde ouderdom het.

In Babahuis word wel so 'n vorm van differensiasie aangetref en wel om verstaanbare redes wat nie hier verduideliking verg nie. In die Babahuis word dan ook slegs kinders in die voorskoolse stadium aangetref. In die ander huise egter word alle skoolgaande kinders, ongeag die ouderdom, aangetref. Die verskynsel dat leerlinge van die substanderds, sowel as matrikulante saam in een huis woonagtig is, is dus algemeen.

Die uitgangspunt by Ons Kinderhuis is dat die gesinslewe so ver as moontlik behoue moet bly; daarom dat gesinslede saam in een huis geplaas word. Differensiasie is dus slegs toegespits om as opvoedkundige en saambindende faktor diens te doen waar die grootste persentasie van die kinders tog maar produkte

van gebroke gesinslebens is.

5.5.4. DIE KINDERS EN DIE ORGANISASIE VAN DIE TEHUIS:

Die kinders van Ons Kinderhuis is nie passiewe toeskouers met betrekking tot die algemene organisasie van die tehuis nie. Elkeen van hulle word wel op een of ander wyse by die organisasie ingeskaal.

5.5.4.1. ENKELE ROETINEPLIGTE:

Elke kind in die inrigting (Babahuis word by hierdie bespreking uitgesluit), dra sy deel in die vorm van selfwerkzaamheid by om die organisasie te laat vlot. So berus die algemene huispligte soos huisskoonmaak, skottelgoedwas en tafeldekkery by die kinders en vorm dit 'n belangrike onderdeel van die daaglikse roetine.

Ook op die terrein dra die kinders hulle deel by betreffende die instandhouding van die tuintjies waarvoor elke huis beskik.

Opvoedkundig gesproke dra hierdie take alles by tot die vaslegging van estetiese waardes by die kind. 'n Liefde vir die skoonheid van die natuur inkorporeer die harmonieuse saamleef in en met die natuur.

Verder word elke kind gelei om altyd hulpvaardig teenoor die jongeres onder hulle te wees. Vandag word hulp aan die jongeres as 'n selfopgelegde plig by die groter kinders van die tehuis aangetref. Hierdeur leer die kinders dat die terme "absolute onafhanklikheid" en "selfgenoegzaamheid" van die mens valse ideologieë is, terwyl hulpvaardigheid altyd 'n mooi eienskap van die mens sal wees.

5.5.4.2. DIE PREFEKSTELSEL :

Om leiereienskappe reeds van jongs af by die kind te ontplooi, bestaan daar 'n prefekstelsel in elke huis. Aan hierdie kinders word talle verantwoordelikhede en organisatoriese magte toevertrou en jaar na jaar tree skoolleiers ook uit die geledere van Ons Kinderhuis na vore.

So behels die pligte en verantwoordelikhede van die prefekte om onder meer na die hele huishouding om te sien. Hulle inspekteer die kamers en let veral op sindelikheid en netheid. Op die terrein is hulle die verantwoordelike persone om toe te sien dat onreëlmatighede nie plaasvind nie. Op hulle skouers rus ook die taak om toesig te hou wanneer 'n groep kinders die terrein verlaat, hetsy om stad toe te gaan of die skoolfunksies by te woon.

Uit 'n persoonlike onderhoud met die huisvaders het dit geblyk dat prefekvergaderings gereeld gehou word waar prefekte mondeling vir hulle taak toegerus en gemotiveer word.

Voorregte wat prefekte onder andere geniet, is om somtyds alleen na bioskoopvertonings in die stad te gaan. Dit moet net gemeld word dat die huisouers onder alle omstandighede nog die opperbeheer van elke huis behartig. So besit die prefekte geen afknou- of tugtigingsgesag nie en alle oortredings moet aan die huisouers gerapporteer word.

Opsommend kan daar dus verklaar word dat die huisouers in sommige gevalle hulle organisatoriese magte aan die prefekte delegeer. Hierdie delegering van verantwoordelikhede is voorwaar geen maklike en vanselfsprekende taak nie. Dit vereis van die huisouers 'n vooropgestelde doel en plan sodat die produk van delegering slegs tot voordeel van die huis en die inrigting sal wees.

So moet die huisouers hulle daarvan vergewis dat hulle die regte persone in die delegeringsproses gebruik. Potgieter sê uitdruklik dat die delegering van gesag geen afskuif van verantwoordelikhede op iemand anders is nie.

Die persoon wat sy gesag aan 'n ander oordra, bly medeverantwoordelik. 1

Die prefekstelsel is opvoedkundig belangrik omdat die kinders voel dat hulle 'n deel uitmaak van die organisasie en beheer van hulle eie huis. Skrywer glo ook dat groter samewerking op hierdie manier verkry word as wat verkry sal word as alle beheer outoritêr deur die huisouers gehandhaaf word. Fox en Schwartz sê dan ook in hierdie verband:

Authority and delegation are bound together in a harmonious unit of administrative strength. 2

5.6. EIE SIENING EN ENKELE AANBEVELINGS:

5.6.1. MEDESEGGENSKAP IN BESTUURSAKE:

Indien die samestelling van die Bestuur van Ons Kinderhuis weer ontleed word,* tref dit dat die personeel geen verteenwoordiger uit hulle eie geledere het wat in die Bestuur dien nie.

Skrywer sou wou sien dat daar ten minste voorsiening gemaak moet word vir EEN van die personeellede om in die Bestuur te dien. Daar is baie faktore wat hierdie reëling nie altyd moontlik maak nie, maar dan moet 'n algehele verandering plaasvind sodat dit wel moontlik kan word. Een groot probleem waarom dit op hierdie stadium glad nie moontlik is nie, is gesetel

-
1. Potgieter, F.J., Skool en Klasorganisasie, p. 24.
 2. Fox, W., Schwartz, A., Managerial Guide for School Principals, p. 31.
- * Supra, pp. 102, 103 (5.2.3).

in die feit dat die tehuis voortdurend te kampe het met 'n wisselende personeel. Die faktore wat laasgenoemde in die hand werk, sal later in hierdie bespreking duidelik word.

Dit is so dat elke personeellid gewoonlik presies op hoogte is in verband met die praktiese leemtes wat ten opsigte van sekere aspekte gevoel word. Die rede hiervoor is omdat daardie personeel-lid elke dag met die werklike praktiese opvoedkunde besig is, terwyl buitestaanders gewoonlik meer op hoogte is met die teoretiese aspek.

Skrywer wil nie pragmaties wees om die teorie subordinêr aan die praktyk te maak nie, want daar moet steeds besef word dat die praktyk die laboratorium van die teorie vorm. Skrywer wil dus die aanbeveling maak dat, indien daar 'n gevestigde personeel by Ons Kinderhuis bestaan, daar beslis uit hulle geledere EEN verteenwoordiger moet wees om die belange van die res, asook die belange van die praktiese opvoeding te verbreed. So sal, nie alleenlik die medeseggenskapsbeginsel nie, maar ook die opvoedkundige beginsels verder uitgebou word.

5.6.2. DIE PERSONEELKWESSIE:

Die eerste faktor wat ontstellend negatief op die opvoedingsproses by Ons Kinderhuis inwerk, is die voortdurende wisseling van personeellede.

Skrywer weet dat die algemene gevoel bestaan dat Ons Kinderhuis in die eerste plek 'n kindertehuis is en dat die belange van die kinders allesbepalend is. Daar kan met hierdie siening saamgestem word, maar dit is noodsaaklik om te weet dat die personeel beslis die kern van die inrigting vorm en indien hierdie kern nie gesond en gelukkig is nie, sal die res noodwendig disintegreer. Die blote feit dat daar so 'n geweldige wisseling in personeel is, toon beslis aan dat daar

baie faktore aanwesig moet wees wat die personeel ongelukkig stem.

So wil skrywer dit sterk stel dat die diensvoorwaardes en die wyse waarop die personeellede behandel en gerespekteer word, altyd van so 'n aard moet wees dat slegs die beste en bekwaamste personeel na Ons Kinderhuis gelok sal word, maar meer nog: dat hulle behou sal word.

5.6.2.1. DIE SKORSINGSREG:

Daar is tevore opgemerk dat die Direkteur oor die mag beskik om 'n personeellid, namens die Bestuur, in gevalle van ernstige wangedrag af te dank of te skors MET of SONDER opgaaf van redes.*

Vir skrywer hoort bogenoemde diensvoorwaarde nie tuis by 'n instelling soos Ons Kinderhuis nie. Onmiddellik kan gevra word wat met die woorde "ernstige wangedrag" bedoel word. Vir die een persoon sal 'n sekere misstap "ernstig" van aard wees, terwyl die volgende persoon geen afsku in die daad sal bespeur nie.

Verder veronderstel die "met of sonder die opgaaf van redes", geen demokratiese beginsel nie. Selfs in die hoogste regterlike landsgesag is so iets nie moontlik nie, want onreëlmatigheid van persoonlike aard kan intree.

Skrywer sou wou sien dat, in alle gevalle van beweerde "ernstige" wangedrag, 'n volle bestuursvergadering, in die teenwoordigheid van die beweerde beoefenaar, sal besluit in verband met die stappe wat geneem moet word.

5.6.2.2. DIE SALARISKWESSIE:

Uit 'n ondersoek blyk dit dat 52,63% van die ondervraagde personeellede ontevrede met die bestaande

* Supra, pp. 113,114 (5.4.4.1.).

salarisse is. Skrywer vind hierdie persentasie buite verhouding klein as die werksure en die aard van die werk wat daar gedoen word in gedagte gehou word.

By Ons Kinderhuis bestaan die werksure van die verskillende huismatrones en die dogtershulp uit 'n minimum van 12 uur per etmaal met 'n genadiglike een dag per week vry, met ander woorde 'n werksweek van ses dae.

Alhoewel alle salarisskale en kerwe onder verdenking staan, wil skrywer slegs 'n ontleding maak van die salaris, werksure en verantwoordelikheid van die dogtershulp en dit in vergelyk bring met dieselfde aspekte betreffende die arbeid van die nie-blanke mans.

Die salaris van die dogtershulp word aangegee as R480 x 60 ~~---~~ 600 per annum.* Die werk van hierdie persone behels te alle tye die groot verantwoordelikheid om babas en kleuters groot te maak. Hierdie grootmaakproses behels ouersorg in al die verskillende fasette, terwyl 'n deeglike toesig van vroeg soggens tot na slapenstyd saans die taak omlin. Oor die graad van verantwoordelikheid hoef skrywer seker nie verder uit te wy nie, behalwe om te sê dat bogenoemde verantwoordelikheid aanvaar word teen die absolute minimum van 12 uur per etmaal.

In vergelyking met die arbeid van die nie-blanke mans wat 'n maksimum van 7 uur per etmaal werk en wie se werksweek 5 dae behels, terwyl die verantwoordelikeheidsgraad nouliks die zero-kerf oorskry, sou groot verskille betreffende die vergoedingsaspek verwag word. Ontstellend egter dat die nie-blanke

* Supra, p. 115 (5.4.4.2.)

mans se gemiddelde salariskerf R424-84 per annum is, terwyl die hoogste bestaande kerf R507 per annum is.

Dit is wel waar dat die blanke personeel vry inwoning en losies geniet, terwyl die nie-blanke mans slegs vry inwoning geniet, maar in die geheel gesien roep die hele toestand tot radikale hervorming.

Soos die diensvoorwaardes tans is, is dit bykans onmoontlik om van die matroneskap by Ons Kinderhuis 'n beroep te maak. Na goeie oorweging het skrywer tot die gevolgtrekking gekom dat die gratis huisvesting vir baie as 'n tydelike uitvlugsoord dien, maar dat hierdie tydelikheid selde of ooit die vierjaarkerf oorskry. Alvorens daar dus nie gunstige diensvoorwaardes betreffende salarisse en werksure is nie sal dit onmoontlik bly om 'n gevestigde personeel by Ons Kinderhuis te verkry, en skrywer wil herhaal dat die werk altyd persone sal trek wat 'n tydelike toevlugsoord benodig.

Daar moet onthou word dat Ons Kinderhuis geen gewone kosskool in die ware sin van die woord is nie. Elke huisvader en -moeder tree as plaasvervangende ouerlike sorg op en hierdie feit vereis dan ook dat slegs bekwame persone die poste sal beklee. Die vraag is nou net: hoe kan die ten volle gekwalifiseerde personeel verkry en behou word met die genoemde materiële vergoeding?

Skrywer wil met hierdie betoog geen indruk van 'n eie materialisme wek nie. Die belangrikste oorweging is dat die taak by Ons Kinderhuis in die eerste plek deur die liefde vir die saak sal geskied, met ander woorde die diensmotief is belangriker as die loonmotief, maar helaas sal die loonmotief nooit buite rekening gelaat kan word nie.

5.6.2.3. KWALIFIKASIES VAN DIE PERSONEELLEDE:

Uit die aard van die bespreking in die vorige

hoofstukke, behoort dit vir die leser duidelik te wees dat die uiteenlopende pligte van die huisouers en die ander personeellede beslis vereis dat slegs ten volle gekwalifiseerde personeel in die poste aangestel sal word.

Daar word dan ook gevind dat die inrigting wel betreffende enkele spesialiteitsdienste oor die dienste van hoogsgekwalfiseerde persone beskik, maar as die huisouers ter sprake kom, dan word daar geen opleidingsvereiste gestel nie. Tog word daar voorkeur gegee aan opgeleide persone, maar as gevolg van probleme in verband met diensvoorwaardes het die bestuur gewoonlik geen wye keuse nie en dit kan dus gebeur dat kunsmatige opvoeders wel in derglike poste gevind word.

Indien dit wel gebeur dat 'n persoon met geen sielkundige of maatskaplike agtergrond as huishoof aangestel sou word, kan dit verstaan word dat die opvoedingswerk koersloos kan raak.

Indien slegs persone met 'n sosiologiese, sielkundige en opvoedkundige agtergrond verkry kon word, sou dit prakties moontlik wees om al die beskikbare feite in verband met elke individu aan diesulkes openbaar te maak. Indien die opgeleide huisouers oor die lêer van elke kind onder hulle sorg beskik, kan die opvoedingsproses meer planmatig en doelgerig geskied.

Gunter verklaar dat die ware opvoeder oor 'n goeie kennis van sowel die kind asook 'n goeie kennis van die kinder- en opvoedkundige sielkunde moet beskik, want kennis baar liefde en kennis en liefde is die enigste sleutels tot die bereiking van opvoedkundige doelstellings.¹

1. Gunter, C.F.G., Aspekte van die Teoretiese Opvoedkunde, pp. 88, 89.

Dit sou egter geen doel dien om die persoon wat oor geen opvoedkundig-sielkundige agtergrond beskik van agtergrondsfeite in verband met die kinders te voorsien nie, aangesien evaluering van die gegewens nie professioneel kan geskied nie. In hierdie laaste geval sal daar dus geen sprake wees van opvoeding geskoei op kennis van die individu nie, en dan kan die hele opvoedingsproses maar net bevraagteken word.

Skrywer wil dan 'n verdere aanbeveling doen, nl. dat slegs ten volle gekwalifiseerde personeel as huishoofde oorweeg sal word, maar om 'n aanvraag te verseker, sal die voorwaardes drasties moet verander.

5.6.2.4. WERKSURE EN VERLOF:

'n Baie goeie kenmerk van die personeel en ook 'n bewys dat die diensfaktor die swaarste weeg, is te bespeur in die feit dat 89,47% van die onder-vraagdes tevrede is met die bestaande werksure en verlofvoorwaardes.

Hieruit kan die afleiding gemaak word dat Ons Kinderhuis oorwegend deur 'n personeel bedien word wat ernstig is met die werk wat daar gedoen word. Indien die erns van die saak besef word, sal die opvoedings-taak 'n liefdestaak word en indien dit bereik word, sal maksimale personeeldiens geskied.

5.6.3. DIE KINDERGETAL PER HUIS:

Die getalleverdeling is reeds getabuleer*, maar skrywer wil graag die opvoedkundige implikasies daarvan ontleed.

Tabel 11 het die kindergetal per huis voorgestel en daarvolgens blyk dit dat die gemiddelde getal

* Supra, p. 129 (tabel 11).

kinders per huis (Babahuis word uitgesluit), 28,13 is. Die vraag ontstaan nou: is die huisouers in staat om die volle opvoedkundige verpligting teenoor al 28 kinders in hulle huis na te kom? Skrywer wil verklaar dat dit nie met die beste wil van die wêreld gedoen kan word nie. In hierdie verband toon die ondersoek dan ook dat 77,78% van die huisouers hulself onbekwaam voel om die algehele opvoeding van 28 kinders te behartig.

Daar moet onthou word dat die huisouers van Ons Kinderhuis as die plaasvervangende ouers ageer. In die grootste persentasie van die gevalle moet die huisouers die hele opvoedingsproses van die individu, van suigelingskap tot en met die ouderdom van 18 jaar, waarneem. So moet ook die opvoedingsfondament in die meeste gevalle deur die huisouers van die tehuis gelê word.

Weens die feit dat die plasing van die kinders nie op grond van hulle ouderdomme geskied nie, word kinders van elke ontwikkelingsfase in elke huis aangetref. Dit maak die opvoedingsproses nog meer gekompliseerd, aangesien die opvoeder hom voortdurend moet reoriënteer ten opsigte van sy benadering van die verskillende ontwikkelingsfases.

Skrywer voel dus verplig om in die belang van die opvoeding van die kinders in die tehuis aan te beveel dat die getal huisouers, en dus ook die getal huise, moet vermeerder sodat elke huis 'n maksimum kindergetal van 15 toon.

5.6.4. GESELSKAPKAMERS:

Daar is gevind dat die verskillende huise nie oor doeltreffende geselskapkamers beskik nie. Opvoedkundig word die kinders beslis deur hierdie toedrag van sake benadeel, want die so belangrike kommunikasie tussen die geslagte kan nie normaal geskied nie.

Indien sodanige geselskapkamers bestaan, kan die kinders besoekers ontvang en kan gesonde sosiale verkeer, wat die vorm van georganiseerde speletjies, musiekwaardering en samesang kan aanneem, geskied.

Verder sal die blote bestaan van so 'n kamer in elke huis 'n groter gevoel van huislikheid meebring. Ameublement vir so 'n vertrek kan die minimum van 'n aantal gemakstoel, 'n goed voorsiende tydskrifrak en 'n tafel waar bordspele moontlik is, wees, terwyl sindelike gordyne en 'n sagte tapyt die huislike atmosfeer sal afrond.

Die bestaan van so 'n vertrek in elke huis sal die aangryp van elke uithuisigheidsgeleentheid opvoedkundig beperk en gesonde sosiale verkeer sal gestimuleer word.

5.7. SAMEVATTING:

In hierdie hoofstuk is deurgaans probeer om die tehuis, Ons Kinderhuis, betreffende die algemene organisasie en beheer aan die leser voor te stel.

Benewens die samestelling van die Bestuur is die personeelopset ook ontleed. Die gevolgtrekking toon dat, al word die kinders in die tehuis as die belangrikste komponent geag, die waarde van die personeel nie onderskat mag word nie. Die personeel vorm die spil waarom die hele organisasie en veral die opvoedingsaspek roteer. So gesien, blyk dit dat die eerste doelwit van die tehuis die vestiging van 'n gelukkige, gekwalifiseerde en roepingsbewuste personeel moet wees.

Wat die kinders betref, is die bevinding dat die grootste persentasie uit huise afkomstig is waar maatskaplike ewels stremmend op die normale kinderonwikkeling ingewerk het. Van hierdie ewels vorm drankmisbruik 'n primêre vernietigingsfaktor, terwyl

godsdienstige afvalligheid die gesinsverbrokkeling tipeer. As gevolg van die genoemde gesinsonstabiliteit beland 285 kinders tydens die ondersoek in Ons Kinderhuis, en hulle, tesame met die huisouers, vorm 'n baie belangrike onderdeel van ons volksopvoeding.

Dit blyk ook dat die kinders geen passiewe aandeel in die hele organisasie van die tehuis het nie. Hulle word deeglik betrek deur enkele roetinepligte en dra ook hulle deel by om sindelikheid en verfraaiing van die tehuis te bewerkstellig. Ook beskik die kinders oor 'n aandeel betreffende die beheer van die verskillende huise by wyse van 'n goed georganiseerde prefekstelsel. Op hierdie manier word leiereienskappe van jongs af by die kinders gekweek en die opvoedkundige vrugte word reeds gepluk as dit bevind word dat die tehuis jaar na jaar ook skoolleiers oplewer.

Om egter die opvoedkundige aspek tot groter hoogtes uit te bou, is dit noodsaaklik dat daar beslis akademiese vereistes aan huisouers gestel moet word. Om egter die dienste van diesulkes te verkry, sal daar 'n deeglike hersiening van die bestaande diensvoorwaardes moet wees sodat die matroneskap, benewens 'n roeping, ook 'n beroep en lewenstaak kan word.

Verder sal die kindergetal wat aan die verskillende huisouers opgedra word beslis moet verminder, sodat individuele aandag kan geskied en die individu dus in staat gestel sal word om unieke potensialiteite maksimaal te ontplooi.

Gesien in die lig van die huislike omstandighede waarin die kind hom tydens die pre-kinderhuisstadium bevind het, kan beseft word dat Ons Kinderhuis tot 'n groot mate te kampe het met wanaangepaste kinders. Hierdie wanaangepastheid veronderstel dat die kinders oor sekere persoonlikheidstrekke beskik wat

nie sosiaal-aanvaarbaar is nie. Daarom dan ook dat daar na die deursnee-kinderhuiskind as sosiaal-gestrem verwys kan word.

In die volgende hoofstuk sal hierdie wanaan-gepastheid as 'n kinderhuisfaktor ontleed word en daar sal veral gelet word op die rol van die ouerhuis as omgewingsinvloed wat die sosiale gestremdheid te weeg bring. Hierdie ontleding gaan steeds gedoen word teen die agtergrond van die feite wat in hoofstuk 3 van hierdie studie aan die lig gekom het.*

Indien die oorsake van die ongewenste persoonlikheidstrekke duidelik word, sal daar voortgegaan word om in die daaropvolgende hoofstukke die taak van Ons Kinderhuis in hierdie verband beter te evalueer.

* Supra, pp. 42-77.

H O O F S T U K VI

WANAANGEPASTEID AS 'N BELANGRIKE FAKTOR

IN DIE LEWE VAN DIE

KINDERHUISKIND

- 6.1 Inleiding.
- 6.2 Die begrippe "goed aangepas" en "wanaangepastheid".
 - 6.2.1 Die begrip "wanaangepastheid".
 - 6.2.2 Die begrip "goed aangepas".
- 6.3 Die rol van die ouerhuis as omgewingsinvloed.
 - 6.3.1 Ekonomiese toestande.
 - 6.3.2 Die ouer/kind-verhouding gedurende die kleutertydperk.
 - 6.3.3 Tuguitoefening.
 - 6.3.4 Wanaangepaste ouers.
 - 6.3.5 Ouers wat hulle kinders verwerp.
 - 6.3.6 Ongewenste persoonlikheidspatrone by die ouers.
 - 6.3.6.1 Die dominerende ouer.
 - 6.3.6.2 Die onderdanige ouer.
 - 6.3.6.3 Die senuweeagtige ouer.
 - 6.3.6.4 Die pruttelrige ouer.
 - 6.3.6.5 Die koppige ouer.
 - 6.3.6.6 Die besitlike ouer.
 - 6.3.6.7 Die onversoenlike ouer.
 - 6.3.6.8 Die temperamentele ouer.
- 6.4 Kinders met spesiale aanpassingsprobleme.
 - 6.4.1 Kinders met liggaamlike probleme.
 - 6.4.2 Die minder begaafde kind.
- 6.5 Die adolessente tydperk.
 - 6.5.1 Die sosiale ontwikkeling van die adolessent.
 - 6.5.1.1 Verhouding teenoor die ouers.
 - 6.5.1.2 Verhouding teenoor andere buite die gesin.
- 6.6 Samevatting.

H O O F S T U K VI

WANAANGEPASTHEID AS 'N BELANGRIKE FAKTOR

IN DIE LEWE VAN DIE

KINDERHUISKIND

6.1. INLEIDING:

Baie opvoeders verkeer onder die wanindruk dat die grootste behoefte van die ontwikkelende kind slegs 'n smag na vakkennis is. In die huidige eeu van spesialisasie op haas elke gebied van die lewe, val die klem dan ook veelal op verstandsonwikkeling en kennisverwerwing.

Miskien is dit so dat 'n kind gedryf moet word om die hoogste akademiese kwalifikasies te bereik, maar dan vind die opvoeder dat daar stremmende faktore is wat negatief inwerk op die verstandelike vormingsproses.

Dit is so dat die verstandsvermoë die belangrikste kenmerk van menswees is, maar om die realiteit nie te misken nie, moet daar verklaar word dat die mens geskape word as 'n religieuse persoonlikheid met 'n veeldimensionele onderbou en hy moet dan ook met die oog hierop opgevoed word. Kompartementele afbakening in die opvoedingsproses sal dus nie afstuur op die geïdealiseerde einddoel van die opvoeding nie.

Daar is dus slegs een uitweg wat die opvoedingsnorme sal eerbiedig, nl. die mens moet as 'n totaliteit opgevoed word. So het die opgroeiende kind nie slegs 'n verstandspotensiaal nie, maar beskik hy ook oor ander latente en patente potensialiteite en funksies wat ontwikkel moet word.

Anders gesproke kan daar baie stremmende faktore wees wat 'n negatiewe invloed op die vormingsproses uitoefen. Die opvoeder moet dus, as 'n integrale deel van sy beplande opvoedingsproses, diagnosties te

werk gaan om hierdie stremmende faktore te ontdek en uit die weg te ruim of minstens so te kanaliseer dat die opvoedingsproses doeltreffend kan verloop.

Betreffende die kindertehuis het die opvoeder met 'n groep individue te doen wat gedurende hulle belangrike vormingsjare fisies, psigies, sosiaal, ens. verwaarloos is. Hier was dus geen sprake van 'n totaliteitsopvoeding nie; daarom dan dat hulle as sorgbehoewend na 'n tehuis verwys is. Waarom word die tehuise soos Ons Kinderhuis dan as 'n toevlugsoord gebruik om tot die redding van diesulkes te kom? Teoreties word die vraag baie maklik beantwoord, nl. omdat daar geglo word dat hierdie inrigting maksimale geleenthede aan die opvoedingsgestremde bied om aan homself sosiale aanpasbaarheid te verseker.

In hierdie hoofstuk word dan die verskynsel van wanaangepastheid by die kind in die kindertehuis ontleed deur veral ag te slaan op die ouerhuis as die belangrikste omgewingsinvloed.

6.2. DIE BEGRIPPE "GOED AANGEPAS" EN "WANAANGEPASTHEID".

6.2.1. DIE BEGRIP "WANAANGEPASTHEID".

Die begrip "wanaangepastheid" staan in noue verband met sosiale aanvaarbaarheid en sosiale optrede. Vedder verklaar dan ook in hierdie verband:

Voor een gelukkig leven is het van uitermate groot belang, dat men in goede harmonie met zijn medemensen leeft. De mens die de soepelheid van geest mist om tot deze harmonie te komen, heeft het moeilijk. Hij ondervindt dat zijn medemensen hem niet aanvaarden, hij wordt uitgestoten en moet als een eenzame zijn weg gaan.

1

1. Vedder, R., Kinderen met Leer- en Gedragsmoeilijkheden, p. 158.

Wanneer 'n persoon nie in staat is om sy behoeftes op 'n sosiaal-aanvaarbare wyse te bevredig nie en hy die daaglikse probleme wat in enige individu se lewe voorkom nie suksesvol die hoof kan bied nie, is daar van "wanaangepastheid" sprake. Vedder verklaar:

--- de geestelijk gezonde mens is in staat zich aan veranderende omstandigheden aan te passen. De mens die dit niet kan, is geestelijk niet gezond. 1

Die daaglikse lewe is vir so 'n persoon te veel; hy voel onveilig en verstote en onttrek hom aan alle sosiale gebeurlikhede, met die gevolg dat hy sosiaal-gestrem raak. So 'n persoon is altyd ongemaklik in enige geselskap en hy kan dus nie goed met sy medemens assosieer nie.

In plaas van 'n harmonieuse geestesontwikkeling val so 'n persoon terug op kunsmatighede wat hy toepas om die leemtes in sy eie lewe aan te vul. So is daar kunsmatighede soos kompensasie (terg, boelie, grootpraat, verwaandheid, misdadigheid, ens.), rasionalisasie (uitstel, goedpraat, ens.), projeksie (fout vind, kritiseer en ontmoediging), egosentrisme (om die aandag te vestig op eie prestasie en die eie ek), terwyl 'n baie blatante kunsmatigheid voorkom as negatïvisme; dus weïering, rebellie, aggressiwiteit en kopïgheid.

6.2.2. DIE BEGRIP "GOED AANGEPAS".

Kortliks en tereg sou daar beweer kan word dat die term "goed aangepas" slegs die teenoorgestelde van "wanaangepastheid" is, maar verdere toeligting is noodsaaklik om groter helderheid te verkry.

Die goed aangepaste individu sal hom in die moeilikste situasie op die mees aanvaarbare wyse laat

1. Vedder, R., op. cit., p. 158.

geld. So 'n persoon is te alle tye in volle beheer van sy emosionele lewe sodat hy 'n gesonde geestesbalans handhaaf.

Hierdie persoon gaan die lewe met vertroue tegemoet, assosieer vrymoediglik met sy sosiale omgewing en andersyds is hy ook ten volle aanvaarbaar in sy assosiasies.

Daar moet egter onmiddellik gemeld word dat 'n volkome aangepaste mens dus op 'n volmaakte mens dui, en dit helaas kan nie waar wees as die skeppingsverhaal volkome begryp word nie.

Dit beteken dus dat die opvoedingsproses nooit volledig kan wees nie omdat die volmaakte mens nooit uit die proses kan uitkristalliseer nie. Wat wel van belang is, is om te weet dat daardie persone wat in 'n hoë mate aan die aanpassingsvereistes voldoen, wel as geslaagde opvoedingsprodukte beskou kan word.

6.3. DIE ROL VAN DIE OUERHUIS AS OMGEWINGSINVLOED:

Cole en Hall beweer tereg:

A careful and experienced observer can make a shrewd guess about a child's parents from noticing his behavior when he is away from them, because the child reflects to some extent at least the environment in which he has lived and the treatment he has received. 1

Deur 'n verdere agtergrondsanalise kan daar nou probeer word om die oorsake vir die wanaangepastheid by die kind in Ons Kinderhuis te peil. Aangesien Ons Kinderhuis as die ouerhuis vir die kinders fungeer, moet hierdie agtergrond ontleed word en 'n rehabilitasieprogram daargestel word.

1. Cole, L.W., Hall, I.N., Psychology of Adolescence, p. 394.

6.3.1. EKONOMIESE TOESTANDE:*

Armoede is 'n primêre faktor by die ontwikkeling en vaslegging van wanaangepastheid. Ekonomiese stremming veroorsaak 'n gevoel van onsekerheid en veral minderwaardigheid. Langner en Michael se ontleding van die ekonomiese probleem van huisgesinne genoodsaak hulle om te verklaar:

The atmosphere of the economically deprived home showed a tendency to be associated with increased mental health risk in later life. 1

So is die gebrek aan die noodsaaklike lewensmiddele (hier nie net voedsel, kleding en behuising nie, maar ook die gebrek aan middele om die talente uit te bou), verantwoordelik om die minderwaardigheidsgevoel te vestig. So 'n persoon is sensitief vir opmerkings deur maats en kan as kompensasie misdaad tot gevolg hê om in die behoeftes te voorsien.

Uit die ondersoek het dit geblyk dat een betrokke vader weens die diefstal van voedsel gevonnisd is. Die rede vir hierdie optrede was om sy kinders te versorg. Hier kom 'n belangrike lewenstrategie na vore, nl. ekonomiese ontberings wat 'n groot persentasie van die bevolking laat wurg.

Ook werk finansiële probleme swak behuising in die hand.** Hierdie toestande is geensins bevorderlik vir die so nodige gesonde gesinsverhouding nie. Persoonlike verfyndheid word afgestomp en die huislike opvoeding ly oneindig skade.

1. Langner, T.S., Michael, S.T., op.cit., p. 235.

* In hierdie verband kan weer verwys word na die algemene bespreking in verband met hierdie probleem op pp. 72, 73 (3.3.2.2), en die direkte verband daarmee betreffende ouerinkomste soos weergegee op p. 122 (tabel 3).

** Supra, p. 121 (tabel 2).

Gesonde ontspanning en vermaak kom ook nie tot volle reg binne die ekonomies-gestremde gesinslewe nie sodat ongewenste gedragsuitinge in baie gevalle die kompensasië vorm om die betrokke behoeftes te bevredig.

6.3.2. DIE OUER/KIND-VERHOUDING GEDURENDE DIE KLEUTERTYDPERK:

Die beginfase in die kinderontwikkeling is uiters belangrik, aangesien die fondament hier gelê word vir die daaropvolgende lewensontwikkeling. Alle ervarings voortspruitende uit hierdie fase is primêr-bepalend wat betref die persoonlikheidsstruktuur van die individu.

So is die moeder/kind-verhouding van die allergrootste belang omdat die emosionele verhouding wat hieruit voortspruit die kind se gevoel van lewensveiligheid en -sekerheid bepaal.

Die vader/kind-verhouding is eweneens belangrik, aangesien die vader die simbool van sterkte en navolging vir die kind is.

Daar kan beweer word dat die kleuterperiode by uitstek 'n sosiale aanpassingstydperk is. Afgesien van die feit dat die kind gedurende hierdie fase sy bekwaamhede en vaardighede ontwikkel, is dit ook die belangrike tydperk waarin lewenskonsepte vasgelê word. Uit tabel 1* is dit duidelik dat die kind se konsepvorming feitlik sonder uitsondering gebaseer word op belewenisse wat ernstige wanaangepastheid tot gevolg kan hê.

6.3.3. TUGUITOEFENING:

Tug is 'n Christelik-aanvaarbare opvoedingshulpmiddel; dog in die hande van die persoon wat nie

* Supra, p.118 .

die aanvaarbare tugnorme toepas en eerbiedig nie, is dit 'n doemfaktor wat kinderlewens permanent kan skaad.

So is ouers soms te streng of te toegeeflik as gevolg van morele swakheid. Oormatige en onberekende straftoediening vertroebel die waters waarin die familiebootjie vaar sodat die harmonieuse gesinsverhoudings teen die rotse te pletter loop.

Te min tugtiging werk losbandigheid in die hand en hierdie losbandigheid is die voorloper van onbeheerbaarheid ----- laasgenoemde 'n oorsaak van sorgbehoewendheid. So is onbestendige optrede deur een of albei die ouers baie nadelig vir die opvoeding van die kind. Laasgenoemde leer om ouers teen mekaar af te speel en sodoende sy sin te kry. Van werklike opvoeding kan daar dus geen sprake wees nie.

Tabel 1 toon aan dat 14 kinders in Ons Kinderhuis beland het as gevolg van aanranding deur die vader, terwyl daar 4 kinders is wat as gevolg van hulle onbeheerbaarheid in die tehuis beland het. Dit is 'n direkte aanklag teen die gesinslewe dat die tugverhouding nie na wense was nie.

Omdat die mens 'n onvolkome wese is wat maar altyd geneig tot die verkeerde is, sal die vestiging van begrippe soos orde, dissipline, verantwoordelikheid en gesagseerbiediging nie altyd sonder die tug as motiveringsfaktor kan geskied nie. Die korrekte gebruik van die tug as motiveringsfaktor veroorsaak dat die kind te alle tye sal besef dat oortredings nie ongestraf bly nie. Op hierdie manier leer die kind die ware betekenis van bogenoemde begrippe, maar meer nog probeer hy om uit die kennis van bogenoemde begrippe 'n eie ordelikheid, selfdissipline, eie verantwoordelikheid en 'n eie gesagseerbiediging na te streef.

Indien die tug as motiveringsmiddel verkeer-

delik aangewend word, sal die kind se konsepvorming in verband met bogenoemde begrippe ook wanvoorstelings van die realiteit wees. In so 'n geval kan selfdissipline, 'n eie ordelikheid, 'n eie verantwoordelikheid en 'n eie gesagseerbiediging nooit volgens die aanvaarbare wetmatige patroon uitkristalliseer nie en die resultaat van die ouer/kind-relasie is die kweking van wanaangepaste individue.

6.3.4. WANAANGEPASTE OUERS:

Respek en agting vir die ouers vorm die basis en motivering vir die totstandkoming van selfrespek en selfdissipline. Ouers wat losbandig lewe, hulle skuldig maak aan drankmisbruik en misdadigheid, kan eensins aanspraak maak op die respek en agting by hulle kinders nie. Genoemde gedrag deur die ouers kan ook die vestiging van sinoniemlike wanaangepastheid by die kind te weeg bring.

Hurlock onderskryf die bogenoemde stelling met :

The child uses his parents as models for his adjustment to life. If his parents are not well adjusted this gives the child a poor model to imitate and is likely to lead to problem behavior similar to that of his parents.

1

6.3.5. OUERS WAT HULLE KINDERS VERWERP:

Ter oriëntering kan die siening van Montagu in hierdie verband as rigsgoer dien. Dit word gedoen omdat die Christen glo dat, indien die liefdesband tussen die onderlinge gesinslede bestaan, verwerping van die kinders nooit sal plaasvind nie.

1. Hurlock, E.B., Child Development, p. 481.

Love it would seem, is the principal developer of the potentialities for being human, it is the chief stimulus to the development of social competence, and the only quality in the world capable of producing that sense of belongingness and relatedness to the world of humanity that every healthy human being desires and develops. 1

Kinders kan bewustelik en ook onbewustelik deur hulle ouers verwerp word. Dit kan vorms aanneem waarvan verwaarlosing, emosionele koudheid, verlating, dreigende verwyte, ongunstige vergelyking met ander kinders en oormatige straf die vernaamste komponente is.² Indien tabel 1* bestudeer word, is dit opmerklik dat, met slegs enkele uitsonderings, al die kinders van Ons Kinderhuis die ongelukkige produkte van ouerlike verwerping is.

Wanaangepastheid by hierdie kinders word vertoon deur die kind se gebruikmaking van aandagtrekkende meganismes om simpatie te verkry. Ook kan die kind simptome ontwikkel wat normaalweg by die psigopaat aangetref word, nl. emosionele onstabiliteit en 'n algehele gebrek aan 'n skuldgevoel. Vroeë diagnose van die verwerpingsfaktor word deur Bowley voorgedra, nl. dat die verstoteling 'n buitengewone begeerte vir voedsel en allerhande lekkernye vertoon, terwyl hierdie optrede slegs die begeerte en verlange na ouerliefde simboliseer.³

-
1. Montagu, M.F.A., The Direction of Human Development : Biological and Social Bases, p. 293.
 2. Pretorius, J.L., Opvoedkundige Sielkunde, p. 106.
 3. Bowley, A.H., The Psychology of the Unwanted Child, p. 19.
- * Supra, p. 118.

Geldenhuis sê dat ouerskap een van die lieflikste gawes is wat die mens van God ontvang het en tog is dit onbegryplik dat daar nog die dwase ouers bestaan wat onwillig is om ouerskap te aanvaar.¹ Hierby aansluitend kan daar verklaar word dat die voorkoms van wanaangepastheid onder die jeug uiters beperk sou wees indien die ouers van 'n volk te alle tye bereid sou wees om die volle verantwoordelikheid van die Goddelike gawe van ouerskap te aanvaar.

6.3.6. ONGEWENSTE PERSOONLIKHEIDSPATRONE BY DIE OUERS:

6.3.6.1. DIE DOMINERENDE OUER:

Hierdie ouer regeer met 'n ysterhand en geweld is die fondamentsteen van sy opvoedingspatroon. Die kind word in rigtings geforseer wat deur die ouer geïdealiseer word; dus word eie individualiteit, die grootste bate van die unieke mens, totalitêr onderdruk.

Newcomb sê dat hierdie gedwonge onderdanigheid tot mislukking gedoem is:

A man convinced against his will
is of the same opinion still. 2

Soms word onredelike eise aan kinders gestel en die gevolg daarvan is die vaslegging van 'n angsgevoel in die kinderhart. Hierdie angsgevoel kan in die kind se latere lewe ontwikkel tot gesagsverwerping bloot om ontslae te voel van die onderdrukte individualiteit gedurende die kindfase.

6.3.6.2. DIE ONDERDANIGE OUER:

Hierdie ouer gee toe aan alle eise van die kind met die gevolg dat die kind 'n ongebalanseerde persoonlikheid ontwikkel wat lei tot opsetlike onge-

1. Geldenhuis, N., Die Opgroeiende Kind, pp. 9,10.
2. Newcomb, T.M., Social Psychology, p. 243.

hoorsaamheid, verwaandheid en onbeleefdheid. Wanaangepastheid in die vorm van onbeheerbaarheid kan hieruit voortspruit --- laasgenoemde 'n belangrike faktor rakende hierdie ondersoek.

6.3.6.3. DIE SENUWEEAGTIGE OUER:

Hierdie ouer is weer gespanne, rusteloos en prikkelbaar; raak maklik ontsteld en is dikwels impulsief in sy optrede teenoor die kinders. Hierdie optrede skep 'n angsgevoel en vrese by die kind sodat die so noodsaaklike lewensekerheid ontbreek. So word 'n pessimistiese lewensbenadering by die kind vasgelê sodat dit vir laasgenoemde altyd moeilik sal wees om struikelblokke te oorkom.

6.3.6.4. DIE PRUTTELIGE OUER:

In hierdie gesinsituasie word daar voortdurend fout gevind sodat ontydige en somtyds ongeregverdigde straf die kind se lot is. Hierdie toedrag van sake skep konflikte en spanning wat wanaangepastheid by die kinders te weeg bring. Die kind soek aandag en simpatie en as kompensasie ontwikkel hy aggressiewe reaksies en grootdoenery soos lieg, steel, boelie, beskadiging van eiendom, ens.

6.3.6.5. DIE KOPPIGE OUER:

By hierdie ouer is daar geen kompromie nie; sy woord is wet. Hierdie optrede skaad die kind se sekuriteitsgevoel en daar is geen samewerking binne die huiskring nie. Die perfeksionistiese ouer stel te hoë eise aan die kind en laasgenoemde sit die beste voetjie tuis voor, maar ontpop as slordig, traak-my-nie-agtig en vernielsugtig weg van die huismilieu.

6.3.6.6. DIE BESITLIKE OUER:

Hurlock verklaar dat ouers wat oorbeskermend teenoor hulle kinders optree slegs die kiem van oorafhanklikheid by laasgenoemde kweek.¹

1. Hurlock, E.B., op. cit., p. 505.

In hierdie ouerhuis word die kind totaal van 'n eie kritiese denke en individualiteit beroof. Die kind ontpop later as 'n wanaangepaste, altyd-afhanklike mens wat deur die getyvloed van die latere lewe na willekeur rondgeskommel word. Aanpassing ten opsigte van individuele handhawing in die sosiale stroom kan nie geskied nie en die resultaat is 'n normlose produk van ouerlike besitlikheid.

6.3.6.7. DIE ONVERSOENLIKE OUER:

Voortdurende herinnering aan foute en oortredings van die verlede bring 'n voortdurende skuldgevoel en onsekerheid by die kinders te weeg. Hierdie kinders ontwikkel 'n permanente m'nderwaardigheidsgevoel wat dwars in die weg van aanpassing lê.

6.3.6.8. DIE TEMPERAMENTELE OUER:

Wispelturige emosionele uitbarstings van liefde afgewissel met vyandigheid en somtyds wreedheid voer die kind tot innerlike konflik en onsekerheid. Hierdie toedrag van sake kan die grondslag lê vir baie van die bestaande persoonlikheidsprobleme. Dit is vir die kind onmoontlik om onder hierdie omstandighede 'n kennis van wat reg en verkeerd is op te bou en hy sal sy latere sosiale optrede altyd bevraagteken, terwyl die vrees van sosiale verwerping altyd 'n deel van sy lewe sal wees.

6.4. KINDERS MET SPESIALE AANPASSINGSPROBLEME:

6.4.1. KINDERS MET LIGGAAMLIKE PROBLEME:

Hierdie faset is reeds in hoofstuk 3 behandel en verder toon tabel 1 ook aan dat daar 161 gevalle van verwaarlosing van kinders voorgekom het.* Baie van hierdie kinders kon egter, indien hulle betyds mediese behandeling ontvang het van hulle liggaamlike stremminge ontslae geraak het.

* Vergelyk in hierdie verband hoofstuk 3, pp. 42-77, asook die hoofredes vir sorgbehoewendheid soos weergegee op p. 118 (tabel 1).

Verder kan dit net genoem word dat die kind met liggaamlike gebreke ook nie altyd sy behoefte om miskien op sportgebied te presteer, kan bevredig nie. Hierdie feit kan tot wanaangepastheid lei deurdat die kind die een of ander afwykende gedragspatroon begin vertoon, soos: algehele onttrekking, selfbewustheid, minderwaardigheidsgevoel, asosiale optrede en selfs vrees. Die kind kan ook aggressief word, temperamenteel wees, aandagtrekkende meganismes openbaar en gespanne wees.

Die kern van die hele situasie is dat die kind deur die opvoeding gelei moet word om sy gebreke te aanvaar en daarmee saam te leef. Die genoemde tabel 1 het egter aangetoon dat weinig van die kinders enige vorm van positiewe leiding tuis ontvang het met die gevolg dat die kiem van wanaangepastheid ongestoord kon wortel skiet.

6.4.2. DIE MINDER BEGAAFDE KIND:

Die kind wat nie op akademiese of sportgebied kan uitblink nie is ook baie vatbaar vir wanaangepastheid. So 'n kind kan 'n sterk minderwaardigheidsgevoel ontwikkel en gefrustreerd raak omdat die prestasies hom voortdurend ontwyk. Vedder waarsku dat nie elke kind wat minder begaafd is moeite ondervind om hom in die sosiale lewe te handhaaf nie.¹ Die opvoeder is verplig om met hierdie siening saam te stem, maar die "nie elke kind" van Vedder veronderstel tog baie probleemgevallen.

6.5. DIE ADOLESSENTE TYDPERK:

Daar moenie bloot aan hierdie tydperk gedink word as 'n biologiese veranderingsfase in die mens se lewe nie. Hierdie fase is belangrik in soverre dit nie net geslagsrypheid kondisioneer nie, maar ook verantwoordelik is vir emosionele rypheid en sosiale aan-

1. Vedder, R., op. cit., p. 28.

passing.

Daar kan egter nie beweer word dat die individu se emosionele lewe uitsluitlik tydens hierdie fase vasgelê word nie. Nee, sy emosionele rypheid en sosiale aanpasbaarheid tydens hierdie fase sal ten nouste afhang van faktore strekkende sedert vroeëre tye. So sal die adolessent se benadering ten opsigte van sekere aangeleenthede ten nouste saamval met sy persoonlikheidsstruktuur, terwyl laasgenoemde se kern reeds lank voor die puberteitsjare gevorm is.

Is die puberteitsjare 'n probleemfase? Die hedendaagse beskouing is dat hierdie fase nie noodwendig deur probleme en konflikte gekenmerk behoort te wees nie. Tereg kan dan ook verklaar word dat hierdie fase van die gelukkigste in die mens se lewe behoort te wees.

Wat egter in die geval van die kind in die tehuis aandag verdien, is die feit dat hierdie fase wel baie hoë eise aan die individu stel. Hierdie eise genoodsaak positiewe leiding aan die individu en indien hierdie leiding ontbreek, kan die gevolge verpletterend-nadelig op hom inwerk.

Uit die studie tot dusver kan afgelei word dat die adolessente tydperk vir baie van die kinders 'n probleemfase is en diegene wat hierdie fase tuis deurbring het, kan tekens van wanaangepastheid vertoon.

Daar word ook by die adolessent spesifieke emosionele patrone aangetref. Emosionele aangepastheid sou beteken dat die adolessent sy eie emosies begryp en weet hoe om dit te beheer. Hierdie toestand kom nie somaar vanself nie, maar is die produk van selfondersoek en bepeinsing. Verder moet die adolessent reaksies van die sosiale kring op sy emosies evalueer en belangriker nog respekteer sodat hy normatief te werk sal gaan om sy eie emosionele patroon te formuleer.

6.5.1. DIE SOSIALE ONTWIKKELING VAN DIE ADOLESSENT:

6.5.1.1. VERHOUDING TEENOR DIE OUERS:

Uit hierdie verhouding kan die adolessent baie baat vind tot persoonlike aanpassing. Die waarheid is egter dat in die geval van die kind in die tehuis daar grotendeels sprake van 'n ouer/kind-konflik was. Gerdes beweer dat daar veral 5 faktore is wat bepalend in hierdie konflik is, nl. die emansipasie van die kind; eise vir meer onafhanklikheid as wat die ouers bereid is om toe te staan; afkeer van metodes van dissipline deur die ouers gebruik wat die adolessent as kinderagtig beskou; gedurige kritiek oor die ouer deur die adolessent en die generasie-konflik (die verskil in ontwikkelingstadium tussen ouer en kind.)¹

In al hierdie probleme behoort die adolessent gelei te word maar ook beheer te word sodat hy 'n gesonde gesinsverhouding kan aankweek.

6.5.1.2. VERHOUDING TEENOR ANDERE BUIE DIE GESIN:

Voor die adolessente tydperk het 'n geformuleerde sosiale verhouding nie veel saak gemaak nie, maar gedurende hierdie fase is hierdie verhoudingskwessie 'n knelpunt wat noukeurig uitgesorteer moet word. Indien hierdie verhouding vir die adolessent wanfunksioneer, sal dit sy groepsaanpassing dienooreenkomstig benadeel en hom dus as sosiaal-gestrem agterlaat.

6.6. SAMEVATTING:

Vir 'n finale ontleding van die kind wat hom in Ons Kinderhuis bevind, moes die faktor van wanaangepastheid en die voorkoms daarvan onder die kinders bespreek word.

1. Gerdes, L.C., Die Adolessensie met besondere verwysing na emosionele en sosiale aanpassing, vgl. Ontwikkelingsielkunde : Sielkunde-Biblioteek 1, pp. 44, 45.

Daar is bevind dat by die grootste persentasie van die kinders in die tehuis daar wel faktore in-kiem teenwoordig is wat sosiale gestremdheid, dus sosiale wanaangepastheid, veroorsaak. Die grondoorsake hiervoor moet eerstens gesoek word in omgewingsinvloede waar die ouerhuis geen geringe rol speel nie.

So gesien, behels die taak van Ons Kinderhuis in die eerste plek rehabilitasie waar die individu heraktiveer moet word ten opsigte van sy/haar taak as burger(es) van Suid-Afrika.

Hierdie rehabilitasieproses kan alleenlik bewerkstellig word deur die kinders op te voed in die Christelik-nasionale beginsels van hulle volk.

Sekere vrae sal nou opduik wat beantwoording vereis, nl.:hoe gaan Ons Kinderhuis te werk betreffende die opvoeding van die kinders? Beskik die tehuis oor die nodige opvoedingsmiddele? Hoe word die religieuse-, morele-, sosiale-, estetiese- en liggaamlike ontwikkeling van die kinders as opvoedkundige doelstellings uitgebou?

Eerstens sal 'n ontleding van die opvoedkundige doelstellings dus noodsaaklik wees, want dit sal die kriterium wees waarvolgens evaluasie van die opvoedingswerk kan geskied.

In die volgende hoofstuk word die opvoedingskriterium dan ontleed wat die basis sal verskaf ter evaluering van die opvoedingspraktyk.

A F D E L I N G B

ONS KINDERHUIS : OPVOEDINGSKRITERIUM EN

OPVOEDINGSPRAKTYK

H O O F S T U K VII

DIE KRITERIUM VIR DIE OPVOEDING VAN DIE

KIND IN DIE KINDERTEHUIS

- 7.1 Algemeen.
- 7.2 Die lewens- en wêreldbeskouing as 'n integrale deel van die opvoedingspraktyk.
- 7.3 Die noodsaaklikheid van opvoeding.
- 7.4 Die noodsaaklikheid van Christelik-nasionale opvoeding.
- 7.5 Die mag en grense van die opvoeding.
 - 7.5.1 Die kind se uiterste jeugdigheid.
 - 7.5.2 Die bereiking van die selfopvoedingsideaal.
 - 7.5.3 Begrensing as gevolg van die vryheidsbeginsel.
 - 7.5.4 Die kind se aangebore aanleg.
 - 7.5.5 Stremmende omgewingsinvloede.
 - 7.5.6 Die sondige natuur van die mens.
- 7.6 Die opvoedkundige doelstellinge.
 - 7.6.1 Persoonlikheidsopvoeding as sub-doelstelling.
 - 7.6.2 Die religieuse opvoeding as sub-doelstelling.
 - 7.6.3 Die waaragtige geloof in God as sub-doelstelling.
 - 7.6.4 Die sedelike opvoeding as sub-doelstelling.
 - 7.6.5 Die kweek van 'n gewenste gesagsverhouding as sub-doelstelling.
 - 7.6.6 Estetiese opvoeding as sub-doelstelling.
 - 7.6.7 Die ekonomiese opvoeding as sub-doelstelling.
 - 7.6.8 Sosiale opvoeding as sub-doelstelling.

- 7.6.9 Beheerste taalgebruik as sub-doelstelling.
- 7.6.10 Die kulturele opvoeding as sub-doelstelling.
- 7.6.11 Die verstandelike opvoeding as sub-doelstelling.
- 7.6.12 Gevoelsopvoeding as sub-doelstelling.
- 7.6.13 Opvoeding tot liggaamsbeheersing as sub-doelstelling.
- 7.6.14 Natuuropvoeding as sub-doelstelling.
- 7.6.15 Opvoeding in nuttige tydsbesteding as sub-doelstelling.
- 7.7 Opsommend.
- 7.8 Samevatting.

H O O F S T U K V I I

DIE KRITERIUM VIR DIE OPVOEDING VAN DIE KIND IN DIE KINDERTEHUIS

7.1. ALGEMEEN:

Deel 1 van hierdie studie het gehandel oor die eksterne faktore wat verantwoordelik is vir die vestiging van die bestaande kinderhuise. Die maatskaplike ewels wat gesinsdegenerasie in die hand werk, asook die invloed van hierdie ewels op die normale ontwikkelingsgang van die kind, het aandag geniet.

Die bestaan en algemene funksionering van een van die tehuse, nl. Ons Kinderhuis, is ook by die eerste gedeelte van hierdie studie ingesluit om 'n oorsigtelike beeld te verskaf in verband met die algemene organisasie van hierdie kindertehuse.

Die tweede gedeelte van hierdie studie handel uitsluitlik oor die opvoedkundige doelstellings van hierdie tehuse met besondere verwysing na die interne opvoedingstaak van Ons Kinderhuis.

Alvorens die opvoedingswerk aan die tehuis ontleed kan word, sal daar sprake moet wees van 'n kriterium waarvolgens die taak van Ons Kinderhuis in hierdie verband geëvalueer kan word.

Hoofstuk 7 dien dan ook as die maatstaf waarvolgens alle opvoedingswerk in die algemeen en die opvoedingswerk van Ons Kinderhuis in die besonder geëvalueer kan word om die geslaagdheidsgraad te bepaal.

7.2. DIE LEWENS- EN WÊRELDBESKOUIING AS 'N INTEGRALE DEEL VAN DIE OPVOEDINGS-PRAKTYK:

Om 'n ontleding te maak van die opvoedingspraktyk van Ons Kinderhuis, sal die ontleding slegs volledig wees indien daar ook ruimte aan die opvoedings-teorie en die gevolglike ineengevlegtheid met die betrokke lewens- en wêreldbekouing, afgestaan word.

Die praktyk vorm die laboratorium vir alle teoretiese besinning. Geen praktyk kan dus bestaan sonder dat teoretiese formulering geskied het nie. Die praktyk sal dan ook die aanvaarbaarheidsgraad en die toepassingsmoontlikhede van die teoretiese sonder twyfel bepaal.

So gesien, kan die teoretiese dan as die oorsprong van die praktiese bestempel word. Wat is dan die oorsprong van die teoretiese? Sou dit gesetel wees in menslike beredenering en gedagte-ordening?

Die teoretiese se grondliggende oorsprong is gesetel in die wese van 'n bepaalde lewens- en wêreldbeskouing. Hierdie lewens- en wêreldbeskouing kan ook van mens tot mens en van volk tot volk verskil. Die bepaalde lewens- en wêreldbeskouing van 'n mens of 'n volk is weer gesetel in die betrokke mens of volk se mens/God-relasie.

So huldig die Christelike lewens- en wêreldbeskouing die mening dat God die Skepper van die heelal is en daarom moet alle gebeure binne die heelal tot Sy eer geskied.

Die Christelike lewens- en wêreldbeskouing vereis dus en erken dat God die Bron van alle goeie dinge is. God is dus die oorsprong van die lewens- en wêreldbeskouing; Hy is dus ook die oorsprong van die teoretiese- en die praktiese opvoeding.

Die mens is dus verplig om sy denke, kultuur, taal, sosiale omgang, ekonomiese bedrywighede, skoonheidsgevoel, gesagshandhawing, liefdesuitinge en geloofservaring, so in te rig dat dit te alle tye tot eer van Sy naam sal geskied.

Geen opvoedingsbedrywighede kan dus bestaan sonder 'n teoretiese formulering nie en hierdie teorie word weer gebou op 'n bepaalde lewens- en wêreldbeskouing.

Die opvoedingspraktyk streef dus na die omhoogleiding van die kinders; dus 'n diens aan die onvolwassene om tot wasdom en rypheid te kom sodat die hoogste lewensdeug, nl. 'n lewe tot eer van God, 'n unieke belewenis in elke mensehart sal wees.

7.3. DIE NOODSAAKLIKHEID VAN OPVOEDING:

God skape die mens na Sy beeld en vestig hom met 'n bepaalde doel op aarde. Die mens het dus 'n bestemming en die veronderstelling is dat die mens se tydelike lewe op hierdie aarde 'n voorbereiding vir sy ewige eindbestemming moet wees.

Kriekemans sê dat opvoeding beslis noodsaaklik is omdat die mens nie vanself tot geestelike en menswaardige volwassenheid kan kom nie.¹

In die geboorte van die mens lê ook opgesluit die noodsaaklikheid van die opvoeding. Anders as die dier, word die mens as 'n hulpelose wese gebore. Die mens is dus noodsaaklik onderworpe aan opvoedende beskerming, omdat daar 'n lang tydperk verloop voordat volwassenheid bereik word.

Die doopformulier verwys ook na hierdie tydperk van onvolwassenheid, asook die noodsaaklikheid van die opvoeding vir die onvolwassenes:

Ten derde, beloof u en is dit u voorneme om hierdie kinders, as hulle tot hulle verstand gekom het, elkeen syne, in hierdie leer na u vermoë te onder-
rig of te laat onderrig? *

God eis dus 'n positiewe inmenging aan die kant van die volwassene om die nodige leiding deur middel van die opvoeding aan die onvolwassene te verskaf.

1. Kriekemans, A., Algemene Pedagogiek, p. 65.

* Sien in hierdie verband die DOOPFORMULIER, en wel die derde vermaning aan die ouers.

Die kind word gebore as 'n liggaamlike afhanklike en geestelike onselfstandige wese. Hy beskik nie oor die nodige kennis aangaande die verbondsgedagte nie, maar tog is hy 'n deel van die genadeverbond van God met die mens en kan hy daarom nie uitgesluit word nie.

Die onvolwassene, wie se verstand, oordeelsvermoë en besef van die sedelike, nog onontwikkeld is, kan dus nie onderskei tussen wat reg en verkeerd is nie en opvoeding is dus noodsaaklik om 'n ordelike Christelike lewensontwikkeling te bewerkstellig.

7.4. DIE NOODSAAKLIKHEID VAN CHRISTELIK-NASIONALE OPVOEDING:

Die voorafgaande bespreking dui op die noodsaaklikheid van 'n Christelike opvoeding. Omdat God die Begin van die skepping is, is Hy ook die Einde daarvan. Opvoeding moet dus Teosentries wees; dus gerig wees om in Sy diens te staan.

Die opvoeding moet egter ook Christelik-nasionaal wees sonder om nasionalisme te verabsoluteer. Elke volk het 'n eie taal, kultuur, geskiedenis en tradisies. Die onvolwassene is nie in staat om hierdie tradisies, kultuur, geskiedenis en taal, te begryp nie. Alleen deur die positiewe leiding en voorligting van die volwassene; dus opvoeding, kan die ware implikasies van sodanige begrippe by die onvolwassene vasgelê word.

Verabsoluttering van die nasionale, mag egter nooit geskied nie, want die nasionale opvoeding moet te alle tye gefundeer wees in die Christelike waarhede. Die nasionale besittings kan dus nooit as absoluut soewerein bestempel word nie; daarom kan daar nooit sprake wees van nasionale Christelikheid nie, nee, Christelike nasionalisme is die enigste wagwoord.

7.5. DIE MAG EN GRENSE VAN DIE OPVOEDING:

Weens die bestaan van 'n groot verskeidenheid van lewens- en wêreldbeskouings, is daar dan ook talle denkrigtings wat verskillende teorieë huldig in verband met die mag en grense van die opvoeding.

Sommige denkrigtings beweer dat die opvoeding tot alles in staat is; dus almagtig is, terwyl andere beweer dat die opvoeding feitlik tot niks in staat is nie; dus totaal onmagtig is.

Die empiriste glo, dat weens die feit dat alle kennis op ervaring gebaseer is, feitlik alles denkbaar met die kind se opvoeding bereik kan word. Die empiriste staan dan ook in hulle opvoedingsleer as die optimiste bekend.

Die nativiste, daarenteen, glo dat erflikheidsfaktore 'n beslissende rol in die mens se lewe speel; gevolglik sal die opvoeding weinig kan bewerkstellig. Met hierdie siening onderskei hierdie denkers hulle as volslae pessimiste betreffende die opvoedingsleer.

Die Christen-denker glo dat die opvoeding ener syds nie tot alles nie, maar andersyds ook nie tot niks nie, in staat is. Hierdie toegewing dat die opvoeding nie almagtig is nie, veronderstel dat daar faktore aanwesig is wat die mag van die opvoeding begrens.

7.5.1. DIE KIND SE UITERSTE JEUGDIGHEID:

Gedurende die suigelingsfase vertoon die kind 'n passiewe benadering met betrekking tot die opvoeding. Die kind kan nog nie begryp nie en kommunikasie blyk onmoontlik te wees.

Daar kan nooit beweer word dat die omgewingsinvloede tydens hierdie fase absoluut niks bereik nie. Die gewoontevorming en dressuur wat die leerproses van hierdie tydperk kenmerk, is 'n belangrike stap voren-

toe in die bereiking van selfstandigheid. Gunter verklaar dan ook in verband met hierdie lewensfase:

Hierdie voor-opvoedingsfase is 'n belangrike voorwaarde en voorbereiding vir die kind se opvoeding in die ware sin later, en as sodanig is dit van die allergrootste belang vir sy geestelike grootwording.

1

7.5.2. DIE BEREIKING VAN DIE SELFOPVOEDINGSIDEAAL:

In die beginfase van die kind se lewe is hy totaal afhanklik van die leiding van sy meerderes. Namate 'n eie selfstandigheid bereik word, ontwikkel die subjektiewe oordeel en die drang na selfopvoeding kry gestalte.

Hierdie oorgaan van opvoeding tot selfopvoeding, vind nie eensklaps plaas nie en die bewuswording van 'n eie verantwoordelikheid en die aanvaarding van 'n eie vryheid is 'n geleidelike deurbraak op die weg van volwassenheid.

Indien die individu dus die lewe van selfopvoeding betree, skud hy die inmenging van buite geleidelik af; dus word die mag van die opvoeding begrens.

7.5.3. BEGRENSING AS GEVOLG VAN DIE VRYHEIDSBEGINSEL:

Die mens is nie as 'n robot geskape wat in slaafse navolging moet optree nie. Menswees behels vryheid van denke en daad en daarom dan ook dat elke mens 'n unieke wese as gevolg van sy individualiteitsstruktuur, is.

Die mens besit die vryheid om deur eie, unieke beslissing, keuse en daad sy opvoedbaarheid te bepaal. Al word die beste opvoedingsgeleentheid aan die kind gebied, kan dit nog gebeur dat hy die lewe as 'n mislukking betree, want deur eie beslissing sal die gebruik wat daar van die opvoedingsgeleentheid gemaak

1. Gunter, C.F.G., Aspekte van die Teoretiese Opvoedkunde, p. 198.

word, bepaal word.

7.5.4. DIE KIND SE AANGEBORE AANLEG:

Verskillende kinders vertoon verskillende opvoedingsmoontlikhede. Die begaafde kind besit 'n hoë graad van opvoedingsmoontlikheid. Die verstandelik-vertraagde en ander sub-normale kinders besit beperkte opvoedingsmoontlikhede. Die opvoeding is nie in staat om die idioot en die imbesiel tot dieselfde peil as die genie te ontwikkel nie. Ook kan die persoon wat geen talent in klavier vertoon, nooit tot 'n knap pianis gedryf word nie.

Hierdie talentgawes of aangebore aanleg van die mens, bepaal sy opvoedingsmoontlikheid met die gevolglike opvoedingsgrense.

7.5.5. STREMMENDE OMGEWINGSINVLOEDE:

Sosiale verskynsels wat die opvoeding begrens, is reeds breedvoerig behandel.* Genoeg om hier te konstateer dat finansiële probleme, kerkklosheid, verwaarloosing, misdadigheid, werkloosheid, ens. afbrekend inwerk op alle opvoedingswerk.

7.5.6. DIE SONDIGE NATUUR VAN DIE MENS:

Die strewe van die opvoeding is om die mens tot volmaaktheid te bring. Hierdie hoogste doelstelling kan egter nooit bereik word nie, aangesien die sondige natuur van die mens van hom 'n beperkte wese maak.

Om hierdie rede kan die opvoeding die mens help om 'n waardiger en beter wese te word, maar nooit 'n volmaakte wese nie. Die opvoeding is daarop ingestel om die hoogste lewenswaardes by die mens tuis te bring, maar laasgenoemde se sondige natuur werk voortdurend degenererend in sodat volkome deugdigheid nooit deur die opvoeding bewerkstellig kan word nie.

* Supra, pp. 64-75 (3.3).

Die mens se verlossing en sy seëviering oor die kwaad, kan alleen bewerkstellig word deur die uitreddende genade van God. Selfs na sy bekering en wedergeboorte, ontwyk die volmaaktheid nog die mens. Hy sal steeds midde in die lewenstryd verkeer en die welslae van hierdie strydboering is alleen maar afhanklik van die Genade van God.

Die opvoeding word dus begrens deur die sondige natuur van die mens en die kwade kan nooit deur die opvoeding uitgeroei word nie. Die opvoeding is dus in staat om baie te bereik, maar oppermagtig is dit beslis nie.

7.6. DIE OPVOEDKUNDIGE DOELSTELLINGE:

Streng gesproke bestaan daar slegs een allesoorheersende opvoedkundige doelstelling, nl. om die kind as 'n totaliteit op te voed. Om hierdie totaliteitsopvoeding te loods, is daar sprake van sub-doelstellinge wat almal saamwerk om die totaliteitsideaal te verwesenlik.

7.6.1. PERSOONLIKHEIDSOPVOEDING AS SUB-DOELSTELLING:

Die begrip "persoonlikheid" het 'n verskeidenheid van betekenis: wetlik, grammatikaal, eties, religieus, ekonomies en sielkundig. Die sielkundige benaderings wissel tussen diegene wat dit definieer as 'n stimulus en ander wat dit as 'n respons bestempel, asook sommige wat 'n tussen-in-veranderlike daarvan wil maak.

Die stimulus-definiëring word selde deur sielkundiges gebruik, terwyl die definiëring van persoonlikheid as die somtotaal van alle response weer te breed is.

Dit blyk dus dat die middeweg van persoonlik-

heid as 'n tussen-in-veranderlike meer die algemene siening weergee. ¹

Greene, en andere verklaar, dat dit moeilik is om 'n bepaalde definisie aan die begrip "persoonlikheid" te koppel omdat dit die mees omvattende term is wat in 'n bespreking in verband met die mens gebruik kan word. ²

Van Rensburg kom tot die gevolgtrekking dat persoonlikheid die integrasie en organisasie binne 'n individu is van al sy eienskappe wat sy gedrag bepaal. ³

Daar kan dus verklaar word dat persoonlikheid 'n aangebore en aangekweekte fisiese, sowel as geestelike krag is wat die hele menswees behels en die individuse eiesoortige optrede in alle omstandighede bepaal.

Die mens se hele optrede, sy doen en late, al sy besluite en handeling op elke lewensterrein, word deur sy besondere religie bepaal. Persoonlikheidsopvoeding gaan dus hand aan hand met die besondere religie. Die Christelike persoonlikheidsopvoeding het dus ten doel om die kind te help om die Christelike religie, die toonaangewende stukrag vir sy hele lewe van handeling te maak. ⁴

7.6.2. DIE RELIGIEUSE OPVOEDING AS SUB-DOELSTELLING:

Die onvolwasse kind se verhouding tot God word gekenmerk deur 'n gebrekkige kennis, insig en be-

-
1. Smith, H.C., Personality Development, pp. 39,40.
 2. Greene, H.A., Jorgensen, A.N., Gerberich, J.R., Measurement and Evaluation in the Secondary School, p. 280.
 3. Van Rensburg, J.A.J., Sielkunde, p. 349.
 4. Erasmus, O.C., Teoretiese Opvoedkunde, Deel 2, p. 10.

grip. Die opvoeding moet die nodige leiding in hierdie verband verskaf.*

Die kind moet tot die besef gebring word dat hy 'n belangrike plek in die Christelike mensegeslag bekleed en as sulks moet hy sy hele lewe in die diens van God en sy medemens stel.

Onder leiding van 'n Christelike gesag, moet die kind al sy lewensfunksies as 'n kanaal vir die uitlewering van die Christelike religie sien. So sal hy besef dat die Christelike religie die maatstaf is vir die hele doen en late van die mens.

7.6.3. DIE WAARAGTIGE GELOOF IN GOD AS SUB-DOELSTELLING:

Die opvoeding moet die verskil tussen geloof en religie duidelik uitbeeld. Die vorm en inhoud van die geloof word deur die Christelike religie bepaal.

Die geloofsfunksie van die mens staan in noue verband met die vurigheid van die mens se godsdienstige lewe. Hierdie godsdienstige lewe van die mens behels die bywoning van die eredienste, bidure, 'n persoonlike gebedslewe, belydenisaflegging en huisgodsdienste.

Die Christelike religie moet die mens dring om te alle tye in gemeenskap met God te verkeer by wyse van 'n gereelde en daadwerklike inskakeling in al die verskillende fasette van die godsdienstige lewe.

Deur die geloofslewe put die Christen die nodige motivering om 'n godvrugtige lewe te lei. Die opvoeding moet die kind dring om in God te glo en dus te besef dat God en die sonde nie saamgaan nie. Om dus tot eer van God te lewe, beteken om die oue natuur te kruisig.

* Infra, pp. 221-228 (8.6).

Die opvoeding moet ook die kind onder die besef bring dat Christus die mag van die sondedood verbreek het; daarom is die mens bevoorreg om die Ewige Lewe te kan beërwe.

7.6.4. DIE SEDELIKE OPVOEDING AS SUB-DOELSTELLING:

Die kind kan alleen onder die gesagsleiding van die opvoeding tot 'n bewuswording van die ware sedelikheid kom. God is die oorsprong van alle ware sedelikheid. Sy gebooie dui die weg van die ware sedelikheid aan.

'n Gehoorsame uitlewing van die Wet van God impliseer die regte sedelike lewensberadering. Die lewensuitinge wat in stryd met die Wet van God verkeer, impliseer 'n verkeerde sedelike bewussyn by die mens.

Deur die opvoeding leer die kind dat die geloof in God die waarborg is vir die morele daad. Alleen die mens wat deur die geloof die Wet van God eerbiedig, sal die goeie in die lewe kan smaak. Hierdie goeie lê opgesluit in: liefde teenoor die medemens; naastediens; die beoefening van geduld; spontane vriendelikheid; sagmoedigheid; beginselvastheid; getrouheid; eerlikheid; regverdigheid; grootmoedigheid en onbaatsugtigheid.

Die opvoeding moet dus in die eerste plek die kennis van die goeie by die kind tuisbring. Vervolgens moet die kind in die goeie ge oefen word en in hierdie oefening, word die liefde vir die goeie, vasgelê.

Die Christen glo dat al die goeie gawes wat hierbo genoem word, slegs deur die Genade van Christus verkry kan word en dus genadegawes is. Die opvoeding wat egter in die diens van God staan, vorm die kinderhart, sodat dit ontvanklik sal wees vir hierdie genadegawes en die kind se hele lewe positief beïnvloed sal word.

7.6.5. DIE KWEEK VAN 'N GEWENSTE GESAGSVERHOUDING AS SUB-DOELSTELLING:

Die opvoeding is verantwoordelik vir die kweek van die deug van onderdanigheid by die jeug. Hierdie onderdanigheid veronderstel nie 'n slaafse gesagseerbiediging nie, maar word gebore uit die bestaan van 'n eie gewetensgesag by die kind.

Die kind moet opgevoed word om die gesagswette te verstaan en veral die doel daarvan te begryp. So moet hy onderdanig wees aan die owerheid, sy ouers, die kerkgesag en skoolgesag. Die gesag van die gemeenskap en die gepaardgaande behoortlikheidseise moet eerbiedig word.

Ook is die kind nie slegs 'n passiewe onderdanige nie, nee, deur die regte voorbeeld en periodieke berisping moet hy help om gesag te handhaaf. Ander mag dus nooit in sy teenwoordigheid wette oortree sonder om vermaan te word nie.

Die kind moet tot die besef gebring word dat gesagseerbiediging nie net 'n juridiese aangeleentheid is nie, maar dat elke wetmatigheid op alle lewensterreine, ingesluit word. Op hierdie manier besef die kind dat deur 'n eie gesagseerbiediging elke mens 'n groot deel bydra betreffende sy eie lewensgeluk.

7.6.6. ESTETIESE OPVOEDING AS SUB-DOELSTELLING:

Die estetiese opvoeding behels die ontwikkeling van goeie smaak by die kind. Vervolgens word die kind geleer om kuns te waardeer, terwyl die talente en skeppende vaardighede ook ontdek word.

Indien 'n goeie smaak en waardering vir die skone van die kind besit neem, sal hy gedring word om die skone harmonie op alle lewensterreine te bevorder. Omdat skoonheid veredelend, verrykend en verheffend op die menslike gees inwerk, is dit dan ook 'n inherente deel van menswees.

Estetiese opvoeding poog nie slegs om waardering vir die skone op die meer bepaalde kunsterreine by die kind vas te lê nie. Benewens 'n goeie smaak en waardering vir musiek, die beeldhoukuns, skilderkuns en poësie, moet die skoonheid op elke ander lewens-terrein raakgesien, waardeer en bevorder word.

Die skoonheid van die natuur, die wonder van 'n kosmiese heelal, die menslike liggaam as skeppingswonder, die grasia en vaartbelyning wat die diereryk kenmerk, selfbeheerste gedragsuiting, verfyndheid van denke en taalgebruik, harmonieuse funksionering van alle samelewingsverbande, beheerste en bestendige behoeftebevrediging, ordelike gesagseerbiediging, 'n waarderende en normgehoorsame liefdeslewe en 'n allesoorheersende geloofslewe — hierdie, en nog veel meer lewenswaardes, word deur die estetiese opvoeding by die kind vasgelê.

7.6.7. DIE EKONOMIESE OPVOEDING AS SUB-DOELSTELLING:

Spaarsaamheid moet as lewensideaal in elke kind ingegraveer word. Die ekonomiese opvoeding moet die vernietigende gevolge van verkwisting aan die kind openbaar, nl. volksverarming en voortdurende ekonomiese afhanklikheid. Verder is misdaderverskynsels soos diefstal, egskeiding, kinderverwaarlosing en selfs moord en selfmoord, direkte uitvloeisels van ekonomiese spanning weens verkwisting.

Buitensporige verkwisting deur individue tadel dus die hele volk af, sodat die gesondheidspeil weens ondervoeding, asook 'n lae kultuurpeil, die volk afstomp tot liefdeloosheid, wetteloosheid en estetiese verwaarlosing.

Voorligting in verband met die direkte besparing van geld om sodoende die nasionale ekonomie uit te bou, moet geskied. Ook moet die kind leer dat indirekte besparing soos eerbied en beskerming

van persoonlike artikels en publieke eiendom, 'n gesonde ekonomiese gesteldheid van 'n volk stimuleer.

Bogenoemde voorligting moet steeds geskied tesame met die waarskuwing teen vrekkerigheid. So sal die noodsaaklike finansiële bystand aan die staat, kerk en algemene liefdesdiens nie skade ly nie.

Die ekonomiese faktor geld nie slegs vir die materiële sy van die lewe nie. Die kind moet opgevoed word om sy liggaamskragte, woorde, ontspanning en tyd op die mees ekonomiese manier aan te wend.

7.6.8. SOSIALE OPVOEDING AS SUB-DOELSTELLING:

Die kind word opgevoed met die besef dat hy 'n lid van die plaaslike gemeenskap is. Hierdie plaaslike gemeenskap het unieke vraagstukke en dit is noodsaaklik dat elke individu 'n positiewe aandeel in die welsyn van die samelewing moet hê.

Die verbreding van die veld van sosiale opvoeding, is ook daarin geleë dat die kind moet besef dat die plaaslike gemeenskap nie al gemeenskap is nie. Daar is verskillende soorte gemeenskappe in Suid-Afrika en elkeen het 'n eie kultuur, terwyl taal en geloofsverskille ook bestaan.

Verantwoordelike en aktiewe lidmaatskap geld dus nie net op die plaaslike terrein nie, maar geld ook op die breër nasionale terrein. Die kind moet dus weet dat hy ook 'n goeie burger van die staat moet wees. Hy moet dus daarop ingestel wees om 'n gesonde perspektief, betreffende die staatslewe te ontwikkel. Demokratiese beginsels moet 'n eie ervaring word en ook politieke en stemregverpligtinge moet verantwoordelik beoefen word.

Die kind moet besef dat Suid-Afrika oor belangrike Christelik-nasionale kultuurerfenisse beskik wat as kosbaar bestempel en bewaar moet word, terwyl dit steeds uitgebou en aan die nageslag oorgedra moet

word.

Uit eie ervaring en deur positiewe leiding, kom die kind tot die besef dat 'n individu van die massas onderskei kan word, maar nooit geskei kan word nie; daarom kan liefdesdiens, estetiese harmonie, gesags-eerbiediging, alle denke, taal, kultuur, liggaamsaktiwiteite en selfs tydsbesteding slegs in sosiale verbande voltrek word.¹

Ook poog die sosiale opvoeding om by die kind positiewe sosiale gesindhede te kweek. Hierdie gesindhede veronderstel dat die kind insig sal verkry met betrekking tot die bestaande aktuele sake, soos die rasseprobleem in Suid-Afrika.

Die kind moet verstaan dat menslike vryheid, lewensgeluk en lewensregte, 'n voorreg van elke mens, ongeag sy kleur, taal en geloof is. So gesien, is alle mense gelykwaardig, maar as gevolg van wesenlike kultuur- en beskawingsverskille, kan almal nooit gelyk wees nie.

Die tradisionele vooroordeel moet by die kind verander en vervang word met 'n gees van billikheid en regverdigheid teenoor alle rasse, met ander woorde haat, agterdog, verkleinerings en 'n gees van magsoorheersing, moet plek maak vir medemenslike liefde wat daarop ingestel moet wees om 'n demokratiese vryheid vir die ganse mensdom te verkry.

Aangesien sosiale gesindhede nie 'n volledige sosiale opvoeding impliseer nie, moet die sosiale opvoeding ook sosiale vaardighede en bekwaamhede by die kind inkorporeer. Die menings van ander mense moet gerespekteer word, terwyl elke medeburger die volste reg op sukses en prestasie gegun moet word.

1. Erasmus, O.C., op. cit., p. 17.

Sosiale takt en vertroue moet by die kind posvat sodat koöperatiewe ondernemings en groepsaktiwiteite se waarde besef sal word. Bekwaamheid om 'n werklike deelname te hê aan groepsaktiwiteite is nodig, want andersins word die kind afgesonder en raak hy sosiaal-gestrem. Leierskapeienskappe moet dus ook by die kind ontwikkel word, terwyl die leier moet besef dat sy optrede altyd van emosionele stabiliteit, planmatigheid, doelgerigtheid en visie, moet getuig. Die pad van leierskap is die pad van grootmoedigheid en selfopoffering, terwyl goeie maniere en konsiderasie vir die gevoelens van die medemens onontbeerlik is.

Baie belangrik is ook dat die sosiale opvoeding die kind sal leer om te waak teen die oordrewe vorm wat sosiale deugde kan aanneem. 'n Gees van snobisme mag nooit posvat nie en leierskapsvoorregte behels nie die afdwing van die eie wil op die medemens nie. Die demokratiese ideale moet te alle tye die kardinale Christelike beginsels eerbiedig en mag dus nooit in liberalistiese neigings ontaard nie. Simpatieke en billike optrede teenoor ander rasse en kulture mag nooit ontaard in 'n gees van negrofilisme nie.

Ten slotte moet die sosiale opvoeding ook die gewenste internasionale verhoudinge by die kind bewerkstellig. Net soos in die geval van die kleiner gemeenskap, is die Suid-Afrikaanse volk van die ander volkere te onderskei, maar nooit te skei nie. Die sosiaal-aangepaste individu besef dus dat internasionale verstandhouding en kommunikasie, bydra tot die bevordering van wêreldvrede en die geluk van die ganse mensdom.

7.6.9. BEHEERSTE TAALGEBRUIK AS SUB-DOELSTELLING:

Taalbewustheid moet van jongs af by die kind ingeskerp word. Hy moet weet dat deur sy taalgebruik, hetsy die geskrewe of gesproke woord, sy hele lewensgesindheid, houding en opvoeding, aan sy mede-

mens bekend word.

So gesien, is taal seker die belangrikste kenmerk van menswees sodat daar altyd gestreef moet word om suiwer en korrek te skryf en te praat. Die kind moet leer om sy gedagtegang ordelik en beheersd uit te druk sodat hy die nasionale karakter van sy taal altyd sal handhaaf en uitbou.

Taal is dus die medium waardeur alle opvoeding geskied; dus beklee die moedertaal 'n primêre plek in die karaktervormingsproses van 'n bepaalde volk.

Die kind moet ook geleer word dat die volkome beheer van 'n tweede taal onontbeerlik is vir sy geestesvorming in 'n land soos Suid-Afrika.

Wat die algemene taalgebruik van 'n kind betref, moet hy geleer word om te besef dat dit suiwer gepraat moet word; dus moet anglisismes altyd as 'n onding bestempel word. Die kind moet ook tot die besef gebring word dat sy taalgebruik altyd van beskaafdheid moet getuig. Taalgebruik moet dus gevrywaar word van aanstellerigheid en verhewendheid, terwyl eenvoud en natuurlikheid nagestreef moet word.

Ook moet die kind hom weerhou van vuil taal en grappies, skindertaal en belastering. Ook vlei-taal moet spaarsamig gebruik word sodat lofbetuiginge nie afstootlik sal wees en irritasie tot gevolg sal hê nie.

Venter sê van die moedertaal:

Kennis van die moedertaal is die sine qua non vir volle beskaafdheid, en hy wat sy moedertaal min-ag of nie ken nie, sal nooit op algehele beskaafdheid aanspraak kan maak nie.

1

1. Venter, E.A., Moedertaalonderrig: 'n Handleiding, p. 20.

7.6.10. DIE KULTURELE OPVOEDING AS SUB-DOELSTELLING:

Die kulturele opvoeding van die kind is daarop gemik dat hy sal beseft dat kultuur 'n nasionale begrip is en dus altyd die besit van 'n bepaalde volk is.

Die kulturele opvoeding verhelder dus die kultuurprestasie van die verlede vir die nageslag. Verder word die kind gelei om ook die bestaande kultuurpatrone te waardeer en uit te bou, asook om visie te verkry in verband met die toekomstige geïdealiseerde kulturele ontwikkeling.

Die kind moet beseft dat die bepaalde kerkstyl, wette, moraal, kunsvorme, taalprestasies, gewoontes, sedes, wetenskap, monumente, skole en sport, 'n volkseie is wat gesamentlik deur die begrip "kultuur" omsluit word.

'n Liefde vir die vaderlandse geskiedenis, moet by die kind geïnkorporeer word, omdat dit by uitstek die draer van die volkskultuur is. Kultuurbewustheid moet 'n kenmerk van elke individuele lid van 'n volk wees sodat daar gesamentlik aan die kultuurprojek van die volk gewerk kan word.

Die individu moet ook die kultuur toets aan die Christelik-religieuse norme en so die draer en uitbouer van 'n Christelik-nasionale kultuur word. Die bestaande kultuur moet dus nie sonder meer meganies aanvaar word nie sodat die individu verplig is om elemente wat indruis teen die Christelike beginsels, uit die volkskultuur te probeer uitroei.

Die kind moet gelei word om te beseft dat kultuurdiens 'n onbaatsugtige liefdesdiens aan sy volk is. Kultuurbestanding kan nooit om eie gewin geskied nie, want die heil van die toekomstige geslag is primêr op die spel. So vorm die kultuur 'n eenheidsband tussen die geslagte om die Christelik-nasionale volksbeginsels

en -ideale nie te laat degenerereer nie.*

7.6.11. DIE VERSTANDELIKE OPVOEDING AS SUB-
DOELSTELLING:

Die verstandelike opvoeding van die kind behels die besorging van kennis aan die kind. In hierdie proses van kennisvermeerdering is die kind geen passiewe ontvanger nie, maar is ook deelnemer om sodoende deur selfontdekte kennis sy gees te verryk.

Die skool vervul 'n belangrike taak om deur middel van vakinhoude die kennis van die individu te verbreed. Ook behels die opvoeding van die skool nie slegs kennisoordraging deur middel van vakinhoude nie, maar ook kennis aangaande gedrag, sedelikheid, gesindheid, gesagsonderdanigheid en alle ander feitlike inligting wat bydra tot die vorming van positief-geïnspireerde karakters op skool.

Kriekemans verklaar tereg dat verstandelike opvoeding nie slegs die taak van die skool is nie.¹ Die kind moet besef dat kennis 'n mens se hele lewe verryk en dat dit intellektuele satisfaksie bied. Sonder kennis word die mens afgestomp tot 'n vormlose jellieagtigheid wat homself op geen lewensterrein kan laat geld nie.

Omdat die ware kennis nie die kennis is wat by die kind ingedril word nie, is die verstandelike opvoeding daarop ingestel om die kinderdenke te ontwikkel. Die kind moet logiese begrippe en oordele kan vorm sodat hy homself as 'n kritiese maar ook logiese, regdenkende mens kan onderskei.

Subjektiwiteit moet by die kind vasgelê word sodat redenasievermoë versterk kan word. Sonder om

1. Kriekemans, A., op. cit., p.158.

* Infra, p. 235 (tabel 13), asook p. 236 (tabel 14).

blatant indoktrinerend te werk te gaan, moet die opvoeder die subjektiewe oordeel en redenerings van die kind kanaliseer sodat dit in harmonie met die Christelike-nasionale norme en lewensopvattinge sal ontwikkel.

7.6.12. GEVOELSOPVOEDING AS SUB-DOELSTELLING:

Die kind moet tot die besef gebring word dat sy hele emosionele lewe; dus sy gevoelslewe in verskillende begeertes en neigings altyd van stabiliteit moet getuig. Op al die lewensterreine moet sy lewensuitinge van beheerstheid getuig en geen gevoelsuiting mag ongekontroleerd plaasvind nie.

Die gevoelslewe van die kind moet altyd eg en menslik wees en nooit van gekunsteldheid getuig nie. Om hierdie rede moet oordrewe sentimentaliteit en fyngevoeligheid uit die geesteslewe verban word.

Die kind moet verder geleer word om te waak teen 'n oordrewe skuldgevoel. Hy moet weet wanneer hy oortree het en dan 'n ware berou toon en sy straf soos 'n man dra.

Aan die ander kant moet hy besef dat sy gevoelsuitinge, wat die gevolg is van uitermatige vreugdeservaring, altyd gekultiveerd moet wees en allermens in lawaaierige uitbarstings gesetel moet wees.

Die kind moet ook gelei word sodat hy die vermoë sal verkry om heerser van sy eie temperament te wees. Onbeheerste woede-uitbarstings is skadelik vir die individuele sosiale aanpassing terwyl die persoon wat sy temperament kan betuel, die respek van sy medemens afdwing.

Coetzee sê dat toorn van alle gevoelsuitinge seker die meeste in die kinderlewe voorkom. Toornaanvalle is uiters nadelig vir die mens se gesondheidstoestand terwyl vaardigheid, liggaamlike reaksies, rustige oordeel en verstandigheid omvergewerp word. Om

hierdie rede is dit die plig van die opvoeder om die kind van jongs af te leer om sy toorn onder beheer te bring. Tog beklee toorn 'n regmatige plek in die sosiale en persoonlike lewe.

'n Mens wat nooit kwaad kan word
nie, is sekerlik te suggestibiel
en ook te pap om sy lewenstryd
te stry.

1

Die gevoelsopvoeding moet ook die skadelikheid van voortdurende kwellinge en droefheid by die kind tuisbring. Hierdie kwellinge ontnem die kind van die so belangrike genieting van die lewensvreugde sodat hy later verval in 'n gees van pessimisme en egoïsme.

Telder verklaar dat die meeste van die mens se probleme wat kwellinge veroorsaak 'n verband toon met sy lewenshouding. Dit is omdat die mens se lewe nie eenvoudig, ootmoedig en gelowig is nie.²

Hierby aansluitend verklaar Telder verder dat baie mense deur vrees die pad byster raak. Elke mens wil graag sy goeie vriende behou; ook is hy bang dat goeie familieverhoudinge vertroebel sal raak. Verder is mense bang om finansiële nood te deurstaan of dat hulle sosiale aansien sal daal. Daar is slegs een weg waardeur die mens van sy vrees verlos kan word, nl.

..... dat men Christus in zijn
hart als Here heiligt; Hem erkent
als zijn Heer en Eigenaar en Koning
en Beschermmer.

3

Weatherhead se finale konklusie in verband met die kwellingsprobleem van mense is:

-
1. Coetzee, J.C., Inleiding tot die Algemene Empiriese Opvoedkunde, pp. 170-173.
 2. Telder, B., Reformatoriesch Leven, p.24.
 3. Ibid., p. 40.

..... if we do put our trust in the wisdom of God and in His power to help and guide us, we are never completely mystified as to which is the right way to take. 1

Dit is nie die doel van die gevoelsopvoeding om die kind se gevoelslewe af te stomp sodat 'n gees van gevoelloosheid en onverskilligheid sal posvat nie. Om hierdie rede moet die opvoeding hom distansieer van oorgedissiplineerdheid en oordoenerige tereg wysing as opvoedingswerktuie. Siniese lewensbeskouings moet verander word sodat die kind die werklike doel van die gevoelsopvoeding sal verstaan.

Die kern van die gevoelsopvoeding is dat die kind van egoïsme verlos sal word sodat altruïstiese neigings die selfsugtige neigings sal oorheers.

Emosionele onstabiliteit benadeel die geestesgesondheid en die eindresultaat kan 'n ongebalanseerde wese wees wat van inrigtingversorging afhanklik is.

Die gevoelsopvoeding van die kind het dus ten doel om die kind te help om emosionele aangepastheid te verkry — die primêre faktor wat lewenstevredenheid en -geluk in die hand werk.

7.6.13. OPVOEDING TOT LIGGAAMSBEHEERSING AS SUB-DOELSTELLING:

Kohnstamm verklaar dat liggaamlike opvoeding nie die opvoeding van slegs die liggaam veronderstel nie, maar opvoeding van die hele persoon.² Die kind moet besef dat die mens se liggaam 'n geweldige invloed op sy hele lewe uitoefen. Die liggaamsgesteldheid van die mens affekteer ook sy verstand, gevoelsuitinge en elke daad wat die mens verrig.³

-
1. Weatherhead, L.D., Psychology and Life, p. 273.
 2. Kohnstamm, P.H., Persoonlikheid in Wording: Schets ener Christelike Opvoedkunde, p. 540.
 3. Kriekemans, A., op.cit., p. 128.

Om hierdie rede moet die liggaam fisies gesond gehou word. 'n Gesonde leefwyse moet nagestreef word en daar moet positief meegedoen word om die volksgesondheid; dit is die bestryding en voorkoming van siektes, op 'n hoë peil te hou.*

Ook die liggaamlike optrede van die mens het 'n groot invloed op sy hele lewe. Die kind moet geleer word om 'n goeie voorkoms en liggaamshouding aan te kweek. Flinkheid en wakkerheid van beweging, netheid en versorgdheid moet die liggaam en die bewegings daarvan kenmerk.**

Aktiewe deelname in sport is belangrik omdat sportmangees en die nuttige besteding van vrye tyd besef en uitgebou word. Verder beteken sportdeelname harde werk en deursettingsvermoë om bepaalde tegnieke baas te raak en die moontlikheid bestaan dat die waarde van hierdie deugde ook op ander lewensterreine besef sal word.***

Kriekemans verklaar ook dat hedendaagse sport beskou kan word as die weerspieëling van die volk se kultuur, terwyl die sportveld vele deugde vir die mens inhou soos die verkryging van wilskrag, geduld, taaiheid, selfbeheersing, moed, matigheid, ridderlikheid en kameraadskaplikheid.¹

Die waarde en perke van netjiese kleredrag moet ook deel van die kind se lewe word. Kleredrag verrai soms dieperliggende lewenshoudings en daarom moet kleredrag altyd van goeie smaak en netheid getuig.

Mode-verandering mag nooit summier verwerp word nie, maar uitspattighede en modegrille wat aan

1. Kriekemans, A., op. cit., pp. 136, 137.

* Infra, pp. 228-232 (8.7).

** Supra, p. 113, 114 (5.4.4.1.)

*** Infra, pp. 232-235 (8.8).

belaglikheid grens, moenie as aanvaarbaar beskou word nie.

Ook betreffende grimering en versiering van die liggaam moet die kind opgevoed word om goeie onderskeid te kan maak tussen die verfynde aanwending van kosmetiese kuns en die oordoenerige liggaamsontsiering as gevolg van oppervlakkigheid en geestelike armoede. Telder sê dan ook dat die mens altyd moet onthou dat hy as totale mens die beeld van Christus vertoon. As Christene mag die mens van matige versiering gebruik maak, maar wanneer versiering van pronkerigheid, hoogmoed en praalsug getuig, kan die mens nooit die beeld van Christus vertoon nie.¹

Die kind moet van jongs af besef dat die liggaam as die tempel van God bestempel word en as sodanig moet dit altyd beantwoord aan die Skriftuurlike norme.

7.6.14. NATUUROPVOEDING AS SUB-DOELSTELLING:

Van jongs af moet die kind opgevoed word om 'n liefde vir die natuur te openbaar. Die mens is deur God in die natuur gestel en eersgenoemde het dan ook 'n besondere verantwoordelikheid teenoor die natuur.

Die kind moet geleer word om in die eerste plek 'n gesindheid van beskerming en bewaring teenoor die natuur te ontwikkel. Om dit te kan doen, moet kennis aangaande die natuurverskynsels aan die kind voorgehou word. Hierdie kennis sal die wonder van 'n Hoër Hand agter alles by die kind tuisbring en die estetiese bekoring van die natuur sal geniet en bewaar word. Hierdie estetiese openbaring van God se Almag deur die natuurverskynsels, sterk ook die geloofsver-

1. Telder, B., op. cit., p. 37.

troue by die kind. Hy leer dat die rustigheid van die natuur gemoedsrus bring en dat ontspanning in die natuur lewenskragtigheid en lewensgenot beteken.

Kinders moet dus aangemoedig word om hulle deel by te dra betreffende die verfraaiing van die natuur. Natuurbewaring en -verfraaiing bring innerlike genot en vrye tyd word ten beste bestee.*

7.6.15. OPVOEDING IN NUTTIGE TYDSBESTEDING AS SUB-DOELSTELLING:

Tyd is 'n kosbare gawe van God aan die mens. Dit word aan die mens toevertrou om daarmee te werk en dit nuttig en ekonomies te gebruik. Die kind moet opgevoed word om hierdie kosbare gawe se moontlikhede reg te verstaan.

In die eerste plek moet hy leer dat daar 'n tyd vir alles is. Soos die prediker dan ook sê:

Alles het sy bepaalde uur en vir
elke saak onder die hemel is daar
'n tyd

(Prediker 3:1) **

Vervolgens moet die kind tot die besef gebring word dat tyd nuttig gebruik moet word en nooit vermors moet word nie. Verveeldheid lei tot die ondergang van die mens se gees en inisiatief, en het dikwels kwaaddoen tot gevolg. Tyd wat vermors is, kan nooit weer ingehaal word nie en spyt daarvoor kom altyd te laat. Die kernwaarheid van Spreuke 6:10,11, moet in die kinderhart ingegraveer word, nl. :

Nog 'n bietjie slaap, nog 'n
bietjie sluimer, nog 'n bietjie
hande vou om uit te rus! So
kom dan jou armoede soos 'n
rondloper en jou gebrek soos 'n
gewapende man.

* Supra, p. 110 (5.3.11), asook p. 131 (5.5.4.1).

** Sien ook Prediker 3:2-8.

Oorhaastigheid van woorde, dade en gedagtes, is ook 'n vermorsing van tyd en daarom moet besinning altyd die handeling voorafgaan.

Tydsopvoeding veronderstel ook dat die kind geleer word om altyd betyds te wees. Stiptelikheid getuig van bedagsaamheid en is 'n groot faktor waarvolgens karakterevaluering geskied.

Die kind moet leer dat uitstel slegs afstel tot gevolg het en daarom mag versuiming van pligte nooit plaasvind nie. Die gelukkige mens is die besige mens wat tydsbeplanning 'n deel van sy lewe maak sodat ledigheid hom nie skuldig maak aan die miskenning van die tydsgawe van God aan die mens nie.

7.7. OPSOMMEND:

Die kompartementele behandeling van die verskillende opvoedingsdoelstellings impliseer nie dat die kind ook in dieselfde kompartemente verdeel mag word nie. Elkeen van die genoemde sub-doelstellings is nou ineengeskakel met die res sodat al die sub-doelstellings gesamentlik maar slegs een hoofdoelstelling idealiseer, nl. die ontwikkeling en opvoeding van die volle persoonlikheid van die individu. Die kind is 'n ondeelbare wese en hierdie totaliteit mag nooit misken word nie.

Die afsonderlike behandeling van die verskillende aspekte van menswees, is dus bloot van uit teoretiese gronde gedoen, maar die realiteitswaarde van die opvoeding lê daarin dat al hierdie verskillende aspekte 'n onlosmaaklike eenheid vorm om die hele kind op te voed:

.... vir elke goeie werk volkome
toegerus.

1

7.8. SAMEVATTING:

Hoofstuk 7 is in alle opsigte die kriterium waarvolgens die opvoedingswerk van Ons Kinderhuis ge-evalueer kan word.

Die feite wat in hierdie hoofstuk aan die lig gekom het, stel besondere hoë eise aan die opvoeder. Die persoon wat dus met opvoedingswerk besig is, moet self 'n fyn opgevoede mens wees wat sy werk doelgerig benader sodat dit van planmatigheid en wetenskaplikheid sal getuig.

Om die opvoedingswerk aan die tehuis dus doelgerig en wetenskaplik uit te bou, moet die opvoeders dus planmatig te werk gaan sodat die kind in sy totaliteit betrek sal word.

In die volgende hoofstuk sal die opvoedingsproses van Ons Kinderhuis dan ontleed word om sodoende vas te stel of die tehuis wel voorsiening maak met betrekking tot die totaliteitsopvoeding van elke individu onder sorg.

H O O F S T U K VIII

DIE OPVOEDINGSTAAK VAN DIE TEHUIS

- 8.1 Keuring van die huisouers/opvoeders.
- 8.1.1 Die kerkverband van die huisouer/opvoeder.
- 8.1.2 Die agtergrond van die aansoeker(s).
- 8.1.3 Die kwalifikasies van die aansoeker(s).
- 8.1.4 Vorige ondervinding.
- 8.1.5 Die ouderdom van die aansoeker(s).
- 8.1.6 Die huwelikstaat van die aansoeker(s).
- 8.1.7 Die persoonlike onderhoud.
- 8.1.8 Die proeftydperk.
- 8.2 Die ekonomiese gesteldheid van die tehuis.
- 8.2.1 Die noodsaaklikheid van 'n gesonde finansiële toestand.
- 8.2.2 Trustgelde en die besteding daarvan.
- 8.2.2.1 Ontspannings- en onthaalfondse.
- 8.2.2.2 Lektuur- en projektorfondse.
- 8.2.2.3 Opvoedingsfondse.
- 8.2.2.4 Algemene fondse.
- 8.2.3 Algemene huishouding.
- 8.2.4 Opsommend.
- 8.3 Die opvoeder/kind-verhouding.
- 8.3.1 Die kweek van 'n gewenste gesinsverhouding.
- 8.3.2 Die sentiment van haat.
- 8.3.3 Die sentiment van liefde.
- 8.3.4 Individuele aandag.
- 8.4 Die tugstelsel van die tehuis.
- 8.4.1 Algemeen.
- 8.4.2 Is 'n doeltreffende tugstelsel noodsaaklik?
- 8.4.3 Mag een mens die ander tugtig?
- 8.4.4 Tugtoepassing by die tehuis.
- 8.4.5 Die oorsake van oortredings.
- 8.4.6 Opsommend.
- 8.5 Voorligtingsdienste.
- 8.5.1 Die begrip "voorligting".

- 8.5.2 Die doel van die voorligtingsproses.
- 8.5.3 Hoe verkry die voorligter/opvoeder kennis aangaande die individu?
 - 8.5.3.1 Inligting verkry wanneer die kind die tehuis betree.
 - 8.5.3.2 Inligting verkry uit gestandaardiseerde toetse.
 - 8.5.3.3 Inligting verkry van die kind self.
 - 8.5.3.4 Inligting soos verkry uit ander bronne.
- 8.5.4 Die omvang van die voorligtingsprogram.
- 8.5.5 Die koöperatiewe aspek van die voorligtingsproses.
 - 8.5.5.1 Die Direkteur.
 - 8.5.5.2 Die kliniese sielkundige.
 - 8.5.5.3 Skoolvoorligtingsdienste.
 - 8.5.5.4 Die personeel van die tehuis.
 - 8.5.5.5 Die kinders self.
- 8.6 Die geestelike versorging van die kinders.
 - 8.6.1 'n Leemte in die kinderlewe.
 - 8.6.2 Die godsdiens van die kind.
 - 8.6.3 Die behoefte aan positiewe leiding.
 - 8.6.4 Die doel met die geestelike versorging van die kinders.
 - 8.6.4.1 Die kennis van God die Skepper.
 - 8.6.4.2 Die ganse menslike geslag het deel aan die erfsonde.
 - 8.6.4.3 Die verkryging van die genade van God.
 - 8.6.4.4 Die hulpmiddels tot gemeenskap met God.
 - 8.6.5 Die opvoedkundige implikasies.
 - 8.6.6 Opsommend.
- 8.7 Gesondheidsdienste.
 - 8.7.1 Die noodsaaklikheid van gesondheidsdienste.
 - 8.7.2 Die omvang van die gesondheidsdiens.
 - 8.7.3 Die aard van die probleme.
 - 8.7.4 Die algemene funksie van die kliniek.

- 8.7.5 Opsommend.
- 8.8 Die buitemuurse bedrywighede van die kinders.
- 8.8.1 Die invloed van sport op die deelnemer.
- 8.8.1.1 Die invloed van sportdeelname op die gesondheid en liggaamsontwikkeling.
- 8.8.1.2 Die invloed op die sosiale aanpassing.
- 8.8.1.3 Die invloed op die emosionele lewe.
- 8.8.1.4 Die invloed op akademiese prestasie.
- 8.8.1.5 Die motiveringswaarde van sport.
- 8.8.2 Die omvang van sportdeelname by die tehuis.
- 8.8.3 Die verenigingslewe en kulturele bedrywighede van die kinders.
- 8.8.3.1 Die omvang van die bedrywighede.
- 8.8.3.2 Die opvoedkundige waarde.
- 8.9 Samevatting.

H O O F S T U K VIII

DIE OPVOEDINGSTAAK VAN DIE TEHUIS

8.1. KEURING VAN DIE HUISOUERS/OPVOEDERS:

Uit die voorafgaande bespreking in verband met die opvoedkundige doelstellings, is dit duidelik dat daar uiters selektief te werk gegaan moet word betreffende die aanstelling van die huisouers.

Daar word vandag, betreffende die opvoeding van die jeug van ons volk, besondere hoë vereistes aan die onderwyser/opvoeder gestel omdat daar geglo word dat die vorming van die jeug slegs op hoogs gespesialiseerde vlak tot sy volle reg kan kom.

Verbasend egter dat hierdie siening nog nie tot alle gemeenskapsvlakke deurgedring het nie, want soos daar tevore opgemerk is, bestaan daar streng gesproke geen minimum opleidingsvereistes waaraan huisouers van die tehuse moet voldoen nie.*

As gevolg van die bogenoemde tekortkoming is die keuring van die huisouers geen benydenswaardige taak nie. Skrywer besef terdeë dat kwalifikasies geen absolute waarborg vir doeltreffendheid is nie, maar tog moet daar erken word dat die gekwalifiseerde persoon beslis 'n groter opvoedkundige moontlikheid inhou as die ongekwalifiseerde persoon.

8.1.1. DIE KERKVERBAND VAN DIE HUISOUER/OPVOEDER:

Die eerste vereiste wat aan die aansoekers om huisouerskap gestel word, is aktiewe lidmaatskap aan die bedrywigheede van die N.G. Kerk.

* Supra, pp. 137-139 (5.6.2.3).

Aangesien die tehuis onder die direkte beheer van die N.G. Kerk staan, kan dit begryp word dat slegs lidmate van hierdie kerk in aanmerking vir huisouerskap kan kom.

Uit die aard van hulle pligte is hierdie lidmaatskap baie belangrik. Die huisouers is verplig om in hulle godsdienstige opvoeding die kinders vertrouwd te maak met die beginsels van die N.G. Kerk. Hulle moet ook die kinders na al die byeenkomste (eredienste en bidure), vergesel om sodoende die korrekte voorbeeld aan die jongeres te stel.

Huisouers wat dit moeilik vind om die Christelike beginsels positief uit te leef se aanstelling is gewoonlik ook van korte duur.

Gunter omskryf die Christelike opvoedings-ideaal met :

— die opvoeding van die kind deur die hulpverlening en leiding, onderrig en persoonlike beïnvloeding van sy opvoeders tot 'n volle, nuttige en vrugbare lewe van arbeid en diens saam met en vir die medemens in die wêreld tot eer van God. 1

Om die bogenoemde opvoedingsdoel te verwesenlik, moet hulle, van wie die leiding, onderrig en persoonlike beïnvloeding uitgaan, persoonlik bewus wees van die eie wedergeboorte, want dan alleen kan die verlossingsheerlikheid met volle entoesiasme en oorgawe deur onderrig en voorbeeld aan die kinders voorgelê word.*

8.1.2. DIE AGTERGROND VAN DIE AANSOEKER(S):

Alleen aansoeke wat vergesel word van gewaarmerkte getuigskrifte van 'n leraar asook van 'n persoon wat van goeie gedrag kan getuig, word oorweeg. Op hierdie wyse kan daar redelik selektief te werk gegaan word om te verseker dat slegs huishoofde wat

1. Gunter, C.F.G., Aspekte van die Teoretiese Opvoedkunde, p. 173.

* Infra, pp. 224-227 (8.6.4).

die barmhartigheidsaak ten volle op die hart dra, vir die poste oorweeg sal word.

8.1.3. DIE KWALIFIKASIES VAN DIE AANSOEKER(S):

Daar is tevore opgemerk dat akademiese kwalifikasies nie 'n vereiste is betreffende die aanstelling van huishoofde nie.* Daar word egter gevind dat opgeleide persone beslis voorkeur geniet wat die aanstellings betref. Die staat moedig ook die aanstelling van ten volle gekwalifiseerde persone aan by wyse van salarissubsidie, indien 'n bewys van die kwalifikasies verskaf word.

Akademiese kwalifikasies wat in hierdie verband erken word, is onderwys, maatskaplike werk en verpleegkunde. Daar word dan ook van die nege bestaande huishoofde twee aangetref wat as maatskaplike werksters, en twee wat as onderwyseresse gekwalifiseer is.

8.1.4. VORIGE ONDERVINDING:

Alhoewel vorige ondervinding ook nie 'n vereiste is nie, word voorkeur egter aan persone gegee wat reeds kennis van die werk dra.

Ondervinding is 'n baie belangrike maatstaf, aangesien die persoon reeds oor 'n eie kennis aangaande die behandeling van kinders beskik. Verder bied dit 'n stewige fondament aan hulle wat oor die aanstelling moet besluit, om deur navraag betreffende die vorige werk, meer van die persoon se opvoedingshoedanigheid te wete te kom.

8.1.5. DIE OUDERDOM VAN DIE AANSOEKER(S):

Alhoewel daar geen ouderdomsbepkering geld nie, is dit tog 'n baie dringende oorweging. Verdering in lewensjare bring gewoonlik emosionele ryphed

* Supra, pp. 137-139 (5.6.2.3).

en verstandigheid, terwyl 'n groter verantwoordelikhedsin ook gewoonlik die ouer persoon se lewe tipeer.

Verder word daar geglo dat die middeljarige persoon 'n groter mate van ouerlike respek by die kinders sal afdwing as dié persoon wat in lewensjare 'n klein verskil met die kind vertoon.

Opvoedkundig gesproke, is 'n groter ouderdomsverskil beslis een faktor wat verantwoordelik is vir die daarstelling van 'n goeie opvoedingsklimaat.

So word daar dan ook nie by die tehuis huishoofde onder die ouderdom van 25 jaar aangetref nie.

8.1.6. DIE HUWELIKSTAAT VAN DIE AANSOEKER(S):

Hier geld ook nie bepaalde vereistes nie, maar daar word beslis voorkeur gegee aan getroude persone wat van 'n gelukkige huwelikslewe kan getuig.

Daar word tereg geglo dat 'n egpaar groter stewigheid aan die opvoedingswerk verleen as alleenlopers. Die kinders moet aanvoel dat hulle, tesame met die huisouers, 'n groot gesin verteenwoordig. Indien 'n "pa" ontbreek, word die gesinsverband versteur en dieselfde leemtes wat in 'n vaderlose huisgesin gevoel word, tree in die tehuis na vore.

Ons Kinderhuis is dan ook gelukkig om in agt van die nege huise oor die dienste van egpare te beskik.

Daar word ook melding gemaak van 'n "gelukkige huwelikslewe". Dit is eweneens noodsaaklik, aangesien die grootste gros kinders uit gesinne afkomstig is waar konflikte voortdurend hulle deel was. Indien daar nou ook onenigheid tussen die huisvader en -moeder moet wees, sal die emosionele spanning in die kind slegs voortgesit word en sou die inrigtingversorging ook dieselfde leemtes as die vorige gesinslewe van die kinders vertoon.

So 'n gebrek aan wedersydse liefde tussen die huisouers belemmer die emosionele ontwikkeling van die kind en sal hom ook heeltemal onseker maak van sy sosiale aanpassingsreaksies.

Hierdie toedrag van sake moet voorkom word en daarom is huweliksharmonie 'n absolute vereiste vir huisouerskap.

8.1.7. DIE PERSOONLIKE ONDERHOUD:

Die persoonlike onderhoud is 'n belangrike maatstaf waarvolgens 'n aansoeker geëvalueer word. Die persoon se persoonlikheid en algemene lewensuitkyk word so bepaal en die vraesteller met die nodige agtergrond kan baie gou die koring van die kaf skei.

8.1.8. DIE PROEFTYDPERK:

Al word al die bogenoemde faktore in ag geneem, kan dit steeds gebeur dat totaal onbekwame persone hulle in die posisie van huishoofde bevind. As laaste beperkende maatreël is alle aanstellings onderworpe aan 'n proeftydperk van DRIE MAANDE en dit het al in die verlede gebeur dat 'n persoon se dienstydkperk na drie maande verval het en nuwe aanstellings gemaak is.

8.2. DIE EKONOMIESE GESTELDHEID VAN DIE TEHUIS:

8.2.1. DIE NOODSAAKLIKHEID VAN 'N GESONDE FINANSIËLE TOESTAND:

Omdat finansiële druk so stremmend inwerk op die normale ontwikkelingsproses van die mens, kan dit begryp word dat kinders om hierdie rede sorgbehoewend kan raak.*

So is tabel 3** dan ook 'n belangrike bewys dat die kinders van die tehuis ernstige probleme in hierdie verband ondervind het.

* Supra, p. 30 (2.3.1.2.7).

** Supra, p. 122.

Die veronderstelling is dat die tehuise waarin sorgbehoewende kinders geplaas word nie dieselfde leemte as die kind se vorige omgewing mag vertoon nie. Daarom dan ook dat daar van hierdie tehuise verwag word om, ook wat die ekonomiese gesteldheid betref, probleemvry te wees.

Dit is jammer dat die jaarlikse verslag van die kindertehuise aan die Sinode van die Oranje-Vrystaat aantoon dat, weens stygende koste, dit al moeiliker gaan om die finansiële sake van die tehuise te laat klop. So meld Ons Kinderhuis dat dit bykans onmoontlik is om die bedryfskoste binne die perke van die bestaande bronne van inkomste te hou.¹

Hierby aansluitend lui die verslag van die Gedenk-kinderhuis te Lādybrand:

Dit sal jammer wees as ons die standaard van versorging moet afbring weens gebrek aan die nodige fondse. 2

Die staat is gelukkig ten volle bewus van die styging in lewensduurte. Die jongste begroting maak dan ook voorsiening in hierdie verband sodat die staat se bydrae per kind per jaar van R288-00 verhoog is tot R336-00.

Daar word vertrou dat hierdie positiewe stap van die staat ook tot die privaatsektor sal deurdring sodat ekonomiese stremming nie 'n faktor van kwelling vir die bestaande tehuise sal word nie.

8.2.2. TRUSTGELDE EN DIE BESTEDING DAARVAN:

Die fondse van Ons Kinderhuis is in trust opgeneem om in sekere bepaalde behoeftes van die tehuis te voorsien.

-
1. Agenda vir die een-en-veertigste vergadering van die Sinode van die N.G. Kerk in die Oranje-Vrystaat, p. 81.
 2. Ibid., p. 86.

8.2.2.1. ONTSPANNINGS- EN ONTHAALFONDSE:

Hierdie fondse toon die volgende verdeling:

- (1) Onthaalfonds;
- (2) Spesiale Onthaalfonds;
- (3) Ontspanningsgeriewefonds;
- (4) D.J. Meiring-trustfonds;
- (5) Vakansie-oordfonds;
- (6) Glenmore-standfonds.

Die SPESIALE ONTHAALFONDS is daargestel om die kinders in staat te stel om alle puik uitvoerings by te woon. Die D.J. Meiring-trustfonds, asook die Glenmore-strandfonds word aangewend om die kinders een keer per jaar na een of ander vakansie-oord te neem. Gedurende die jaar 1970 toon hierdie twee fondse dan ook 'n gesamentlike uitgawe van R4 225-00.

Die VAKANSIE-OORDFONDS is in die lewe geroep om 'n eie vakansie-oord vir die kinders aan te lê en op 28/2/71 toon die fonds al die stewige kredietbalans van R8 435-87. Daar kan maar net gehoop word dat die ideaal van 'n eie vakansie-oord binne afsienbare tyd 'n werklikheid sal word.

8.2.2.2. LEKTUUR- EN PROJEKTORFONDSE:

Hier word die volgende verdeling aangetref:

- (1) Christelike lektuurfonds;
- (2) Projektorfonds;
- (3) Biblioteekfonds.

Die PROJEKTORFONDS stel geld beskikbaar vir die huur van opvoedkundige films om aan die kinders te vertoon, terwyl die ander twee genoemde fondse geen toeligting genoodsaak nie.

8.2.2.3. OPVOEDINGSFONDSE:

Daar bestaan twee opvoedingsfondse wat die beskikbaarstelling van beurse en lenings vir die kinders ten doel het, nl. die Maria de Roos-opvoedingsfonds en

die General Boere-hulpfonds. Die gesamentlike kredietbalans van die twee genoemde opvoedingsfondse be- loop al reeds die mooi bedrag van R14 551-69 op 28/2/71.

8.2.2.4. ALGEMENE FONDSE:

Verdere fondse wat aandag vereis, is onder meer :

- (1) Kinderverjaardagfonds;
- (2) Sakgeldfonds;
- (3) Rommelverkopingsfonds;
- (4) Pieter de Waalfonds;
- (5) Dewald en Tielman Roosfonds;
- (6) Uitbreidings- en vervangingsfonds;
- (7) Roestorff-kinderfonds;
- (8) Kleuterskoolfonds.

Die ROMMELVERKOPINGSFONDS, PIETER DE WAAL- FONDS, DEWALD EN TIELMAN ROOSFONDS en ROESTORFF- KINDERFONDS kan volgens goëddunke in enige verband aan- gewend word, terwyl die res geen verduideliking verg nie.

Die totale besteding uit al die genoemde fond- se be loop R8 684-50 vir die jaar geëindig 28/2/71.

8.2.3. ALGEMENE HUISHOUDING:

Volgens die gekonsolideerde staat van inkomste en uitgawe vir die jaar geëindig 28/2/71, was die uit- gawe van die tehuis, sonder dat waardevermindering in berekening gebring is, R96 302-58 wat op 'n eenheids- koste van R321-00 per kind per jaar dui. Indien waar- devermindering in berekening gebring word, verander die uitgawe na R110 943-98 wat op 'n eenheidskoste van R369-81 per kind per jaar dui.

Van bogenoemde besteding het die staat 'n by- drae van R288-00 per kind per jaar bygedra, terwyl die bedrag van R66-10 per kind per jaar van die verskil-

lende gemeentes en vriende ontvang is.

Populêr gestel, beteken dit dat die besteding per kind per jaar R15-71 meer is as waarvoor die inkomstebronne voorsiening maak. Vir die 300 kinders van die tehuis beloop die tekort dus R4 713-00 per jaar, wat beslis nie op 'n rooskleurige toekoms dui nie.

Dit wil voorkom asof die stedelike bevolking nog geensins dieselfde barmhartigheidsleuse as die plattelander openbaar nie. In vergelyking met die drie ander bestaande Vrystaatse kindertehuse is die bedrag per kind per jaar wat van gemeentes en vriende ontvang word, buite verhouding laag in Bloemfontein.

Die ander kindertehuse toon bedrae van R173-30; R136-24 en R128-78 in hierdie verband aan, teenoor die R66-10 van Ons Kinderhuis te Bloemfontein.

Skrywer wil die hoop uitspreek dat hierdie toestand spoedig sal verander en dat Piek se opsomming in verband met die noodsaaklikheid van barmhartigheidsdiens tot elke lidmaat van die N.G. Kerk, sal deurdring.*

8.2.4. OPSOMMEND:

Na noukeurige bestudering, blyk dit dat die versorging van die kinders van die tehuis tot dusver geen finansiële stremminge ondervind het nie. Die kinders word van geen opvoedkundige geleentheid weerhou nie, sodat aan elkeen die geleentheid gebied word om 'n normale lewe te voer.

8.3. DIE OPVOEDER/KIND-VERHOUDING:

8.3.1. DIE KWEEK VAN 'N GEWENSTE GESINSVERHOUDING:

Daar is tevore opgemerk dat kinders van dieselfde gesin saam in een huis gegroepeer word.** Op-

* Supra, p. 94 (die implikasie).

** Supra, pp. 130, 131 (5.5.3).

voedkundig gesproke is hierdie feit van baie groot belang, aangesien die kinders hulle juis in die tehuis bevind omdat hulle produkte van 'n onstabiele gesinslewe is.

So gesien, het die huisouer/opvoeder 'n baie belangrike taak om toe te sien dat daar binne elke huis 'n Christelik-aanvaarbare gesinsverhouding heers. Die opvoeder/kind-verhouding sal dan ook tot 'n groot mate die verhouding van die res van die huis teenoor mekaar bepaal.

Die bestaan van 'n gewenste gesinsverhouding binne elke huis is 'n moet om die bestaande wanopvatting wat daar by die kind in hierdie verband mag heers, teen te werk en te verander.

8.3.2. DIE SENTIMENT VAN HAAT:

Indien die kind in die tehuis beland, kan 'n gevoel van antipatie teenoor almal in die tehuis van hom besit neem. Hierdie wrok teenoor almal mag gesetel wees in faktore wat tydens die pre-kinderhuisstadium nadelig op die kind se vormingsproses ingewerk het, soos 'n lewe van liefdeloosheid, stiefverhoudinge en mishandeling. Verder kan die haat en antipatie gesetel wees in faktore binne die raamwerk van die tehuis self. So word die onbeheerbare kind nou aan strenge toesig en beperkende maatreëls onderwerp, sodat hierdie beperking van vryhede negatiewe reaksie veroorsaak.

Die opvoeder moet in die eerste plek 'n optrede van antipatie verwag. Hy moet besef dat hy slegs deur sy eie optrede die toestand kan vererger of verbeter. Die kind moet tot die besef gebring word dat hy vir sy eie beswil in die tehuis beland het en dat die opvoedingsproses slegs ten doel het om aan hom die hoogste aanpassingstoerusting te verskaf.

8.3.3. DIE SENTIMENT VAN LIEFDE:

Die heel eerste doelwit van die opvoeder moet dus wees om die sentiment van haat te kanaliseer en geleidelik te vervang met die sentiment van liefde. Om dit te bewerkstellig, moet daar by die kind sentimente van vriendskap en respek gekweek word.

Die opvoeder wie se optrede teenoor die kinders van liefde en respek getuig, sal vind dat hierdie sentimente algaande ook sterker by die kind sal posvat.

Die apostel se besinning oor die liefde (vgl. 1 Korinthiërs 13: 1-13), stel alle aardse verhoudinge onder 'n hemelse beligting. Hierdie beligting moet as die maatstaf van die opvoeder dien om 'n wenslike verhouding tussen opvoeder en kind daar te stel.

So is die liefde lankmoedig en vriendelik (vers 4); dus is die liefde in staat om verdraagsaam en geduldig te wag op dit wat mag gebeur, terwyl dit steeds vriendelik bly. Verder handel die liefde nie onwelvoeglik nie (vers 5); dus maak dit niemand se gevoel seer nie. Ook word die liefde nie verbit-terd nie (vers 5); dus word innerlike toorn uitgesluit. Belangriker nog dat die liefde nie die kwaad toereken nie; dus word daar nie planne gesmee om gelede kwaad te vergeld nie. Die liefde bedek ook alles, glo alles, hoop alles en verdra alles (vers 7). Hier word nie gesuggereer dat die liefde onwillig is om tussen die waarheid en die leuen te onderskei nie, nee, die liefde wek wedersydse vertrouwe, terwyl die "hoop" veronderstel dat daar slegs die beste verwagtinge van die geliefde gekoester word. Ook is die liefde in staat om alles te verdra; dus alles wat hy te ly mag hê, te bowe te kom.

8.3.4. INDIVIDUELE AANDAG:

Die huisouers is daarop ingestel om hulle onder alle omstandighede by die individuele behoeftes van die kinders in te skakel. Dit is soms moeilik om, weens die getalle per huis, hierdie beginsel ten volle uit te lewe*, maar elke huisouer besef dat persoonlike belangstelling in die individu se doen en late, die sleutel is vir die totstandkoming van 'n gesonde wedersydse verhouding.

So word daar gevind dat elke huisouer te alle tye bereid is om behulpsaam te wees waar persoonlike probleme opduik. Kinders wat in die hospitaal beland, word deur die huisouers besoek. Ook word sportbyeenkomste van die kinders, waar moontlik, bygewoon, terwyl daar 'n vurige belangstelling is betreffende die skoolvordering van elke kind. Aanmoediging vorm 'n baie belangrike fondamentsteen om die kinders van die huishoofde se belangstelling te verseker.

So is een van die eerste feite wat die besoeker aan die tehuis tref beslis die goeie gees wat deel van die tehuis geword het.

8.4. DIE TUGSTELSEL VAN DIE TEHUIS:

8.4.1. ALGEMEEN:

Valentine beweer:

It would seem, then, that in many cases a 'problem' child may become satisfactorily 'adjusted' through a change to a favourable environment -----

1

Hy maak hierdie bewering nadat hy vind dat die omgewing en vriende van kinders 'n baie swak invloed op hulle uitoefen. Die omgewingsinvloede op die kind is reeds tevore bespreek** en te oordeel na die tabel in verband met

1. Valentine, C.W., The Difficult Child and the Problem of Discipline, p. 39.

* Supra, pp. 139, 140 (5.6.3).

** Supra, pp. 64, 65 (3.3).

die sorgbehoewendheidsfaktore*, moet daar verklaar word dat die dissiplinefaktor 'n wesenlike probleem van die kinders gedurende hulle pre-kinderhuisstadium was.

Valentine waarsku egter dat die term "dissipline" nie identies met straf en nog erger lyfstraf, is nie. Dissipline kan in die meerderheid van gevalle gehandhaaf word sonder enige straffoorweging.¹

In die ondersoek het dit geblyk dat onnodige straf, wat somtyds 'n aanrandingsvorm aangeneem het, tuis as dissiplinemaatreël toegepas is. Die uiteinde was dat net die teenoorgestelde uitwerking by die kinders verkry is as waarvoor gehoop is.

Hierdie feit het dan in baie gevalle ook veroorsaak dat die kinders uit die ouerhuis verwyder is en in plaasvervangende sorg geplaas is. Dit sou veronderstel dat die kindertehuis se tug en dissiplinegrondslag as psigologies-korrek sou fungeer.

8.4.2. IS 'N DOELTREFFENDE TUGSTELSEL NOODSAAKLIK?

As die Woord van God vanaf die begin bestuur sou word, tref die skeppingswonder die leser onmiddellik. God skape die mens volmaak en sonder sonde ----- sonder enige rimpel of smet van die hedendaagse realiteit. God wil egter nie die mens verrobot nie en gee daarom aan laasgenoemde die kritiese denke. Hierdie kritiese denke lei dan ook tot die ongehoorsame val van die mens. Tesame ook met Adam, val die hele mensdom. Hierdie laaste waarheid word deur die hele geskiedenis van die Heilige Skrif bespeur. Saul, Moses, Salomo en ook 'n Dawid, laasgenoemde die man na God se hart, val in die sonde en moet dus getugtig word.

God verklaar ook baie duidelik dat die verkeerde dinge nie ongestraf mag bly nie. Hy vergewe

1. Valentine, C.W., The Difficult Child and the Problem of Discipline, p. 53.

* Supra, p. 118 (tabel 1).

dus, maar straf beslistelik. As daar oorsigtelik geoordeel word, moet verklaar word dat 'n doeltreffende tugstelsel nodig is. Verder toon die verskriklike lot van Eli, nl. die doodstraf, as die tugproses nie gehandhaaf word nie, dat 'n doeltreffende tugstelsel nie net nodig is nie, maar beslis essensieel is vir 'n Christelik-georiënteerde samelewing.

8.4.3. MAG EEN MENS DIE ANDER TUGTIG?

God onderskei Hom as 'n Absolute Gesagdraer omdat Hy die Skepper van alles en almal is. God deleger egter 'n demokratiese gesag aan die mens as Hy verklaar: "Heers oor die hele aarde." So stel God rigters, en later konings oor Sy volk aan, en hierdie leiers word met gesag toebedeel, terwyl hulle ook die tugtiging van die volk moes waarneem.

Van Loggerenberg stel dit treffend as hy verklaar:

Die mens is dus medewerker van God en hy moet sy opdrag uit liefde teenoor God aanvaar en dit in gehoorsaamheid ten uitvoer bring. 1

So mag die mens nooit sy gesag as outonome tugmiddel bestempel nie, want hy tree namens God op en God is Liefde. Soos van Praag dit stel:

Het hoogste gezag is het gezag van de Liefde, zij overwint alle dingen ... 2

Om hierdie rede verklaar die Almagtige dan ook aan alle mense:

Laat elke mens hom onderwerp aan die magte wat oor hom gestel is, want daar is geen mag behalwe van God nie, en die wat daar is, is deur God ingestel. (ROMEINE 13:1)

1. Van Loggerenberg, N.T., Eerste Stappe in die Filosofie van die Opvoeding, p. 13.
2. Van Praag, H., De Zin der Opvoeding, p. 51.

8.4.4. TUGTOEPASSING BY DIE TEHUIS:

Die uitgangspunt by Ons Kinderhuis is dat die kinders opgevoed moet word tot ware Christelike burgerskap in die leer van Christus op aarde. Te verstane dus dat, spruitende uit die voorafgaande bespreking, tug 'n integrale deel van die opvoedingsproses van die tehuis uitmaak.

Gedurende personeelvergaderings verkry hierdie aspek van die opvoedingsproses dan ook heel dikwels 'n primêre plek op die agenda. So bestaan die reëling dat lyfstraf slegs in die uiterste gevalle aanwending regverdig en indien dit wel toegepas word, tot 'n maksimum van twee houe beperk moet word. Waar twyfel ontstaan in verband met die strafaanwending, moet die saak na die Direkteur verwys word vir finale hantering. Verder moet elke oortreding, met volledige besonderhede in verband met die aard en die straf aangewend, in 'n strafboek opgeteken word. Laasgenoemde boek word gereeld deur die Direkteur gekontroleer.

Wat die toepassing van ander strafmetodes betref, word die huisouers toegelaat om volgens eie diskresie te handel. Sodoende word daar nog metodes soos (1) tug met die woord (berisping) en (2) die op-
legging van strafwerk, aangetref.

8.4.5. DIE OORSAKE VAN OORTREDINGS:

Daar is reeds tevore in die bespreking in verband met die organiese en omgewingsdeterminante van gedrag, sowel as in die behandeling van die oorsake van wanaangepastheid by die kinders, op die oorsake van gedragsafwykings gelet.

Kennis van hierdie determinante van gedrag is noodsaaklike kennis waaroor die opvoeder in Ons Kinderhuis moet beskik, aangesien dit die hele tugbenadering beïnvloed.

So is daar afwykende gedrag wat gewortel is in fisiologiese probleme^{*}, vorige huislike omstandighede^{**}, ens. wat die opvoeder voortdurend dwing om afwisselend te werk te gaan. Verder moet die opvoeder deeglik kan onderskei tussen die aangebore persoonlikheidsdefekte en die verwerfde persoonlikheidseienskappe, sodat die aangewende terapie in verhouding tot die agtergrondsamestelling van die individu sal wees.

8.4.6. OPSOMMEND:

Die tugproses van Ons Kinderhuis word inderdaad toegepas om die liefdesnorme van die tug te eerbiedig. Voorbeelde van buitensporige lyfstraf-toediening word nie aangetref nie en waar lyfstraf wel toegepas word, is die persoon wat vir die toediening verantwoordelik is, te alle tye bewus van die realiteit van die oortreding. Ook wat die beperking van die aantal houe by lyfstraf-toediening betref, kan met waardering van gepraat word, aangesien die ernstiger gevalle wel deur die Direkteur self gehanteer word. Hierdie laaste maatreël is noodsaaklik omdat daar in die verlede wel sprake was dat lyfstraf in tehuise onoordeelkundig aangewend is. Daar moet dus, op grond van die laasgenoemde feit, beskerming aan die kinders verleen word omdat sommige opvoeders maar te geneig is om die grense van strafvoorskrifte na willekeur te oorskry.

Daar moet ook gewaak word om vir elke bepaalde oortreding 'n bepaalde straf voor te skryf. Elke oortreding moet dus afsonderlik en volgens persoonlike kennis van die oortreder, benader word. Dit kan dus maklik gebeur dat twee kinders wat presies dieselfde oortreding begaan het nie dieselfde straf sou kry nie. Coetzee sluit hierby aan met :

* Supra, pp. 156,157 (6.4.1).

** Supra, p. 148 (6.3.).

Vir ons kennis van die vorme van oortreding en vir die behandeling van oortredinge is dit absoluut noodsaaklik dat ons enigsins diep en breed sal ingaan op die faktore wat die oortreding in die lewe geroep het. 1

8.5. VOORLIGTINGSDIENSTE:

8.5.1. DIE BEGRIP "VOORLIGTING".

Shertzer en Peters verklaar:

Actually, guidance is both a concept and a process. As a concept, guidance is concerned with the optimal development of the individual, both for his own satisfaction and for the benefit of society. As a process, guidance includes the gathering of substantial knowledge of the developing characteristics and patterns of the biosocial being. 2

Vandag se voorligting is daarop ingestel om die individu wat besig is om sy belangstelling en vermoë uit te brei, al die hulp en leiding te bied wat hy mag nodig kry om sy doel te bereik.

Vir Mortensen en Schmuller behels voorligting daardie deel van die totale opvoedkundige program wat ingestel is om spesiale geleenthede vir die individu te skep, sodat hy daarvolgens sy volle vermoë en bekwaamhede kan ontwikkel en benut.³

-
1. Coetzee, J.C., Inleiding tot die Algemene Praktiese Opvoedkunde, p. 245.
 2. Schertzer, B., Peters, H.J., Guidance : techniques for individual appraisal and development, pp. 9, 10.
 3. Mortensen, D.G., Schmuller, A.M., Guidance in Today's Schools, p. 3.

'n Baie belangrike aspek van die voorligtingsproses word deur Du Toit beklemtoon, nl. dat voorligting 'n sielkundige proses is wat plaasvind onder deskundige leiding. Hy gaan voort om te beweer dat goedbedoelde raadgewing, bemoediging en aansporing, hoewel dit nut mag hê, nooit as professionele voorligting beskou kan word nie. ¹

Dit sou dus onmoontlik wees om die voorligtingsaspek by Ons Kinderhuis te ontleed indien daar nie op die gespesialiseerde dienste van die skool in hierdie verband gelet word nie.

Die tehuis beskik oor die dienste van 'n deeltydse kliniese sielkundige en hy, tesame met die skooldienste, sorg dan ook vir die nodige spesialisasie.

By Ons Kinderhuis is voorligting 'n proses waarin die individu se persoonlikheidsprobleme ook besondere aandag kry. Elke kind moet dus gelei word tot selfkennis --- laasgenoemde verskaf die materiaal vir eie diagnose van die ego-probleme asook toekomstige probleme.

Die kerngedagte is dat die mens 'n skepsel van God is en dat elke individu 'n doel op aarde het. Hierdie doel is gefundeer in die ewige raadsplan van God met die mens. Die mens se persoonlikheidseienskappe moet dus gerig word om, in die diens van God, doelgerig te wees. So is die voorligting van Ons Kinderhuis dan 'n mensgerigte werktuig met 'n Goddelike wegwyser --- 'n diens aan die doellose om homself vir die dinamiese en ingewikkelde eise van die gemeenskap korrek te oriënteer.

Die jeug van vandag en veral die kinders van die tehuis, bevind hulself in 'n wêreld waarin konflikte en allerlei ideologieë aan die orde van die dag is. Hierdie toedrag van sake maak die werklikheid vir die jongmense gekompliseerd. Hulle word in hulle denke en

1. Du Toit, J.M. Skoolvoorligtingsdienste, (Deel 1), p.2.

formulering van lewensbeskouings oorrampel deur die eise van die tyd. Wanpraktyke, onder andere kerkloshede, sedeloosheid, gesinsprobleme, drankmisbruik, die verdowingsmiddeleuwel en talle ander onreëlmatighede van die permissiewe wêreld, poog daagliks om van die jeug van vandag 'n verrotte, verlore massa te maak.

Die jeug vra hulself baie vrae af, soos: wat moet ek doen? Wat is my moontlikhede? Het ek ook 'n doel en 'n bestaansreg? Die feit is dat hulle worstel met al hierdie dinge en dat hulle, as deel van die geheel, hulself nie kan afsonder nie; hulle is deel van die verwarring.

8.5.2. DIE DOEL VAN DIE VOORLIGTINGSPROSES:

Voorligting by die tehuis staan in diens van die opvoeding en daar word gepoog om die individu te lei om hom of haar die beste in die lewe te laat aanpas. Dit is dus nie 'n proses wat afgebaken kan word en beperk kan word tot die skolastiese opleiding van die kind nie. Die individu se aanpassing moet so gerig word sodat hy nie net op skool nie, maar ook in sy latere lewe, doelgerig sal wees.

Soos daar reeds opgemerk is, is die eise van die gemeenskap, vir beide skoolkind asook die na-skoolse jongmens, gekompliseerd. Vir Prince en Roux is daar dan twee hoofdoelwitte, nl. voorkoming en genesing.¹

Die "voorkoming" veronderstel dat die kind se latente persoonlikheidsprobleme vroegtydig ontdek en opgeklaar sal word. So moet daar aan die individu 'n breë raamwerk verskaf word waar binne hy sy toekomstige probleme die hoof kan bied.

Wat die "genesing" betref, moet die kind sy

1. Prince, S.J., Roux, A.S., Voorligtingsielkunde, (No. 6), pp. 38, 39.

innerlike psigiese kragte heraktiveer en in die regte rigting voortstuur.

Die voorligtingsproses het dus ten doel om die kind te lei tot die ontwikkeling van 'n beter en nuwe geïntegreerde persoonlikheid. Die kind moet dus 'n goed aangepaste mens wees wat in staat is om sy medemens reg te verstaan en hulle swakhede te aanvaar omdat hy persoonlik bewus is van sy eie onvolkomendheid.

Tyler onderskryf dit met:

It represents a way in which people can work together to understand our common human life and at the same time to enrich it.

1

Ook vir Mc Daniel is die doel van voorligting die kweek van regdenkende, produktiewe, selfstandige en gelukkige mense wat vol selfvertroue vir die toekoms is.²

Opsommenderwys kan die geïdealiseerde doel van Ons Kinderhuis se voorligtingsprogram dus omskryf word deur weer eens Shertzeren Peters se siening te noteer, nl. om die kinders te help om:

- (1) uit die verwarring orde te skep;
- (2) homself te verstaan wat betref sy belangstellings, talente en ook sy behoeftes;
- (3) sy medemens te leer ken en om 'n bevredigende verhouding tussen hulle op te bou en te bewaar;
- (4) insig te verkry om dus in sy latere lewe "self-genesend" te kan optree;
- (5) sy vryhede te verstaan en so te rig dat hy 'n eie onafhanklikheid kan verkry.³

1. Tyler, L.E., The Work of the Counselor, p. 39.
2. Mc Daniel, H.B., Shaftel, G.A., Guidance in the Modern School, p. 14.
3. Shertzer, B., Peters, H.J., op.cit., pp. 9,10.

8.5.3. HOE VERKRY DIE VOORLIGTER/OPVOEDER KENNIS
AANGAANDE DIE INDIVIDU?

Uit die voorafgaande bespreking is dit duidelik dat die voorligter/opvoeder oor die basiese kennis aangaande elke individu onder sy sorg, moet beskik, want as gevolg van die individualiteitsbeginsel van die Skepping is dit onmoontlik om volgens 'n vaste patroon te werk te gaan.

8.5.3.1. INLIGTING VERKRY WANNEER DIE KIND DIE TEHUIS
BETREE:

Oor elke kind wat na die tehuis verwys word, bestaan daar 'n volledige lêer wat alle nodige feite in verband met eersgenoemde bevat.

Inligting soos: beroep van vader en/of moeder; oorsake vir sorgbehoewendheid; fisiese en psigiese gesteldheid van die hele gesin; skoolverslae van die betrokke kind; die I.K. (indien al bepaal) van die gesin; ekonomiese omstandighede van die gesin; omgewingstoestande waarin die individu hom bevind het; behuisings- toestand van die gesin; grootte van die gesin; kerkverband en huistaal, verskaf baie beslis 'n stewige fondament waarop die voorligtingsprogram gebou kan word.

8.5.3.2. INLIGTING VERKRY UIT GESTANDAARDISEERDE
TOETSE:

Daar is 'n groot verskeidenheid toetse ter beskikking om inligting aangaande die kind te bekom, te wete: verstandstoetse, aanlegtoetse, persoonlikheids- toetse, skolastiese prestasietoetse, ens.

Die ware opvoedkundige besef dat 'n individu nie tot 'n syfer te herlei is nie, sodat Munn dan ook verklaar :

Personality is more than a mere summation of measurable aspects. It is an integration, a blend, an organized whole. 1

Alles in ag genome blyk dit asof die korrekte interpretering van hierdie toetsresultate grootliks kan bydra om die individu te ontleed en te verstaan. Zeran en Riccio moedig dan ook die voorligter aan om van hierdie toetse gebruik te maak. 2

Daar word dan ook gevind dat die skool en die deelydse sielkundige tot 'n groot mate van gestandaardiseerde toetse gebruik maak om die noodsaaklike inligting aangaande die individu te bekom.

8.5.3.3. INLIGTING VERKRY VAN DIE KIND SELF:

Indien die voorligter daarin slaag om 'n warm wedersydse atmosfeer te skep en die opregte en blywende vertroue te handhaaf, sal hy essensiële inligting bekom met 'n persoonlike onderhoud. Dit moet die vorm van 'n outobiografie aanneem. So sal die voorligter te wete kom hoe die kind homself sien. Vir die kliniese sielkundige is hierdie bron van inligting van primêre belang en Vrydagmiddae word dan ook gebruik om deur middel van persoonlike onderhoude, inligting van die kind self te bekom.

8.5.3.4. INLIGTING SOOS VERKRY UIT ANDER BRONNE:

In hierdie verband moet die waardevolle inligting genoem word wat deur die personeel van die dagskool en mede-kinderhuispersoneel verskaf kan word. Anekdotiese verslae aan hulle wat die voorligtingsprogram hanteer met betrekking tot individuele gevalle, neem min tyd in beslag, maar kan met vrug in die voorligtingsproses gebruik word.

1. Munn, N.L., Psychology, p. 160.

2. Zeran, F.R., Riccio, A.C., Organization and Administration of Guidance Services, p.8.

8.5.4. DIE OMVANG VAN DIE VOORLIGTINGSPROGRAM:

Vir Cox, Duff en McNamara sluit die veld van die program gesondheidsvoorligting, beroepsvoorligting, opvoedkundige voorligting en rasseverhoudingsvoorligting in.¹

Koos en Kefauver verdeel die veld van voorligting in 4 hoofgroepe, nl. opvoedkundige voorligting, sosiale voorligting, beroepsvoorligting en morele voorligting.²

Dit is dus duidelik dat voorligting 'n besonder breë omvang het. Daar is haas geen vertakking van die opvoeding wat nie hand aan hand met voorligting gaan nie. Indien die voorligtingsprogram dus daain slaag om die kinders suksesvol te betrek, kan laasgenoemde wel die hoogste vorm van aangepastheid bereik.

8.5.5. DIE KOÖPERATIEWE ASPEK VAN DIE VOORLIGTINGS-PROSES:

Cox, Duff en McNamara benadruk die feit dat die loodsing van die voorligtingsprogram nie slegs die werk van een persoon kan wees nie.³ Ook die voorligtingsdiens van Ons Kinderhuis moet dus van koöperasie getuig indien dit suksesvol wil wees.

Daar is dan ook 'n hele aantal persone wat by hierdie saamwerkidee betrek moet word om sodoende 'n ontwikkelende en dinamiese program van die voorligtingsdienste te verkry.

8.5.5.1. DIE DIREKTEUR:

Die Direkteur staan aan die hoof van Ons Kinderhuis en daarom moet hy al die fasette van die voorligtingsproses probeer moontlik maak. Sy verpligtinge behels ondermeer om te organiseer, aan te moedig en om die toestande waaronder die voorligtingsproses ge-

-
1. Cox, W.L., Duff, J.C., McNamara, M., Basic Principles of Guidance, p. 15.
 2. Koos, L.V., Kefauver, G.N., Guidance in Secondary Schools, p. 20.
 3. Cox, W.L., Duff, J.C., McNamara, M., op.cit., p. 79.

loods word, voortdurend te evalueer en te probeer verbeter.

Die eerste oogmerk vir die Direkteur moet die wete wees dat daar 'n leemte bestaan wat voorligting noodsaaklik maak. Die bestaan van so 'n leemte is 'n werklikheid by die tehuis. Indien die Direkteur besef dat die kinders wel voorligtingsdienste nodig het, is die sekerheid daar dat hy sy aandag en tyd sal wy om hierdie diens aan die inrigting te inkorporeer.

Daar word dus van die Direkteur verwag om 'n bekwame, navolgingswaardige en geëerde persoon te wees wat daadwerklike leiding aan die personeel kan bied. Elkeen van die personeellede het 'n spesifieke taak wat voorligtingsdienste betref en hulle moet dus by die program betrek word.

Baie aanbevelings word ook deur die gespesialiseerde dienste, soos die skoolvoorligter en die kliniese sielkundige, gedoen en die Direkteur het die taak om hierdie aanbevelings, met inagneming van die behoeftes van die tehuis, toe te pas.

Die Direkteur moet ook toesien dat die nodige fasiliteite beskikbaar is om die voorligtingsprogram doeltreffend te laat funksioneer. So moet die nodige lokaal vir individuele onderhoude, asook die nodige meublement ten opsigte van liassing, beskikbaar wees. Noodsaaklike apparaat, veral vir die doeleindes van speltherapie en vir die genesing van bedbenatting, is faktore wat, indien dit ontbreek, die werk van die kliniese sielkundige baie kan strem.

Die Direkteur behoort ook sy personeel aan te moedig om so veel moontlik van elke kind te wete te kom. Elke moontlike afwyking waarvan hy alleen bewus is, moet in kamera met die personeel bespreek word, sodat onsimpatieke vooroordeel kan verander tot simpatieke belangstelling aan die kant van die personeel.

8.5.5.2. DIE KLINIESE SIELKUNDIGE:

Die Britannica-paneel omskryf die term "kliniese sielkunde" met:

Clinical psychology is concerned with the assessment and alleviation of the problems of persons who are defective or emotionally ill.

1

Die kliniese sielkundige klassifiseer sy werk onder drie hoofgroepe, nl. psigodiagnose, psigoterapie en navorsing.

Die diagnose van die sielkundige is gebaseer op bedreweheid betreffende die administrasie en interpretasie van diagnostiese toetse, asook die persoonlike onderhoud.

Psigoterapie veronderstel die sistematiese behandeling van die kliënt om psigiese stremming die hoof te bied.

Verder moet die sielkundige voortdurend met navorsing besig wees, aangesien individuele verskille nooit 'n normale gang van sake veroorsaak nie.

Ons Kinderhuis beskik oor die dienste van 'n deeltydse kliniese sielkundige. Hierdie woord "deeltydse" wek groot kommer, nie alleen by die inrigting nie, maar ook by die kliniese sielkundige self. So spruit die volgende besinning uit die jaarlikse verslag van die kliniese sielkundige dan ook:

Reeds in 'n vorige verslag is aangevoer dat die sielkundige eintlik 'n volwaardige lid van die personeel moet wees, aangesien dit skakeling met al die aspekte van die kinderhuis sal vergemaklik.

2

-
1. Encyclopaedia Britannica, vol. 18, p. 754.
 2. Ons Kinderhuis: verslag van sielkundige dienste.

Daar is beslis 'n behoefte aan 'n voltydse gekwalifiseerde sielkundige om die wye veld wat die tehuis bied, volledig te dek.

Vanaf Januarie tot Augustus 1971 is 15 gevalle met 'n verskeidenheid van probleme deur die sielkundige gehanteer, nl. swak skoolprestasie, moontlike gebruik van dwelmmiddels, bedbenatting, aggressiewe gedrag, bewussynsversteurings, oormatige seksuele belangstelling en neerslagtigheid. Sekere van bogenoemde gevalle is ook deur die sielkundige vir mediese behandeling verwys.

Betreffende die koöperatiewe aspek meld die sielkundige dat die behandeling van elke geval altyd geskied het in noue samewerking met die Direkteur, die verskillende huishoofde, die kliniek en die dagskole.

Probleme wat ondervind is, is onder andere die gebrek aan apparaat, nl. vir speltherapie en bedbenatting, terwyl 'n vertrek vir waarneming (speelkamer) met 'n tweerigting-spieël ook die diagnose baie sou vergemaklik.

Intussen is 'n speelkamer (hierbo omskryf) reeds voltooi, terwyl 'n apparaat vir die genesing van bedbenatting ook reeds aangekoop en in gebruik is.

Wat die navorsingsaspek van die sielkundige betref, word daar die volgende aanbeveling deur die genoemde persoon gemaak:

In die veld van die Ontwikkelingsielkunde word tans baie aandag gegee aan die ontwikkeling van intellektuele potensiaal in die geval van die kleuter. Dit is dan ook my beskeie mening dat die toepassing van die ontwikkelingsprogram ondersoek behoort te word.

1

Al is die tyd van die kliniese sielkundige baie beperk, word daar nogtans reusewerk by die tehuis verrig, maar die aard en wese van die tehuis genoodsaak be-

slis 'n voltydse diens in hierdie verband.

8.5.5.3. SKOOLVOORLIGTINGSDIENSTE:

Die skool is verantwoordelik vir die loodsing van 'n gespesialiseerde voorligtingsdiens en wel met betrekking tot skolastiese voorligting, wat op sommige gebiede in oorleg met die Direkteur moet geskied. Hier kom ter sprake: studiemetodes; skoolvakkeuse; soort skool; skoolvordering en skoolverlating.

Verder bied die skool voorligtingsdiens aan met betrekking tot : persoonlikheidsontwikkeling, loopbaankeuse, vryetydsbesteding, wenslike gesinsverhoudinge, gemeenskapsdiens, gewenste rasseverhoudings en bevordering van persoonlike aanpassing.

Omdat die tehuis as plaasvervangende ouersorg fungeer, moet die skool dan ook te alle tye in noue samewerking met eersgenoemde verkeer. Veral met die plasing van kinders in hulpskole, asook die probleme van skoolvordering en skoolverlating, word daar voortdurend in oorleg met die Direkteur van die tehuis, beplan.

8.5.5.4. DIE PERSONEEL VAN DIE TEHUIS:

Die individuele personeellede ontvang van owerheidsweë gedelegeerde ouerlike gesag. Dit plaas dan ook 'n groot verantwoordelikheid op elkeen se skouers in soverre elkeen roepingsbewus moet wees om slegs die beste vir elke kind onder sy of haar sorg, te bekom.

Aangesien die personeel nie opgeleide en dus gespesialiseerde voorligters is nie, kan nie van hulle verwag word om gespesialiseerde dienste in hierdie verband te lewer nie. Nogtans kan elkeen sorgdra dat hy of sy 'n positiewe deel bydra om positief-geïnspireerde burgers vir die Republiek van Suid-Afrika te kweek.

Die belangrikste aspek wat elke personeellid

moet besef, is dat hy of sy te alle tye met die bestaande gespesialiseerde dienste moet saamwerk. Elke lid van die personeel het dus 'n aktiewe deelname aan die voorligtingsprogram. Oplettendheid en die analitiese benadering van elke individu is noodsaaklik om vas te stel wat elke kind se houding, gedrag en vermoë is. Probleemkinders kan met kollegas en veral met die sielkundige, bespreek word in 'n poging of koöperasie nie moontlik vir hom insig kan gee nie.

Elke personeellid moet dus 'n emosioneel-aangepaste individu wees wat bewus moet wees van die invloed van sy eie karakter op die kinders. Daar moet te alle tye gewaak word teen negatiewe invloede wat van die volwassene kan uitgaan.

Verder moet elke personeellid sorgdra dat vrye-tydsbesteding ten beste ontplooi word — hier deur die aanmoediging van stokperdjies en belangriker nog, aktiewe deelname en belangstelling in hierdie aktiwiteite van die kind.

Die taak van die personeel kan slegs met een woord beskryf word, nl. koöperasie. Hulle moet die kinders aanmoedig om van die bestaande gespesialiseerde dienste gebruik te maak.

8.5.5.5. DIE KINDERS SELF:

Stoops en Wahlquist verklaar tereg dat die jonger mens baie langer afhanklik is van volwassenes as enige dier. Die meeste mense is afhanklik van ander mense vir advies, ondersteuning en die oplossing van hulle probleme.¹ Indien die kind egter nie bereid is om sy volle samewerking te gee nie, sal die ondersteuning en advies van die volwassene nie help om die bestaande probleme op te los nie.

1. Stoops, E., Wahlquist, G.L., Principles and Practices in Guidance, pp. 234, 235.

Die kinders self is en bly altyd die belangrikste medewerkers in die voorligtingsprogram. Sonder hulle sou voorligting onnodig wees en sonder hulle samewerking sou die hele program misluk.

Lofquist en England beskrywe die deelname van die kind in die voorligtingsproses as volg:

- (1) hulle moet 'n aandeel in die beplanning hê;
- (2) hulle moet toestemming gee tot alle benaderings;¹

Die kind moet dus nie in 'n posisie ingedwing word nie, hy moet uit eie vrye wil konfereer.

Die kind moet vertrouwe hê in die aanbieders van die voorligting, dan sal hy hom in volle oorgawe aan die voorligters openbaar. Die kind het ook 'n eie verantwoordelikheid om homself te dissiplineer. Hy moet te alle tye bereid wees om verantwoordelikheid vir sy gedrag te aanvaar en hy moet sy potensiaal self probeer beseff en dus sy besluite daarop baseer.

Verder het die kind nie net 'n plig teenoor die tehuis en homself, asook sy skool nie, maar hy het ook 'n plig teenoor sy gemeenskap, nl. om sy vermoëns tot voordeel van sy gemeenskap en sy land te ontwikkel.

8.6. DIE GEESTELIKE VERSORGING VAN DIE KINDERS:

8.6.1. 'N LEEMTE IN DIE KINDERLEWE:

Tabel 4 het aangetoon dat die ouers van die kinders van die tehuis almal aan een of ander kerk behoort.* Word daar egter nader ondersoek ingestel, is die bevinding dat hier, feitlik sonder uitsondering, sprake was van dooie lidmaatskap; dus weinig of geen belangstelling in die aktiwiteite van die kerk nie.**

Sonder die liefde en die kennis van God sal

1. Lofquist L.H., England, G.W., Problems in Vocational Counseling, p. 16.

* Supra, p. 123.

** Supra, 124. (tabel 5).

die mens altyd doelloos op die oseaan van die lewe rond-dobber. Sonder die godsdienssin verloor die mens die kerndoel van sy bestaan op aarde. Indien die mens se lewensdoel misken word, verval hy in sy denke en raak hy verstrik in die valse ideologieë van die sondige wêreld.

Aan die ander kant vorm die drang na die Godheid 'n basiese behoefte by die mens. Selfs by die barbaar word hierdie drang aangetref waar son en maan aanbid word. Duidelik dus dat hierdie drang ook by die jong kind sal bestaan. Wat meer is: hierdie behoefte moet bevredig word, want anders raak die kind geestelik sorgbehoewend en sy hele lewe word negatief beïnvloed.

Die ware godsdienssin verskaf die motivering vir 'n toegewyde lewe tot eer van die Allerhoogste. Indien hierdie motivering ontbreek, is die lewensdoel wat in die kinderlewe ontstaan van so 'n aard dat die hele toekoms in duisternis gehul is.

8.6.2. DIE GODSDIENS VAN DIE KIND:

Die kind beweeg deur verskillende lewensfases alvorens 'n tydperk van volwassenheid bereik word. So maak die mens ook 'n verskeidenheid van fases deur om godsdienstige volwassenheid te bereik. Daarom dan ook dat daar na die geestelike versorging van die kinders verwys kan word as 'n proses om hulle tot godsdienstige volwassenheid te lei.

Die jong kind se Godsbegrip is byna mitologies van aard. Hy aanvaar God as 'n groot, sterk persoon wat alles kan doen. Die afwesigheid van die kritiese denke gee aan die kind 'n aanvaarding sonder kritiek.

Met die ontluiking van die kritiese sedelike bewussyn, begin die kind se mitologiese siening plek-maak vir die realiteitsiening betreffende die Godsbe-

grip. Hy beseft nou dat God uniek is en nie met 'n mens vergelyk kan word nie.

Die jong adolessent bou vir homself 'n eie godsdienssiening wat, of gegrond is op die siening van sy onmiddellike omgewing, of 'n produk is van sy eie denke. Geestelike volwassenheid is nog nie bereik nie en dit kan gebeur dat die adolessent se lewe gekenmerk word deur opeenvolgende uiterstes soos 'n vurige belangstelling in die godsdiens en dan weer 'n skynbare koudheid teenoor alle vorms van godsdiens. Laasgenoemde houding kan maklik posvat indien die adolessent gebuk moet gaan onder teleurstellings. Hy kan ook nie die vrug van die godsdiens bespeur nie en is daarom baie vatbaar vir kritiek indien die teleurstellings van die lewe toeslaan.

So gaan die adolessent ook deur die fase van die intellektualisme. Hy probeer om alles, ook die godsdiens, met sy verstand te deurgrond. So word hy dan ook somtyds wantrouig teenoor die godsdiens omdat geloofsaanvaarding nog nie volkome posgevat het nie.

8.6.3. DIE BEHOEFTE AAN POSITIEWE LEIDING:

Daar is beslis geen lewensfase wat 'n groter behoefte na die regte leiding op godsdienstige gebied vertoon, as juis die adolessente tydperk nie. Gedurende hierdie fase beleef die jeug groot onstabieliteit en daarom is die opvoeder verplig om, deur individuele aandag, die regte godsdienstige leiding te verskaf.

So moet die opvoeder homself ten eerste vergewis van die opvoedeling se godsdienstige probleme, terwyl 'n simpatieke benadering die leuse moet wees. Die opvoeder wat nie bewus is van die godsdienstige skommeling wat van die opvoedeling se geestelike lewe deel uitmaak nie, sal nie in staat wees om aan laasgenoemde 'n vaste spys te verskaf nie.

8.6.4. DIE DOEL MET DIE GEESTELIKE VERSORGING
VAN DIE KINDERS:

Die enigste manier om die doel met die geestelike versorging van die kinders te kan voorstel, is om dit te doen deur te verwys na die grondleerstelling van die Calvinisme.

8.6.4.1. DIE KENNIS VAN GOD DIE SKEPPER:

Die hoofsaak van die menslike kennis bestaan uit twee hoofkomponente, nl. die kennis van God en die kennis van die self.

Wat egter deur Calvyn beklemtoon word, is die feit dat die mens nooit tot ware kennis van homself kan kom alvorens hy nie vir God gevind het nie. Sodra die mens vir God gevind het, word sy eie regverdigheid en self-toegekende wysheid 'n walglike dwaasheid.

Indien die mens vir God gevind het, raak hy met huiwering vervul, omdat hy hom onwaardig voel in God se teenwoordigheid— so sien die mens sy eie geringheid raak. God maak ook die mens se nietigheid aan hom bekend. Laasgenoemde feit is by Abraham, die vader van alle gelowiges, te bespeur:

Kyk tog ek het dit gewaag om met
die Here te spreek alhoewel ek
stof en as is.

(Genesis 18:27)

Ook 'n Job voel homself veragtend:

Daarom verag ek myself en het be-
rou in stof en as.

(Job 42:16)

8.6.4.2. DIE GANSE MENSLIKE GESLAG HET DEEL AAN
DIE ERFSONDE:

As die gawes wat tydens die skepping aan die mens gegee is, reg verstaan word, sal dit begryp word dat die natuur van die mens ongerep en wonderbaarlik sou wees indien die sonde nie tussenbeide getree het nie.

Na die sondeval ontstaan egter 'n ellendige toestand. Die mensdom is verneder, selfvertroue is vernietig en skaamte het sy erfdeel geword. Wat is die gevolg? Die mens moet hernieude pogings aanwend om God te vind. God het gegee en Hy het geneem; daarom is die weg tot ware saligheid by Hom alleen te vinde.

Romeine 5:19 leer dat, deur die ongehoorsame val van Adam, alle mense tot sondaars gestel is. Die ganse menslike geslag is dus aan die vloek onderworpe — dit word die erfsonde genoem. Erfsonde beteken dus die verdorwenheid van die menslike natuur wat voorheen rein en heilig was.

Job verklaar dat hierdie sonde oorgeërf is, want:

Ag, kan maar 'n reine voorkom uit
'n onreine?
Nie een nie.

(Job 14:4)

So gaan die verdorwenheid van ouer tot kind en van geslag tot geslag, sodat almal, sonder uitsondering, van hulle geboorte af, besmet is.

Is die ganse mensdom dan nou vir ewig verlore? Nee, die genadige God, groot van goedertierenheid, straf, maar sal nooit verstoot nie, want God is Liefde.

Die opvoeder moet hom ten doel stel om al hierdie waarhede aan die opvoedeling voor te hou sodat laasgenoemde, deur die gelowige aanvaarding daarvan, geestelike volwassenheid kan bereik.

8.6.4.3. DIE VERKRYGING VAN DIE GENADE VAN GOD:

Die opvoedeling moet tot die besef gebring word dat God se genade alleenlik 'n persoonlike werklikheid kan word deur geloofsaanvaarding en die werking van die Heilige Gees. So verkondig die apostel Johannes dat die mens deur die geloof die voorreg het om kin-

ders van God genoem te word.
(Johannes 1:12)

Die opvoeder het dus as opvoedingsdoel ook die verkondiging van die geloof in God. Die kind moet gelei word om te glo in God die Vader; in Christus die Seun; in Christus wat gesterf het; in Christus wat opgestaan het; in die Heilige Gees; in die Christelike Kerk — dus ook aan die gemeenskap van die Heiliges; in die vergewing van sondes; in die wederopstanding van die vlees en in 'n ewige lewe.

Die grootste wonder van die skeppingsverhaal is baie beslis die verlossing van die mens deur Christus wat gesterf het. Die doel van die opvoeding is om aan die kinders hulle besondere deelgenootskap in hierdie verlossingsverhaal te verkondig, sodat hulle sal besef dat hulle nie uitgesluit is van die Ewige Lewe nie.

8.6.4.4. DIE HULPMIDDELE TOT GEMEENSAP MET GOD:

By Ons Kinderhuis vind die geestelike versorging van die kinders dan ook vergestaltung in die bywoning van die eredienste, Sondagskool, katkisasie, kinderkrans en die Pinksterbidure, terwyl die beoefening van huisgodsdienst en stiltetye ook belangrike hulpmiddele tot gemeenskap met God is.

8.6.5. DIE OPVOEDKUNDIGE IMPLIKASIES:

Die geestelike versorging van die kinders van die tehuis verskaf aan hulle die nodige toerusting in verband met hulle religieuse vorming. Hulle verkry die nodige kennis van God en besef dus dat 'n saligheid buite Christus 'n valse ideologie is. Verder kom hulle tot die besef van die verderflike menslike natuur weens die erfsonde, maar die wete van die uitreddende genade van Christus, verskaf die motivering om vir Hom te lewe en te werk.

Verder geskied die sedelike vorming van die kinders op 'n positiewe wyse as die volle implikasies

van die Wet van God tot hulle deurdring. Hulle besef dat die hoogste vorm van sedelikheid nie 'n mensgeformuleerde wetmatigheid is nie, maar dat die norme vervat is in die ordonnansies van die Skrifwoord.

Die geestelike versorging lê ook die estetiese norme in die kindergemoed vas, want die Woord van God is die mees reële bron van die estetiese.

Ook vind die sosiale vorming van die kind plaas, omdat die gewenste onderlinge verhoudings van die mensdom so duidelik in die Skrif voorgeskryf word. Die kind kom onder die besef van die ware betekenis van gesag en hieruit ontwikkel die verhoudings onderdaan tot owerheid, kind tot meerdere, kind tot kind, blank tot nie-blank, maar ook man teenoor vrou — laasgenoemde wat aan die kinders soms 'n hele openbaring bied.

Wat die liggaamlike vorming van die kinders betref, dra hulle geestelike versorging baie by om die waarde van die liggaam te besef. Die Skrif bestempel dan ook die liggaam as die tempel van God. Die kind kom onder die besef van die verganklikheid van die liggaam, maar tog is daar sprake van die wederopstanding van die vlees; dus moet die liggaam ook waardig wees om as die tempel van God bekend te staan.

Ten slotte dra die geestelike vorming van die kind ook baie by tot sy verstandelike vorming. Die Bybel is dan ook die enigste bron van ware kennis en die geografiese, historiese, sedelike en religieuse kennis wat daarin opgeteken is, bied aan die kind die geleentheid om 'n eie oordeel te ontwikkel.¹

1. Bingle, H.J.J., Metodiek van Godsdiensonderrig op die Middelbare Skool, pp. 21, 22, 23.

8.6.6. OPSOMMEND:

Die Christendom is so gewoond om 'n tydelike godsdiens te handhaaf. Die gebed is 'n hedendaagse tweeledigheid sodat dit in die oggend en aand geskied. Die gejaagde lewe verhoed die mens om deur die dag met God te praat. Die kind moet besef dat hy nie slegs somtyds met God moet verkeer nie, maar elke oomblik met Hom moet wandel.

Hieruit blyk dit dat die gebede, huisgodsdiens en die gesamentlike kerklike byeenkomste, aangevul behoort te word met toewyding elke oomblik. Wat die kind ook al doen en waar hy hom ook al bevind --- alles moet tot eer van God geskied.

Van die opvoeder moet dus ook verwag word dat hy die jeug uit eie oortuiging sal onderrig in die Christelike beginsels.* Daar word vertrou dat elke opvoeder wat vir die kinders in die tehuis se geestelike versorging verantwoordelik is deur die geloof voorbereid is om die volle verantwoordelikheid, na die beste van die menslike vermoë, te aanvaar.

8.7. GESONDHEIDSDIENSTE:

8.7.1. DIE NOODSAAKLIKHEID VAN GESONDHEIDSDIENSTE:

Die doel van hoofstuk 3 van hierdie studie was gedeeltelik om die gevare van organiese abnormaliteite vir die mens te ontleed. Daar is dan ook sonder twyfel vasgestel dat organiese defekte nadelig inwerk op die kind se normale ontwikkeling en ernstige persoonlikheidsprobleme kan ontstaan.

Verder is daar bevind dat die loodsing van gesondheidsdienste 'n tweërlei doel het, nl. voorkoming en genesing. Organiese probleme by kinders moet dus vroegtydig ontdek word en uit die weg geruim word om psigiese stremminge te verlig en te voorkom.

* Supra, pp. 110, 111 (5.4.1), 113, 114 (5.4.4.1).

Uit die gegewens van tabel 1* is dit duidelik dat die gesinsverhoudings van so 'n aard was dat voorsiening in verband met die gesondheidsaspek weinig aandag ontvang het. Die gevolg hiervan is dat gesondheidsprobleme as oorsaak van wanaangepastheid dringende aandag vereis het.**

Ons Kinderhuis is dan ook verplig om doeltreffende gesondheidsdienste aan die kinders te lewer om bestaande, asook toekomstige probleme, die hoof te bied. In hierdie verband verskaf die bestaande gesondheidsdiens 'n baie belangrike opvoedkundige diens om wanaangepastheid te voorkom.

8.7.2. DIE OMVANG VAN DIE GESONDHEIDSDIENS:

Die gesondheidsaspek van die kinders van die tehuis word veral gekenmerk deur gespesialiseerde dienste. Daar vind dan ook 'n noue samewerking tussen die kliniese sielkundige en die verpleegsuster plaas, terwyl die geneeshere se bydrae nie oorskakel kan word nie.

Die kliniese verslagboek van die verpleegsuster toon dat daar gedurende die jaar 1971 aandag aan 933 gevalle gegee is. Hierdie syfer verteenwoordig in alle opsigte die beleid van die tehuis, nl. om te sorg dat gesondheidsprobleme nie 'n stremmende faktor in die weg van die opvoeding moet wees nie.

8.7.3. DIE AARD VAN DIE PROBLEME:

Die 933 gevalle waarvan melding gemaak is, verteenwoordig alle klagtes in verband met die gesondheid waaraan aandag gegee is.

Skrywer wil, slegs om aan te sluit by die bespreking in hoofstuk 3, daardie gegewens tabuleer wat die kiem van wanaangepastheid in 'n hoë mate besit.

* Supra, p.118.

** Supra, pp. 156, 157 (6.4.1).

Tabel 12 verteenwoordig dan die aard van die probleme wat gedurende die jaar 1971 vir mediese behandeling verwys is.

TABEL 12 : GESONDHEIDSPROBLEME VAN DIE KINDERS GE-
DURENDE DIE JAAR 1971

AARD VAN DIE VERWYSING	GETAL VERWYSINGS
VELKLINIEK	151
GEHOORPROBLEME	80
ORTOPEDIES: BENE EN VOETE	24
Oë	12
TANDE	48
MANGELS	29
NEUS	9
KLIERE	5
BREINGOLFTOETSE	23
SEKSUELE KLAGTES	4
TOTAAL	385

Daar was dus in totaal 385 verwysings wat, indien mediese aandag nie ontvang is nie, die normale ontwikkelingsgang van die kinders kon skaad.

Die grootste probleem van die kinders blyk gesetel te wees in velkwale, waar puisies en vlekke die grootste sondebok is.* Verder word 'n ontstellende hoë syfer, nl. 80, betreffende gehoorprobleme aangetref. Die vernaamste probleem hier is lopende ore asook talle klein perforasies van die oortrom. Die ontdekking van hierdie perforasies in die beginstadium is van die grootste belang aangesien dit dan volkome genees kan word. Indien daar egter nie betyds opgetree word nie,

* Supra, pp. 60, 61 (3.2.5.2.3).

kan die toestand later slegs chirurgies herstel word.*

Been- en voetprobleme sluit in die voorkoming of genesing van x-bene en spiergebreke.** As genesende maatreël, word die dra van ortopediese (opgeboude) skoene by talle kinders aangetref, terwyl die gevestigde gevalle van beenstutte gebruik maak om die probleem te oorkom.

Visuele probleme sluit 12 gevalle in en selfs in Babahuis word gevalle aangetref waar 'n bril as herstelmaatreël dien.***

Daar is ook 48 gevalle van slegte tande wat aandag geniet het.**** Inspeksie van die tande word gereeld gehou om hierdie probleem te bekamp.

Mangel- en adenoïede-ontsteking kom algemeen onder die kinders voor en verwydering van hierdie organe is 'n algemene verskynsel by die tehuis.*****

Betreffende klierprobleme, kan daar net verwys word na wat tevore in hierdie verband opgemerk is.*****

Die seksuele klagtes spruit uit aanpassingsprobleme ten opsigte van geslagsake, terwyl 23 brein-golftoetse gedurende die jaar afgeneem is.

8.7.4. DIE ALGEMENE FUNKSIE VAN DIE KLINIEK:

Daar word elke oggend voor skool kliniek gehou en elke kind wat probleme van enige aard het, word deur die verpleegsuster ondersoek. Noukeurige aantekening van elke geval word in die kliniekboek gemaak van elke kind se probleem, en indien mediese behandeling vereis word, word daar onmiddellik met die nodige reëlins voortgegaan.

* Supra, p. 58, (3.2.5.1.2).
** Supra, pp. 60, 61 (3.2.5.2.3).
*** Supra, pp. 56, 57 (3.2.5.1.1).
**** Supra, pp. 59, 60 (3.2.5.2.2).
***** Supra, p. 59 (3.2.5.2.1).
***** Supra, pp. 53-56 (3.2.4).

Na hierdie kontrole word die Babahuis deur die verpleegsuster besoek en deeglike kontrolering in verband met die gesondheidstoestand van elke kind vind plaas.

Een keer per maand word elke kind in die tehuis se massa bepaal sodat massaverlies onmiddellik ontdek word en die oorsake daarvan uit die weg geruim kan word. Inspeksie van die tande vind driemaandeliks plaas sodat probleme, selfs nog voor klagtes ontvang word, ontdek kan word. Alle nuwe toelatings tot die tehuis word so gou moontlik vir 'n algehele mediese ondersoek geneem om die personeel en die verpleegsuster ten volle op hoogte te laat kom van die liggaamlike toestand van elke kind in die tehuis.

8.7.5. OPSOMMEND:

Die gesondheidskontrole van die kinders van die tehuis is in alle opsigte uitstekend. Die behandeling van afwykings geskied op die bes moontlike wyse sodat die organiese defekte wat moontlik herstel kan word, nie die kinderlebens ongestoord kan aftakel nie.

Opvoedkundig gesproke dra die doeltreffende gesondheidsdiens van die tehuis beslis 'n groot deel by om die aanpassingsproses te vergemaklik.

8.8. DIE BUITEMUURSE BEDRYWIGHEDE VAN DIE KINDERS:

8.8.1. DIE INVLOED VAN SPORT OP DIE DEELNEMER:

Die persoon wat om een of ander rede nie aan sport kan deelneem nie, ondervind 'n noemenswaardige leemte in sy lewe. Omdat sportdeelname nie slegs die liggaam nie, maar ook die gees, verryk, is daar sommige mense wat beweer dat die sportman gewoonlik onmiddellik van die nie-sportman onderskei kan word.

8.8.1.1. DIE INVLOED VAN SPORTDEELNAME OP DIE GESONDHEID EN LIGGAAMSONTWIKKELING:

Die persoon wat aktief aan sport deelneem, het

beslis 'n voordeel wat gesondheid en liggaamlike ontwikkeling betref teenoor hulle wat nie deelneem nie.

Die grootste waarde wat sport aan die mens bied, is fiksheid. Hierdie fiksheid van die liggaam het 'n ewe goeie uitwerking op die geestelike fiksheid. Die fikse persoon beskik oor goeie eienskappe soos krag, uithouvermoë, vinnige reaksie, 'n goed gevormde postuur en goed funksionerende organe. Op psigiese gebied voel die persoon lewenslustig en wakker, terwyl sy produktiwiteit 'n besliste toename vertoon.

Die persoon met liggaamlike gebreke wat nie herstel kan word nie, leer algaande om hierdie gebreke te omseil sodat dit nie stremmend op sy menslike gees sal inwerk nie. Deelname aan sport ruk hom weg van sy voortdurende gedagtes ten opsigte van sy gebrek en hy aanvaar nuwe gesindhede wat sy ontwikkeling slegs kan bevoordeel.

8.8.1.2. DIE INVLOED OP DIE SOSIALE AANPASSING:

Deelname aan sport help om sosiale kontak te bevorder. Dit help die teruggetrokke deelnemer om weg te kom uit sy wêreld van afsondering en beskroomdheid. So gee sportdeelname aan die kinders gemeenskaplike belange sodat gesprekke onder mekaar hulle lewens onbewustelik verruim. Daar word saam beplan, saam geoefen en saamgewerk om gemeenskaplike ideale uit te bou.

Dit is nou maar 'n eienskap van die mens om graag te wil deelneem aan sosiale gebeure en sportdeelname bevredig hierdie behoefte in 'n groot mate.

8.8.1.3. DIE INVLOED OP DIE EMOSIONELE LEWE:

Sport help die deelnemer ook om emosionele stabiliteit te bekom. Situasies van frustrasie, blydskap, terneergedruktheid en teleurgesteldheid is

nie onbekend in die sportwêreld nie. Die persoon wat sy humeur op die sportveld verloor, leer algaande dat hy slegs homself daardeur benadeel. Sportdeelname kan 'n persoon help om 'n goeie beheer oor sy emosies uit te oefen en die toegewyde sportman kan dit wat hy op die sportveld leer ook na die ander lewensituasies oordra om sodoende emosionele volwassenheid te bereik.

8.8.1.4. DIE INVLOED OP AKADEMIESE PRESTASIE:

Daar kan nie beweer word dat deelnemers aan sport meer verstand verkry nie, maar as gevolg van liggaamlike en geestelike fiksheid kan die bestaande potensiaal beter benut word omdat 'n gevoel van groter lewenslus van die fikse sportman besit neem.

Die sportman beseft ook dat hy alleen met volle toewyding en harde werk die boonste sport van die sportleer kan bereik en hierdie beseft kan veroorsaak dat deursettingsvermoë ook op akademiese gebied sal posvat.

8.8.1.5. DIE MOTIVERINGSWAARDE VAN SPORT:

Die wenner sal altyd geprys word en die mate van prestasie sal die ondersteunergetal bepaal. Al het die individu geen punte tot sy span se oorwinning bygedra nie, kry hy steeds, as gevolg van die feit dat hy 'n lid van die wenspan is, groot erkenning.

Sonder sosiale erkenning sal die mens nooit volkome gelukkig wees nie en indien die erkenning wel geskied, voel die persoon dat hy wel 'n staanplek in die sosiale lewe geniet — dit is uiters belangrik vir sy sosiale aanpassing en veral vir die jeug is die motiveringswaarde van sport baie belangrik.

Die besonderse waarde van sportdeelname is in die feit geleë dat die verloorder ook nog erkenning ontvang vir wat hy gedoen het. Sportmangees ontwikkel dus sodat die nederlaag as 'n tydelike terugslag bestempel word en daar volgende keer harder probeer word.

8.8.2. DIE OMVANG VAN SPORTDEELNAME BY DIE TEHUIS:

TABEL 13 : SPORTSOORTE EN DEELNAME TE ONS KINDERHUIS.

SPORTSOORT	AANTAL DEELNEMERS
RUGBY	80
ATLETIEK	116
NETBAL	34
SWEM	54
TENNIS	10
KRIEKET	12
BOKS	37
JUDO	32
KARATE	2
SOKKER	2
GIMNASTIEK	20
TOTAAL	399

Tabel 13 onderskryf een feit baie duidelik, nl. dat die kinders van die tehuis baie sportbewus is. Atletiek, wat albei die geslagte deelnemers insluit, kry beslis die grootste aftrek, terwyl die rugbyvuur warm brand in die harte van die seuns. Die belangstelling in tennis sal beslis 'n groot toename toon indien die tehuis se voorgestelde bane eers voltooi is. Daar moet ook gemeld word dat drie van die kinders hulle provinsie op die sportgebied verteenwoordig en die motivering wat van hulle uitgaan, toon reeds groot dividende in die oefeninge.

8.8.3. DIE VERENIGINGSLEWE EN KULTURELE BEDRYWIGHEDE VAN DIE KINDERS:

8.8.3.1. DIE OMVANG VAN DIE BEDRYWIGHEDE:

TABEL 14 : DIE VERENIGINGSLEWE EN KULTURELE BEDRYWIGHEDE VAN DIE KINDERS

VERTAKKING	AANTAL KINDERS BETROKKE
VIOOL	1
KLAVIER	9
BALLET	1
SANG	13
O.V.S. JEUGKOOR	1
BLOEMFONTEINSE SEUNSKOOR	1
KERKKOOR	70
STUDENTE-KLUB	131
LANDSDIENS	32
TONEELGROEP	20
LEIERSKAPKURSUS	3
VOLKSPELE	48
TOTAAL	330

Tabel 14 toon dat die kinders van die tehuis daadwerklik probeer om by die kultuur- en verenigingslewe in te skakel. Daar is vanjaar ook 'n baie suksesvolle operette op die planke gebring en 63 kinders het daaraan deelgeneem. Die operettegroep het 'n toer deur die O.V.S. onderneem en gunstige verslae is ontvang in verband met die gehalte daarvan.

8.8.3.2. DIE OPVOEDKUNDIGE WAARDE:

Dit sou op hierdie stadium onnodig wees om weer 'n volledige beeld te verskaf in verband met die waarde wat die deelname aan die verenigingslewe en kulturele bedrywighede vir die kind inhou. Enkele gedagtes in hierdie verband behoort die waarde doeltreffend genoeg te illustreer.

Belangstelling in viool, klavier, ballet, sang en ander kunsvorms ontwikkel in die eerste plek 'n goeie smaak by die kind. Nie alleen word die smaak ontwikkel nie, maar die kinders leer om die kunste waardeer en dit te geniet. Dan bied die kind se deelname ook aan hom die vermoë om besondere begaafd-hede te ontdek om vervolgens gemotiveerd te wees om die talente ten volle te ontplooi.

Die kinders se deelname aan die Studente-klub se bedrywighede, verdien egter spesiale vermelding. Die Departement van Maatskaplike Werk aan die U.O.V.S. maak dit vir die studente moontlik om Ons Kinderhuis twee middae per week te besoek. Die kinders wat aan hierdie klub behoort, word dan in kleiner groepies verdeel, elk met 'n student aan die hoof. Die doelstellings van hierdie klub is om sake van aktuele belang met die kinders te bespreek en die onderwerpe wat ingesluit word, is: die gevare van dwelmmiddels; wenslike gesinsverhoudings; wenslike rasseverhoudings en etiket, om maar 'n paar te noem.

Hierdie diens van die studente aan die te-huis dra baie daartoe by om die voorligtingsproses aan te vul. Die blote feit dat daar al 131 kinders is wat by die bedrywighede betrek word, toon dat die poging 'n essensiële bydrae lewer met betrekking tot die opvoeding van die kinders.

8.9. SAMEVATTING:

Die soeklig het in hierdie hoofstuk op die opvoedingswerk wat daar in die tehuis gedoen word, geval.

Die persone wat vir die opvoedingswerk verantwoordelik is, is mense wat streng gekeur is alvorens hulle toegelaat is om die tehuis te betree. Op hierdie manier word die versekering verkry dat slegs hulle wat die barmhartigheidsgevoel ondervind, die taak van huisouerskap sal aanvaar.

Die huisouers moet in die eerste plek sorg dat daar te alle tye 'n goeie verhouding tussen hulle en die kinders onderling bestaan. Om dit te kan doen, moet die huisouers besef dat kwaad nie met kwaad vergeld moet word nie. Indien sommige kinders dus 'n gees van anti-patie openbaar, moet die huisouer sorgdra dat die haatsentiment geleidelik, deur simpatieke benadering, met die sentiment van liefde vervang word.

Die tugstelsel van die tehuis is so geformuleer dat die liefdesnorme van die tug eerbiedig word, dit wil sê straf word nie uitgesluit nie, maar die aanwending daarvan geskied nooit in 'n wraakgesindheid nie.

Wat die finansiële aspek betref, is die bevinding dat die versorging van die kinders 'n hoë standaard handhaaf, maar om hierdie standaard vol te hou, sal die inkomstebronne vermeerder moet word.

Die bestaande voorligtingsdiens berus in die hande van verskillende persone. Die kinders kry gespesialiseerde diens en diegene wat wil saamwerk, kan die lewe met vertroue tegemoet gaan.

'n Baie belangrike aspek van die opvoeding is die geestelike versorging van die kinders. Vir die meeste van hulle is die tehuislewe die eerste kennismaking met die ware godsdiens. Die tehuis probeer dan ook om die kinders in alle opsigte vertrouwd te maak met die ware feite in verband met die verkryging van Christelike burgerskap.

Die rol wat die gesondheidsdienste betreffende die opvoeding van die kinders speel, mag nie misken word nie. Daar word gepoog om die gesondheidsprobleme vroegtydig te ontdek of om die bestaande probleme uit die weg te ruim. Op hierdie manier word daar verseker dat die kind se gesondheidstoestand nie sy normale ontwikkelingsgang vertraag nie.

Die waarde van die kinders se deelname aan buitemuurse bedrywighede kan nooit opvoedkundig oorskat word nie. Die vurige belangstelling in sport, die kultuur- en verenigingslewe, is 'n bewys dat die kinders van die tehuis die groot faktor van sosiale teruggetrokkenheid reeds goed oorkom het.

Die groot vraag wat nou ontstaan, is of die kinders beter daaraan toe is in die tehuis as wat die geval tuis was. Om die antwoord hierop te verstrek, moet die huislike agtergrond van die kinders vergelyk word met die feite wat deur hoofstuk 8 aan die lig gebring is.

Oor die uitslag van die vergelyking kan daar by niemand enige twyfel wees nie. Die kinders in die tehuis kry die beste behandeling denkbaar en geen geld en moeite word ontsien om aan hulle slegs die beste ontwikkelingsmoontlikhede te bied nie. Tuis is hulle van baie voorregte ontnem en in baie gevalle was die moeite te groot om die versorging van die kinders na behore te behartig.

Die gevolg van die kind se vorige gesinslewe was die vestiging van 'n toestand van sosiale gestremdheid. Ons Kinderhuis, daarenteen, sluit die sosialiteitsbeginsel weer vir die kinders oop en benader die opvoedingsveld vanuit alle rigtings om aan die volk van Suid-Afrika goed aangepaste individue te lewer wat volwaardige burgers en burgeresse van hulle land sal wees.

H O O F S T U K IX

GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS SPRUITENDE

UIT HIERDIE ONDERSOEK

- 9.1 Bevindings ten opsigte van positiewe resultate.
- 9.1.1 Die terrein en algemene fasiliteite.
- 9.1.2 Gespesialiseerde dienste aan die kinders.
- 9.1.2.1 Die kleuterskool.
- 9.1.2.2 Die dagskole.
- 9.1.2.3 Sielkundige dienste.
- 9.1.2.4 Die gesondheidsdienste.
- 9.1.2.5 Die bestaande voorligtingsdiens.
- 9.1.3 Die geestelike versorging van die kinders.
- 9.1.4 Die kultuur- en verenigingslewe van die kinders.
- 9.1.5 Algemeen.
- 9.1.5.1 Die ekonomiese gesteldheid.
- 9.1.5.2 Die keurstelsel vir die huisouers.
- 9.1.5.3 Die saamgroepering van gesinslede.
- 9.2 Bevindings ten opsigte van sekere leemtes.
- 9.2.1 Die afwesigheid van 'n eie vader en moeder.
- 9.2.2 Die wisselende personeel.
- 9.2.3 Gekwalifiseerde huisouers.
- 9.2.4 Die sielkundige dienste.
- 9.2.5 Die getal kinders per huis.
- 9.2.6 Die gebrek aan geselskapkamers.
- 9.3 Enkele aanbevelings.
- 9.4 Slotopmerking.

H O O F S T U K IX

GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS SPRUITENDE

UIT HIERDIE ONDERSOEK

Die eerste deel van hierdie studie waarin die maatskaplike euwel van gesinsdegenerasie behandel is, het aangetoon dat die ouers van hierdie kinders grootliks daarvoor verantwoordelik is dat laasgenoemde sosiaal-gestrem geraak het.

Die term "sosiaal-gestrem" dui 'n toestand aan waarin die kinders verval het en wat hulle van 'n prysenswaardige staanplek in die lewe beroof. Die gesinslewe van die kinders, voordat hulle die kindertehuis betree het, het die faktor van wanaangepastheid in-kiem teenwoordig gehad.

Die omgewing waarin 'n mens opgroei, oefen 'n fenomenale invloed op hom uit, sodat hy in die formulering van 'n eie waarde- en sedeleer baie gou sy herkoms openbaar.

Die bestaande maatskaplike ewels word vandag op 'n simpatieke wyse deur die rehabilitasiedienste benader, maar die gemeenskap neem steeds 'n houding van antipatie in teenoor die beoefenaars van hierdie ewels. Die persoon wat dus strydig handel met die bepaalde norme van die gemeenskap, sal deur laasgenoemde uit die samelewingsgang verstoot word.

In die Skrifgeskiedenis blyk dit dat hierdie mense dikwels gestenig of summier doodgeslaan is. Vandag word die dronkaards, sedeloses, kindermishandelaars, dwelmmiddelverslaafdes, moordenaars, misdadigers en ander afvalliges as 'n potensiële gevaar vir die voortbestaan van die gemeenskap bestempel. Hierdie persone word dus deur die gemeenskap verwerp sodat hulle geen aansien en deel het aan die bedrywighede

van die gemeenskap nie; dus raak hulle sosiaal-gestrem.

Die kern van die saak is dat hierdie mense weet en aanvoel dat hulle verstoteling is en dit veroorsaak dat hulle later glad nie meer omgee wat die res van die gemeenskap van hulle dink nie. Die bereiking van hierdie toestand is baie gevaarlik, want so word 'n toename van laakbare gedrag gevestig.

Die jeugjare is baie beslis die vernaamste tydperk in die lewe van 'n mens waarin sy lewens- en wêreldbeskouing gevestig word. Die kind wat dan in 'n omgewing van losse sedes, mishandeling, kerkloshêid en weteloosheid opgroei, se lewens- en wêreldbeskouing sal dan ook die stempel van wanopvatting vertoon, sodat hy ook in sy latere lewe die tekens van sosiale gestremdheid sal vertoon.

Daar is dus een manier waarvolgens sosiale gestremdheid voorkom of gerehabiliteer kan word en dit is om die kind uit die korrupte omgewing te verwyder en hom in 'n ander omgewing te plaas waar hy in staat sal wees om sy lewe so in te rig of te verander dat hy as volkome aangepaste individu sy plek in die gemeenskapslewe sal kan volstaan.

Om hierdie rede word 'n verskeidenheid kindertehuse en meer bepaald kindertehuse, in Suid-Afrika aangetref. Die doel van hierdie tehuise is dan om aan die kinders die geleentheid te bied om hulle, sonder die negatiewe invloede van buite, vir die lewe van 'n volwassene voor te berei.

Die kindertehuis is dus daadwerklik besig om die kinders op te voed volgens die Christelik-nasionale norme van die gemeenskap. Op hierdie wyse word daar gehoop om die toestand van sosiale gestremdheid te elimineer en dus positief-geïnspireerde burgers en burgeresse vir Suid-Afrika te kweek.

Die tweede gedeelte van hierdie studie is dan ook gewy aan 'n ontleding van die opvoedingsproses van een van die kindertehuse, nl. Ons Kinderhuis.

9.1. BEVINDINGS TEN OPSIGTE VAN POSITIEWE RESULTATE:

9.1.1. DIE TERREIN EN ALGEMENE FASILITEITE:

Van die 101 huisgesinne wat deur die ondersoek betrek is, het soveel as 85 gesinne of geen behuising nie of onder swak behuisingstoestande gelewe.* Swak behuising oefen beslis 'n demoraliserende invloed op die kinders uit en is grotendeels verantwoordelik vir die vestiging van 'n gevoel van minderwaardigheid.

Die terrein en woongeriewe by Ons Kinderhuis staan in skerp kontras met dié waaraan die kinders gewoond was. Die terrein is netjies en die woongeriewe kan as uiters modern beskryf word. Verder is die betrokke huisouers daarvoor verantwoordelik dat die binnemurse uitleg van elke huis van sindelikheid en huislikheid getuig. Hierdie toestand wek beslis behuisingstrots by die kinders en die wyse waarop hulle die huistakies verrig, weerspieël hierdie gevoel baie duidelik.

Daar word gevind dat die meeste kinders wat die tehuis vir die eerste keer betree, 'n growwe gees van vandalisme openbaar. Die heilsame invloed van die omgewing genoodsaak hulle egter om baie gou hulle benadering te verander en om ander lewenswaardes aan te kweek. Selfs in Babahuis word 'n waardering vir die mooie sonder veel moeite by die kleuters gevestig en die waarderende sentiment oorheers beslis die beskuldigingsmotiewe.

Die kinders word ook ingeskakel by die verfraaiingstendens van die tehuis. Die tuinuitleg van

* Supra, p. 121 (tabel 2).

elke huis is dan ook die trots van elke kind en die vrywillige versorging daarvan, kom vry algemeen onder die kinders voor. Hierdie vestiging van 'n liefde vir die natuur by die kinders dra grootliks daartoe by dat die estetiese waardes besef en uitgebou word.*

Op sportgebied bied die tehuis 'n verskeidenheid moontlikhede aan die kinders om die so belangrike sportbehoefte te bevredig. Hierdie behoefte is tuis nie bevredig nie en het daartoe bygedra om 'n toestand van sosiale gestremdheid te vestig.

Die tehuis, daarenteen, maak gebruik van erkende sportafrigters en stel sodoende elke kind wat belangstel en aanleg vertoon, in staat om die hoogste sport van die leer op sportgebied te bereik.**

9.1.2. GESPECIALISEERDE DIENSTE AAN DIE KINDERS:

9.1.2.1. DIE KLEUTERSKOOL:

Die waarde van 'n kleuterskool in die lewe van 'n jong kind kan nooit oorbeklemtoon word nie. Al spelende word die gewenste lewenswaardes by die jong kind vasgelê. Tuis sou die kinders hierdie belangrike onderdeel van die opvoeding moes ontbeer, maar by die tehuis bestaan 'n uitstekende kleuterskooldiens om die kinders skoolryp te maak, en om die aanpassingsproses te stimuleer. Die kleuters van die tehuis is dan ook bevoorreg om hulle in die puikste kleuterskool in Bloemfontein te bevind.

9.1.2.2. DIE DAGSKOLE:

Die dagskole wat deur die kinders bygewoon word, maak deur middel van gedifferensieerde onderwys, voorsiening in die individuele behoeftes van die kinders. Behalwe die openbare skole, woon sommige kinders ook die Dr. Böhmer-voorberoepskool en die Lettie

* Supra, pp. 186, 187 (7.6.14).

** Supra, p. 232 (8.8).

Fouché-sentrum vir verstandelike verdraagde kinders,
by.

Die beleid van die tehuis is dan ook dat elke individu dié soort onderwys ontvang waarby hy/sy die meeste kan baat.

9.1.2.3. SELKUNDIGE DIENSTE:

Die deeltydse kliniese sielkundige verrig 'n groot taak om individuele aanpassing te bevorder. Tuis moes die kinders hierdie gespesialiseerde diens ontbeer en hulle moes in hulle aanpassingsproses baie keer gebruik maak van die leiding van ander wanaangepaste mense.

Die sielkundige hantering van die kinders se probleme aangaande swak skoolprestasie, aggressiewe gedrag, neerslagtigheid en seksuele wanaangepastheid, werp beslis dividende af en die aanduiding is dat die opvoedkundige waarde van hierdie diens 'n groot voordeel vir die kinders inhou.

9.1.2.4. DIE GESONDHEIDSDIENSTE:

Die faktor van verwaarlosing betreffende die kinders se lewe tuis^{*}, het tot gevolg gehad dat die noodsaaklike aandag aan die gesondheid van die kinders, nie plaasgevind het nie. Daar is gevolglik aangetoon dat organiese versteurings, indien dit verontagsaam word, die kiem van wanaangepastheid in 'n hoë mate besit.^{**}

Die puik gesondheidsdiens wat die tehuis aan die kinders lewer, elimineer hierdie aanpassingswaagstuk, aangesien daar gepoog word om te sorg dat gesondheidsprobleme nie die weg van normale ontwikkeling versper nie.

Gesondheidsprobleme kan dus selde indien ooit, verantwoordelik wees vir die voorkoms van wanaangepastheid onder die kinders van die tehuis.

* Supra, p. 118 (tabel 1).

** Supra, pp. 156, 157 (6.4.1).

9.1.2.5. DIE BESTAANDE VOORLIGTINGSDIENS:

Dit sou verkeerd wees om te beweer dat die kinders, indien hulle nie in die tehuis beland het nie, geen voorligtingsdiens sou ontvang het nie. Voorligting vorm 'n integrale deel van elke skoolleerplan en elke skoolgaande kind word hierby betrek.

Wat egter op hierdie stadium baie duidelik is, is dat voorligting nie net die taak van een instansie of persoon kan wees nie. Voorligtingsdiens fungeer op 'n koöperatiewe basis en die skool behartig maar net een deel van die voorligtingsproses. Die ouers en die kinders het elkeen 'n spesifieke aandeel aan die voorligtingsproses en indien hierdie aandeel misken word, vertoon die proses groot gapings wat onherstelbare skade kan aanrig.

Die koöperatiewe basis waarop die voorligtingsproses berus, veroorsaak dan ook 'n uitstekende diens in hierdie verband by die kindertehuis. Die Direkteur, kliniese sielkundige en die huisouers besef terdeë dat hulle eie aandeel die geslaagdheid van die diens sal bepaal.

Die kinders word gemotiveer om van die bestaande dienste gebruik te maak en hulle word aangevoel om uit eie vrye wil te konfereer. Die geslaagdheid van die voorligtingsprogram word dan ook weerspieël in die kinders se aktiewe deelname in die doen en late van die Studente-klub.*

Daar kan dus tereg beweer word dat die inwoning in die tehuis vir elke kind 'n groter voordeel inhou as sy verblyf in die vorige omgewing.

9.1.3. DIE GEESTELIKE VERSORGING VAN DIE KINDERS:

Die skynbare ignorering van alle godsdienstige byeenkomste waarvan tabel 5 getuig,** het dan 'n

* Supra, pp. 236, 237 (tabel 14, asook 8.8.3.2).

** Supra, p.124.

groot leemte in die kinderleuens aan die lig gebring.

Uit prinsipiële gronde moet skrywer verklaar dat 'n koudheid teenoor die godsdiens slegs degenererend op die mens se lewe kan inwerk. Indien die kind dus nie van moederskoot af vertrouwd gemaak word met die Christelike beginsels nie, sal hy koersloos in die lewe voortstropel, omdat hy nooit die ware doel van die mens se bestaan op aarde kan deurgrond nie.

Ons Kinderhuis kom dan ook tot redding van hulle wat nog nie oor die ware godsdienssin beskik nie. Die bywoning van die eredienste, Sondagskool, katekisasië, Pinksterbidure en huisgodsdiens, stel die kinders in staat om 'n eie godsdienssin op te bou, geskoei op die lees van die Protestants-Calvinistiese grondleerstellinge.

9.1.4. DIE KULTUUR- EN VERENIGINGSLEWE VAN DIE KINDERS:

Indien tabel 14 bestudeer word,* dan is die onvermydelike vraag maar weer: hoe sou die tabel daar uitgesien het indien die kinders hulle nog in die ouerhuise bevind het? Oor die antwoord hierop hoef daar seker nie op hierdie stadium gespekuleer te word nie.

By die tehuis kry die kinders die geleentheid om hulle talente te ontwikkel. Op hierdie manier word hulle nie alleenlik ingeskakel in die bedrywighede van die gemeenskap nie, maar word leiereienskappe ook ontplooi, sodat sommige se latere lewe grootliks hierdeur beïnvloed word.

Deur hulle deelname aan al die aktiwiteite, kry hulle ook erkenning van die kant van die gemeenskap en sosiale erkenning streel die eie ego, sodat beskroomdheid en minderwaardigheid die wyk moet neem.

* Supra, p. 236.

9.1.5. ALGEMEEN:

9.1.5.1. DIE EKONOMIESE GESTELDHEID:

Te oordeel aan die finansiële stremminge wat in die ouerhuise geheers het^{*}, belewe die kinders in die tehuis 'n tydperk van finansiële welvaart.

Finansiële stremming genoodsaak ontberings op talle lewensterreine en die tehuislewe word gekenmerk deur die afwesigheid van sodanige ontberings. Geen geldelike nood staan in die weg van die kinders om hulle te weerhou van 'n normale ontwikkeling nie. Selfs nadat hulle die tehuis verlaat, kan die bestaande opvoedingsfondse finansiël vir die verkryging van lewensideale sorg^{**}.

Die kleredrag van die kinders is van die beste en voedselvoorsiening geskied volgens gebalanseerde diëte wat deur dieetkundiges opgestel is. Wat die voorsiening van die tydelike lewensmiddele betref, kry die kinders die beste behandeling denkbaar.

9.1.5.2. DIE KEURSTELSEL VIR DIE HUISOUERS:

Deur die strenge keuring van die huisouers, word die opvoeding van die kinders slegs aan die beste toegeruste persone toevertrou. Die uitgangspunt van die tehuisbestuur is dat die huisouers die kinders uit eie oortuiging sal opvoed.

Belangrike aspekte wat dus ter sake is, is dat die huisouers Christene moet wees wat te alle tye bereid sal wees om alles in belang van die kinders op te offer.

Die kinders vind baie gou uit dat die huisouers 'n positiewe belangstelling in elkeen se doen en late het. Hierdie feit veroorsaak dat 'n gevoel van wedersydse respek en vertrouwe die algemene gees van

* Supra, p. 122 (tabel 3).

** Supra, pp. 199, 200 (8.2.2.3).

die tehuis omskryf.

Die kinders kom ook in die tehuis onder die besef van die betekenis van ware dissipline. Aanranding en mishandeling, wat die deel van sommiges tuis was, is 'n terrein wat nog nooit deur die tehuis betree is nie. Die liefdesnorme van die tug word eerbiedig; die verkeerde dinge word gestraf, maar 'n wraakgesindheid is afwesig.

Die prefekstelsels van die verskillende huisouers bied aan die kinders 'n medesegenskap in bestuursake. Die oënskynlike geringe takies en voorregte van die prefekte, is verantwoordelik vir die vestiging van 'n eie verantwoordelikheid en 'n selfdissipline, terwyl leiereienskappe gestimuleer en ontwikkel word.

9.1.5.3. DIE SAAMGROEPERING VAN GESINSLEDE:

Die verskillende lede van 'n gesin bevind hulle altyd saam in een huis. Op hierdie manier poog die tehuis om vir die voortbestaan van die gesinsband te sorg.

Die kinders wat die tehuis betree, is almal produkte van 'n onstabiele gesinslewe. In die praktyk bevind die gesinslede hulle in dieselfde slaapkamer en aan dieselfde etenstafel. Teoreties word die waarde van gewenste gesinsverhoudings voortdurend beklemtoon en daar word gevind dat die band van liefde tussen die onderlinge gesinslede daaglik versterk word.

9.2. BEVINDINGS TEN OPSIGTE VAN SEKERE LEEMTES:

Daar bestaan sekere leemtes in die hele opset van kindertehuse wat noukeurige aandag vereis.

9.2.1. DIE AFWESIGHEID VAN 'N EIE VADER EN MOEDER:

Alhoewel die tehuis alles moontlik vermag om as plaasvervangende ouer, slegs die beste vir die kinders te verkry, sal hierdie "plaasvervangende ouer" nooit die plek van die eie ouer volkome in die kinderhart kan inneem nie.

Een betrokke seun het dan ook aan skrywer gesê dat hy maar te goed besef dat hy tuis sonder liefde behandel is, maar indien sy ouers hom sou kom haal, sal hy hulle met ope arms ontvang.

Hierdie woorde weerspieël die gevoel in baie van die kinderharte en verteenwoordig die lewenstrategie van gesinsverbrokkeling in Suid-Afrika.

Sommige kinders kry die geleentheid om hulle ouerhuise gedurende vakansies te besoek en die opgewonde afwagting wat daar heers as die skole sluit, vertel die verhaal van 'n smag na ouerliefde wat deur niks en niemand verander kan word nie.

9.2.2. DIE WISSELENDE PERSONEEL:

Dit blyk onmoontlik te wees om personeellede oor lang tydperke te behou. Die faktore wat hiertoe aanleiding gee, is reeds bespreek en vereis geen herhaling nie.*

Kinders raak gewoon aan die optrede en beskouings van die huisouers. Indien hulle egter voortdurend te kampe het met 'n wisselende personeel, raak hulle verward, aangesien geen twee huisouers presies dieselfde opvattinge huldig nie. Die kinders moet elke keer van voor af leer om saam te werk en sodoende word die opvoedingskontinuiteit onderbreek en die opvoedingsproses benadeel.

9.2.3. GEKWALIFISEERDE HUISOUERS:

Die geïdealiseerde toestand sou wees dat slegs persone wat deeglik onderleg is in die beginsels van die opvoedkunde, vir huisouerskap kan kwalifiseer.

Aangesien die opvoeding van die kinders die primêre doelstelling van die tehuis is, kan dit moei-

* Supra, 133-141 (5.6).

lik aanvaar word dat huisouerskap nie ook 'n gespesialiseerde diens is nie.

9.2.4. DIE SIELKUNDIGE DIENSTE:

Daar bestaan beslis by die tehuis 'n dringende behoefte aan 'n voltydse sielkundige. Die deeltydse diens wat wel beskikbaar is, vervul 'n noodsaaklike behoefte, maar die wye veld wat steeds braak lê, kan baie beter bewerk word indien daar oor die dienste van 'n voltydse gekwalifiseerde persoon beskik word.

Daar word vertrou dat die onlangse aanstelling van 'n voltydse maatskaplike werkster, hierdie nood aansienlik sal verlig.

9.2.5. DIE GETAL KINDERS PER HUIS:

Opvoedkundig gesproke is 'n getal van 28 kinders per huis nadelig om al die opvoedingsverpligtinge ten opsigte van elke kind na behore na te kom.

Individuele aandag is die basis van 'n gesonde opvoedingsproses, maar hoe groter die getal individue, hoe moeiliker sal dit wees om hierdie beginsel ten volle uit te lewe.

9.2.6. DIE GEBREK AAN GESELSKAPKAMERS:

Elke jongmens het 'n begeerte na 'n mooi gemeubileerde plek waar vriende ontvang kan word. Die gebrek aan sodanige vertrekke in elke huis is 'n leemte wat beslis aandag vereis.

Die bestaan van 'n geselskapkamer wat doeltreffend gemeubileer is, kan baie daartoe bydra om 'n groter mate van huislikheid aan elke huis te verleen.

Ontspanningsaande wat die vorm van bordspele, die luister na plate, of selfs lekker gesellige gesels, aanneem, dra ook daartoe by dat die ledige uurtjies nuttig en doeltreffend omgekry word.

9.3. ENKELE AANBEVELINGS:

Voortspruitend uit die enkele bestaande leemtes, wens skrywer enkele aanbevelings in hierdie verband te doen.

1. Die bestaande rehabilitasiedienste moet, waar nodig, uitgebrei, of anders verskerp word, om die gesinsverval van die blanke Suid-Afrikaner doeltreffend teen te werk. Die groot verantwoordelikheid wat ouerskap te weeg bring, moet deur elke moontlike kommunikasiemedium beklemtoon word, sodat alle ouers en voornemende ouers, die volle implikasie van ouerskap sal besef. Die feite wat hierdie studie aan die lig gebring het insake kinderverwaarlosing, dwing die skrywer om as tugmaatreël vir die skuldige ouers, swaarder strawwe te bepleit.
2. Die bestaande diensvoorwaardes van die tehuis, veral met betrekking tot die salarisse van die huisouers, sal hersien moet word om 'n meer realistiese vergoeding daar te stel sodat gekwalifiseerde persone verkry en behou sal word.

Dit is waar dat die diensmotief van die huisouers beslis die loonmotief moet verdwerg, maar die loonmotief kan nooit buite rekening gelaat word nie en vereis in die geval van die bestaande kindertehuse, 'n deeglike hersiening.

3. Die dienste wat die pas-aangestelde maatskaplike werkster lewer, moet geëvalueer word, en indien nodig, moet 'n voltydse hulp verkry word om die groot veld wat Ons Kinderhuis bied, suksesvol te dek.
4. Toekomstige beplanning sal daarop gemik moet wees om die getal kinders per huis te verminder, sodat daar werklik sprake van individuele aandag kan wees.

5. Doeltreffende geselskapkamers by elke afsonderlike huis, sal 'n groter atmosfeer van huislikheid aan elke huis verleen en gesonde wedersydse verkeer stimuleer.
6. Die saak van die kindertehuse moet landswyd gepropageer word, sodat die steeds stygende lewenskoste nie later 'n bedreiging vir die lewenstandaard van die tehuise sal word nie. Elke verandering en verbetering is afhanklik van die fondse wat beskikbaar is, en indien die inkomstebronne nie vermeerder nie, lyk die toekoms van die tehuise nie baie rooskleurig nie.*

9.4. SLOTOPMERKING:

Die barmhartigheidsdiens wat deur die bestaande kindertehuse in die algemeen en Ons Kinderhuis in die besonder, gelewer word, is in alle opsigte 'n diens tot eer van God.

Die belangrikheid van die kinders van vandag, word te alle tye besef en die daadwerklike pogings wat aangewend word om hulle van die nodige toerusting te voorsien om die leiers van more te wees, is lofwaardig.

Daar kan tereg verklaar word dat die kindertehuis, as plaasvervangende omgewing, al die geïdealiseerde verwagtinge, in alle opsigte, oortref. Indien die kinders die hele opvoedingsproses tuis moes deurmaak, sou 'n toestand van wanaangepastheid en dus sosiale gestremdheid, die deel van baie gewees het.**

* Supra, pp. 197 - 201 (8.2).

** Supra, pp. 237 - 239 (8.9).

Die kinders wat die tehuis verlaat, kan die ken hoog lig en die lewe van die volwassene sonder vrese betree, omdat die nodige toerusting daarvoor, deur 'n fyn-beplande en omvattende opvoedingsproses, in hulle ingegraveer is.

Om as aanmoediging te dien vir hulle wat hulle lewens wy aan die opvoeding van die kinders in die bestaande kindertehuse, wil skrywer die woorde van Jaarsma aanhaal, nl. :

Let us ever be mindful of the fact
that the King's children must have
a royal education.

1.

1. Jaarsma, C., Fundamentals in Christian Education,
pp. 31, 32.

B I B L I O G R A F I E

A. GEPUBLISEERDE WERKE

1. Anshen, R.N. : The Family: Its Function and Destiny.
Harper & Brothers Publishers, New York, 1959.
2. Aronson, L.R., : Development and Evaluation of Behavior: Essays in memory of T.C. Schneirla.
Tobach, E.,
Lehrman, D.S.,
Rosenblatt, J.S. Artikel: Behavioral Individuality in Childhood, deur Thomas, A., Chess, S.
W.H. Freedman & Company, San Francisco, 1970.
3. Barnard, J.S., : Sielkunde vir Onderwysstudente.
Kemp, K.G.,
Van der Merwe, E.A.,
Theron, P.J.,
Grobelaar, G.J.,
Botha, W.F. H.A.U.M., Pretoria, 1966.
4. Bartley, S.H. : Principles of Perception.
Harper, New York, 1958.
5. Bingle, H.J.J. : Metodiek van Godsdiensonderrig op die Middellbare Skool. Interkerklike Uitgewerstrust,
Pretoria, 1962.
6. Blair, G.M., : Educational Psychology.
Jones, R.S.,
Simpson, R.H. Macmillan, New York, 1962.
7. Bossard, J.H.S. : Social Change and Social Problems.
Harper & Brothers, New York, 1937.
8. Bowley, A.H. : The Psychology of the Unwanted Child.
E. & S. Livingstone, Ltd, Edinburgh, 1947.
9. Coetzee, J.C. : Inleiding tot die Algemene Empiriese Opvoedkunde.
Pro Rege-pers Beperk,
Potchefstroom, 1960.
10. Coetzee, J.C. : Inleiding tot die Algemene Praktiese Opvoedkunde.
Pro Rege-pers Beperk,
Potchefstroom, 1962.

11. Cole, L.W.,
Hall, I.N. : Psychology of Adolescence.
Holt, Rinehart and Winston,
Inc., New York, 1966.
12. Cox, W.L.,
Duff, J.C.,
McNamara, M. : Basic Principles of Guidance.
Prentice-Hall, Inc.,
New York, 1955.
13. Douglas, O.B.,
Holland, B.F. : Fundamentals of Educational
Psychology.
Macmillan, New York, 1938.
14. Du Toit, J.B.,
Steyn, A.F.,
Rip, C.M. : Afwykende Gedrag: 'n Studie
van enkele maatskaplike
probleme.
Nasou, Kaapstad, 1965.
15. Fox, W.,
Schwartz, A. : Managerial Guide for School
Principals.
Charles E. Merrill Books,
Inc., Columbus, Ohio, 1965.
16. Freed, L.F. : The Problem of European
Prostitution in Johannesburg.
Juta & Company, Ltd, Cape
Town, 1949.
17. Gardner, D.B. : Development in Early Child-
hood: The Preschool Years.
Harper & Row, New York,
1964.
18. Geldenhuys, N. : Die Opgroeieende Kind : Sy
Sielkundige Ontwikkeling,
behoefte, probleme, karakter-
vorming en geestelike opbou.
Geldenhuys, N., Pretoria,
1942.
19. Goode, W.J. : After Divorce. The Free
Press, Glencoe, Illinois,
1956.
20. Greene, H.A.,
Jorgensen, A.N.,
Gerberich, J.R. : Measurement and Evaluation
in the Secondary School.
Longmans, Green, New York,
1955.
21. Greyling, P.F. : Die Nederduitse Gerefor-
meerde Kerk en Armesorg.
Nasionale Pers Beperk,
Kaapstad, 1939.

22. Gunter, C.F.G. : Aspekte van die Teoretiese Opvoedkunde.
(Met spesiale verwysing na die skool). Universiteits-uitgewers en -Boekhandelaars, (Edms) Beperk, Stellenbosch, 1965.
23. Gunter, C.F.G. : Opvoedingsfilosofieë : Op weg na 'n Christelike Opvoedingsfilosofie.
Universiteits-uitgewers en -Boekhandelaars, (Edms) Beperk, Stellenbosch, 1961.
24. Hadfield, J.A. : Childhood and Adolescence.
Penguin Books Ltd, Harmondsworth, Middlesex, 1967.
25. Hughes, A.G.,
Hughes, E.H. : Learning and Teaching : an introduction to psychology and education.
Longmans, Green and Company, London, 1940.
26. Hurlock, E.B. : Child Development. McGraw-Hill Book Company, Inc., New York, 1956.
27. Jaarsma, C. : Fundamentals in Christian Education: theory and practice. WM. B. Eerdmans Publishing Company, Michigan, 1953.
28. Katz, B.,
Lehner, G.F.J. : Mental Hygiene in Modern Living.
The Ronald Press Company, New York, 1953.
29. Keyter, J. de W. : Opvoeding en Onderwys: 'n prinsipiële waardering.
Nasionale Boekhandel, Kaapstad, 1961.
30. Kirsten, L.,
Groenewoud, P.J.D. : Fisiologie en Gesondheidsleer.
Juta en Kie., Beperk, Kaapstad.
31. Kohnstamm, P.H. : Persoonlikheid in Wording: Schets Ener Christelike Opvoedkunde.
Vierde druk. H.D. Tjeenk Willink & Zoon, N.V., Haarlem, 1963.

32. Koos, L.V.,
Kefauver, G.N. : Guidance in Secondary Schools.
Macmillan, New York, 1933.
33. Kriekemans, A. : Algemene Pedagogiek,
Derde herziene uitgawe. Paul
Brand, Hilversum, 1962.
34. Langner, T.S.,
Michael, S.T. : Life Stress and Mental Health.
Collier-Macmillan Limited,
London, 1963.
35. Lofquist, L.H.,
England, G.W. : Problems in Vocational Coun-
Seling: the Application of
Research Findings.
WM. C. Brown Company Publish-
ers, Dubuque, Iowa, 1961.
36. Louttit, C.M. : Clinical Psychology of Excep-
tional Children.
Harper & Row, New York, 1957.
37. McDaniel, H.B.,
Shaftel, G.A. : Guidance in the Modern
School.
Dryden Press, New York,
1956.
38. Mc Dougall, W. : An Outline of Psychology.
Methuen & Company Ltd, London,
1933.
39. Montagu, M.F.A. : The Direction of Human Develop-
ment: Biological and Social
Bases.
Harper Brothers, New York,
1955.
40. Mortensen, D.G.,
Schmuller, A.M. : Guidance in Today's Schools
(second edition). John Wiley
and Sons, Inc., New York,
1966.
41. Mowrer, E.R. : Disorganization: Personal
and Social.
J.B. Lippincott Company,
New York, 1942.
42. Munn, N.L. : Psychology: the fundamentals
of human adjustment.
George G. Harrap & Company,
Ltd, London, 1946.
43. Newcomb, T.M. : Social Psychology.
Henry Holt and Company, Inc.,
New York, 1959.

44. Nye, F.I. : Family Relationships and Delinquent Behavior.
John Wiley & Sons, Inc.,
New York, 1958.
45. Potgieter, F.J. : Skool en Klasorganisasie as faset van die Praktiese Didaktiek.
H.A.U.M., Kaapstad, 1966.
46. Prince, S.J.,
Roux, A.S. : Voorligtingsielkunde (no. 6). Van Schaik,
Pretoria, 1968.
47. Shertzer, B.,
Peters, H.J. : Guidance: techniques for individual appraisal and development.
Macmillan, New York, 1966.
48. Smith, H.C. : Personality Development.
McGraw-Hill Book Company,
New York, 1968.
49. Stagner, R.,
Karwoski, T.F. : Psychology.
McGraw-Hill Book Company,
New York, 1952.
50. Steinzor, B. : When Parents Divorce: A New Approach to New Relationships.
Pantheon Books, New York,
1969.
51. Stoops, E.,
Wahlquist, G.L. : Principles and Practice in Guidance.
McGraw-Hill Book Company,
New York, 1958.
52. Telder, B. : Reformatoriesch Leven.
Buijten & Schipperheijn,
Amsterdam, 1968.
53. Theron, E. : Inrigtingversorging.
Universiteitsuitgewers en
-Boekhandelaars, Stellen-
bosch, 1948.
54. Turner, R.H. : Family Interaction.
John Wiley and Sons, Inc.,
New York, 1970.
55. Tyler, L.E. : The Work of the Counselor.
Appleton-Century-Crofts, Inc.,
New York, 1961.

56. Valentine, C.W. : Psychology and its bearing on Education. Methuen & Company, London, 1952.
57. Valentine, C.W. : The Difficult Child and the Problem of Discipline. Methuen & Company, London, 1947.
58. Van der Ross, R.E. : 'n Kort Inleiding tot die Opvoedkundige Sielkunde. Maskey Miller Bpk., Kaapstad, 1964.
59. Van Loggerenberg, N.T. : Eerste Stappe in die Filosofie van die Opvoeding. Sentrale Pers, Bloemfontein.
60. Van Loggerenberg, N.T., Jooste, A.J.C. : Verantwoordelike Opvoeding: 'n Fenologies-Prinsipiële Studie. Sentrale Pers, Bloemfontein, 1966.
61. Van Praag, H. : De Zin der Opvoeding: grondslagen van een personalistische Paedagogiek. Haarlem, Bohn, 1950.
62. Van Rensburg, J.A.J. : Sielkunde vir Almal. Afrikaanse Pers-Boekhandel, Johannesburg, 1946.
63. Van Rooyen, I.J.J. : 'n Ontleding van die Gesins- agtergrond van Blanke Sorg- behoewende Kinders in Suid- Afrika en van die Rehabili- tasie-metodes wat in die ver- band aangewend word. Mededelings van die Univer- siteit van Suid-Afrika, no. C 12, Pretoria, 1959.
64. Vedder, R. : Kinderen met Leer- en Gedrags- moeilikheden. J.B. Wolters Groningen, 1968.
65. Weatherhead, L.D. : Psychology and Life. Hodder and Stoughton, London, 1943.
66. Winch, R.F. : The Modern Family. Henry Holt and Company, New York, 1952.
67. Wolff, S. : Children Under Stress. Allen Lane, The Penguin Press, 1969.

68. Woodworth, R.S. : Psychology.
Methuen and Company, London, 1945.
69. Zeran, F.R., : Organization and Administration of Guidance Services.
Riccio, A.C. McNally, Chicago, 1963.

B. PROEFSKRIFTE EN VERHANDELINGS

1. Van Rooyen, I.J.J. : Die Sorgbehoewende Kind en sy Gesin.
M.A.-verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika, 1952.
2. Van Rooyen, I.J.J. : 'n Ontleding van die Gesins- agtergrond van Blanke Sorgbehoewende Kinders in Suid-Afrika en van die Rehabilitasiemetodes wat in die verband aangewend word.
D. Phil.-proefskrif, Universiteit van Suid-Afrika, 1956.

C. DIKTATE

1. Erasmus, O.C. : Teoretiese Opvoedkunde, Deel 2.
2. Pretorius, J.L. : Opvoedkundige Sielkunde.

D. TYDSKRIFTE

1. Die Skoolblad: Offisiële orgaan van die O.V.S.O.V., Februarie 1969.
2. Ontwikkelsielkunde: Sielkunde Biblioteek 1., J.L. van Schaik, Beperk, Pretoria, 1966.
3. Rehabilitasie in Suid-Afrika : Junie 1963.
Desember 1968.

E. KOMMISSIE-ONDERSOEKE EN -VERSLAE

1. Carnegie-kommissie: Die Armblanke-vraagstuk in Suid-Afrika.
Pro Ecclesia-Drukkery, Stellenbosch, 1932.
2. Cronjé, G. : Kinders Sonder Sorg: Hoe ouers hul kinders verwaarloos.
N.G. Kerk-Uitgewers, Kaapstad, 1959.
3. Cronjé, G. : 'n Verslag van die Kommissie van Onderzoek insake die Gesinslewe, Deel III : Egskeiding.
N.G. Kerk-uitgewers, Kaapstad, 1959.
4. Cronjé, G., : Slagoffers van Drank : 'n Sosio-
Van Zyl, G.J. : logiese Onderzoek in verband met
Querlike Drankmisbruik as wel-
synsvraagstuk, met besondere aan-
dag aan die verwaarlosing van kin-
ders.
H.A.U.M., Kaapstad, 1959.

F. ALGEMENE VERSLAE

1. Departement van Volkswelsyn en Pensioene: Navorsing en Inligting.
Die Personeel van Blanke Kinderhuise in die Republiek van Suid-Afrika en hulle Opleiding.
November 1964.
2. Departement van Volkswelsyn en Pensioene.
Verslag van die Nasionale Konferensie oor Kinderinrigtings wat van 19 tot 20 April 1951 te Kimberley gehou is. Die Staatsdrukker, Pretoria, 1951.
3. Ons Kinderhuis: Gekonsolideerde Finansiële State vir die jaar geëindig 28 Februarie 1971.
4. Ons Kinderhuis: Verslag van 'n Besoek aan die "Johannesburg Children's Home".
Maart 1972.
5. Ons Kinderhuis: Verslag van Sielkundige Dienste.
1971.

6. Ons Kinderhuis: Verlag van Verplegingsdienste.
1971.

G. REFERATE

1. Du Toit, J.M. : Skoolvoorligtingsdienste
(Deel I). Opgeneem in Suid-
Afrikaanse Sielkundige Mono-
grafie no. 56, April 1967.
2. Piek, H.J. : Inrigtingsorg as 'n Barmhartig-
heidsdiens van die Nederduitse
Gereformeerde Kerk.
Konferensie te Hartenbos,
22 tot 24 September 1969.

H. ENSIKLOPEDIË

1. Encyclopaedia Britannica : Vol. 11, 18, 20.
1968.

I. WETTE

1. Wet no. 33, 1960.

J. REGLEMENTE EN STATUTE

1. Reglement vir Ons Kinderhuis, Bloemfontein.
2. Statute van Ons Kinderhuis, Bloemfontein, 1952.

K. AGENDAS

1. Agenda vir die een-en-veertigste vergadering van
die Sinode van die N.G. Kerk in die Oranje-
Vrystaat.

L. HANDLEIDINGS

1. Departement van Volkswelsyn: Handboek vir Kinder-
inrigtings.
Die Staatsdrukker, Pretoria, 1956.
2. Die Diaken in die Nederduitse Gereformeerde Kerk.
N.G. Kerk-uitgewers, Kaapstad, 1969.
3. Venter, E.A. : Moedertaalonderrig: 'n Hand-
leiding. Afrikaanse Pers-Boekhandel,
Johannesburg, 1963.

